# Die taak van die AGS-Kerk ten opsigte van die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente-met spesiale verwysing na die invloed van musiek

**DJ du Plessis**

**23309512**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artium* in Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof M Nel
Medestudieleier: Prof G Breed

Mei 2015

## PLEGTIGE VERKLARING

### 1. Plegtige verklaring deur student

Hiermee verklaar ek, Daniël Jan du Plessis, die ondergetekende, dat hierdie verhandeling, getiteld "Die taak van die AGS-Kerk ten opsigte van die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente - met spesiale verwysing na die invloed van musiek", wat ek by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus inhandig, ter gedeeltelike vervulling aan die vereiste van die graad, Magister Artium in Pastoraal, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by 'n ander universiteit ingehandig is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare, wat vir eksaminering ingehandig word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student: ______________________________ Studentenommer: 23309512

Geteken te _________________________ hierdie ________ dag van ________________ 2014.

Verklaar voor my hierdie ____ dag van _________ 2014.

Kommissaris van Ede: ___________________________

Stempel van kommissaris van ede word hier vereis

### 2. Plegtige verklaring deur die studieleier/mede-studieleier

Hiermee verklaar ondergetekende:

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| 1. Dat die student gemagtig word om sy verhandeling in te handig. | | |
| 2. Dat die student se werk by TurnItIn ingedien is en 'n bevredigende verslag ontvang is. | | -- |

Handtekening Studieleier/Mede-studieleier: _______________ Datum: _____________

**DANKBETUIGING**

Graag wens ek die volgende persone van harte te bedank vir die bydrae wat elkeen van hulle gelewer het ten opsigte van hierdie studie.

- In die eerste en belangrikste plek, alle lof, dank en eer aan die Here vir sy krag, genade en seën wat my in staat gestel het om hierdie studie aan te pak en dit te voltooi. Mag sy Naam deur hierdie studie verheerlik word en mag dit strek tot die uitbou van sy koninkryk.
- 'n Woord van hartlike dank en waardering aan my studieleiers, prof. Marius Nel en prof. Gert Breed vir die leiding wat u aan my gegee het gedurende die studietydperk. U belangstelling, insig, insette en ondersteuning word hoog op prys gestel en ek het die grootste agting en waardering daarvoor.
- Elkeen van die respondente van die deelnemende gemeentes.
- Aan dr. Suria Ellis van die sentrale statistiekdiens aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, vir haar hulp met die kodering van die data.
- Mev. Hester Lombard, bibliotekaresse van die Teologiese biblioteek van Noordwes-Universiteit en Mev. Isabel Blom by Interlenings vir hulle flinke diens met die opsporing van navorsingsbronne.
- Pastoor Carina Francke vir die proeflees en taalversorging.
- Marius Henning vir sy hulp met die formatering van die teks.
- Noordwes-Universiteit vir die beurs wat aan my toegestaan is.
- AGS Oos-Driefontein gemeente vir die gebede, belangstelling en finansiële ondersteuning.

Ten slotte baie dankie aan my gesin. My vrou, Bernadette, vir haar volgehoue gebede, aanmoediging, ondersteuning, begrip en liefde, selfs gedurende die tyd wat sy deur 'n baie groot beproewing gegaan het. Ons kinders Ruan en Chanté, vir hulle gebede en insigte as middel-adolessente, asook hulle ondersteuning, begrip en liefde.

## OPSOMMING

Die moreel-etiese ontwikkeling van middel-adolessente in die een en twintigste eeu word deur talle faktore beïnvloed. In hierdie studie val die klem spesifiek op die invloed wat sommige tipes musiek in die middel-adolessent se lewe uitoefen. Veral gedurende adolessensie wat as 'n tyd van onsekerheid gekenmerk word, kan die invloed van sommige musiek 'n negatiewe uitwerking op hulle lewe uitoefen. Middel-adolessente moet gedurende hierdie lewensfase die versekering hê dat hulle hulself na hulle ouers en kerkleiers kan wend, ten einde leiding te ontvang en toegerus te word om enige negatiewe boodskappe wat in sommige musiek voorkom, te identifiseer en pro-aktief daarmee te handel. Hierdie studie is onderneem vanuit die Pinkstertradisie en spesifiek die AGS-Kerk, met die doel om die kerk se moontlike rol in die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente te bespreek.

In hierdie navorsing is beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik wat getoon het dat musiek 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van middel-adolessente se lewe kan uitoefen. Daar is gevind dat musiek middel-adolessente onder meer kan aanmoedig om alkohol en dwelmmiddels te misbruik, seksueel losbandig te wees, gewelddadig en rebels op te tree, by homoseksuele praktyke betrokke te raak, eiesinnig te wees en leuens te vertel.

Middel-adolessente benodig hulp en volgens die Bybel het ouers en kerkleiers die verantwoordelikheid om kinders moreel-eties toe te rus. In hierdie studie is die grammaties-historiese metode van eksegese ingespan om vanuit die Efésiërsbrief riglyne neer te lê wat AGS pastore/jeugpastore kan gebruik om middel-adolessente moreel-eties toe te rus.

### Sleutelwoorde

AGS-Kerk
Bybel
Middel-adolessente
Moreel-eties
Pastore/jeugpastore

## ABSTRACT

Title: The task of the AFM Church regarding the moral-ethical equipment of middle adolescents - with special reference to the influence of music

The moral and ethical development of middle adolescents in the twenty first century is influenced by many factors. This study focuses specifically on the influence of seductive music in the mid-adolescent's life. Especially during adolescence, characterized as a time of uncertainty, the influence of some music can have a negative impact on them. Middle adolescents at this stage needs the assurance that their parents and church leaders can provide guidance and equip them to cope with the negative messages that ensues in some music. This study was undertaken from the Pentecostal tradition, and specifically the AFM Church, with the aim to discuss the church's possible role in the moral-ethical equipping of mid-adolescents.

In the research, both qualitative and quantitative research methods indicated that certain music has a negative influence on the development of the mid-adolescent's life. It was found that music may encourage drug and alcohol abuse, sexually promiscuity, violent behaviour, rebellion, homosexual practices, as well as lying among adolescents.

Middle adolescents requires help and according to the Bible, parents and church leaders have a responsibility to equip them with moral-ethical guidelines. In the study, the grammatical-historical method of exegesis harnessed from the letter to the Ephesians serves as possible guidelines for AFM pastors/youth pastors in equipping mid-adolescents moral-ethically.



### Keywords

AFM-Church

Bible

Middle adolescents

Moral-ethical

Pastors/youth pastors

# INHOUDSOPGAWE

PLEGTIGE VERKLARING ........ i
DANKBETUIGING ........ ii
OPSOMMING ........ iii
ABSTRACT ........ iv

HOOFSTUK 1: INLEIDING ........ 1
1.1 TITEL ........ 1
1.2 AGTERGROND ........ 1
1.3 PROBLEEMSTELLING/RASIONAAL ........ 2
1.3.1 Probleemstelling ........ 2
1.4 DOEL ........ 6
1.4.1 Doelstelling ........ 6
1.4.2 Doelwitte ........ 6
1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ........ 6
1.6 METODOLOGIE ........ 6
1.6.1 Literatuurstudie ........ 8
1.6.2 Empiriese navorsing ........ 8
1.7 VERKLARING VAN KONSEPTE ........ 8
1.8 ETIESE OORWEGINGS ........ 9
1.9 BEGRENSING ........ 9
1.10 HOOFSTUKINDELING ........ 9
1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING ........ 10

HOOFSTUK 2: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE ........ 13
2.1 INLEIDING ........ 13
2.2 NAVORSINGSONTWERP ........ 13
2.2.1 Opsomming van die kwalitatiewe navorsingsontwerp ........ 14
*2.2.1.1 Die rol van die navorser* ........ 14
*2.2.1.2 Onderhoudsvoering* ........ 14
*2.2.1.3 Logiese en rasionale onderhoudsvoering* ........ 15
*2.2.1.4 Verwerking van ingesamelde data* ........ 15

2.2.2 Opsomming van die kwantitatiewe navorsingsontwerp ........................................ 16
*2.2.2.1 Voltooiing van kwantitatiewe vraelyste* ........................................ 16
*2.2.2.2 Datavaslegging* ........................................ 18
*2.2.2.3 Literêre studie* ........................................ 18
2.3 KWALITATIEWE NAVORSINGSONTWERP ........................................ 19
2.3.1 Fase 1: Navorsing van AGS-pastore se siening oor die morele stand van die middel-adolessent ........................................ 20
*2.3.1.1 Die steekproef* ........................................ 20
*2.3.1.2 Die teikengroep* ........................................ 20
2.4 ETIESE OORWEGINGS ........................................ 21
2.4.1 Toestemming ........................................ 21
2.4.2 Geen misleiding ........................................ 21
2.4.3 Vertroulikheid en anonimiteit ........................................ 21
2.4.4 Privaatheid ........................................ 22
2.4.5 Vryheid om te onttrek ........................................ 22
2.5 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERHOUDE WAT MET DIE PASTORE GEVOER IS ........................................ 22
2.5.1 Hooftema 1. Musiek speel ‘n groot rol in elke jongmens se lewe. Dit beïnvloed hulle emosies ........................................ 23
*2.5.1.1 Byna elke genre van musiek dra ‘n seksuele boodskap oor aan die jeug* ......... 24
*2.5.1.2 Ekplisiete videos op MTV versterk die seksuele boodskap wat deur musiek oorgedra word* ........................................ 25
*2.5.1.3 Van die musiek waarna middel-dolessente luister bevat woorde wat pornografies van aard is* ........................................ 26
2.6 BESPREKING VAN KWANTITATIEWE NAVORSINGSRESULTATE ........................................ 26
2.6.1 Algehele oorsig van inligting wat bekom is ........................................ 27
2.6.2 Verskille tussen die deelnemende gemeentes ten opsigte van die graad waarin respondente is, binne ‘n bepaalde geografiese gebied ........................................ 29
2.6.3 Verskille tussen die deelnemende gemeentes se manlike en vroulike respondente ........................................ 31
2.6.4 Verskille tussen die grade waarin die deelnemende respondente is ........................................ 32
2.6.5 Verskille tussen die gemeentes ten opsigte van geografiese ligging ........................................ 33
2.6.6 Ouderdomme van respondente binne die onderskeie geografiese gebiede ........... 34
2.7 GEVOLGTREKKING ........................................ 34

HOOFSTUK 3: VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSTADIA GEDURENDE ADOLESSENSIE: ’N LITERATUURSTUDIE ........ 37
3.1 INLEIDING ........ 37
3.2 LITERATUUROORSIG ........ 37
3.3 ONTWIKKELING VAN ADOLESSENT: ENKELE ELEMENTE ........ 37
3.3.1 Kognitiewe ontwikkeling ........ 38
*3.3.1.1 Ontwikkeling van die intellektuele en geestelike denke* ........ 40
3.3.2 Fisiese groei ........ 41
3.3.3 Seksuele ontwikkeling ........ 42
*3.3.3.1 Seksuele rypwording by meisies* ........ 42
*3.3.3.2 Seksuele rypwording by seuns* ........ 42
3.3.4 Emosionele ontwikkeling ........ 42
3.3.5 Sosiale ontwikkeling ........ 43
3.3.6 Identiteitsontwikkeling ........ 44
3.3.7 Geestelike ontwikkeling ........ 44
3.3.8 Morele ontwikkeling ........ 45
*3.3.8.1 Invloede op die moraliteit van adolessente* ........ 49
3.3.9 Verbandlegging tussen die verskillende stadia van ontwikkeling ........ 52
3.4 GEVOLGTREKKING ........ 52

HOOFSTUK 4: DIE INVLOED VAN MUSIEK OP MIDDEL-ADOLESSENTE: ’N LITERATUURSTUDIE ........ 55
4.1 INLEIDING ........ 55
4.2 ENKELE FAKTORE WAT INVLOEDE UITOEFEN OP DIE MORELE VORMING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT ........ 55
4.3 DIE INVLOED VAN MUSIEK OP DIE MIDDEL-ADOLESSENT ........ 56
4.3.1 Hoe tieners hulle lewens- en werklikheidsbeskouing vorm ........ 60
4.3.2 Musiek help tieners om realiteit te definieer ........ 64
*4.3.2.1 Die invloed wat MTV op die middel-adolessent het* ........ 64
*4.3.2.2 Die gevare wat MTV vir die middel-adolessent inhou* ........ 65
*4.3.2.3 Enkele boodskappe wat deur musiek gepromoveer word* ........ 68
4.4 GEVOLGTREKKING ........ 75

HOOFSTUK 5: SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE MOREEL-ETIESE .................. 77
TOERUSTING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT: EFESIËRS 1:1-4:16............................ 77
5.1 INLEIDING .............................................................................................................. 77
5.2 GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGESE AS BENADERING .................................. 78
5.3 DIE KEUSE VAN ‘N PERIKOOP .............................................................................. 80
5.4 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES UIT EFÉSIËRS ......................................... 82
5.4.1 Keuse van ‘n teks ................................................................................................. 82
5.4.2 Agtergrond ........................................................................................................... 83
*5.4.3.1 Struktuur van Efésiërs 1-3* ................................................................................ 84
*5.4.3.2 Struktuur van Efésiërs 4-6* ................................................................................ 87
**5.4.4 Lewe in eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:1-6)** (Hoehner, 2008:76). ................ 90
5.4.5 Behou die eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:7-16) ............................................ 94
*5.4.5.1 Pastorale bediening aan middel-adolessente dra by tot versterking van eenheid* ............ 96
*5.4.5.2 Pastorale bediening fokus op versorging en toerusting* .................................... 97

HOOFSTUK 6: SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE MOREEL-ETIESE ................ 105
TOERUSTING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT: EFÉSIËRS 4:17-6:24........................ 105
6.1 INLEIDING .............................................................................................................. 105
6.2 LEEF IN HEILIGHEID (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:32) ....................................... 105
6.2.1 Beskrywing van die ou persoon (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:19) ......................105
6.2.2 Beskrywing van die wedergebore persoon (Eksegese van Efésiërs 4:20-4:32) ....................107
6.3 VOORTSETTING VAN DIE VERMANINGS (Eksegese van Efésiërs 5:1-21)............. 112
6.3.1 Lewe in liefde (Eksegese van Efésiërs 5:1-6)........................................................112
6.3.2 Lewe in die Lig (Eksegese van Efésiërs 5:7-5:14)..................................................115
6.3.3 ‘n Wyse lewenswandel onder leiding van die Heilige Gees (Eksegese van Efésiërs 5:15-5:21) .....................................................................................................................117
6.4 VERHOUDING TUSSEN KINDERS EN HULLE OUERS (Eksegese van Efésiërs 6:1-4) ..................................................................................................................... 121
6.5 GEESTELIKE OORLOGVOERING (Eksegese van Efésiërs 6:10-20)........................ 123
6.5.1 Die geestelike wapenrusting (Eksegese van 6:10-17) ............................................. 123
6.5.2 Die stryd van die gelowige moet met aanhoudende gebed en smeking gepaard gaan (Eksegese van Efésiërs 6:18-20) .....................................................................134
6.6 GEVOLGTREKKING.................................................................................................. 138

HOOFSTUK 7: BEVINDINGE EN AANBEVELINGS - RIGLYNE VIR DIE TOERUSTING VAN MIDDEL-ADOLESSENTE IN DIE AGS MET BETREKKING TOT HULLE MOREEL-ETIESE VORMING ..... 139
7.1 REDE WAAROM HIERDIE STUDIE ONDERNEEM IS ..... 139
7.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE ..... 139
7.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ..... 139
7.4 METODOLOGIE ..... 140
7.5 KRITIEKE BESLUITE WAT ADOLESSENTE MOET NEEM ..... 140
7.6 EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE ..... 140
7.6.1 Bevindinge ten opsigte van die empiriese navorsing ..... 141
*7.6.1.1 Bevindinge ten opsigte van die onderhoude wat met pastore/jeugpastore gevoer is* ..... 141
*7.6.1.2 Bevindinge ten opsigte van die resultate wat uit die vraelyste verkry is, met betrekking tot musiek* ..... 142
7.7 VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSTADIA GEDURENDE ADOLESSENSIE: 'N LITERATUURSTUDIE ..... 142
7.7.1 Bevindinge ten opsigte van die ontwikkeling van middel-adolessente gedurende adolessensie ..... 142
7.8 DIE INVLOED VAN MUSIEK OP MIDDEL-ADOLESSENTE ..... 143
7.8.1 Bevindinge ten opsigte van die invloed van musiek op middel-adolessente ..... 143
*7.8.1.1 Met die navorsing is daar gevind dat van die boodskappe wat deur musiek oorgedra word, die volgende insluit:* ..... 144
7.9 SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE MOREEL-ETIESE TOERUSTING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT ..... 145
7.10 RIGLYNE VIR DIE EFFEKTIEWE BEDIENING VAN MIDDEL-ADOLESSENTE MET DIE OOG OP MUSIEK ..... 145
7.10.1 Middel-adolessente moet hulle redding verstaan ..... 146
7.10.2 Middel-adolessente moet geleer word hoe hulle as kinders van God waardig moet wandel ..... 148
7.10.3 Ouers en rolmodelle se heilige lewenswandel kan 'n positiewe invloed op middel-adolessente se lewens uitoefen ..... 149
7.10.4 Middel-adolessente moet vanuit die Woord toegerus word om die eenheid van die kerk/gemeente te beleef en te beskerm ..... 150
7.10.5 Middel-adolessente moet toegerus word om heiligmaking na te streef ..... 151
7.10.6 Middel-adolessente moet onderrig word om in liefde te wandel en om hulleself van onheilige praktyke te weerhou ..... 152

7.10.7 Die gelowige middel-adolessent se lewenswandel moet ook deur sy/haar wandel in die lig gekenmerk word ........ 153
7.10.8 Middel-adolessente moet ook toegerus word om in wysheid te wandel ........ 153
7.10.9 Die verhouding tussen middel-adolessente en hulle ouers moet gekenmerk word as een waarin hulle hul ouers eer ........ 155
7.10.10 Middel-adolessente moet ook geleer word om standvastig te wees in die geestelike oorlogvoering ........ 155
7.11 FINALE GEVOLGTREKKINGS ........ 157
7.12 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING ........ 157

BRONNELYS ........ 159
ADDENDUM A: Onderhoudsvrae aan pastore van deelnemende gemeentes ........ 182
ADDENDUM B: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van stedelike gemeente nr. 1 ........ 183
ADDENDUM C: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van stedelike gemeente nr.2 ........ 185
ADDENDUM D: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van stedelike gemeente nr. 3 ........ 193
ADDENDUM E: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van voorstedelike gemeente nr. 1 ........ 206
ADDENDUM F: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van voorstedelike gemeente nr. 2 ........ 212
ADDENDUM G: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van voorstedelike gemeente nr. 3 ........ 220
ADDENDUM H: Getranskribeerde onderhoud met die respondent van plattelandse gemeente ........ 224
ADDENDUM I: Voorbeeld van toestemmingsbrief wat ouers moes onderteken om toestemming te verleen dat hulle kind(ers) vrywillig aan die navorsingsproses mag deelneem ........ 229
ADDENDUM J: Voorbeeld van vraelys wat vir kwantitatiewe navorsing gebruik is ........ 230
ADDENDUM K: Statistieke ten opsigte van vraelyste ........ 236
ADDENDUM L: Statistieke van ten opsigte van geografie ........ 259

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

### 1.1 TITEL

Die taak van die AGS-Kerk ten opsigte van die moreel-etiese toerusting[1] van middel-adolessente – met spesiale verwysing na die invloed van musiek.

### 1.2 AGTERGROND

‘n Integrale deel van die kerk se roeping met betrekking tot die jeug is om die kerklos en buitekerklike jeug vir Jesus Christus te bereik (Vukich & Vandegriff, 2002:207). Die jeug van die 21ste eeu word byna daagliks blootgestel en gekonfronteer met geweld, alkohol, dwelmmiddels, verleidende musiek, seks, pornografie en vele ander aanslae van die Bose (Signorelli, 2010:xvi). Steyn en Lotter (2006:542) wys daarop dat die “afwesigheid van ouers as primêre rolmodelle” ‘n uiters negatiewe effek het op die morele vorming van adolessente. Volgens Etzioni *et al.* (2004:17) word sommige adolessente in huise groot waar ‘n enkelouer die opvoedingstaak vervul of waar relatief min of selfs geen etiese morele leiding aan hulle gegee word nie.

Volgens Mueller (2007:297) het die verswakking van die gesinseenheid in die afgelope jare tot die seksuele krisis onder kinders en tieners bygedra. Hierdie seksuele krisis is moontlik deel van ‘n groter moraliteitskrisis wat die Suid-Afrikaanse samelewing kenmerk. Rowatt (2001:109) meen die seksuele krisis onder middel-adolessente is die gevolg van hulle poging om hulleself te definieer en van rebellie, of om die verandering van hulle waardes te weerspieël. In aansluiting hierby wys Steyn en Lotter (2006:543) daarop dat hierdie groep jongmense enigiets sal doen in hulle soeke na liefde, alhoewel hulle in effek nie weet hoe om lief te hê nie. In hulle soeke na liefde, intimiteit en aanvaarding sal hulle gevolglik seksueel aktief begin raak en daarna sal hulle gebruik en misbruik voel, “wat weer aanleiding gee tot die intensivering van hulle eensaamheid en leegheid.”

De Jager (2009:9) meen “the youth of today are empty, bored, broke, lonely and very confused!”. Wu (2011) is van mening dat hierdie leegheid een van die redes is waarom middel-adolessente ontvlug na die internet en sosiale media, soos Facebook, omdat dit ‘n gevoel van verbintenis teweegbring. Holland (2006:35-36) is van mening dat gesprekke wat in “chat rooms” op sosiale netwerke gevoer word en die groot hoeveelheid inligting wat op die internet beskikbaar is, jongmense se gesonde fokus tot nadeel kan strek. Dit kan weer

---

[1] Moreel-etiese toerusting van middel-adolessente verwys na die vestiging van Christelike waardes en standaarde met die Bybel as primêre riglyn.

aanleiding gee tot verkeerde keuses rakende seksuele gedrag. Die boodskap wat die media en filmbedryf aan jongmense verkondig, is dat liefde gevind word in seksuele intimiteit en dat seks onafwendbaar deel van 'n verhouding is (Steyn & Lotter, 2006:543).
Tripp (2001:26) vestig die aandag daarop dat adolessente onseker voel. In 'n wêreld met soveel onsekerhede is dit te verstane dat daar van die kant van adolessente 'n stille uitroep na ouers, onderwysers en selfs die kerk is, om die nodige moreel-etiese leiding te gee. Sonder om die noodsaaklikheid van ouer- en onderwyserbetrokkenheid te ontken, het die kerk ook 'n groot rol te vervul om moreel-etiese leiding aan die adolessent te verskaf. Wanneer adolessente moreel-eties begelei word, moet daar ook gevestigde strukture binne die kerk in plek wees om hulle as nuwe lidmate te kan inlei en daarna te behou deur hulle betrokkenheid in die gemeente en die gemeenskap. Dit sal tot voordeel van die koninkryk van God strek indien die kerk hierin sou kon slaag.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING/RASIONAAL

### 1.3.1 Probleemstelling

Die veronderstelling in hierdie pastorale studie is dat die Bybel die bron van moraliteit vir die mens is (Barna, 2006:20). Psalm 119:9 sê: "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u Woord." (Bybel, 1933/1953). Dat die Woord van God die enigste riglyn vir die jongmens vir 'n suiwere lewenswandel is, behoort vir die kerk 'n gegewe te wees. Jordan (2003:20) beklemtoon die feit dat Christene die Bybel beskou as die bron van morele wysheid en dus vorm dit die basis vir morele besluitneming. In aansluiting hierby skryf Nullens en Michener (2010:198) dat Bybelse moraliteit beskik oor 'n tydlose en universele karakter.

Seale (2003:7) meen dat die Westerse samelewing deur sy grootste krisis in die geskiedenis gaan, 'n "krisis toegespits op die twee kosbaarste punte in enige samelewing, naamlik die gesin en die jeug". Tripp (2001:13) is van mening dat ouers bang is vir hulle tieners. Sou dit bewys kan word, is dit vanselfsprekend dat dit 'n direkte invloed op die gesin en die jeug sal hê. Hieruit ontstaan die vraag of die kerk effektief is om tieners en die jeug met Bybelse waardes te bereik, wat 'n inherente deel van die Groot Opdrag is (Matt.28:19).

Volgens Boshoff (1985:1) vra moreel-etiese toerusting van middel-adolessente na "kennis van die jongmens en die strominge wat onder hulle aan die werk is". Om hierdie rede moet die veranderende leef- en denkwêreld van die jongmens nagevors word. Ten einde te begryp hoe adolessente dink en hulle lewens orden, is dit nodig dat navorsing hieroor gedoen word, indien die kerk 'n positiewe bydra wil maak. Chromey (2007:12) beklemtoon die feit dat ons in 'n postmoderne wêreld leef. De Jager (2009:8) sê postmodernisme "is the

general attack on truth and values”. Die postmodernistiese filosofie huldig die standpunt dat daar geen absolute waarheid of morele waardes bestaan nie, omdat hulle skepties is oor die “waarheid”. Die gevolg hiervan is “a confused, rebellious, empty and sceptical generation”. Steyn en Lotter (2006:548) sê dat dit ‘n uitdaging aan die kerk rig “om ons Christelike oortuigings en verbintenisse binne die heersende kultuur uit te leef en om die evangelie aan ‘n postmoderne generasie te verkondig”.

Junker (2006:454) vestig die aandag daarop dat hoe meer die kerk te wete kom oor die leefwêreld van die adolessent, des te meer sal die kerk in staat wees om adolessente op oordeelkundige wyse by te staan op pad na die komplekse volwasse wêreld. Die kerk sal dus goeie vaardighede moet ontwikkel om kerklike amptenare te bemagtig. Die U.S. Departement of Health and Human Services (2009) wys daarop dat adolessensie, wat die oorgang van die kinderjare na volwassenheid behels, in drie subfases opgedeel word. Vroeë-adolessensie (ongeveer 11-13-jarige ouderdom) wat hoofsaaklik gekenmerk word deur fisiese groei. Middel-adolessensie (ongeveer 14-18-jarige ouderdom) word veral gekenmerk vir die daarstelling van doelwitte, belangstelling oor morele beredenering en om te besin oor die betekenis van die lewe. In laat-adolessensie (ongeveer 19-24-jarige ouderdom) is daar ‘n strewe na onafhanklikheid, toenemende gevoelens van liefde en ‘n verhoogde belangstelling in die seksuele.

Hutchcraft (soos aangehaal deur Veerman, 1996:8-9) wys daarop dat jeugevangelisasie sekere belangrike vereistes daarstel. Dit vra ondermeer dat Christus voorgestel word “in their language” en dat die kerk ‘n goed gestruktureerde en gepaste evangelisasieplan in plek moet hê. Veerman (1996:109) beskryf die toerusting van jeug soos volg:

> “To be responsible and effective in reaching lost young people, we must build relationship bridges so that we can bring them the Gospel. But we must also cross those bridges…unless we teach them the Good News, we will have failed. We must be ready, willing, and able to confront them with the necessity for personal commitment to Christ.”

Die wêreld van die hedendaagse jeug bestaan uit vele verleidinge en blootstelling aan immoraliteit. Immoraliteit in al sy verskillende vorme word aantreklik deur die massamedia aangebied en sommige opvoedkundiges, politici en selfs ouers mag dalk daartoe bydra (Anon. 2007:54). Volgens Möller (2000d:17) het “kuisheid en maagdelikheid ‘n onpopulêre deug” geword in die hedendaagse wêreld met sy “liberalistiese en permissiewe denke”. Baie jongmense in die moderne wêreld sal ‘n deugsame karakter prysgee vir die sub-kultuur van “hip-hop”, wat gewortel is in ongeoorloofde seks, dwelmmisbruik en verleidelike musiek wat ‘n negatiewe invloed op hul lewens het (Washington, 2007:123). Mueller (1999:65)

beklemtoon die noodsaaklikheid van ‘n deeglike begrip van musiek en die rol wat dit, sowel as die media, in die lewe van die jongmens speel.

Seksuele immoraliteit is vir baie Suid-Afrikaanse tieners ‘n gegewendheid, soos gesien kan word in die hoë persentasie tienerswangerskappe asook HIV- en Vigsvoorkoms onder tieners. In plaas daarvan dat hulle hul lewens volgens God se Woord inrig, is adolessente dikwels op sintuiglike genot ingestel. Die gevolg hiervan is dat die “sondige begeerte wat in die hart gekoester word,” ‘n mag word waarteen die mens nie bestand is nie (Möller, 2000d:25). Volgens Steyn en Lotter (2006:538) is seksuele ongebondenheid een van die karaktertrekke van hedendaagse tieners. “Die toename in tiener swangerskappe, aborsies, verspreiding van VIGS, homoseksuele aktiwiteit en beskikbaarheid van pornografie” is maar net enkele van die nuwe uitdagings vir die kerk.

Volgens Miller (1975:73) is die uitdagings waarmee die adolessent in ‘n steeds veranderende wêreld gekonfronteer word, baie kompleks. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die talle verskillende versoekings tot immoraliteit, asook verskillende sienswyses rakende immoraliteit. Hoewel immoraliteit ‘n nuwe opwindende ondervinding van instinktiewe en intellektuele ontdekking vir die adolessent is, kan dit onsekerheid tot gevolg hê en lei dikwels tot ernstige gevolge. Dit is dan juis om hierdie rede dat adolessente die begeleiding van ouers, onderwysers asook die kerk nodig het.

Mueller (2006a:19) wys daarop dat jongmense se lewens baie gekompliseerd is. Volgens Vukich en Vandegriff (2002:103) is hierdie kompleksiteit toe te skryf aan woelinge in die gemoedere van die adolessent, innerlike konflik, genetiese en psigologiese faktore. Hulle wys verder op die feit dat adolessente van nature hoopvol en realisties is, maar dat baie van hulle jeugdige idealisme geen standvastigheid het nie. Gevolglik sal hulle toegee aan die gedagte dat die lewe geensins bevrediging bied nie.

Hierdie krisis vereis dat die kerk die erns daarvan sal besef om aandag aan hierdie uiters belangrike saak te skenk, ten einde rampspoedige gevolge te vermy (Hull, 2007:17). Habermas (1997:379) vestig die aandag daarop dat die kerk se proaktiewe optrede gerugsteun moet word deur deeglike kennis van die veranderinge in die leefwêreld van die adolessent. Volgens Simpson (2003:9), moet die kerk sy metodiek in die benadering van die middel-adolessent verander, ten einde effektief te wees in die moreel-etiese toerusting van die jeug.

> “The answer is in permission. If someone asks then you can speak without fear that you will be rejected.” (Simpson, 2003:9).

Die studie gaan van die veronderstelling uit dat die kerk moontlik nie altyd daarin slaag om morele waardes onder die jeug in te skerp nie. Philander (2011:180) is van mening dat die kerk te min aandag gee aan morele vorming van jongmense en wys daarop dat die vorming en vestiging van waardes en deugde 'n sentrale rol speel binne die kerklike gemeenskap. Die immorele en sedelose leefwyse van baie jongmense vra dat die kerk die jongmense bewus sal maak van die gevare verbonde aan immoraliteit, gesien vanuit die Bybelse perspektief.

Om hierdie redes behoort inligting rakende morele-etiese waardes van middel-adolessente in die AGS-Kerk bekom te word en daarom word die navorsing kwalitatief en kwantitatief onderneem. In hierdie studie sal daar slegs aan 'n spesifieke Pinksterkerk, die AGS, se jeug aandag gegee word. Die empiriese studie is geografies beperk om 'n moontlike probleem uit te lig. Daar moet dus nie 'n nasionale situasie daaruit afgelei word nie.

## NAVORSINGSVRAAG

***Watter riglyne kan die AGS-Kerk daarstel om verantwoordelike en effektiewe toerusting van middel-adolessente, met betrekking tot hul moreel-etiese vorming te verseker?***

Die vrae wat hieruit voortspruit, is:

- Wat is die moreel-etiese situasie onder die jeug volgens enkele pastore van die AGS-Kerk?
- Na watter musiek luister middel-adolessente in stedelike, voorstedelike en plattelandse gemeentes en watter inligting kan verkry word deur die voorkeure met mekaar te vergelyk?
- Watter betekenis het die ontwikkelingstadia gedurende adolessensie vir die moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent?
- Watter inligting kan vanuit 'n literatuurstudie verkry word ten opsigte van die oorsake van verval onder middel-adolessente en meer spesifiek, watter rol speel musiek daarin?
- Watter riglyne kan vanuit die Skrif verkry word waarvolgens middel-adolessente in die AGS op 'n verantwoordbare wyse pastoraal effektief toegerus kan word?
- Watter praktiese riglyne kan vir die AGS gemeentes voorgestel word op grond waarvan hulle hul middel-adolessente lidmate se moreel-etiese toerusting kan behartig?

## 1.4 DOEL

### 1.4.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is die daarstelling van riglyne wat deur die kerk aangewend kan word om die middel-adolessent pastoraal effektief toe te rus. Die navorsing het nie 'n missiologiese fokus nie. Die doel van die studie is uitsluitlik daarop gerig om wenke vir die pastorale taak te bied met betrekking tot die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente.

### 1.4.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- Om te bepaal wat die moreel-etiese situasie onder die jeug is volgens enkele pastore van die AGS-Kerk.
- Om 'n vergelykende studie te maak van middel-adolessente in stedelike, voorstedelike en plattelandse gemeentes ten opsigte van die musiek waarna hulle luister/kyk.
- Om die verskillende ontwikkelingstadia gedurende adolessensie na te vors en die betekenis daarvan vir die moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent vas te stel.
- Om vanuit 'n literatuurstudie vas te stel wat die oorsake van morele verval onder middel-adolessente is en watter rol musiek daarin speel.
- Om riglyne vanuit die Skrif te ontgin waarvolgens middel-adolessente in die AGS op 'n verantwoordbare wyse pastoraal effektief toegerus kan word.
- Om praktiese riglyne vir AGS gemeentes voor te stel op grond waarvan hulle hul middel-adolessente lidmate se moreel-etiese toerusting kan behartig.

## 1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie pastorale studie is dat dit in die huidige konteks van die kerklike situasie waarin op die studie gefokus word, nodig is om begeleidingsriglyne vir verantwoordelike en effektiewe moreel-etiese toerusting van die middel–adolessent in die kerk te ontwerp, as deel van die Apostoliese Geloofsending se toerustingstaak.

## 1.6 METODOLOGIE

Die pastorale studie word gedoen vanuit die perspektief van die Pinkstertradisie, met spesifieke verwysing na die Apostoliese Geloofsending van Suid–Afrika (vgl. Möller, 2000a:63-67; 2000b:17-73; 2000c:120-158). Die navorser baseer sy navorsing deels op 'n literatuurstudie en deels op empiriese navorsing. Mouton en Marais (1989:31) wys daarop

dat die navorsingsproses in wese ‘n besluitnemingsproses is en dat “die navorser op ‘n deurlopende basis besluite neem oor onder andere wat en hoe bestudeer moet word”.

Creswell (2009:4) beskryf kwalitatiewe navorsing “as a means of exploring and understanding the meaning individuals or groups ascribe to a social or human problem. The process of research involves emerging questions and procedures, data typically collected in the participant's setting, data analysis inductively building from particulars to general themes, and the researcher making interpretations of the meaning of the data”.

Volgens Merriam (soos aangehaal deur Creswell, 1994:145) is daar ses veronderstellings in kwalitatiewe navorsing wat van deurslaggewende belang is, omdat dit:

- Primêr fokus op die navorsingsproses en nie soseer op die uitkoms daarvan nie;
- Ingestel is om ‘n begrip te verkry van die betekenis wat ‘n persoon aan sy belewenis gee;
- Die navorser self is die primêre instrument vir die verkryging en analisering van die data. Die sensitiwiteit van die navorser is hier van kardinale belang;
- Veldwerk insluit, wat onder andere impliseer dat die navorser, die mense en instansie sal moet verken;
- Beskrywend is, aangesien die navorser belangstel in die proses, begrip en betekenis waartoe gekom word deur woorde en beelde;
- Induktief van aard is. Dit impliseer dat die navorser tydens die proses tot sekere gevolgtrekkings, insigte en hipotesevorming kan kom.

Merriam (1998:7) wys daarop dat kwalitatiewe studies juis onderneem word omdat bestaande teorieë nie daarin slaag om ‘n bepaalde verskynsel voldoende te beskryf nie.

Volgens Creswell (2009:4) is kwantitatiewe navorsing: “a means of testing objective theories by examining the relationship among variables. These variables, in turn, can be measured, typically on instruments, so that numbered data can be analyzed, using statistical procedures. The final written report has a set structure consisting of introduction, literature and theory, methods, results and discussions.”

Osmer (2008:4) se model vir prakties-teologiese interpretasie word ingespan. Hy stel ‘n model voor, bestaande uit vier take. Elke taak poog om ‘n spesifieke vraag te beantwoord:

- Die beskrywend–empiriese taak: “Wat gebeur tans?”
- Die interpreterende taak: “Waarom het dit gebeur?”
- Die normatiewe taak: “Wat is veronderstel om te gebeur?”
- Die pragmatiese taak: “Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?”

Elkeen van hierdie take sal nader omskryf word in die hoofstuk waar dit aangespreek word.

### 1.6.1 Literatuurstudie

De Vos (2004:64) wys daarop dat literatuurstudie dit ten doel het om sinvol by te dra daartoe dat die geïdentifiseerde probleem duideliker verstaan word deur die omvang en betekenis daarvan te beskryf.

### 1.6.2 Empiriese navorsing

Heitink (1999:231) wys daarop dat empiriese navorsing bestaan uit ‘n siklus wat die elemente van waarneming, induksie, deduksie, toetsing en evaluering insluit. “Waarneming” behels die versameling en kategorisering van empiriese data, met die oog op die formulering van hipoteses; “induksie” handel oor die formulering van die hipoteses; “deduksie” is die teken van die gevolgtrekkings van hierdie hipoteses, in die vorm van toetsbare voorspellings; “toetsing” van die nuwe empiriese data, gebaseer op die uitslag van die voorspellings en “evaluering” is die terugvoer aan die teorie en aanbeveling vir verdere navorsing.

## 1.7 VERKLARING VAN KONSEPTE

Die Afrikaanse skryftaal leen sigself tot skynbare seksisme vanweë die gebruik van woorde soos “hy”, “sy”, “hom” en “haar”. Die navorser is van mening dat die vermyding van hierdie woorde die teks van sy gemaklike vloei sal ontneem. Die doelwit van hierdie studie is die daarstelling van verantwoordelike en effektiewe riglyne vir die moreel-etiese toerusting van die middel–adolessent. Die doelwit is nie om enige seksistiese uitlatings te maak nie. As gevolg hiervan sal die navorser vrylik gebruik maak van die terme, “hy”, “sy”, “hom” en “haar”. Die leser moet nie enige seksisme in hierdie gebruiksvorme inlees nie.

- ❖ Riglyne: Die teoretiese raamwerk waarbinne die voorstel beskryf word (Mouton & Marais, 1989:133).
- ❖ Moreel: Verwys na ‘n spesifieke gedragskode wat die Bybel voorstel en vir Christene aanvaarbaar is (Ask, 2012).
- ❖ Eties: Verwys na die sedelike gedrag en waardesisteem wat die Bybel voorstel en vir Christene aanvaarbaar is (HAT, 2005:224).
- ❖ Middel-adolessent: Verwys spesifiek na die ouderdomsgroep van 14-18 jaar (Creasy Dean, 2004:2).

## 1.8 ETIESE OORWEGINGS

Met kwalitatiewe navorsing is dit van die allergrootste belang dat etiese maatreëls deurentyd en konsekwent toegepas word. Met die toepassing van die maatreëls word die vertrouensverhouding tussen die navorser en die deelnemers versterk. Mouton (2001:239) wys daarop dat navorsers die reg het om te soek na die waarheid, maar nie ten koste van die regte van enige individu nie. Alle etiese riglyne soos voorgeskryf deur NWU, sal in die studie toegepas word (NWU, 2010:31-32).

## 1.9 BEGRENSING

Aangesien die navorser verwag dat die kwalitatiewe navorsing 'n hele aantal moontlike faktore aan die lig gaan bring wat 'n impak op die moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent kan hê, sal daar in hierdie studie uitsluitlik gefokus word op musiek, aangesien daar beperkinge is vir die indiening van 'n M.A.-graad. Die rede waarom daar spesifiek op musiek gefokus word, is omdat dit 'n belangrike invloed op jongmense se morele vorming het deur die bewoording wat sekere waardes, gevoelens en houdings reflekteer. Musiek is 'n besondere invloedryke medium in middel-adolessente se lewens waardeur hulle ondermeer te kenne kan gee wat vir hulle sosiaal aanvaarbaar is. Omdat musiek jongmense emosioneel stimuleer, kan dit selfs op 'n onbewustelike wyse waarde-oordrag doen. Die ander faktore wat geïdentifiseer word kan in 'n verdere studie bespreek word.

## 1.10 HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word in die vooruitsig gestel:

In Hoofstuk 1 het die probleemstelling, rasionaal en doel van die studie aan die bod gekom. 'n Kort uiteensetting van die navorsingsproses word bespreek. Sekere van die begrippe word gedefinieer en 'n oorsig van die inhoud van elke hoofstuk word aangebied.

In Hoofstuk 2 word die empiriese navorsingsresultate bespreek. Osmer se beskrywende empiriese taak wat vra, "Wat gebeur tans?" sal hier beantwoord word.

Hoofstuk 3 bestaan uit 'n literatuurstudie wat handel oor die ontwikkelingstadia tydens adolessensie. In hierdie hoofstuk word daar na enkele van die stadia gekyk.

Hoofstuk 4 bevat inligting wat deur literatuurstudie bekom is, om vas te stel wat die invloed is wat verleidende musiek op middel-adolessente uitoefen. Die inligting wat deur die literatuurstudie bekom is, word gebruik om Osmer se interpreterende taak wat vra, "Waarom het dit gebeur?" te beantwoord.

In Hoofstukke 5 en 6 word die Skrif ondersoek om Skriftuurlike beginsels te ontgin waarop riglyne vir die toerusting van middel-adolessente gebaseer kan word. Osmer se normatiewe taak wat vra, “Wat is veronderstel om te gebeur?” word in hierdie hoofstukke beantwoord. In hoofstuk 5 word daar spesifiek op Efésiërs 1:1-4:16 gefokus en in hoofstuk 6 op Efésiërs 4:17-6:20.

Hoofstuk 7 bevat die voorgestelde nuwe riglyne vir moreel-etiese toerusting van middel-adolessente wat die AGS gemeentes sal help om meer effektief te wees in die area van moreel-etiese toerusting onder die betrokke ouderdomsgroep. Osmer se pragmatiese taak wat vra, “Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?” word hier beantwoord.

## 1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING

Tabel 1.1 is ’n skematiese voorstelling betreffende die uitvoering van hierdie studie.

| **Osmer se indeling** | **Probleemstelling** | **Doelstelling & Doelwitte** | **Metode** |
|---|---|---|---|
| **Beskrywende-empiriese taak**<br><br>Wat gebeur tans? | Watter nuwe perspektiewe sal na afloop van die empiriese navorsing oor moreel-etiese toerusting na vore kom? | Om vas te stel of daar enige vernuwende insigte rakende die moreel-etiese vorming is wat deur ’n empiriese ondersoek na vore sal kan kom, wat kan bydra om die middel-adolessent effektief toe te rus. | Empiriese navorsing wat saamgestel sal word uit ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp word beoog, ten einde te bepaal wat onder die jeug aan die gang is en ook wat die stand van sake in (sommige) van die AGS-Kerk gemeentes is. |
| **Interpreterende taak**<br><br>Waarom het dit gebeur? | In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die empiriese navorsing wat kan bydra met die daarstelling van aanvaarbare riglyne vir moreel-etiese toerusting van middel-adolessente? | Om vas te stel in watter mate daar gebruik gemaak kan word van resultate wat verkry is deur die empiriese navorsing. Die data wat bekom is oor die oorsake van die | Die bestudering en evaluering van data wat verkry is deur empiriese navorsing, sal vergelyk word met die literatuurstudie. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | morele verval, sal aangewend word vir die daarstelling van verantwoordelike en effektiewe begeleidingsriglyne vir gemeentes binne die AGS-Kerk, ten einde meer effektief te wees in die moreel-etiese toerusting van hierdie ouderdomsgroep. | |
| **Normatiewe taak**<br><br>Wat is veronder-stel om te gebeur? | Watter insig kan verkry word vanuit 'n basis-teoretiese studie vanuit die Skrif met betrekking tot die moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent? | Om vas te stel watter insig verkry kan word vanuit 'n basis-teoretiese studie vanuit die Skrif met betrekking tot moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent, sodat die AGS-Kerk hierdie ouderdomsgroep meer effektief kan toerus. | Eksegese sal gedoen word van sekere Skrifgedeeltes wat verband hou met Christelike morele waardes. |
| **Pragmatiese taak**<br><br>Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word? | Watter praktyk-teoretiese riglyne kan vir die kerk geformuleer word betreffende die moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent. | Om praktyk-teoretiese riglyne te formuleer vir die moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent met die oog daarop om werkbare | Om alle beskikbare resultate te gebruik om begeleidingsriglyne neer te lê vir die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | begeleidingsriglyne saam te stel wat as hulpmiddel kan dien in die effektiewer toerusting van middel-adolessente ten opsigte van hulle moreel-etiese vorming. | |

**Tabel 1.1:** Die uitvoering van die ondersoek.

# HOOFSTUK 2: EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

## 2.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is die probleemstelling en doelwitte bespreek, asook ‘n kort uiteensetting van die metodologie. In dié hoofstuk word die metodologie breedvoerig bespreek tesame met ‘n uiteensetting van die proses van dataversameling. Daar word ook spesifiek gefokus op Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat ten doel het om die vraag, “Wat gaan aan?” te beantwoord. Die navorsingsontwerp, resultate van die onderhoude wat met die geïdentifiseerde AGS-gemeentes se pastore gevoer is en die inligting wat deur die kwantitatiewe navorsing bekom is, kom gevolglik in hierdie hoofstuk ter sprake.

## 2.2 NAVORSINGSONTWERP

Mouton en Marais (1988:33) beskryf die doel van ‘n navorsingsontwerp soos volg: “The aim of a research design is to plan and structure a given research project in such a manner that the eventual validity of the research findings is maximized.”

Die empiriese studie het ten doel om ondersoek in te stel na moontlike faktore wat ‘n impak op die moreel-etiese vorming van die middel-adolessent kan hê. Die ontwerp van hierdie navorsing bestaan uit ‘n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie. Omdat musiek as medium ‘n groot invloed op die vorming van middel-adolessente uitoefen, het die navorser doelbewus besluit om die studie tot die invloed van musiek op die moreel-etiese waardevorming van kerkjeug te beperk. Daar sal ook ‘n literêre studie gedoen word om ‘n beter begrip oor die onderwerp van moreel-etiese vorming van die middel-adolessent te verkry. Die doel hiermee is om vanuit die literatuur wat bestudeer is en die Bybel riglyne vir middel-adolessente neer te lê.

Volgens Mariampolski (soos aangehaal deur Breed & De Kock, 2009:9), word kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing gereeld gekombineer “wanneer onafhanklike veranderlikes (of die faktore wat ‘n impak op die onafhanklike veranderlike het) nie bekend is nie”. Heaton (2004:56) wys daarop dat “qualitative and quantitative research are viewed as complementary rather than opposing research strategies”. Voordat ‘n kwantitatiewe meetinstrument onwikkel kan word, is dit nodig om die moontlike faktore wat ‘n impak op die moreel-etiese vorming van die middel-adolessent het, te identifiseer. Omdat al hierdie faktore nie in ‘n M.A.-studie bespreek kan word nie, as gevolg van beperkinge, sal daar alleenlik op die invloed van musiek in hoofstuk 3 gefokus word.

### 2.2.1 Opsomming van die kwalitatiewe navorsingsontwerp

Miles en Huberman (1994:1) beskryf kwalitatiewe data as 'n bron van ryk beskrywings en verduidelikings van prosesse binne 'n geïdentifiseerde konteks. Hulle is van mening dat, "with qualitative data one can preserve chronological flow, see precisely which led to which consequences, and derive fruitful explanations."

#### *2.2.1.1 Die rol van die navorser*

Volgens Padgett (1998:3) vereis kwalitatiewe navorsing: "an unparalleled degree of emersion by the researcher as the instrument of data collection." Lodico *et al.* (2010:34) sê dat die kwalitatiewe navorser deur sy navorsing, in die posisie van 'n waarnemer geplaas word, wat dit ten doel het om die waarheid te ontdek. Wanneer daar na waarheid verwys word, verwys dit na wat werklik in die lewe van die middel-adolessente aan die gang is. Die navorser doen dit deur die waarneming van 'n spesifieke situasie, mense en die verskynsels wat bestudeer word (Lodico *et al.,* 2010:34). Kwalitatiewe navorsing bied ook aan die navorser die geleentheid om die spesifieke situasie of die groep mense wat bestudeer word, te stimuleer. Denzin en Lincoln (1998:78) maak die opmerking dat die vereenselwiging van die navorser met die spesifieke situasie 'n voortdurende proses is en eindelik word daar 'n punt bereik waar die navorser gesien word "as a part of the setting". Oplaas word die navorser "a full member of the group".

#### *2.2.1.2 Onderhoudsvoering*

Volgens King en Horrocks (2010:1) is die voering van onderhoude die mees algemene manier om inligting te bekom wanneer 'n navorser kwalitatiewe navorsing doen. Holstein en Gubrium (2004:151) sê dat onderhoudsvoering 'n manier is om empiriese data oor die sosiale wêreld te genereer deur gestruktureerd 'n teikengroep na hulle menings, houdings en ervarings uit te vra. Volgens Denzin en Lincoln (2011:416) word hierdie leefwêreld gekenmerk deur mense wat redeneer dat "interviews generate useful information about lived experience and its meanings".

Onderhoude word met pastore gevoer met die doel om hulle sieninge oor die huidige morele stand van middel-adolessente te verkry. Na instemming van beide adolessent en ouers ten einde aan etiese vereistes te voldoen, vind onderhoude met jongmense plaas. King en Horrocks (2010:42-43) stel dat 'n gemaklike omgewing, privaatheid in die gesprek en 'n situasie waar relatiewe stilte heers, drie belangrike aspekte is wat die vloei van die onderhoud positief beïnvloed. Dit in ag genome, is die onderhoude vir kwalitatiewe navorsing met die pastore gevoer in die gemak van hulle eie kerkkantoor of pastorie, of 'n plek van hulle persoonlike voorkeur.

Voordat daar met die onderhoude begin is, is die respondente verseker van hulle anonimiteit en dat hulle te enige tyd die onderhoud kan staak indien hulle ongemaklik sou voel. Al die onderhoude is opgeneem in MP4-formaat, nadat toestemming van die betrokke partye daarvoor verkry is. Daarna is die opnames verbatim getranskribeer.

Seidman (2006:114-115) meen dat die transkribering van onderhoude die primêre metode is om die onderhoud te dupliseer. Hy sê: "Each word a participant speaks reflects his or her consciousness. The participants' thoughts become embodied in their words." Die opneem van die onderhoud is ook tot voordeel van die deelnemende persoon en gee die persoon die versekering "that their words will be treated responsibly". Verder redeneer hy dat dit voordelig is vir navorsers as hulle hul eie transkripsies doen omdat dit hulle in staat stel om indiepte kennis van die onderhoude te verkry. Om hierdie rede het die navorser elkeen van die onderhoude persoonlik getranskribeer.

#### *2.2.1.3 Logiese en rasionale onderhoudsvoering*

Mason (2002:62) is van mening dat kwalitatiewe onderhoudsvoering gewoonlik verwys na 'n indiepte, semi-gestruktureerde wyse van onderhoudsvoering. Burgess (1984:102) verwys daarna as "conversations with a purpose". Volgens Mason (2002:65) word hierdie onderhoude gekenmerk deur die veronderstelling dat data deur interaksie tussen die onderhoudvoerder en die kliënt gegenereer word.

"The goal of qualitative research is to discover patterns which emerge after close observation, careful documentation, and thoughtful analysis of the research topic. What can be discovered by qualitative research are not sweeping generalizations but contextual findings. This process of discovery is basic to the philosophic underpinning of the qualitative approach." (Maykut & Morehouse, 1994:21).

#### *2.2.1.4 Verwerking van ingesamelde data*

Nadat die onderhoude getranskribeer is, het die verwerkingsproses daarvan gevolg. Die doel was om alle inligting wat bekom is, te groepeer en 'n juiste beeld te verkry van pastore se persepsie van die morele status van adolessente met die doel om die kwantitatiewe vraelys te ontwerp wat relevante vrae aan die betrokke respondente rig.

Volgens Schatzman en Strauss (soos aangehaal in Creswell, 1994:166-167) berus kwalitatiewe dataverwerking primêr op "classifying things, persons, and events and the properties which characterize them. They seek to identify and describe patterns and themes from the perspective of the participant(s), then attempt to understand and explain these patterns and themes".

Creswell (1994:153) wys daarop dat: “the data analysis will be conducted as an activity simultaneously with data collection, data interpretation, and narrative report writing.”

Tesch (1990:142-145) stel ‘n proses voor bestaande uit agt stappe om die inligting wat met die onderhoudsvoering bekom is, te verwerk.

Stap 1: Verkry ‘n geheelbeeld van die data. Dit word gedoen deur al die transkripsies noukeurig deur te lees en al die inligting en idees neer te skryf. Hierdie stap voorsien die navorser van belangrike agtergrondinligting.

Stap 2: Kies een van die onderhoude, hetsy die mees interessante of die kortste, lees dit deur en vra: “Waaroor handel hierdie onderhoud?” Moenie soseer op die inhoud van die onderhoud fokus nie, maar let ook op die onderliggende betekenis daarvan.

Stap 3: Maak dan ‘n lys van al die temas wat herhaardelik voorkom. Alle soortgelyke temas moet in kolomvorm onder hooftemas en unieke temas bymekaar geplaas word.

Stap 4: Met hierdie lys moet daar teruggegaan word na die data. Dan moet die temas afgekort word en in die vorm van kodes langs die ooreenstemmende dele van die teks neergeskryf word. Met hierdie skema kan daar vasgestel word of nuwe kategorieë en kodes ontstaan.

Stap 5: Vind die mees beskrywende woorde vir die temas en plaas dit in kategorieë. Verminder die kategorieë deur oorstemmende temas saam te groepeer.

Stap 6: Besluit op finale afkortings vir elk van die kategorieë en plaas hierdie kodes dan in alfabetiese volgorde.

Stap 7: Versamel die data wat by elke kategorie pas en analiseer dit voorlopig.

Stap 8: Indien nodig, herkodeer die bestaande data.

### 2.2.2 Opsomming van die kwantitatiewe navorsingsontwerp

#### *2.2.2.1 Voltooiing van kwantitatiewe vraelyste*

Nadat die onderhoude met die pastore van die betrokke gemeentes gevoer en getranskribeer is, is die inligting wat daaruit bekom is verwerk, met die doel om ‘n kwantitatiewe vraelys op te stel. Hierdie vraelys is opgestel in samewerking met die studieleier, mede-studieleier en die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

Die doel met hierdie vraelys was om vas te stel tot watter mate middel-adolessente -

- alkohol gebruik;
- dwelms gebruik;
- se ouers betrokke in hulle lewens is;
- meen dat die musiek waarna hulle luister ‘n negatiewe invloed op hulle lewens uitoefen;
- meen dat sosiale media hulle lewens beïnvloed;
- seksueel aktief is en of hulle al aan pornografie blootgestel was;
- post modernisme hulle lewens beïnvloed;
- eerlik is.

Daar word spesifiek op hierdie faktore gefokus omdat die vermoede bestaan dat dit dinge is wat die morele vorming van hedendaagse middel-adolessente nadelig kan beïnvloed. In dié studie gaan daar egter net op een van hierdie punte gefokus word en die verdere data sal, sover relevant, daarna in ‘n toekomstige studie benut kan word.

Nadat die Sentrale Statistiekdiens van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus hulle tevredenheid met die grootte van die steekproef en die metodologie bevestig het, is daar voortgegaan met die reëlings vir die voltooiïng van die vraelyste. Die navorser het aan elk van die pastore met wie daar ‘n onderhoud gevoer is, ‘n afskrif van die Noordwes-Universiteit se etiese goedkeuring met die projeknommer NWU-00121-12-A3 gestuur, asook ‘n toestemmingsbrief waarin een van die ouers van die middel-adolessente toestemming verleen dat hulle kind(ers) die vraelys vrywillig mag voltooi. In hierdie toestemmingsbrief word die ouers ook verseker dat hulle kinders se identiteit anoniem sal bly. Met ontvangs van die voltooide toestemmingsbriewe deur die respondente se ouers aan die pastore, het die navorser ‘n geskikte datum vir die voltooiïng van die vraelyste gereël. Om enige ongerief te vermy is die vraelyste tydens die betrokke gemeente se weeklikse jeugbyeenkomste voltooi. Die respondent is hoflik versoek om die vraelyste te voltooi, maar voordat daarmee begin is, het die navorser kortliks verduidelik wat die doel van die navorsing is en aangedui dat enige respondent te enige tyd kan onttrek. Die navorser en die betrokke pastoor was albei betrokke tydens die voltooiïng van die vraelyste en nadat die vraelyste voltooi is, is dit verseël in ‘n koevert wat deur die navorser en die betrokke pastoor onderteken is op die plek waar die koevert verseël is. Daarna is die koevert bo-oor die handtekeninge met deursigtige kleefband verseël, ten einde die deelnemende middel-adolessente te verseker dat die inhoud van die koevert veilig is.

Hierdie verseëlde koeverte is, nadat al sewe gemeentes se middel-adolessente die vraelyste voltooi het, aan die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus oorhandig vir die verwerking van die inligting. Halterman (2012) sê: "Typically the purpose of any survey is to obtain information to help with decision-making." Dieselfde prosedure is ook met die toestemmingsbriewe gevolg wat in afsonderlike koeverte verseël is. Die verseëlde koeverte met die toestemmingsbriewe daarin, die onderhoude wat in MP4-formaat opgeneem is en die verwerkte vraelyste word in veilige bewaring gehou deur die navorser.

#### *2.2.2.2 Datavaslegging*

Volgens Bell (1993:10) is die doel van 'n sosiale ondersoek, "to obtain information which can be analysed and patterns extracted and comparisons made".

Die verwerking van die voltooide vraelyste is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus behartig. Hulle het die data elektronies vasgelê. Die konsultant het die data met behulp van toepaslike rekenaarpakette ontleed. Die konsultant was ook die navorser behulpsaam om die uitvoer te interpreteer en om die resultate wetenskaplik korrek neer te skryf.

#### *2.2.2.3 Literêre studie*

Daar is ook 'n literêre studie gedoen met die doel om teoretiese riglyne van die moreel-etiese vorming van die middel-adolessent te ontwikkel.

Tabel 2.1 bied 'n opsomming van die metodologie wat in hierdie empiriese ondersoek gevolg is.

| **Kwalitatief (Fase 1)** | **Kwantitatief (Fase 2)** |
| --- | --- |
| 1. Navorsing van pastore se siening oor die morele stand van die middel-adolessent. Die omvang van 'n M.A.-studie noodsaak die navorser om net op een tema te fokus. | 1. Analiseer data en identifiseer die faktore wat aanleiding gee tot morele verval van middel-adolessente vir die opstel van kwantitatiewe vraelys.<br>2. Die geïdentifiseerde respondente voltooi die vraelyste wat opgestel is in samewerking met die Statistiese Konsultasiediens van NWU.<br>3. Literatuurstudie. |

**<u>Tabel 2.1:</u>** Die fases van die empiriese ondersoek.

## 2.3 KWALITATIEWE NAVORSINGSONTWERP

"The way in which people being studied understand and interpret their social reality is one of the central motives of qualitative research" (Bryman, 1988:8).

Die waarde van kwalitatiewe navorsing "lies in its ability to explore issues in depth and from the perspectives of different participants, with concepts, meanings and explanations developed inductively from the data" (Ritchie & Lewis, 2003:267).

Volgens Neuman (2000:124) is kwalitatiewe data 'n ryk bron van inligting wat navorsers indiepte kennis bied oor die sosiale prosesse in 'n bepaalde omgewing. Berg (1995:7) redeneer dat kwalitatiewe navorsing ten doel het om 'n bepaalde groep mense intensief te bestudeer met die oog daarop om antwoorde te bekom op sekere sosiale vraagstukke. Die kwalitatiewe navorser is dus besonder geïnteresseerd "in how humans arrange themselves and their settings and how inhabitants of these settings make sense of their surroundings through symbols, rituals, social structures, social roles and so forth". Die kwalitatiewe benadering stel navorsers in staat "to share in the understandings and perceptions of others and to explore how people structure and give meaning to their daily lives. Researchers using qualitative techniques examine how people learn about and make sense of themselves and others".

Heaton (2004:55) fokus die aandag op die volgende karaktertrekke van kwalitatiewe navorsing:

- Die klem val op "seeing through the eyes of" diegene wat bestudeer word;
- Die beskrywing van die sosiale omgewing wat nagevors word;
- Die ondersoek van sosiale gedrag en gebeure binne die historiese en sosiale konteks;
- Die ondersoek van die proses waardeur 'n bepaalde sosiale lewe gevestig word;
- Die aanvaarding van 'n buigsame benadering tot die sosiale ondersoek wat navorsers in staat stel om hul benadering te verander, indien dit nodig sou wees;
- Die afhanklikheid van teorieë en konsepte wat uit die data afgelei is.

Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van doelbewuste steekproewe. Die doelbewuste keuse berus op die beskikbaarheid van geskikte deelnemers en hulle bereidwilligheid tot die deelname aan die steekproef (Ritchie & Lewis, 2003:78).

“A good informant is one who has the knowledge and experience the researcher requires, has the ability to reflect, is articulate, has the time to be interviewed, and is willing to participate in the study” (Denzin & Lincoln, 1998:73).

In fase 1 word kwalitatiewe navorsing onderneem, ten einde pastore se begrip en sieninge van die morele status van middel-adolessente te verstaan.

In fase 2 word die data wat met die kwalitatiewe navorsing bekom is, geanaliseer en geprosesseer, en saam met inligting wat uit die literatuurstudie bekom is, gebruik in die samestelling van ‘n kwantitatiewe vraelys met die doel om middel-adolessente se morele status en persepsies te bepaal. Daarna word bedieningsriglyne neergelê vir die moreel-etiese vorming van die middel-adolessent.

### 2.3.1 Fase 1: Navorsing van AGS-pastore se siening oor die morele stand van die middel-adolessent

In hierdie fase word spesifiek op die proses van data-insameling en die verwerking daarvan gefokus. Daar word gebruik gemaak van ‘n semi-gestruktureerde vraelys vir die insameling van data deur onderhoudsvoering met geïdentifiseerde AGS-pastore, en dan doelbewus van drie stedelike gemeentes, drie voorstedelike gemeentes en een plattelandse gemeente in ‘n poging om verteenwoordigend van AGS-gemeentes te wees.

#### *2.3.1.1 Die steekproef*

In ‘n steekproef word ‘n spesifieke en beperkte deel van die geteikende bevolking gekies om as verteenwoordigers van die totale teikengroep aan ‘n bepaalde navorsingsprojek deel te neem (Sanchez, 2001:113). Hierdie steekproewe is gewoonlik doelbewus van aard (Miles & Huberman, 1994:27).

“Qualitative research sets out to build a sample that includes people (or settings) that will aid them in gaining a deeper understanding of the phenomenon that is to be researched, as this approach to purposefully select people (or settings, or organizations) for a study acknowledges the complexity that characterizes human and social phenomena” (Maykut & Morehouse, 1994:56).

#### *2.3.1.2 Die teikengroep*

Volgens Light *et al.* (1990:43) vorm ‘n teikengroep die respondente wat verteenwoordigend is van die populasie. Linhart (2003:27) wys daarop dat die insameling van data verkry kan word vanuit onderhoude met nuwelinge in die jeugbediening sowel as veteraan jeugwerkers. In hierdie studie is die teikengroep pastore van die sewe geïdentifiseerde AGS-gemeentes, bestaande uit jonger en ouer pastore.

Teiken populasie: Mouton (1996:134) beskryf die teiken populasie as diegene op wie die navorsing van toepassing is. Volgens Creswell (1994:148) word die deelnemers gekies vanuit die populasie op grond van die feit dat hulle oor die nodige inligling beskik om antwoorde te verskaf op die navorsingsvrae. In die studie word daar spesifiek gefokus op drie stedelike, drie voorstedelike en een plattelandse gemeente.

## 2.4 ETIESE OORWEGINGS

Soos reeds in hoofstuk een genoem, word die etiese oorwegings soos voorgeskryf deur NWU, in die studie toegepas (NWU, 2010:31-32). Die oorwegings sal gebruik word om die vertrouensverhouding tussen die navorser en deelnemende pastore te versterk. Denzin en Lincoln (2003:88-89) verwys soos volg na hierdie oorwegings: "Because the objects of inquiry in interviewing are human beings, researchers must take extreme care to avoid any harm to them. Traditionally ethical concerns have revolved around the topics of *informed consent* (receiving consent by the subject after having carefully and truthfully informed him or her about the research), *right to privacy* (protecting the identity of the subject), and *protection from harm* (physical, emotional or any other kind)." In aansluiting hierby sê Berg (2007:53) dat dit van kardinale belang is dat die regte, privaatheid en welsyn van alle partye wat deelneem aan die navorsing, verseker moet word.

Die maatreëls wat geld vir hierdie navorsing sluit in toestemming, geen misleiding nie, vertroulikheid en anonimiteit, privaatheid en vryheid om te onttrek.

### 2.4.1 Toestemming

Heaton (2004:77) beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat die deelnemende persone ten volle ingelig word oor die aard van die navorsing en dat die deelnemers vrywillig moet instem tot deelname daaraan. Met toestemming word bedoel dat die betrokke persoon instem om op 'n vooraf ooreengekome datum, tyd en plek aan 'n onderhoud deel te neem wat in MP4-formaat opgeneem word en dat die transkripsies daarvan gebruik mag word.

### 2.4.2 Geen misleiding

Die navorser moet verseker dat die deelnemers onder geen omstandighede mislei word nie (Willig, 2001:18). Met dit in gedagte het die navorser geen misleidende verklarings gemaak wat die navorsing tot nadeel sou strek nie.

### 2.4.3 Vertroulikheid en anonimiteit

Volgens King en Horrocks (2010:117) het beide vertroulikheid en anonimiteit, elk 'n duidelike onderskeidende betekenis in kwalitatiewe navorsing (vgl. Berg, 2007:79).

Vertroulikheid word gesien as die aktiewe poging wat aangewend word om die identiteit van die deelnemende persone te beskerm, terwyl anonimiteit beteken dat die subjek naamloos bly (Berg, 2007:79). Al die deelnemers is die versekering gegee dat hulle name onder geen omstandighede in die studie genoem sal word nie.

### 2.4.4 Privaatheid

King en Horrocks (2010:42-43) se voorskrifte met betrekking tot 'n gemaklike omgewing en privaatheid is gevolg, wat impliseer dat pastore sonder enige onderbreking, spontaan aan die onderhoude kon deelneem. Die respondente is ook verseker dat die transkribering van die onderhoude deur die navorser self behartig sal word as 'n maatreël om hul privaatheid verder te verseker (Seidman, 2006:67).

### 2.4.5 Vryheid om te onttrek

Silverman (2010:155) beklemtoon die feit dat die subjek vrywillig aan die navorsing moet deelneem ten einde die geldigheid van die navorsing te verseker en dat die verantwoordelikheid by die navorser berus om die subjek daarop te wys dat daar te enige tyd van die navorsing onttrek kan word. Afgesien van die pastore se vrywillige deelname, sou die navorsing ten opsigte van die bepaalde gemeente gestaak word, indien enige een van hulle sou onttrek.

## 2.5 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERHOUDE WAT MET DIE PASTORE GEVOER IS

Met die analisering van die data rakende die lewens van middel-adolessente, is daar sekere temas wat baie duidelik na vore gekom het. Die volgende tabel illustreer musiek as een van die hooftemas, tesame met geïdentifiseerde subtemas wat aan die lig gekom het, met die gebruik van Tesch (1990:142-145) se agt stappe om die inligting wat in die onderhoudsvoering bekom is, te verwerk. Vanweë die groot omvang van die inligting wat verkry is uit die voltooide vraelyste, sal die ander hooftemas en subtemas in 'n verdere studie beskryf en bespreek moet word.

Die antwoorde wat bekom is uit die vrae wat aan die pastore gevra is, dien as beantwoording van Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat ten doel het om die vraag, "Wat gaan aan?" te beantwoord.

Tabel 2.2 bied 'n opsomming van die inligting wat bekom is uit die onderhoude wat met pastore gevoer is, onder die opskrifte van hooftemas en subtemas, met betrekking tot die tema van musiek.

| HOOFTEMA | SUBTEMAS |
|---|---|
| 2.5.1 Musiek speel 'n groot rol in elke jongmens se lewe en dit beïnvloed hulle emosies, denke en optredes. | 2.5.1.1 Byna elke genre van musiek waarna jongmense luister, dra 'n boodskap oor wat teenoor die boodskap van die Bybel staan en wat die morele waardes van jongmense kan afbreek.<br>2.5.1.2 Ekplisiete videos op MTV versterk die seksuele boodskap wat deur musiek oorgedra word.<br>2.5.1.3 Van die musiek waarna middel-adolessente luister bevat woorde wat pornografies van aard is. |

**Tabel 2.2:** Opsomming van inligting bekom uit onderhoude

Die navorser bespreek vervolgens die sieninge van die pastore met wie die onderhoude gevoer is, aan die hand van tabel 2.2. Die deelnemende pastore het tot 'n baie groot mate saamgestem. Waar daar wel verskille voorgekom het, sal dit aangedui word.

### 2.5.1 Hooftema 1. Musiek speel 'n groot rol in elke jongmens se lewe. Dit beïnvloed hulle emosies

Daar is 'n sterk gevoel onder die deelnemende respondente dat musiek 'n medium is wat 'n groot invloed op middel-adolessente se lewens het en hulle is van mening dat baie van die musiek waarna jongmense luister 'n negatiewe invloed op hulle lewens uitoefen.

Die respondent van stedelike gemeente nommer een druk dit soos volg uit:

"Ek dink musiek waarna kinders vandag luister…Die media is seker een van die belangrikste faktore wat bydra tot kinders se waardevorming in die lewe…kinders spandeer baie tyd vandag onder die invloed van media,…of dit is die musiek waarna hulle luister,…en die musiek dra by dat kinders se wêreldbeskouing beïnvloed word…ek dink…die musiek dra by dat kinders se wêreldbeskouing beïnvloed word. Musiek beïnvloed hulle gevoelens…omdat hulle gevoelsmense is, reageer hulle op grond van hulle gevoelens en nie grond, op grond van wat is waar en wat is edel en wat is rein…So, met ander woorde, 'n mens is wat jy dink en wat die media en wat die musiek doen is, beïnvloed kinders se denkpatrone rondom wat is reg en wat is verkeerd…Uhm, baie keer as jy na met 'n jongmens praat en hoor watter krisisse en situasies gaan hulle deur en jy gaan luister na die tipe musiek waarna hulle

luister, is dit baie keer uhm, toegeskryf aan die tipe musiek waarna hulle luister, want musiek beïnvloed hulle emosies…en jongmense vandag is emosioneel gedrewe."

Stedelike gemeente nommer twee se respondent sê:

"om dit uhm, baie kras te stel, so gestimuleer, uhm seksueel deur…uhm, deur musiek uhm, selfs en die videos wat aan musiek gekoppel word en so aan,…uhm, dit is invloede op die ou einde van die dag wat morele af, aftakel."

Voorstedelike gemeente nommer drie se mening vind uitdrukking in die volgende woorde:

"…media speel geen goeie rol, positiewe rol nie. Hulle breek net af. Ons media is deesdae sleg…So ek dink die morele verval is al reeds…op die radio en die televisie…en die media verkondig en sit dit op beeld…die media is deesdae die grootste sondebok…"

Die plattelandse respondent meen:

"Uhm natuurlik is musiek nog 'n probleem. Dalk een van die grootstes."

#### *2.5.1.1 Byna elke genre van musiek dra 'n seksuele boodskap oor aan die jeug*

Die respondent van stedelike gemeente een reageer soos volg:

"Musiek…vrylik bekombaar vir elke kind…en die musiek waarna hulle luister sê vandag dat seks voor die huwelik is reg…hulle begin later…die boodskap wat musiek kommunikeer uitleef…"

Stedelike gemeente twee se respondent spreek sy mening soos volg uit:

"…musiek…uhm, dit is invloede op die ou einde van die dag wat morele af, aftakel."

Die respondent van voorstedelike gemeente twee het heelwat uitgebrei op die onderwerp van musiek:

"…ek dink baie van die oorsake kan baie keer gekoppel word aan wat media dikteer is is aanvaarbaar sosiaal…leef ook in 'n samelewing waar waar om seksueel jouself te ontdek aangemoedig word…Ek glo middel-adolessente is seker een van die media bewuste generasies wat jy gaan kry…Hulle is besig om hulleself te ontdek, te bepaal wie is hulle en hulle is verskriklik onseker van hulleself en die media dikteer oor die algemeen…samelewings se moreles se morele waardes verval deur wat hulle uitbeeld…Seksuele suggestief is die primêre rol van maak omtrent nie saak van watter na watter tipe genre musiek jy luister nie, maak nie saak wat die tema van die liedjie is nie…die

seksuele suggestief word al hoe groter, die rol van seks word al hoe meer geïdentifiseer as iets van plesier en iets wat lekker is en in ons jongmense se strewe en ondervinding van wie hulle is en hoe hulle die lewe beleef, word hulle al hoe meer blootgestel aan ‘n verkeerde boodskap, dat om seksueel te verkeer, dis die lewe, om seks te hê, dit is lekker en jy’s geregtig daarop, maak nie saak van jou ouderdom nie, maak nie saak van jou geslag nie, maak nie saak van jou ras nie… Seks speel die primêre rol in die meeste sosiale media en daarom omdat tieners so daaraan blootgestel word, vorm dit ‘n groot gedeelte van wat hulle beleef.”

Volgens die plattelandse respondent dra baie genres van musiek ‘n seksuele boodskap oor:

“In byna elke genre van musiek word die boodskap van seksuele perversie uitgedra. Die woorde is gevaarlik. Ouens luister goed en ouers uuuh, luister dalk nie altyd na die boodskap wat dit oordra nie. As jy byvoorbeeld dink aan Jennifer Lopez se nuutste treffer. Ek weet nie of jy dit al gehoor het nie, Neil? Maar uh, sy sê goed soos uh, die lied se naam is dance again. Sy sing goed soos, uh, I love to make love to you baby en en dan antwoord ‘n man haar en hy sing I want to be a playboy to to the death en mamy let me open your treasure chest. Alles seksueel suggestiewe goed…Uhm, Madonna en die Spice Girls sing goed soos pop my cherry, wat ‘n uitnodiging is tot seksuele losbandigheid.”

#### *2.5.1.2 Eksplisiete videos op MTV versterk die seksuele boodskap wat deur musiek oorgedra word*

Die respondent van stedelike gemeente drie verwys so daarna:

“…die meerderheid van die tyd van die kinders word gespandeer om TV te kyk, of …‘n mens kan deesdae nie ‘n music video aansit sonder om dit (seksuele materiaal) te sien nie.”

Voorstedelike gemeente een se respondent sê:

“Die televisie speel ‘n belangrike rol…so ek dink dit speel ‘n geweldige rol en uh ek dink persoonlik jy kan nie meer vandag te veel goed kyk op televisie waar daar nie gevloek word nie, waar daar nie uh, seksuele suggestie is nie…Maar daar is daar is geweld en doodslag en musiekkanale op televisie soos jy nie kan glo nie. So ek dink dit speel ‘n geweldige groot rol.”

Die respondent van voorstedelike gemeente twee meen dat dit wat gesien en gehoor word ‘n gevoel van “goed voel” tot gevolg het:

“Ons kyk MTV en musiekvideos…maar die tieners is primêr een van hulle grootste… tydverdryf is musiek en hulle kyk daarna en hulle sien wat daar aangaan en die liedjie laat hulle goed voel en die konnotasie van wat hulle sien en wat hulle hoor en ervaar, word dadelik verbind aan ‘n goed gevoel…As jy lank genoeg aan iets blootgestel word en dit word as waarheid aan jou verkoop, sal jy dit moontlik naderhand as waarheid aanvaar.”

Die respondent van die platteland beklemtoon ook dat sommige musiekvideos baie seksueel eksplisiet van aard is:

“Baie musiek is ook baie meer uhm, eksplisiet en die video’s wat daarmee saamgaan, die dvd’s, musiekvideo’s wat daarmee saamgaan, uhm, beeld nogals vrouens dikwels uit, dink ek as ‘n seksuele objek.”

#### *2.5.1.3 Van die musiek waarna middel-dolessente luister bevat woorde wat pornografies van aard is*

Volgens die plattelandse respondent is selfs die woorde van die musiek waarna middel-adolessente luister, pornografies:

“Baie musiek is ook baie meer uhm, eksplisiet…Die woorde is pornografies, hierdie is pornografiese musiek. Die goed is seksueel gelaai en dit is waarna die jongmense luister.”

## 2.6 BESPREKING VAN KWANTITATIEWE NAVORSINGSRESULTATE

Die geanaliseerde data wat van die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus verkry is na die verwerking van die inligting op die vraelyste, sal nou aangewend word om ‘n algehele oorsig saam te stel met betrekking tot die vrae rakende musiek wat deur die respondente beantwoord is. In die tweede plek sal die verskille tussen die deelnemende gemeentes ten opsigte van die ouderdomsgroepe van die respondente binne ‘n bepaalde geografiese gebied uitgelig word. Derdens sal daar gekyk word na die verskille tussen die deelnemende gemeentes se manlike en vroulike respondente. Vierdens sal die verskille tussen die grade[2] van die deelnemende respondente uitgelig word, terwyl daar in die vyfde plek gekyk sal word na die verskille tussen die belewing van die jongmense in die gemeentes, in die verskillende geografiese liggings. In die laaste plek sal die verskille ten opsigte van die respondente se ouderdomme binne die geografiese gebiede bespreek word. Ouderdomme verwys na 14-18 jariges of middel-adolessente, terwyl grade aandui in

[2] Grade in hierdie studie verwys na die grade waarin deelnemende respondente in die hoërskool is. Dit sluit graad 8 tot graad 12 in.

watter graad van die hoërskool die respondente is. Al hierdie inligting sal in konteks geplaas word om die verskynsels uniek aan hierdie studie duidelik weer te gee.

Aangesien daar minder voltooide vraelyste verkry is as wat die onderskeie gemeentes se pastore/jeugpastore aanvanklik aangedui het, sal daar gewerk word met dit wat wel verkry is van die deelnemende gemeentes. Volgens Ellis en Steyn (2003:51) word navorsers soms gedwing om die data wat hulle verkry het, as 'n subpopulasie van die teikenpopulasie te oorweeg as gevolg van die swakker reaksie van die beplande steekproef.
In die geval van stappe twee tot ses sal daar slegs aandag gegee word aan die gevalle waar "Cramer's V" 'n beduidendheidspeil van > as .2 het.

### 2.6.1 Algehele oorsig van inligting wat bekom is

Tabel 2.3 behels 'n uiteensetting van die hoeveelheid respondente wat in elk van die sewe deelnemende gemeentes deelgeneem het en watter persentasie daardie getal van die groot totaal uitmaak. (Die name van die gemeentes word nie vermeld nie, as 'n maatreël om die anonimiteit van die deelnemende respondente te verseker.)

Die resultate dui aan dat stedelike gemeente nommer een, 51 respondente opgelewer het (40.5%), stedelike gemeente nommer twee, tien respondente (7.9%) en stedelike gemeente nommer drie, sewe respondente (5.6%). Voorstedelike gemeente nommer een het tien respondente gehad (7.9%), voorstedelike gemeente nommer twee, sewe respondente (5.6%), voorstedelike gemeente nommer drie, negentien respondente (15.1%), terwyl die plattelandse gemeente 22 (17.5%) respondente gehad het.

| Gemeentes | Aantal respondente | Persentasie | Geldige persentasie | Kummulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stedelike gemeente no. 1 | 51 | 40.5 | 40.5 | 40.5 |
| Stedelike gemeente no. 2 | 10 | 7.9 | 7.9 | 48.4 |
| Stedelike gemeente no. 3 | 7 | 5.6 | 5.6 | 54.0 |
| Voorstedelike gemeente no.1 | 10 | 7.9 | 7.9 | 61.9 |
| Voorstedelike gemeente | 7 | 5.6 | 5.6 | 67.5 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| no. 2 | | | | |
| Voorstedelike gemeente no. 3 | 19 | 15.1 | 15.1 | 82.6 |
| Plattelandse gemeente | 22 | 17.5 | 17.5 | 17.5 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | |

**<u>Tabel 2.3:</u>** Uiteensetting van die respondente.

Tabel 2.4 behels die gekombineerde getalle van stedelike gemeentes, voorstedelike gemeentes en die plattelandse gemeente. Die resultate dui aan dat 68 van die 126 respondente in stedelike gemeentes betrokke is (54%), met 36 respondente in voorstedelike gemeentes (28.6%) en 22 respondente in die platteland (17.5%).

| **Gemeentes** | **Aantal respondente** | **Uitgedruk as persentasie** | **Geldige persentasie** | **Kumulatiewe persentasie** |
|---|---|---|---|---|
| Stedelik | 68 | 54.0 | 54.0 | 54.0 |
| Voorstedelik | 36 | 28.6 | 28.6 | 82.6 |
| Platteland | 22 | 17.5 | 17.5 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | |

**<u>Tabel 2.4:</u>** Die gekombineerde getalle van al die gemeentes.

Die volledige profiel van die voltooide vraelys word in addendum K aangedui. Vervolgens word die resultate nou breedvoerig uiteengesit. Die resultate wat deur die voltooide vraelyste bekom is, dui aan dat 36 van die 126 respondente graad agt leerlinge is (29.0%), gevolg deur 25 graad nege leerlinge (20.2%), sewentien graad tien leerlinge (13.7%), sestien graad elf leerlinge (12.9%), 22 graad twaalf leerlinge (17.7%) en in die laaste plek agt naskoolse respondente (6.5%). (Sien vraag A1 se resultate in die tabel in addendum K).

Met betrekking tot die ouderdomme van die deelnemende respondente kan gesien word dat 36 van die 126 respondente veertien jaar oud is (29.0%), gevolg deur 25 leerlinge wat vyftien jaar oud is (20.2%), sewentien van sestien jaar (13.7%), sestien van sewentien jaar oud (12.9%), 22 agtienjariges (17.7%) en laastens agt (6.5%) wat ‘n ander ouderdom aangedui het en twee (1.6%) wat nie hulle ouderdomme aangedui het nie. (Sien resultate van vraag A2 in die tabel in addendum K).

Rakende die respondente se geslag was daar 59 (46.8%) manlike respondente en 67 (53.2%) vroulike respondente. (Sien resultate van vraag A3 in die tabel in addendum K).

Van die 126 respondente is 66 (52.4%) woonagtig in stede, 36 (28.6%) in voorstedelike dorpe en 22 (17.5%) is van die platteland. Twee van die respondente (1.6%) het nie aangedui waar hulle woon nie. (Sien resultate van vraag A4 in die tabel in addendum K).

In die afdeling wat handel oor musiek het die respondente soos volg gereageer. Op die vraag of die musiek waarna respondente luister, 'n boodskap oordra dat seks voor die huwelik aanvaarbaar is, was 79 (62.7%) se antwoord nee, terwyl 38 (30.2%) soms geantwoord het en sewe (5.6%) het dikwels geantwoord. Twee (1.6%) van die respondente het nie die vraag beantwoord nie. (Sien resultate van vraag B14 in die tabel in addendum K).

Op die vraag of die deelnemers daarvan hou om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra, het dertien (10.3%) ja geantwoord, 111 (88.1%) nee geantwoord en twee (1.6%) het nie die vraag beantwoord nie. (Sien resultate van vraag B15 in die tabel in addendum K).

Waar die respondente moes aandui of musiek 'n invloed op 'n mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief, het 64 (50.8%) van die 126 beslis saamgestem, met 44 (34.9%) wat saamgestem het. Slegs elf (8.7%) het verskil, terwyl net ses (4.8%) beslis verskil het. Een (0.8%) het nie die vraag beantwoord nie. (Sien resultate van vraag B16 in die tabel in addendum K).

Waar die respondente gevra was of hulle na musiekvideo's kyk wat seksueel suggestief van aard is, het 96 (76.2%) nooit geantwoord. Veertien (11.1%) het aangedui dat hulle een keer per maand daarna kyk, drie (2.4%) een keer per week, ses (4.8%) twee tot drie keer per week en ses (4.8%) kyk meer gereeld daarna. Ook hier het een (0.8%) nie die vraag beantwoord nie. (Sien resultate van vraag B17 in die tabel in addendum K).

### 2.6.2 Verskille tussen die deelnemende gemeentes ten opsigte van die graad waarin respondente is, binne 'n bepaalde geografiese gebied

Tweerigting frekwensie tabelle en Chi-kwadraat toetse het aangedui dat daar betekenisvolle verskille tussen die onderskeie gemeentes se respondente voorgekom het. "Cramer's V" dui die prakties betekenisvolheid van verskille aan en waardes bo 0.2 mag dui op prakties belangrike verskille ten opsigte van gemeentes. Op grond hiervan word die resultate van die onderskeie gemeentes in die stede en voorstedelike dorpe afsonderlik bespreek. Die resultate van die plattelandse gemeente word ook afsonderlik bespreek. Die volledige profiel

met betrekking tot die tema van musiek, waar "Cramer's V" > as 0.2 was, word in addendum L aangedui.

Omdat daar byna oral verskille tussen die gemeentes voorgekom het, sal die verskille aangedui word onder stedelik, voorstedelik en plattelands. Die resultate van die navorsing onder die stedelike respondente dui daarop dat die meerderheid van die respondente nie luister na musiek wat 'n boodskap oordra dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. Daar is egter steeds 'n groot deel van die respondente wat aangedui het dat hulle "soms" na die soort musiek luister. Die kleinste deel van die respondente het wel aangedui dat hulle na musiek luister wat 'n boodskap kommunikeer dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie.

Dit is egter duidelik dat minder van die respondente in die senior fase van hulle hoërskoolloopbaan (Gr.11 & Gr.12) "nee" geantwoord het, as respondente in die junior fase van hulle hoërskoolloopbaan (Gr.8-Gr.10). (Sien tabel 1 in addendum L).

Onder die voorstedelike respondente is die syfer aansienlik hoër wat "nee" geantwoord het, as in die geval van stedelike respondente. 'n Baie kleiner persentasie as in die stedelike gemeentes het "soms" aangedui. Die meerderheid naskoolse respondente het "nee" geantwoord. (Sien tabel 2 in addendum L).

Die meerderheid van die plattelandse respondente het ook "nee" geantwoord, terwyl die syfer van diegene wat "soms" geantwoord het, byna dieselfde is as in die geval van die stedelike gemeentes. (Sien tabel 3 in addendum L).

Waar die respondente moes aandui of hulle daarvan hou om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra, was die senior leerlinge (Gr.11 & Gr.12) in die stede meer geneig om "ja" te antwoord. (Sien tabel 4 in addendum L).

In die geval van die voorstedelike respondente het die oorgrote meerderheid van alle respondente "nee" geantwoord. Waar daar "ja" geantwoord is, was dit soos in die stedelike gemeentes, deur die senior leerlinge van graad 12, asook die naskoolse respondente. (Sien tabel 5 in addendum L).

Onder die plattelandse respondente het almal aangedui dat dit nie 'n voorkeur by hulle is om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra nie. (Sien tabel 6 in addendum L).

Waar die respondente moes aandui hoe gereeld hulle na musiekvideo's kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is, het die oorgrote meerderheid van stedelike respondente "nooit" geantwoord. Onder diegene wat "1x/maand" daarna kyk, was die grootste

persentasie graad 8 leerlinge. Daar was geen respondente wat "1x/week" aangedui het nie. Die grootste persentasie wat "2-3x/week" hierna kyk, is weer in Graad 12 en Graad 10. Die grootste persentasie van respondente wat "meer gereeld" na musiekvideo's kyk wat seksueel suggestief van aard is, is graad 12 leerlinge, gevolg deur graad 8 leerlinge. (Sien tabel 7 in addendum L).

In die voorstedelike gemeentes was die oorgrote meerderheid van die respondente se reaksie dat hulle "nooit" na musiekvideo's kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is nie. Wat onder die voorstedelike respondente opsigtelik is, is dat die oorgrote meerderheid naskoolse respondente aangedui het dat hulle "nooit" na hierdie soort videomateriaal kyk nie. (Sien tabel 8 in addendum L).

Ook in die geval van die plattelandse respondente het die meerderheid aangedui dat hulle nie na musiekvideo's kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is nie. Hier kan ook waargeneem word dat dit weer onder die senior hoërskoolleerlinge is waar daar 'n toename is in hoe gereeld daar wel na hierdie soort videomateriaal gekyk word.

Dit kom dus duidelik aan die lig dat in al drie die geografiese gebiede daar 'n groter neiging onder die meer senior leerlinge bestaan om na musiekvideo's te kyk wat tonele van seksuele suggestie uitbeeld. (Sien tabel 9 in addendum L).

### 2.6.3 Verskille tussen die deelnemende gemeentes se manlike en vroulike respondente

Die oorgrote meerderheid van voorstedelike respondente het aangedui dat hulle nie luister na musiek wat 'n boodskap oordra dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. Wat egter opsigtelik is, is dat diegene wat in die meerderheid van gevalle "soms" geantwoord het, vroulike respondente is. Die Cramer's V beduidendheidspeil in beide gevalle van die stedelike en die plattelandse gemeentes was < as .2. (Sien tabel 10 in addendum L).

Daar was meer vroulike respondente as manlike respondente in die stedelike gemeentes wat "nooit" geantwoord het op die stelling, "Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is." Dit dui aan dat die manlike respondente meer geneig as die vroulike respondente is om na musiekvideo's te kyk wat seksueel suggestief is. In beide die manlike en vroulike respondente se gevalle was die grootste aanduiding "nooit" gewees nie. Hoewel daar meer vroulike respondente as manlike respondente was wat "1x/maand" na musiekvideo's kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief van aard is, is die manlike respondente meer geneig om "2-3x/week" en "meer gereeld" daarna te kyk. (Sien tabel 11 in addendum L).

Onder die voorstedelike respondente het meer manlike respondente “nooit” geantwoord as in die geval van die vroulike respondente. (Sien tabel 12 in addendum L).

Die resultate van die plattelandse respondente toon dat meer vroulike respondente “1x/maand” na musiekvideo’s kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is, as manlike respondente. Die manlike respondente is egter weer meer geneig om “1x/week” en “meer gereeld” daarna te kyk as die vroulike respondente. Dit dui dus daarop dat die manlike respondente van die platteland en die stedelike gemeentes meer gereeld na hierdie soort materiaal kyk as die manlike respondente van die voorstedelike gemeentes.

In die geval van die voorstedelike gemeentes kyk die vroulike respondente egter meer na musiekvideo’s wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is, as in die stedelike en plattelandse gebiede. (Sien tabel 13 in addendum L).

### 2.6.4 Verskille tussen die grade waarin die deelnemende respondente is

Die resultate dui aan dat die meerderheid van graad 8 tot en met graad 11 respondente “nee” geantwoord het op die stelling dat die musiek waarna hulle luister, ‘n boodskap oordra dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. In die geval van graad 8 en graad 9 leerlinge was die persentasie wat “soms” aangedui het, aansienlik minder as in die gevalle van graad 10 tot en met graad 12 leerlinge. Dit blyk dus uit die resultate dat hoe ouer die respondente raak, daar ‘n groter bewustheid is dat die musiek waarna hulle luister, met tye ‘n boodskap oordra dat daar nie fout is met seks voor die huwelik nie. (Sien tabel 14 in addendum L).

Waar die respondente moes aandui of hulle na musiekvideo’s kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is, kan dit duidelik waargeneem word dat daar minder graad 11 en graad 12 respondente is wat “nooit” geantwoord het, as wat die geval is met graad 8 tot graad 10 respondente. Dit blyk ook in hierdie geval dat hoe ouer die middel-adolessente word, daar ‘n groter geneigdheid is om na musiekvideo’s te kyk wat seksueel suggestief van aard is. (Sien tabel 15 in addendum L).

Die volgende stelling was ook gemaak op die vraelys wat die respondente moes voltooi. “Ek dink dat musiek ‘n invloed op ‘n mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief.” Dit is opsigtelik dat die meeste van die vroulike respondente beslis saamgestem het. Die vroulike respondente wat beslis saamgestem het met die stelling, was ook baie meer as die manlike respondente wat beslis met die stelling saamgestem het. Daar was weer aansienlik meer manlike respondente wat gewoon saamgestem het as vroulike respondente. Manlike respondente was ook meer geneig om gewoon te “verskil”. Die persentasie van vroulike

respondente wat beslis verskil het, was hoër as die van die manlike respondente. (Sien tabel 16 in addendum L).

### 2.6.5 Verskille tussen die gemeentes ten opsigte van geografiese ligging

Met betrekking tot vraag B14, "Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie", het die grootste persentasie van die respondente van al die gemeentes "nee" geantwoord. In die stedelike- en plattelandse gemeentes was die persentasie wat "soms" geantwoord het aansienlik hoër as in die voorstedelike gemeentes.

Algeheel dui die resultate aan dat daar byna een derde van die deelnemende middel-adolessente "soms" na musiek luister wat 'n boodskap kommunikeer dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. Die persentasie respondente wat "ja" geantwoord het was 5.6%. (Sien tabel 17 in addendum L).

In vraag B15 moes die respondente aandui tot watter mate hulle met die volgende stelling saamstem aldan nie. "Ek hou daarvan om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra."

Uit die resultate wat bekom is, is daar beslis 'n groter geneigdheid onder die stedelike respondente om daarvan te hou om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra. Twee van die drie deelnemende stedelike gemeentes het 'n redelike hoë persentasie wat "ja" geantwoord het. In slegs een van die drie voorstedelike gemeentes was daar 'n geringe aanduiding dat die respondente daarvan hou om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra, terwyl geen plattelandse respondente aangedui het dat dit voorkeur by hulle geniet nie. (Sien tabel 18 in addendum L).

In vraag B16 moes die respondente aandui of hulle beslis saamstem, saamstem, verskil of beslis verskil met die stelling, "Ek dink dat musiek 'n invloed op die mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief." Die resultate dui aan dat die voorstedelike en die plattelandse respondente beslis saam stem met die stelling, terwyl stedelike respondente net gewoon saamgestem het. In al drie die gevalle was die persentasie wat verskil het, groter as dié wat beslis verskil het. (Sien tabel 19 in addendum L).

In vraag B17 was die stelling gemaak: "Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is." Hier moes die respondente aandui tussen nooit, 1x/maand, 1x/week, 2-3x/week of meer gereeld. Die resultate wys daarop dat die meerderheid van die respondente "nooit" geantwoord het. Daar kan egter gesien word dat 'n groter persentasie van stedelike en plattelandse respondente aangedui het dat hulle "1x/maand" na

musiekvideo's kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief van aard is. Die resultate dui ook daarop dat die syfer in stedelike gemeentes hoër was as in die voorstedelike gemeentes. (Sien tabel 20 in addendum L).

### 2.6.6 Ouderdomme van respondente binne die onderskeie geografiese gebiede

In die stedelike gemeentes het die grootste deel van die respondente bestaan uit veertienjariges, gevolg deur sestienjariges. Vyftien- en agtienjarige respondente was byna dieselfde hoeveelheid, terwyl sewentienjariges in die minderheid verteenwoordig is.

In die voorstedelike gemeentes was die meerderheid van respondente vyftienjariges gevolg deur agtien- en sewentienjariges wat byna dieselfde hoeveelheid respondente opgelewer het. Die veertien- en sestienjariges het die kleinste deel van die voorstedelike respondente uitgemaak. Op die platteland het die grootste deel van die respondente uit agtienjariges bestaan, gevolg deur vyftienjariges.

In beide die gevalle van die veertien- en sewentien jarige respondente was daar minder as 20% respondente, terwyl sestienjariges in die minderheid was. Die totale binne die onderskeie ouderdomsgroepe dui aan dat die sestien en sewentienjarige respondente ietwat minder was as die veertien-, vyftien- en agtien jariges. (Sien tabel 21 in addendum L).

## 2.7 GEVOLGTREKKING

Die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing het die volgende belangrike feite aan die lig gebring met betrekking tot die media en musiek en die invloed wat dit op die lewens van jongmense uitoefen.

Die kwalitatiewe navorsing het die volgende punte aan die lig gebring:

- Dat die media en veral musiek 'n baie groot rol in die lewens van middel-adolessente speel en dat dit gewis 'n invloed op hulle emosies uitoefen. Gevolglik neem hulle dan emosionele besluite wat nie noodwendig op die waarheid van God se Woord gebaseer is nie. Baie van die musiek waarna jongmense vandag luister, takel Christelike morele waardes af;
- Dat baie van die hedendaagse musiek 'n seksuele boodskap oordra, hetsy direk of indirek. Musiek as deel van media dikteer tot 'n groot mate wat vir middel-adolessente sosiaal aanvaarbaar of onaanvaarbaar is. Omdat hedendaagse middel-adolessente tot 'n baie groot mate 'n media bewuste generasie is en omdat baie van hulle die media tot 'n groot mate gebruik om te ontdek wie hulle is, raak dit hulle lewens negatief;

- ❖ Die boodskap dat daar niks verkeerd is met seks voor die huwelik nie, word deur sommige musiek en sosiale media as reg en aanvaarbaar oorgedra;
- ❖ Dat die eksplisiete video's op MTV en in baie ander musiekvideo's die seksuele boodskap wat deur die lirieke oorgedra word, versterk. Die kombinasie van die oudio boodskap met visuele beelde daarby versterk nie net die boodskap nie, maar dit dra by tot seksuele losbandigheid onder middel-adolessente;
- ❖ Dat die lirieke van baie musiek waarna middel-adolessente luister, pornografies van aard is. Die voortdurende blootstelling aan lirieke van hierdie aard sal die morele verval onder middel-adolessente bevorder omdat dit op een of ander stadium in die lewe van die luisteraar manifesteer.

Vanuit die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is, is die pastore/jeugpastore dit eens dat die media en meer spesifiek, musiek, 'n baie negatiewe en afbrekende invloed op die lewens van jongmense uitoefen.

Die resultate wat uit die kwantitatiewe navorsing bekom is met die vrae wat betrekking het op musiek en die invloed daarvan op middel-adolessente, dui aan dat daar redelike groot verskille tussen die onderskeie ouderdomsgroepe voorgekom het. Oor die algemeen het verskille ook voorgekom onder die geografiese ligging van die onderskeie gemeentes en manlike en vroulike respondente.

Die resultate wys die volgende uit:

- ❖ Dat die oorgrote meerderheid van respondente aangedui het dat musiek 'n invloed op 'n mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief;
- ❖ Dat die meerderheid van die deelnemende respondente aangedui het dat hulle nie na musiekvideo's kyk wat seksueel suggestief van aard is nie. Waar respondente wel na na musiekvideo's kyk wat seksuele suggestie uitbeeld, is dit egter duidelik dat vroulike respondente minder gereeld as manlike respondente daarna kyk;
- ❖ Dat stedelike en plattelandse respondente wat in die senior deel van hulle hoërskoolloopbaan (Gr.11 & Gr.12) is, meer geneig is om na musiek te luister wat 'n boodskap oordra dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie;
- ❖ Dat senior leerlinge (Gr.11 & Gr.12) in die stede meer geneig is as voorstedelike en plattelandse leerlinge om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra;
- ❖ Dat senior leerlinge meer geneig is om na musiekvideo's te kyk wat seksuele suggestie uitbeeld;
- ❖ Dat hoe ouer middel-adolessente word, hulle meer geneig is om na musiekvideo's te kyk wat seksueel suggestief van aard is.

Die inligting wat bekom is met die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing het aan die lig gebring wat Osmer se beskrywend-empiriese taak ten doel het, naamlik om die vraag, "Wat gaan aan?" te beantwoord. Uit beide vorme van die navorsing is dit duidelik dat die media, met spesifieke verwysing na sommige musiek, ‘n negatiewe invloed op die lewe van die middel-adolessent uitoefen. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat daar pastorale riglyne neergelê moet word, ten einde middel-adolessente te bemagtig oor die uitwerking van musiek op hulle lewens. Met die kennis wat hulle bekom deur toerusting, moet hulle dan self die besluite neem wat reg is en wat God sal behaag.

# HOOFSTUK 3: VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSTADIA GEDURENDE ADOLESSENSIE: 'N LITERATUURSTUDIE

## 3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is die resultate van die empiriese navorsing bespreek en temas sowel as subtemas is geïdentifiseer om te bepaal wat die belewenis is van die onderskeie pastore en jeugpastore van die drie stedelike gemeentes, drie voorstedelike dorpe en die plattelandse dorp met betrekking tot die moreel-etiese vorming van die middel-adolessente ouderdomsgroep. In dié hoofstuk word ondersoek ingestel na bestaande literatuur ten opsigte van die ontwikkelingstadia gedurende adolessensie. Omdat die studie meer fokus op die morele aspek van ontwikkeling sal dit indiepte bespreek word, terwyl die ander aspekte net kortliks bespreek sal word.

## 3.2 LITERATUUROORSIG

'n Literatuuroosig is 'n baie belangrike komponent van enige navorsing. Neuman (1997:89) beskryf die noodsaaklikheid van die literatuuroorsig as 'n integrale deel van die navorsingsproses en die belangrikheid daarvan speel 'n deurslaggewende rol in die navorsingsproses as 'n geheel. Hy sê wetenskaplike navorsing "is not an activity of isolated hermits who ignore others' findings. Rather, it is a collective effort of many researchers who share their results with each other and pursue knowledge as a community." Volgens Andrew *et al.* (2011:36) behels 'n literatuuroorsig "critically reading, evaluating and organizing existing literature on a problem in order to assess the state of knowledge in the chosen area." Gedurende hierdie fase verkry die navorser 'n beter begrip van die ontwikkeling van die adolessent en van die bestaande probleem wat bydraend is om 'n dieper insig te verkry oor die doel en resultate van die studie. Die literatuuroorsig is dus 'n belangrike skakel tussen bestaande literatuur en die probleem wat nagevors word.

## 3.3 ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT: ENKELE ELEMENTE

Adolessensie is die tydperk van kognitiewe en fisiese groei tussen die ouderdomme twaalf en negentien jaar en dit word gekenmerk deur verskeie veranderinge waarvan seksuele ontwikkeling die mees opvallende kenmerk is (Louw *et al.,* 1998:388). Dit is 'n tydperk van emosionele ontwaking (Vukich & Vandegriff, 2002:103) waarin houdings en oortuigings ontwikkel word wat noodsaaklik is om effektief deel te wees van die lewe binne die gemeenskap (Rogers, 1973:5). Ander ontwikkelinge gedurende adolessensie sluit in: intellektuele ontwikkeling, ontwikkeling van sosiale verhoudings, asook van moraliteit (Louw *et al.,* 1998:464).

Tydens adolessensie kom sommige adolessente voor as onstandvastig, emosioneel onstabiel, seksueel verward en nie baie idealisties nie en sommige raak ook krities oor morele waardes (Louw *et al.,* 1998:385). Hall (1917:550) beskryf adolessensie as ‘n tydperk van storm en drang. Volgens Udoh en Akpa (1990:123) is adolessensie ‘n tydperk van “problems caused by the numerous adjustments which the adolescent is being called upon to make as a result of changes taking place in him.”

Halbfas (1968:63) meen dat adolessensie nie net gekenmerk word in die verdieping van emosies nie, maar ook aan ‘n verplasing van die middelpunt daarvan - na binne, na die sentrum van belewenis. Gedurende hierdie tyd kan die jongmens ook eensaamheid, treurigheid, swaarmoedigheid, depressie en moegheid beleef. Die vraag na die sin van die lewe verdiep en die individu is soekend na antwoorde. Solank as wat geloof in God se goedheid en sorg nie in ooreenstemming gebring kan word met die lot van mense en die wêreld nie, kan die vraag na die sin van die lewe nie beantwoord word nie. Gevolglik ontbreek bindende norme en waardes in die lewe van die jongmens.

Adolessente is ook nie volwasse genoeg om deurdagte besluite gedurende hierdie lewensfase te neem nie (Blount, 2005:12). Adolessensie word egter gekenmerk as dié tydperk waarin adolessente risikobesluite neem. “Risk-taking is the tool that adolescents use to shape their identities. Both directly and indirectly, risk-taking affects all aspects of development during this important period of life-physical, social, pshycological, sexual and cultural and most importantly, spiritual as well” (Ponton, 1997:273; vgl. Meyerson, 1975:99).

Die navorser gee vervolgens ‘n kort uiteensetting van enkele fases van ontwikkeling, aangesien dit nie in hierdie studie moontlik is om die ontwikkelingsproses van elke ontwikkelingsfase breedvoerig te bespreek nie.

### 3.3.1 Kognitiewe ontwikkeling

Adolessensie word gekenmerk deur kognitiewe veranderinge wat in die lewe van die jongmens plaasvind. “Kognisie verwys na die wyse waarop ons inligting omtrent ons wêreld inwin, hoe ons sodanige inligting in kennis verander en vir onsself voorstel en hoe ons hierdie kennis berg, herwin en gebruik om ons gedrag te rig” (Louw *et al.,* 1998:10). Volgens Byrnes (2003:227) is kognisie ‘n verwysing na daardie aspekte van die gedagte wat verband hou met die verkryging, verandering en manipulasie van kennis in bepaalde kontekste. Dit is dus ‘n verwysing na die “prosesse en produkte” van die individu se intellek (Louw *et al.,* 1990:11-12).

“Voorbeelde van kognitiewe prosesse is aandag skenk, waarneem, onthou, dink, redeneer, konseptualiseer, klassifiseer, assosieer, verbande lê, simboliseer, droom en fantaseer” (Louw *et al.,* 1998:10). Volgens Piaget (1971:17-18) is menslike ontwikkeling die resultaat van die interaksie van vier veranderlikes: (a) oorerwing, soos waargeneem kan word in die rypwording van die liggaam en senuweestelsel; (b) fisiese ervarings; (c) sosiale oordrag (wat van ander mense geleer word); en (d) ekwilibrasie of selfregulering. Ekwilibrasie is die koördinerende of organiserende faktor van kognitiewe ontwikkeling. Piaget beklemtoon dat fisiese ervarings en sosiale oordrag nie voldoende is vir kognitiewe ontwikkeling nie en dat ekwilibrasie die fundamentele basis van kognitiewe ontwikkeling vorm (Gallagher & Mansfield, 1980:136; vgl. Beckett, 2002:75-76; Thomas, 1999:30).

Volgens Byrnes (2003:228) bestaan daar drie vorme van kennis by adolessente, naamlik:

- Verklarende kennis wat verwys na ‘n samestelling van al die feite waaroor ‘n adolessent beskik.
- Prosedurïele (procedural) kennis wat verwys na al die doelgerigte vaardighede waaroor ‘n adolessent beskik.
- Konseptuele kennis weerspieël adolessente se begrip van hulle verklarende en proseduriële kennis.

Adolessente se verklarende, prosedurïele en konseptuele kennis neem ook toe namate hulle ouer word (Byrnes, 2003:230).

Piaget (1971:17-23) redeneer dat die kognitiewe ontwikkeling van ‘n individu die gevolg is van die individu se interaksie met die omgewing en dat kognitiewe ontwikkeling uit vier fases bestaan, naamlik:

- Sensories-motoriese fase, wat verwys na die tydperk vanaf geboorte tot tweejarige ouderdom.
- Pre-operasionele fase, wat verwys na ongeveer twee tot sewejarige ouderdom.
- Konkreet-operasionele fase, wat verwys na ongeveer sewe tot elfjarige ouderdom.
- Formeel-operasionele fase, wat verwys na adolessensie.

Volgens Piaget (1971:21-22) is die formeel-operasionele fase wat tydens adolessensie plaasvind, die hoogste vlak van kognitiewe ontwikkeling en dat hierdie die finale fase van kognitiewe ontwikkeling is. Gedurende die formeel-operasionele fase leer die adolessent om logies en abstrak te dink wat hulle in staat stel om deduktief (van die algemene na die spesifieke) en induktief (van die spesifieke na die algemene) te redeneer (Louw *et al.,* 1998:82). Tydens die formeel-operasionele fase beskik die adolessente dus oor die vermoë

om meer gevorderde logika te gebruik en komplekse hipotetiese probleme van hulle leefwêreld te evalueer en op te los (Mueller, 2009:62). Spreen *et al.* (1995:462) verskil van Piaget en is van mening dat kognitiewe groei voortduur tot in die vroeë twintigerjare en in die gevalle van persone met hoër IK-vlakke selfs tot in die laat dertigerjare.

#### *3.3.1.1 Ontwikkeling van die intellektuele en geestelike denke*

Nel (1989:64) meen dat daar onderskeid tussen intellektuele en geestelike funksies van denke behoort te wees. Die intellektuele funksie verwys daarna dat die denke sekere begrippe skets en verbande trek om sodoende die wêreld en sy strukture te probeer verstaan as 'n veld wat volgens sekere wette bepaal is. Die doel hiervan is om feite te manipuleer, sodat daar 'n greep op die werklikheid verkry kan word. Geestelike denke verwys na die poging om die wêreld in sy ordening en samehang te verstaan, met die spesifieke doel om die diepte daarvan te besef, sodat die eiewaarde in vergelyking daarmee bepaal kan word. Dit gaan dus oor die vraag na sin. Deur te soek na die sin van die lewe, die natuur en die geskiedenis, word daar uiteindelik gesoek na die sin van eie bestaan, eie belewenis en lot. Volgens Halbfas (1968:94) is dit 'n ander manier van vra. Enersyds word die vraag aan die wêreld gerig, onder die aspek van sy beskikbaarheid en andersyds na die aspek van sy sinvolheid.

Voor adolessensie begin die jongmens meer krities ingesteld raak en die denke skakel oor van die aanskoulike na die nie-aanskoulike (Nel, 1989:65). Capes (1975:43) sê: "…one of the great changes in intellectual development is the growing capacity to think in abstract terms and become receptive of opinions different from one's own." Die adolessent skei dus konkrete logika van die objekte, sodat dit kan funksioneer in verbale en simboliese uitdrukkings sonder ondersteuning van die aanskoulike. Volgens Nel (1989:65) leer die adolessent om hipoteties-deduktief te dink en sodoende word die grense van die werklikheid geopen na die wêreld van moontlikhede.

In die tyd wat adolessensie voorafgaan staan gevoelens op die voorgrond van geestelike belewenis. Adolessensie stel die taak van 'n ontplooiing van psigiese begrip, van 'n waardebepaling van gebeure, objekte en die eie *ek.* Vir solank as wat die adolessent nie sy verhouding tot sy medemens, self en die wêreld bepaal het nie, sal sy lewe deur emosionele skommelinge gekenmerk word (Bühler, 1967:22). "In one way or another adolescence itself is a pilot experience in independent living" (Williams, 1975:32).

Vir adolessente is dit belangrik om verstaan te word in die wyse waarop hulle vrae vra en dat hulle aangespoor en begelei sal word om hierdie verhoudinge, wat bepalend vir hulle lewe is, uit te sorteer. Isroff (1975:150) verwys na die oorbombardering van stimuli wat die jeug

beleef en sê: “It seems that we need to feel that someone, somewhere will surely be able to cope with and integrate this over-bombardment with people, noise, urgent issues and information we suffer in our times.”

Margaret Mead (soos aangehaal in Capes, 1975:48; vgl. Nel, 1982:121) onderskei tussen ‘n “post-figurative culture”, waar die kinders in ‘n breë familiekring opgegroei en daaruit geleer het, en ‘n “co-figurative culture”, waar jongmense veel meer by hulle maats en portuurgroep leer as van hulle families. Dit wil voorkom of hedendaagse jongmense veel meer as hulle ouers weet en dat die ouers by die kinders kan leer (“pre-figurative culture”). Isroff (1975:156) sê: “We need people who can teach their children not what to learn but how to learn, not what they should be commited to, but the value of commitment.”

Kognitiewe ontwikkeling kan ook gesien word as die grondslag van die ontwikkeling van ‘n persoonlike waardestelsel wat riglyne vir die gedrag van die adolessent bied, beter bekend as die morele ontwikkeling van die adolessent (Louw *et al.,* 1998:464). Morele ontwikkeling word breedvoerig bespreek in 3.3.8.

Siende dat die kognitiewe ontwikkeling van die mens baie kompleks van aard is en vanaf die sensories-motoriese fase plaasvind tot en met die formeel-operasionele fase, kan dit nie in hierdie studie indiepte bespreek word nie. Enkele bronne wat die kognitiewe ontwikkelingsproses van die mens indiepte bespreek, is onder andere: Eccles *et al.* (2003:325-329), Slavin (2006:134-151), Sutherland (1992:114-124) en Kohlberg (1976:31-53).

### 3.3.2 Fisiese groei

Die fisiese oorgang vanaf kind na volwassene begin wanneer die liggaam sekere hormone begin afskei wat lei tot die fase van puberteit. Die fisiese groei en ontwikkeling is gewoonlik baie vinnig (Mueller, 2009:37). Louw *et al.* (1998:10) wys daarop dat die fisiese groeifase gekenmerk word deur ‘n toename in liggaamsgrootte en die groei van die organe. Verdere veranderinge kom ook voor in die interne struktuur en funksionering van die liggaam (ook bekend as fisiologiese ontwikkeling).

Vir ‘n breedvoerige uiteensetting van die fisiese groeiproses van die mens kan Hauspie en Roelants (2012:57-79), Kail en Cavanaugh (2007:307-315) en Bogin (1999:201-216 & 2003:15-44) bestudeer word.

### 3.3.3 Seksuele ontwikkeling

Seksuele rypwording word gekenmerk as ‘n baie dramatiese ontwikkeling van die mens en dit geskied tydens die fase van adolessensie. Sigelman en Rider (2012:403) redeneer dat die sosiale en kulturele konteks waarin adolessente opgroei, ‘n beduidende invloed uitoefen op hulle seksuele ontwikkeling. Daar word vervolgens kortliks gekyk na seksuele rypwording by meisies en seuns.

#### *3.3.3.1 Seksuele rypwording by meisies*

Volgens Louw *et al.* (1998:395; vgl. Kail & Cavanaugh, 2007:309) word die seksuele rypwording van dogters gekenmerk deur die vergroting van die ovaria, uterus, vagina, labia en klitoris, terwyl die verskyning van borste die eerste uiterlike tekens hiervan is. Vir dogters is die menarg (die verskyning van die eerste menstruasie) waarskynlik die mees dramatiese en simboliese teken van seksuele rypwording. In die jaar wat volg op die menarg, word die vroulike seksuele ontwikkeling afgesluit deur die borste wat volle grootte bereik, asook die verskyning van okselstandige hare (Shaffer & Kipp, 2010:218).

#### *3.3.3.2 Seksuele rypwording by seuns*

Puberteit (seksuele rypwording) by seuns begin wanneer die geslagsorgane (prostaatklier, testes en skrotum) begin vergroot. Die vergroting van die penis volg gewoonlik na een tot twee jaar. Van die mees opvallende sekondêre kenmerke is die “verdieping van die stem, baardgroei en die verskyning van ander liggaamshare” (Louw *et al.,* 1998:395). Shaffer en Kipp (2010:218) redeneer dat die verdieping van die stem toegeskryf kan word aan die larinks wat groei en die verlenging van die stembande. Na alle waarskynlikheid is die mees simboliese teken van seksuele rypwording die eerste seminale emissie of saadstorting (Louw *et al.,* 1998:396; vgl. Kail & Cavanaugh, 2007:310).

Met betrekking tot die seksuele ontwikkeling van seuns en meisies word Sigelman en Rider (2012:380-413) asook Shaffer en Kipp (2010:217-248) vir ‘n diepgaande studie aanbeveel.

### 3.3.4 Emosionele ontwikkeling

Adolessensie word gekenmerk deur ingrypende veranderings wat fisiologies maar ook emosioneel beleef word, terwyl die emosionele ontwikkeling gekenmerk word deur die strewe na identiteit en onafhanklikheid (Louw *et al.,* 1998:393). Normale emosionele ontwikkeling word gekenmerk deur ‘n onstabiele gemoedstoestand wat in skielike wisseling van buie presenteer. Buierigheid kan oor korter of langer periodes manifesteer. Die meeste van hierdie veranderinge in die gemoedstoestand hou direk verband met die fisiese en sosiale veranderinge wat plaasvind (Mueller, 2009:74). Enkele faktore soos saamwoon, egskeiding, buite-egtelike geboorte van kinders en werkende moeders, het ‘n negatiewe

invloed op die emosionele ontwikkeling van kinders wat daardeur geraak word (Barna, 2003:22).

Emosionele volwassenheid word bereik wanneer die adolessent die familie ontgroei het, afhanklikheid van die portuurgroep deurleef en 'n sin vir persoonlike identiteit ontwikkel word. Emosionele volwassenheid kan waargeneem word in die weiering om 'n ander persoon te eksploiteer, asook in die kombinasie van teerheid en begeerte in 'n heteroseksuele verhouding (Capes, 1975:44). Upson (1975:165) is van mening dat 'n belangrike element van volwassenheid daarin geleë is dat adolessente begin beweeg in die rigting van die aanvaarding van 'n morele en etiese kode- 'n waardestelsel waaruit hulle besluit om hul lewens as volwassenes te bedryf. Wanneer die etiese grondslag ontbreek en daar 'n onvermoë bestaan om tussen eg en oneg, waar en onwaar te onderskei, is volwassenheid nie moontlik nie (Wijngaarden & Maas, s.a.:9).

Bjorklund en Blasi (2012:436-479) en Wolfe en Mash (2006:3-20) bied insiggewende en diepgaande inligting oor emosionele ontwikkeling in die lewe van adolessente.

### 3.3.5 Sosiale ontwikkeling

Sosiale ontwikkeling is 'n belangrike element in die ontwikkeling van die jongmens. "Sosiale ontwikkeling het in breë te make met die veranderinge in die mens se interaksie en verhoudings met ander mense. Dit betrek die invloed wat die samelewing en in besonder ander mense op die individu het" (Louw *et al.,* 1990:12). Sosiale ontwikkeling behels onder meer ook aspekte soos die uitbreiding van 'n individu se interpersoonlike kontakte, geslagsrol-identiteit, gedragsmodellering, morele ontwikkeling en die ontwikkeling van verhoudings tussen manlik en vroulik (Louw *et al.,* 1990:13).

Volgens Hart en Rollins (2011:47) gaan sosiale ontwikkeling in die adolessent se lewe gepaard daarmee dat hulle hulself stelselmatig losmaak van die emosionele verbintenis aan ouers en die gesin, terwyl al meer emosionele energie in die uitbouing van uitgebreide en betekenisvolle verhoudings in met die portuurgroep belê word. Hierdie verhoudinge sluit verhoudings in met dieselfde geslag, asook die teenoorgestelde geslag. Brown en Klute (2003:334) wys daarop dat vriendskappe tydens adolessensie meer stabiliteit verkry, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die vordering in kognitiewe ontwikkeling en bestuursvaardighede in verhoudinge.

Vir verdere aanbevelings en 'n breedvoerige uiteensetting van sosiale ontwikkeling vergelyk Rathus (2011:507-544) en Smetana (2011:249-270).

### 3.3.6 Identiteitsontwikkeling

Volgens Louw *et al.* (1998:429) verwys identiteit na die "individu se bewustheid van hom- of haarself" as iemand wat onafhanklik en uniek is, "met 'n bepaalde plek in die samelewing." Hoewel identiteitsontwikkeling oor 'n hele lewensiklus strek, vind die grootste mate daarvan gedurende adolessensie plaas; dit word toegeskryf aan die "ingrypende fisieke, seksuele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling." Harris en Rockquemore (2010:244) redeneer dat die ontwikkeling van die adolessent se identiteit van kardinale belang is, omdat dit bydra tot 'n beter selfbeeld, verhoogde kritiese denke en gevorderde morele redenasie. Moshman (2011:179) meen dat die ontwikkeling van 'n identiteit op die rasionele konstruksie van teorieë berus, wat die tieners in staat stel om hulleself aan hulself en aan andere te verduidelik, en in die proses 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel.

Vir 'n indiepte bespreking van die identiteitsontwikkeling van middel-adolessente, vergelyk Kroger (2007:59-86).

### 3.3.7 Geestelike ontwikkeling

Love en Talbot (1999:364-367) redeneer dat geestelike ontwikkeling uit vyf komponente bestaan wat interafhanklik van mekaar is en dikwels gelyktydig beleef word. Geestelike ontwikkeling behels:

- 'n Proses van persoonlike soeke na egtheid, opregtheid en heelheid as 'n aspek van identiteitsontwikkeling.
- 'n Proses van voordurende transendensie van 'n persoon se huidige lokus na 'n sentrale punt.
- Die ontwikkeling van 'n groter verbintenis tot self en andere, deur verhoudings en eenheid met die gemeenskap.
- Die ontdekking van die doel en bepaalde rigting van 'n persoon se lewe.
- 'n Toenemende openheid in die soeke na 'n verhouding met 'n tasbare en deurdringende krag of wese.

Roehlkepartian *et al.* (2006:9) redeneer dat geestelike ontwikkeling 'n belangrike dimensie van menslike lewe en ervaring is en dat dit, net soos kognitiewe, emosionele of sosiale ontwikkeling, 'n integrale deel van ontwikkeling is. Al hierdie dimensies van ontwikkeling is interafhanklik van mekaar, terwyl dit die individu se geestelike dimensie is wat die meeste betrokke is by die persoon se pogings om die vele aspekte van ontwikkeling te integreer. Potter en Potter (2006:201) meen dat "becoming a whole person" die primêre doel van geestelike ontwikkeling is.

Vir ‘n volledige uiteensetting van die geestelike ontwikkeling van middel-adolessente kan Roehlkepartian *et al.* (2006:1-16) geraadpleeg word.

### 3.3.8 Morele ontwikkeling

Moraliteit verwys na sekere beginsels of idees wat individue in staat stel om tussen reg en verkeerd te onderskei (Lifton, 1985:306). Louw *et al.* (1998:464) beklemtoon dat morele ontwikkeling een van die belangrikste ontwikkelingsfases van adolessensie is (vgl. Ashford & LeCroy, 2010:435; Kail & Cavanaugh, 2007:327-334). “Morele ontwikkeling beskryf hoe mense die vermoë ontwikkel om tussen reg en verkeerd te onderskei en dienooreenkomstig op te tree” (Train & Ahmed, 2007:199). Dit verwys dus spesifiek na die proses waardeur ‘n mens bepaalde oortuigings oor die wêreld ontwikkel, tesame met beginsels vir hul eie gedrag (Train & Ahmed, 2007:199; vgl. Bukatko & Daehler, 1998:15).

“Moral development is the development that involves thoughts, feelings, and actions regarding rules and conventions about what people should do in their interactions with other people” (Santrock, 2008:102). Die proses vereis vaardighede en die vermoë om ‘n wye verskeidenheid emosies soos empatie, simpatie, angs, bewondering, selfbeeld, woede, verontwaardiging, skaamte en skuld te kan beleef (James, 2012:69).

Buiten fisiese veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind, word die morele ontwikkelingsfase van adolessente verder gekenmerk deur kognitiewe veranderinge wat minder opvallend is en binne kulturele konteks ‘n groter variasie aantoon as die normale fisiese ontwikkeling. Hierdie veranderinge is sigbaar in die emosionele verandering wat adolessente ondergaan, asook in hul vermoë tot formeel-operasionele denke (Louw *et al.,* 1998:417-423). Kohlberg (1976:33-35) meen dat morele ontwikkeling op drie vlakke plaasvind en dat elke vlak uit twee stadia bestaan. Dit beteken dat die mens deur ses fases - twee op elke vlak - van morele oordeel of beredenering gaan. Die eerste vlak van moraliteit staan bekend as prekonvensionele moraliteit, wat tydens die kinderjare bereik word, ten spyte van individuele verskille. Die tweede vlak is konvensionele moraliteit, wat deur die meeste adolessente en volwassenes bereik word. Die derde vlak, postkonvensionele moraliteit, word egter nie deur alle volwassenes bereik nie. Louw *et al.* (1998:466) wys daarop dat individue op hierdie vlak met die sosiale orde en verwagtinge van ander mense sal ooreenkom. Dit beteken dat hierdie individue sal voldoen aan die morele verwagtinge van ouers, eweknieë en ander sosiale groepe. Kohlberg (1976:33) vestig die aandag daarop dat individue op hierdie vlak hulleself ken en weet wie hul is, en dat die reëls en verwagtinge van veral gesagsfigure, soos ouers en onderwysers, geïnternaliseer is (vgl. McDevitt & Ormrod, 2010).

Soos reeds vermeld, bestaan elke vlak uit twee verskillende stadia. Kohlberg (1976:33) wys daarop dat die tweede stadium 'n meer gevorderde en georganiseerde vorm van die spesifieke vlak is. Louw *et al.* (1998:381) beskryf die onderskeie stadia soos volg: stadium 1, heteronome moraliteit; stadium 2, individualistiese moraliteit; stadium 3, moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en ooreenstemming; stadium 4, moraliteit van sosiale sisteme en gewete; stadium 5, moraliteit van sosiale ooreenkoms, bruikbaarheid en individuele regte en stadium 6 as moraliteit van universele etiese beginsels. Kohlberg (1976:33) lê klem op die feit dat die stadia op mekaar volg en afhanklik is van die ontwikkeling van sekere kognitiewe vaardighede wat na mekaar ontwikkel. Elke opeenvolgende stadium ontwikkel vanuit, en vervang die volgende stadium. Dit is dus onmoontlik vir 'n persoon om enige stadium van morele ontwikkeling oor te slaan.

Tabel 3.1 bied 'n volledige weergawe hiervan (Aangepas uit Louw *et al.,* 1998:381 en McDevitt & Ormrod, 2010; vgl. Slavin, 2009:59).

| **Vlak** | **Ouderdomskaal** | **Stadium** | **Aard van morele redenasie** |
|---|---|---|---|
| Vlak 1: Prekonvensionele moraliteit | Voorskool, kleuterskool, laerskool. Ongeveer 5-9 - jarige ouderdom. | Stadium 1: Heteronome moraliteit. Straf-en gehoorsaamheids= oriëntasie. | Die kind neem besluite wat gebaseer is op dit wat die beste vir homself is, sonder enige agting vir andere se behoeftes en gevoelens. Hy gehoorsaam reëls slegs wanneer dit deur 'n invloedryke persoon neergelê is. Hy mag ongehoorsaam wees indien daar 'n moontlikheid bestaan dat hy nie uitgevang sal word nie. Die kind gehoorsaam reëls om straf te vermy. |
| | | Stadium 2: Individualistiese moraliteit. Instrumentele doel en uitruiling | Die kind erken dat ander persone ook behoeftes het. Hy sal probeer om andere se behoeftes te ontmoet, mits sy eie behoeftes ook |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | aangespreek word. Reg en verkeerd word gedefinieer in terme van die gevolge wat dit vir die individu inhou. Die kind gehoorsaam reëls om beloning te verkry. |
| Vlak 2: Konvensionele moraliteit | In sekere gevalle vanaf 10-jarige ouderdom tot sommige ouer laerskoolleerlinge, sommige junior hoërskoolleerlinge (graad 8 en graad 9), en baie senior hoërskoolleerlinge (graad 10 tot en met graad 12). | Stadium 3: Moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en ooreenstemming. Goeie seun/meisie-oriëntasie. | Persone se besluitneming berus op dit wat andere tevrede sal stel, veral gesagsfigure en mense met 'n hoë status (soos, onderwysers en gewilde eweknieë). Hulle is besorg oor die handhawing van verhoudinge, deur te vertrou, lojaal te wees en ander mense se sieninge in ag te neem, tydens besluitneming. Die kind gehoorsaam reëls om aanvaar te word en verwerping te vermy. |
| | Die meeste adolessente en volwassenes. | Stadium 4: Moraliteit van sosiale sisteme en gewete. Wet-en-orde-oriëntasie. | Die individu kyk na die gemeenskap as 'n geheel vir riglyne oor wat reg en verkeerd is. Hy aanvaar reëls omdat hy, homself daarmee identifiseer en dit as noodsaaklik vir die handhawing van die samelewing beskou. |
| Vlak 3: Post-konvensionele moraliteit. | Selde gesien voordat hoërskoolloopbaan voltooi is. | Stadium 5: Moraliteit van sosiale ooreenkoms, | Word gekenmerk deur die ontwikkeling van selfstandige morele beginsels. Individue |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | bruikbaarheid en individuele regte. | beskou reëls as potensieel bruikbare meganismes wat ten doel het om die regte van individue te beskerm en die algemene welsyn te bevorder. |
| | Slegs 'n klein persentasie van volwassenes. | Stadium 6: Moraliteit van universele etiese beginsels. | Dit is 'n hipotetiese "ideaal" wat min mense ooit bereik. Die persoon handel volgens selfgekose beginsels wat op universele waardes berus, (byvoorbeeld respek vir menslike waardigheid en toewyding aan geregtigheid). |

**Tabel 3.1:** Aangepaste weergawe van Kohlberg se fases van morele ontwikkeling

Omdat hierdie studie fokus op middel-adolessente, word daar slegs na konvensionele moraliteit gekyk.

Volgens Kohlberg (1976:49-50) word die morele onwikkeling van adolessente deur hulle sosiale omgewing gestimuleer. Binne hulle sosiale omgewing moet adolessente die geleentheid gebied word om bepaalde rolle in te neem. Kohlberg verwys hierna as "role-taking opportunities". Variasies van rolle sluit onder meer in die adolessent se verhouding met sy gesin, portuurgroep en skool. Die verskillende sosiale verhoudinge waarin adolessente hulleself bevind, asook die gepaardgaande sosiale rolle wat vervul word binne daardie verhoudinge, lewer elkeen 'n bydrae tot die adolessent se morele ontwikkeling. So kan die adolessent byvoorbeeld binne gesinsverband, die portuurgroep en die skool, toegelaat word om aan allerlei besluite deel te hê. Joy (1978:103) meen dat adolessente se morele ontwikkeling verder bevorder kan word deur hulle te inspireer om op meer selfgekose en vrywillig deelnemende besluite te reageer. Die pastoor en ander geestelike volwasse begeleiers moet middel-adolessente aanmoedig om die musiek waarna hulle luister in groepsverband te ontleed, ten einde vas te stel tot watter mate die lirieke hulle morele waardes positief of negatief raak.

### *3.3.8.1 Invloede op die moraliteit van adolessente*

Verskeie strominge binne ons samelewing oefen bepaalde invloede op die adolessent uit en dit word in die stemmingsfeer van die jeug gereflekteer (Boshoff, 1985:5-12; vgl. Tripp, 2001:149-150; Nel, 1982:152-194).

Hierdie strominge kan na vier hoofstrominge gereduseer word:

- Individualisme: ‘n Verhorisontaliseerde samelewing wat klem lê op demassafikasie van denke, kultuur en politiek wil die individu in die kollig plaas. Die opkoms van individualisme beklemtoon die *ek* en daar is al minder sprake van *ons.* Tekens van groeiende individualisme onder die jongmense kan duidelik waargeneem word in die sorgvuldige keuse van kleredrag en ‘n lewenstyl wat ‘n boodskap kommunikeer dat *ek* ‘n unieke wese is wat dinge op my manier wil doen. Die kerk kan in sy morele toerusting van die middel-adolessent hierby aansluit deur dit wat die Bybel ons leer. Johannes 10 leer ons dat Jesus sy skape by die naam ken, terwyl Matthéüs 18:11-14 die waarde van die individu beklemtoon. Matthéüs 10:30 wys daarop dat selfs die hare op ons almal se hoofde getel is.
- Relativisme: Samehangend met individualisme wil jongmense hulle nie laat bind deur outoritêr neergelegde norme nie. Die jeug se leefwêreld is in vele opsigte ‘n wêreld van situasie-etiek of sosiale pluralisme. Deur die demassafikasie van die leefstyl, wil die jeug die boodskap oordra dat daar nie net een korrekte leefstyl is nie en dat morele besluitneming ‘n private aangeleentheid is wat deur die uniekheid van die individu bepaal word. In 1 Korinthiërs 12 word die uniekheid van elke lid van die liggaam geleer. Die uniekheid van die hand, of oog, of oor moet gebruik word tot opbou van die hele liggaam. Elke lid het dus ‘n spesifieke rol wat hy/sy binne die liggaam moet vervul. Op hierdie wyse word daar dus aangesluit by die uniekheid van elke lid, maar dit bring ook ‘n korreksie vanuit byvoorbeeld 1 Korinthiërs 12 en Efésiërs 4. Hoewel daar baie lede in die liggaam is, bly dit egter een liggaam. Jongmense heg ook nie veel waarde aan ‘n persoon se gesagsposisie nie, maar wel aan die gesagsinhoud. Gesagsinhoud verwys na die outoriteit van die Skrif (vgl. Turiel, 2010:25-28; Tripp, 2001:148-149). Wanneer die klem op gesagsinhoud geplaas word, byvoorbeeld aan die hand van dit wat Jesus in Markus 10:43-45 oor gesag leer, moet middel-adolessente toegerus word om nie in hulleself groot te wees nie, maar dat hulle volgens die Woord diensbaar moet wees.
- Eksistensialisme: Dit is ‘n menslike poging om aan te pas in ‘n snel veranderende leefwêreld. Die bestaan van die individu in die hier en nou word sterk beklemtoon, veral op die affektiewe modus van sy bestaan. In die stroom van eksistensialisme

moet die individu algehele verantwoordelikheid vir sy lewe aanvaar. Die gevolg hiervan is ‘n pragmatiese lewensingesteldheid waar alles funksioneel gesien word. In baie gevalle word verhoudings uitsluitlik gesien in terme van die nut en voordeel wat dit vir die *ek* inhou. Hierdie lewensbeskouing is heeltemal teenstrydig met dit wat Jesus leer in Matthéüs 6:25-34, waar Hy vir ons sê om ons nie oor die dag van môre te kwel nie, omdat Hy vir ons sorg. Die lering van Jesus benadruk verder ook die feit dat Hy in beheer van ons toekoms is en juis om hierdie rede, rus die algehele verantwoordelikheid nie op die skouers van die individu alleen nie. Die AGS-Kerk moet dus in die morele toerusting van middel-adolessente daarop fokus om die selfbeeld van jongmense te bou.


- ❖ Emosionalisme: Dit is na alle waarskynlikheid die sterkste opkomende tendens onder die moderne jeug en is in ‘n sekere sin ‘n reaksietendens teen die oorheersing van die materiële in die lewe van die mens, asook die skipbreuk van sekerhede en die versnelde tempo van verandering. Dit blyk dat jongmense lewenskwaliteit van groter waarde ag as geld en besittings, en gevolglik word daar meer op gevoel gesteun as op logiese, rasionele denke vir sommige besluite wat geneem word. Baie Christenjongmense is nie meer tevrede met ‘n bloot rasionele godsdiens nie, maar wil dit wat verkondig word, beleef. Die kerk moet dus die Woord aan middel-adolessente met sensitiwiteit bedien sodat die jongmens dit sal beleef as ‘n woord vir sy situasie en realiteit (Le Roux & Rossouw, 1992:538). Emosies wat die mens beleef sluit ondermeer in liefde, blydskap, vrede en hoop. Hierdie emosies moet egter nie die middel-adolessent se lewe oorheers nie. Die Bybel wys ons op die eienskappe van liefde en hoe daar in liefde teenoor mekaar opgetree moet word (1 Kor. 13:1-7; 1 Joh. 2:15). Middel-adolessente moet vanuit die Bybel onderrig word om nie deur hulle emosies beheer te word nie. ‘n Voorbeeld van iemand wie se emosies hom beheer het, is die oudste broer in die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15:25-30).

Adolessente bevind hulle in ‘n samelewing waar lae morele standaarde geld, soos gesien kan word in paartjies wat saamwoon en kinders buite die huwelik verwek, die beoefening van voorhuwelikse seks, asook die hoë egskeidingsyfer (Barna, 2003:22). Morele oriëntasie, hetsy goed of sleg, word hoofsaaklik oorgedra deur ouers en gesagstrukture by wie dit berus om kennis aan jongmense oor te dra (Moshman, 2011:71). Mueller (2009:71) meen moraliteit word ook beïnvloed deur faktore soos die dood van ouers, chroniese siekte wat in die ouerhuis voorkom, en mishandeling en verwaarlosing van kinders.

Volgens Price Tangney (2003:384-386) berus morele besluitneming en morele gedrag op drie faktore, naamlik morele standaarde, morele beredenering en morele affek. Moraliteit het

te doen met ‘n individu se eie morele standaarde. Hierdie morele standaarde word deur die kulturele konteks van die individu bepaal en dit hou verband met die morele waardes wat binne ‘n spesifieke kultuur aanvaarbaar is.

Die tweede faktor wat morele besluite en gevolglik ook morele gedrag beïnvloed, is die proses van morele beredenering wat die individu beleef, terwyl morele affek beskryf word as die motivering agter die individu se behoefte om eerder die regte besluit te neem as die verkeerde. Hiervolgens kan dus geredeneer word dat individuele moraliteit bestaan uit die individu se morele standaarde, morele beredenering en morele affek. Al drie hierdie faktore gekombineerd is verantwoordelik vir die individu se morele besluitneming wat lei tot morele gedrag, soos voorgestel in Figuur 3.1 (Aangepas uit Price Tagney, 2003:385).




**Figuur 3.1** Skematiese voorstelling van moraliteit

Coetzee *et al.* (2005:2-3) het die volgende nege faktore geïdentifiseer wat invloede op die ontwikkeling en uitdrukking van moraliteit by tieners uitoefen:

- Die graad van empatie wat die individu teenoor andere betoon, aangesien empatie morele gedrag bevorder.
- Die omgewing waarin die individu sy/haar opvoeding ontvang, vanweë die bevinding dat opvoeding en logiese denke direk met die vlak van morele redenering gekoppel kan word. Adolessente wat deur swak opvoeding benadeel word, word ook ten opsigte van hul morele ontwikkeling benadeel.
- Die morele redenering van adolessente tussen die ouderdomme 13 en 16 jaar word grootliks bepaal deur die sosiale aanvaarding wat die morele redenering tot gevolg het.
- Die ontwikkeling van moraliteit by adolessente word ook sterk beïnvloed deur die familie en tuiste-omgewing.

- ❖ Moraliteit en ouderdom is verwant aan mekaar, aangesien die ontwikkeling van moraliteit in fases ingedeel kan word ooreenkomstig spesifieke ouderdomme. Namate die individu ouer word, word die wyse van redenering en argumentering voortdurend verander en aangepas.
- ❖ Persepsies van moraliteit sowel as die ontwikkeling daarvan verskil tussen kulture sowel as tussen etniese groepe.
- ❖ Daar is ook individuele verskille in geslag ten opsigte van morele redenering.
- ❖ Daar is sterk ooreenkomste tussen geloof en moraliteit. Die frekwensie van geloofspraktyke het 'n impak op die moraliteitsvlak van die individu. Geloof het dus 'n direkte invloed op morele ontwikkeling sowel as moraliteit.
- ❖ 'n Verdere bevinding van Coetzee *et al.* (2005:2-3) is dat tieners wat reeds seksueel aktief was, beduidende laer moraliteitsvlakke het. Tieners wat reeds seksueel aktief is, beskou moraliteit en goeie gedrag as meer relatief as diegene wat nie seksueel aktief is nie (vgl. Arsenio *et al.,* 2013:96; Krcmar, 2013:39-45; Levesque, 2002:118).

### 3.3.9 Verbandlegging tussen die verskillende stadia van ontwikkeling

Louw *et al.* (1990:10) wys daarop dat die mens 'n komplekse en veelsydige wese is en dat daar verskillende aspekte is wat op verskillende wyses ontwikkel teen "verskillende tempo's en op verskillende leeftye". Hoewel die onderskeie stadia van ontwikkeling onderskei word en elkeen afsonderlik bestudeer word, moet die geheelbeeld nie uit die oog verloor word nie.

## 3.4 GEVOLGTREKKING

Wanneer die mens en sy ontwikkeling bestudeer word, kom dit aan die lig dat beide die mens en sy ontwikkeling uiters kompleks van aard is. Om hierdie rede is dit belangrik dat diegene wat by die opvoeding van middel-adolessente betrokke is, deeglik bewus sal wees van hierdie kompleksiteit. Daar moet in die morele toerusting van die middel-adolessent soveel as moontlik by die jongmens se ontwikkelingskenmerke aangesluit word, sodat dit vanuit die Woord in die regte rigting gestuur kan word en nie bloot gekritiseer word nie.

Die literatuuroorsig met betrekking tot die ontwikkeling van adolessente het grootliks bygedra om 'n beter begrip oor hierdie belangrike ontwikkelingsfase te verkry, gevolglik kan die navorser nou 'n beter opinie oor die rol en invloed van musiek op die lewe van die middel-adolessent vorm. Dit is belangrik dat alle belanghebbendes in die opvoeding van middel-adolessente van die volgende kennis sal neem:

- ❖ Adolessensie is 'n tydperk wat gekenmerk word aan verskeie veranderinge in die lewe van jongmense, waarvan seksuele ontwikkeling die opvallendste kenmerk is. Daar is 'n toenemende begeerte by adolessente om gedurende hierdie lewensfase

meer van die seksuele te wete te kom. Om hierdie rede is dit te verstane dat middel-adolessente wat na musiek luister wat ‘n seksuele boodskap kommunikeer, of na musiekvideo’s kyk wat seksuele suggestie uitbeeld, deur sodanige boodskap seksueel geprikkel sal word.

- Omdat adolessente onstandvastig, emosioneel onstabiel en seksueel verward voorkom gedurende hierdie lewensfase, is die moontlikheid groot dat hulle deur die negatiewe boodskappe wat in sommige musiek verkondig word, meegevoer kan word en dat dit hulle denke en leefwyse kan beïnvloed.
- Adolessensie word ook as ‘n tydperk van “storm en drang” gekenmerk en daarmee saam beleef jongmense van tyd tot tyd ondermeer hartseer, swaarmoedigheid en depressie. Omdat hulle nog nie emosioneel volwasse is om weldeurdagte en groot besluite te neem nie, kan die verkeerde besluite, wat deur negatiewe boodskappe in musiek gepromoveer word, maklik geneem word. Hierdie soort besluite het dikwels verreikende gevolge. Dit moet egter vermeld word dat adolessensie gekenmerk word as ‘n tydperk waarin adolessente risiko-besluite neem.
- Die feit dat adolessente onder vele vorme van druk in verhoudinge verkeer, kan bydra tot irrasionele besluitneming. Daarom is dit vir adolessente belangrik om verstaan te word in die wyse waarop hulle vrae vra en dat hulle op so ‘n wyse begelei sal word, dat belangrike verhoudinge uitgesorteer kan word.
- Omdat emosionele ontwikkeling ook gekenmerk word aan die strewe na onafhanklikheid, moet belanghebbendes begrip toon wanneer adolessente onafhanklike besluite wil neem. Hulle moet egter altyd bewus gemaak word van die feit dat elke besluit wat geneem word, bepaalde gevolge sal hê. Om hierdie rede moet adolessente in liefde tot volwassenheid begelei word ten opsigte van wat reg en verkeerd is vanuit ‘n Christelike perspektief. Dit geld ook ten opsigte van die musiek waarna hulle luister.
- Tydens adolessensie ontwikkel jongmense ook op morele vlak. Moraliteit verwys spesifiek na sekere beginsels of idees wat individue in staat stel om tussen reg en verkeerd te onderskei. Die verantwoordelikheid om adolessente moreel te oriënteer, berus primêr by die ouers. Geestelike volwassenes by die kerk en onderwysers speel ‘n bydraende rol in die morele opvoeding van die adolessente. Omdat musiek so belangrik vir adolessente is, moet al die rolspelers in die opvoeding van adolessente oor genoegsame kennis daarvan beskik ten einde effektief te wees in die moreel-etiese onderrig van jongmense.
- Deeglike kennis van hoë Christelike morele waardes is ‘n vereiste om adolessente te onderrig in ‘n wêreld wat deur lae morele standaarde gekenmerk word. Ook ten opsigte van sommige musiek moet adolessente bewus gemaak word van die feit dat

die lirieke waarna sommige van hulle luister, hulle morele waardes tot nadeel kan strek.

- Adolessente moet aangemoedig word om ‘n intieme verhouding met God te hê, dit te koester en daarin te groei tot geestelike volwassenheid, omdat geloof ‘n direkte invloed op moraliteit, sowel as morele ontwikkeling het.
- Daar moet by die besondere ontwikkelingskenmerke en behoeftes van die middel-adolessent aangesluit word en die Bybelse korrektief op die wêreldse antwoord moet in aansluiting by die kenmerke en behoeftes aangebied word.

# HOOFSTUK 4: DIE INVLOED VAN MUSIEK OP MIDDEL-ADOLESSENTE: ’N LITERATUURSTUDIE

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is die verskillende stadia van ontwikkeling gedurende adolessensie bespreek en daar is spesifiek gefokus op die morele ontwikkeling. In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na bestaande literatuur oor die onderwerp van die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente en die klem val op Osmer (2008:4) se interpreterende taak, wat ten doel het om die vraag: “Waarom het dit gebeur?” te beantwoord (vgl. 6. in Hfst. 1). Die doel hiervan is om te bepaal in watter mate ander navorsers daarby aansluit en of die ander literatuur nuwe inligting oplewer.

## 4.2 ENKELE FAKTORE WAT INVLOEDE UITOEFEN OP DIE MORELE VORMING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT

Daar is verskeie faktore wat die morele vorming van middel-adolessente positief of negatief kan beïnvloed. Die kwalitatiewe navorsing het aan die lig gebring dat hierdie dinge ondermeer musiek, die gebruik van alkohol en dwelms, leuens, voorhuwelikse seks, pornografie, media, met spesifieke verwysing na sosiale media, en postmodernisme insluit. Siende dat daar sekere beperkinge is vir die inhandiging van ‘n M.A.-tesis, sal daar in hierdie literatuurstudie net gefokus word op die invloed van musiek op die middel-adolessent. Daar word spesifiek gekyk na musiek omdat dit blyk dat dit die onderwerp is waaroor die minste inligting tans beskikbaar is. Die navorser beplan ook om later verdere ondersoek in te stel na die invloed van sosiale media en pornografie op die lewens van middel-adolessente. Die data wat bekom is met die kwantitatiewe navorsing, sal hier sover relevant benut word.

Vir indiepte navorsing oor die gebruik van alkohol en dwelms, leuens en postmodernisme, vergelyk die volgende studies wat gedoen is aan die Noordwes-Universiteit:

- ❖ Met betrekking tot alkoholgebruik-en-misbruik, asook dwelmmisbruik, die verhandeling getiteld, “Die verband van sportdeelname met gesondheidsrisikogedrag by adolessente in die Potchefstroomdistrik”, deur Marius Nel (2003).
- ❖ Rakende die onderwerp oor leuens onder die titel, “Pastorale begeleiding van die emosioneel en geestelik verwonde persoon met betrekking tot geïnternaliseerde leuens”, deur Reinette Kruger (2010).
- ❖ Postmodernisme. Die impak van postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: 'n pastorale studie”, deur Rian Stephanus Steyn (2005).
- ❖ Ten opsigte van voorhuwelikse seks as onderwerp, bied die onlangse studie, “Adolessente se geloofsoortuiging en etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking

tot seksuele aktiwiteit: Christelik-etiese studie”, deur Mathys Johannes Bornman (2011), baie goeie inligting.

- ❖ Die studie deur Erasmus Christoffel Botma getiteld, “Pastoral guidance for the spiritual development of the adolescents of Little Falls Christian Centre” spreek ook die onderwerpe van alkohol, dwelmmiddels en postmodernisme aan (2012).

## 4.3 DIE INVLOED VAN MUSIEK OP DIE MIDDEL-ADOLESSENT

Vukich en Vandegriff (2002:375) wys daarop dat musiek ‘n uiters belangrike rol in die lewens van adolessente speel (vgl. McFerran, 2010:74; Miller & Desberg, 2009:125). Steyn en Lotter (2006:548) redeneer dat musiek meer as ritme en styl is, maar dat dit die taal van hierdie generasie is, en ‘n uitdrukking van wat hulle voel en ervaar. “The life of the average teenager is saturated with music” (Mueller, 1999:65). Volgens Holland (2006:34) is musiek één van die dinge wat tieners se denk-en leefwêreld vorm, en is ook bepalend vir die wyse waarop hulle hul lewens leef, juis omdat hulle so passievol daaroor is. Steyn en Lotter (2006:548) beklemtoon dat musiek die adolessent identifiseer, hulle stem is en dat hulle met musiek hulle gevoelens en emosies uitdruk. Miller (1975:80) voer aan dat adolessente oorverdowende en vreemde musiek inspan om die gesagsfigure in hulle lewens te provokeer, maar veel belangriker, om die geheime en uniekheid van hul adolessente lewe ten toon stel. “For boy and girl alike it can also be a confronting and stimulating expression of the mysteries of their inner experience of change.” Bloom (1987:68) is van mening dat jongmense die beste gedefinieer word deur hulle verslawing aan musiek. Jongmense luister nie alleen na musiek nie, maar hulle bestudeer dit en sodoende vorm dit hulle voorkoms, gesindheid en identiteit (Hart, 1997:456). Miller en Desberg (2009:77) is van mening dat musiek die grootste invloed uitoefen op die lewe van adolessente, terwyl McFerran (2010:74) nie die krag van musiek onderskat nie, maar aanvoer dat dit nóg die grootste, nóg die enigste invloed is in die lewe van adolessente. Sy (McFerran) beskou musiek as ‘n middel wat ondersteunend en motiverend van aard is en wat ‘n bepaalde boodskap kommunikeer, maar beklemtoon dat dit nie die totale beheer uitoefen op adolessente nie. Ek deel in McFerran se siening dat musiek motiverend kan wees en ‘n bepaalde boodskap kommunikeer. Ek is egter van mening dat die hoeveelheid tyd wat veral middel-adolessente aan die luister van musiek bestee, ‘n bepalende faktor kan wees wanneer dit kom by die beheer wat die musiek op hulle lewens uitoefen, hetsy positief of negatief. So sal die invloed van die musiek dus groter wees op ‘n persoon wat byvoorbeeld sewe ure daarna luister, as in die geval van iemand wat net een uur daarna luister.

Vukich en Vandegriff (2002:378) beklemtoon die feit dat musiek ‘n positiewe of negatiewe invloed op die morele vorming van tieners kan uitoefen en dat die impak wat musiek op die

ontwikkeling van die jongmens het, nie geïgnoreer moet word nie (vgl. McFerran, 2010:74). Volgens Ryder (2006:12) besef adolessente nie altyd die krag en invloed van die boodskap in die musiek waarna hulle luister nie en word die luisteraar onwetend deur die boodskap geïndoktrineer. "Baie musiek versterk egter eerder hulle donker kant, want as hulle alleen is, luister hulle na 'alleen-musiek', wat hulle net nog meer alleen laat voel" (Steyn, 2005:68). Icke (2009) voer drie redes aan waarom musiek 'n effektiewe medium is wat gebruik kan word om jongmense te indoktrineer. Psigologiese waarnemings toon onomwonde dat sekere genres musiek luisteraars aanmoedig tot aggressie en gewelddadige gedrag in beide onmiddelike en langtermyn-kontekste (Anderson *et al.,* 2003:81).

- Eerstens kan musiek deur sommige groepe of individue as 'n medium gebruik word om hulleself te verheerlik.
- Tweedens is musiek 'n universele taal waardeur daar met byna alle mense gekommunikeer kan word.
- Derdends kan musiek as 'n effektiewe onderrigmiddel aangewend word.

Bauserman (2010:67) redeneer dat musiek tot verheerliking van God of selfverheerlikend van aard is (vgl. Farias, 2005:97-98). In die geval waar die "self" verheerlik word, is die oorsprong daarvan nie God nie, maar Satan. Selfs al is musiek neutraal van aard, soos in die geval van klassieke musiek, word die musiek deur die Heilige Gees of deur 'n bose gees (die gees van die wêreld) geïnspireer (Bauserman, 2010:67; vgl. Duaya, 2014:103-105; Nwoke, 2006:100). Ryder (2006:50) en Alexis (2007:121) is dit eens dat 'n groot aantal hedendaagse moderne musiekkunstenaars erken dat hulle 'n verbintenis met demoniese geeste het wat hulle inspireer om hulle musiek te skryf. Hierdie geestelike konnotasie in die fisiese realm manifesteer in die lewens van diegene wat die boodskap in die musiek ter harte neem. Bowman (2012:27-30) sluit hierby aan deur klem te lê op die feit dat die boodskap in musiek 'n bydraende rol speel in die vorming van 'n jongmens se persoonlikheid en dat sommige kontemporêre musiek die luisteraar op 'n baie subtiele wyse kan kondisioneer. Die indoktrinering en kondisionering behels ondermeer die openlike, vrylike en oormatige gebruik van alkohol en dwelmmiddels, opstand teen alle vorme van gesag, geweldsmisdade waaronder moord, aanranding, brandstigting, seksuele losbandigheid en die aanmoediging van homoseksuele verhoudings. Volgens Alexis (2007:128) vind dit aansluiting by die selferkende satanis, Aleister Crowley, se woorde: "Do what thou wilt. That shalt be the whole of the law". Ryder (2006:55) beklemtoon dat hierdie die onderliggende boodskap is wat in talle genres van sekulêre musiek voorkom en dat die luisteraars aangemoedig word om te doen wat hulle wil en om hul eie besluite te neem.

Swain (2010:76) redeneer dat dit direk aanleiding gee tot rebellie teen God, die gesag van ouers en regeringsgesag, dit moedig die luisteraar aan om seksueel losbandig te lewe en om alkohol en dwelmmiddels te gebruik. Morewitz (2008:72) voeg by dat sekere populêre musiek die katalisator is wat direk kan bydra tot die gewelddadige optrede van sommige adolessente en dat dit selfs aanleiding tot moord kan gee, soos in die geval van die Columbine Hoërskoolslagting[3] in die Verenigde State van Amerika. Jackson (soos aangehaal in Alexis, 2007:119) beskryf die invloed van musiek op die luisteraar as 'n krag wat 'n persoon kan aanspoor om die boodskap van die musiek op fisiese wyse uit te druk. Omdat adolessensie ondermeer gekenmerk word as 'n tydperk van onsekerheid, kan middel-adolessente se gemoedere meer ontvanklik wees vir invloede van buite, soos ondermeer die boodskap wat deur musiek oorgedra word, hetsy positief of negatief.

Die blootstelling aan sekere boodskappe in musiek, waar die gebruik van alkohol, dwelms en seksuele losbandigheid gepropageer word, bevorder die gedrag van gewelddadigheid, en rebellie onder adolessente (Primack *et al.,* 2009:2). Martyn (2011:19; 40; 88; 248; 269) voer aan dat musiek een van vele tegnieke is wat ingespan word om gesagsvorme te ondermyn en geweldsmisdade soos aanranding en moord aan te moedig. Sommige hedendaagse kontemporêre musikante en musiekgroepe erken openlik dat hulle musiek gebruik om luisteraars te verlei, te breinspoel en te indoktrineer (Nichols, 2008:29). Dit sluit onder meer Nickleback, Kid Rock, Madonna, Christina Aguilera en The Spice Girls in. In aansluiting hierby sê Holland (2006:34) dat sommige eietydse sekulêre musiek elemente van gewelddadige seks, verkragting, orale seks, misbruik van vroue en selfmoord bevat. Voorbeelde hiervan word bespreek in 3.4.1.5.

Siende dat die mens 'n baie komplekse wese is, kan daar aanvaar word dat 'n negatiewe boodskap, soos wat deur sekere musiek oorgedra word, gewis 'n negatiewe invloed op die vorming van middel-adolessente kan hê. So kan die boodskap in sekere musiek na alle waarskynlikheid die oorsaak wees dat sommige middel-adolessente op vroeë ouderdom begin om seksueel te eksperimenteer.

Palmer (2012:128) is van mening dat satanies geïnspireerde musiek as die vernaamste medium gebruik word om luisteraars te indoktrineer. Ruddock (2013:44) redeneer dat musiek deur sataniste ingespan word as 'n wapen om tieners regoor die wêreld negatief te

---

[3] Die Columbine hoërskoolslagting verwys na die skietvoorval op 20 April 1999 by die Columbine Hoërskool in die Verenigde State van Amerika waartydens twaalf leerlinge gesterf het en nog 23 beseer is (Fearn-Banks, 2011:268).

beïnvloed. Volgens Charles (2012:87) beskik musiek oor die vermoë om menslike emosies te beïnvloed. In sommige gevalle kan dit ‘n vertroostende uitwerking op die luisteraar hê, terwyl dit in ander gevalle weer vals hoop kan gee, of aanleidend is tot hartseer, droefheid, geweld of woede (vgl. Armstrong, 1973:40; Schoen, 1940:39). "Music…has the power to arouse, it has the power to frighten [and has] the power to make people profane. You know, all those things they were saying about rock n’ roll in the early days -- 'ooooohh, it's gonna subvert our youth, it's gonna make 'em all wanna have sex, it's gonna make 'em all go crazy' -- they were right!!" (Billy Joel aangehaal in Berger, 2006:93).

Omdat adolessensie ook die tydperk is waarin middel-adolessente emosioneel ontwikkel, is dit vanselfsprekend dat die boodskap wat deur die musiek oorgedra word, ‘n invloed op hulle emosies sal uitoefen omdat ‘n onstabiele gemoedstoestand ondermeer kenmerkend is van die normale emosionele ontwikkeling. Dit moet egter beklemtoon word dat dit nie net die musiek alleen is wat ‘n uitwerking op die jongmens se emosies sal uitoefen nie, maar ook die situasie waarin die musiek gespeel word, sal ‘n bydraende rol speel.

Die krag van musiek definieer die realiteit waarmee ouers, en kerk- en jeugleiers te doen het (Mueller, 1999:68). Volgens Vukich en Vandegriff (2002:375-376) moet die krag, invloed en impak van sekulêre musiek op die middel-adolessent geensins onderskat word nie, omdat dit dikwels oor die vermoë beskik om die luisteraar emosioneel te beïnvloed. “Music affects the ‘whole’ person; making music exercises the whole brain and mind.” Holland (2006:34) voer aan dat musiek oor die vermoë beskik om jongmense se karakter positief of negatief te beïnvloed.

> “Music directly imitates the passions or states of the soul-gentleness, anger, courage temperance and their opposites and other qualities; hence, when one listens to music that imitates a certain passion, one becomes imbued with the same passion; and if over a long period of time one habitually listens to the kind of music that rouses ignoble passions one’s whole character will be shaped to an ignoble form. In short, if one listens to the wrong kind of music, one will become the wrong kind of person; but conversely, if one listens to the right kind of music, one will tend to become the right kind of person.” (Aristoteles soos aangehaal deur Holland, 2006:34).

Die krag van musiek kan aangewend word as aanmoediging om ‘n positiewe identiteit te vestig, of om die identiteit van die jongmens te vernietig (Giant & Beddoe, 2013:26-40). Mueller (1999:65) vestig die aandag daarop dat daar baie solokunstenaars en groepe is wat verskillende tipes musiek maak, en dat die verskeidenheid genres en subgenres alle tieners se voorkeure aanspreek. Hy beweer verder dat alle populêre vorme van musiek oor die krag

beskik om die tiener se waardes, gesindheid en gedrag, direk of indirek en positief of negatief, te beïnvloed. Hart (1997:456) voer aan dat die krag van musiek ‘n direkte invloed het op die identiteitsvorming van die middel-adolessent. Musiek het ‘n direkte invloed op enige mens se gedrag (Vukich & Vandegriff, 2002:377). Pieslak (2009:167) voer aan dat musiek ‘n intense emosionele meganisme is wat oor die vermoë beskik om mense aan te spoor tot gewelddadige optrede. Dit word duidelik weerspieël in Lenin[4] se uitlating, “One quick way to destroy a society is through its music.” (aangehaal in Lett, 2008:180).

Dit moet egter uitgewys word dat die luisteraars van musiek, hetsy dit ‘n positiewe of negatiewe boodskap oordra, nie willose wesens is nie. Wheaton (2005:79) redeneer dat musiek en lirieke nie betekenis- of boodskaploos is nie en dat daar duidelike onderskeid getref moet word tussen Christelike musiek wat God verheerlik, en sondige musiek wat die begeertes van die vlees aanspreek. Newton (2009:17) voer verder aan dat positiewe en opbouende musiek lig en waarheid na vore bring, terwyl negatiewe en afbrekende musiek misleidend van aard is. Daar kan dus afgelei word dat die persoon wat na opbouende musiek luister en deur die Heilige Gees gelei word, keuses sal uitoefen wat tot voordeel van sy/haar lewe strek. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Waar die luisteraar na ‘n negatiewe en afbrekende boodskap luister en toegee aan die begeertes van sy/haar vlees, sal daardie besluite uiteraard nadelige gevolge en ‘n negatiewe uitwerking op sy/haar persoon hê.

Siende dat die mens in sy kompleksiteit bestaan uit ‘n gees, ‘n siel en ‘n liggaam, moet daar begryp word dat dit nie net die liggaam is wat betrokke is wanneer daar na musiek geluister word nie, maar dat die mens se totale wese daarby betrek word. In die mens se sielsdimensie, wat bestaan uit sy wil, intellek en emosies, is dit byna ‘n uitgemaakte saak dat die boodskap wat deur musiek gekommunikeer word, hetsy positief of negatief, beslis ‘n invloed op die vorming van die middel-adolessent sal hê. Dieselfde geld ook vir geestelike ontwikkeling.

### 4.3.1 Hoe tieners hulle lewens- en werklikheidsbeskouing vorm

Crabb (1993:27) redeneer dat tieners se lewens- en werklikheidsbeskouing hoofsaaklik op twee kernfaktore berus. Eerstens het dit te doen met kragte binne die individu en tweedens het dit te doen met die kragte binne hulle onmiddellike leefwêreld. Vanaf geboorte, regdeur die groeiproses, is daar die innerlike soeke na aandag. Namate kinders groter word, is daar

---

[4] Vladimir Lenin was die medestigter van die kommunisme en een van die geskiedenis se grootste kenners op die gebiede van ondermyning en revolusie (Holmberg, 2006).

ander faktore wat die bevrediging van hulle begeertes beïnvloed, soos die uiterlike voorkoms van broers en/of susters, pa's wat alkohol misbruik, moeders wat oorbeskermend is, beter geklede skoolvriende, gemene onderwysers en sportafrigters wat vernederend optree. Smetana (2011:26) voeg by dat die omgewing waarin kinders opgroei, hetsy veilig of onveilig, die ondersteunende of stresvolle werksomgewing van ouers, werklose ouers en die beskikbaarheid of afwesigheid van ouers, vir hulle kinders, ook belangrike faktore is wat 'n deurslaggewende rol speel in die wyse waarop kinders hulle lewens- en werklikheidsbeskouing vorm. Volgens Breed (2012:6) is elke normale mens voortdurend besig om homself ten opsigte van sy leefwêreld te oriënteer. In hierdie proses van oriëntering bou die persoon oortuigings op oor die wyse waarop die lewe hanteer moet word. Hierdie oortuigings bepaal sy evaluering van gebeure. Reid en Westergaard (2009:24) redeneer dat die besluite wat 'n mens neem, deur 'n volledige reeks konsepte, beginsels, ervarings en gedagtes gevorm word.

Volgens Mueller (2006a:55) is dit 'n mens se wêreldbeeld en dit word soos volg gedefinieer:

> "...it's the framework every human being has through which we understand and interpret life."

Schlebusch (soos aangehaal deur Breed, 2012:56) noem hierdie vermoë van die mens om gebeure te interpreteer, "perception":

> "Perception is a psychological function that enables you to receive, process and interpret information about your environment."

Volgens Breed (2012:6) kontrasteer Schlebusch hierdie aksie met waarneming (sensation). Breed redeneer dat waarneming die blote registrasie van inligting is deur die sintuie, wat dit aan die brein deurgee. Hierdie inligting word dan deur die brein gedekodeer op grond van 'n persoon se ervarings, persoonlikheid, behoeftes, geloof, gesindheid, ensovoorts. Die brein organiseer en interpreteer hierdie data om dit bruikbaar te maak, sodat 'n besluit geneem kan word hoe om daarop te reageer. Indien die persoon op grond van hierdie verwerkte data 'n bepaalde besluit geneem het wat tot 'n bepaalde optrede gelei het, en hy kon die situasie suksesvol hanteer, word dit in sy brein vasgelê vir latere gebruik. "Indien hierdie oplossing herhaaldelik suksesvol gebruik word, word dit 'n al sterkerwordende oortuiging oor die werklikheid. Die mens se werklikheidsbeeld word dus saamgestel uit dit wat hy glo waar is van die wêreld rondom hom, met ander woorde, uit al die oortuigings wat hy vir homself vorm." (Breed, 2012:6).

Crabb (1993:27-28) redeneer dat die “self” met sy drange, begeertes en drome vir sy eie welsyn, gekonfronteer word deur ‘n wêreld wat vol is van sy eie reëls en vorme van druk wat uitgeoefen word. Hoe adolessente die spanning tussen hulle eie begeertes en die eise van hulle leefwêreld ontlont, hang in ‘n groot mate af van hoe die ouers hul rolle in hulle kinders se lewens vervul. Ouers dra hoofsaaklik een van twee boodskappe oor aan hulle kinders wat hulle lewens- en werklikheidbeskouing vorm: “Ons wil hê jy moet gelukkig wees” of “Ons wil hê jy moet uitmunt”. Alhoewel die meeste ouers begeer dat hulle kinders gelukkig moet wees en ook uitmunt, word een van die twee boodskappe ongelukkig duideliker oorgedra as die ander. Wanneer ouers die kind se geluk beklemtoon en die voordele wat die wêreld bied om geluk te verseker, as die belangrikste bepaling uitlig het sulke kinders ‘n groter geneigdheid om meer waarde aan hulleself, as aan andere te heg. Hulle sien die wêreld as die plek wat ter wille van hulle bestaan. Die bevrediging van sulke kinders se begeertes, word uiteindelik hulle finale waardes. Sulke kinders se hele lewensdoel sentreer dan rondom die gedagte hoe hulle hul leefwêreld doeltreffend kan gebruik om maksimale gemak en vreugde daaruit te put. Wanneer ouers sê: “Ons wil hê jy moet uitmunt”, eskaleer die spanning onmiddelik tussen die “self” en die wêreld. Sommige kinders ontlaai hierdie spanning deur die “self” te “verlaat” en in woede woorde van minagting teen hulle ouers te uiter soos, dat dit nie saak maak wie hulle is en hoe hulle voel nie. (Hierdie gesindheid wys nie op nederigheid nie, maar op minagting vir die kind se eie karakter). Ander kinders word groot met die, “Ons wil hê jy moet uitmunt”-gedagte. Hierdie kinders hanteer die spanning tussen hulle innerlike begeertes en die eise van die eksterne wêreld rondom hulle op ‘n ander manier. Ter wille van selfbehoud, bejeën hulle die reëls en grense met minagting. Hulle openbaar ‘n gesindheid wat sê: “Ek moet my eie belange op die hart dra, omdat ek nie goed genoeg is vir enige iemand nie”.

Backus en Chapian (2000:17-18) noem hierdie benadering *“misbelieve”*[5] (dwaalleer), en sê dat die direkte oorsaak van die lyding wat sommige kinders beleef, toegeskryf kan word aan volgehoue negatiewe denke. “Misbelieves are the direct cause of emotional turmoil, maladaptive behaviour and most so-called ‘mental illness.’ Misbelieve are the cause of the destructive behaviour people persist in engaging in even when they are fully aware that it is harmful to them. Misbelieves generally appear as truth to the person repeating them to himself.”

---

[5] Backus & Chapian (2000:17) describes the word *misbelief* as the most appropriate label we can think of for some of the ridiculous things we tell ourselves.

Vir die individu wat so redeneer, is daar volgens Backus & Chapian (2000:15), drie dinge wat nodig is om sy/haar lewens- en werklikheidsbeskouing te verander:

- Om hierdie verkeerde denkpatrone te identifiseer.
- Om die verkeerde denkpatrone te elimineer.
- Om die verkeerde denkpatrone met waarheid te vervang.

Thurman (1999:109) beskryf waarheid soos volg: "Truth is reality as it really is." Hy wys daarop dat waarheid hoofsaaklik op drie maniere ontdek kan word. Eerstens word waarheid geleer deur 'n individu se eie ondervindinge. Tweedens kan waarheid geleer word deur die ondervindinge van ander individue. Derdens is daar sekere waarhede wat verder strek as menslike ervaring. Dit is waarhede wat God op bonatuurlike wyse aan die mens openbaar en wat in geloof aangeneem moet word. Vanuit 'n Christelike oogpunt word hierdie openbarings as die belangrikste waarhede beskou.

In Spreuke 23:7 lees ons: "Want soos hy in sy siel bereken, so is hy" (1933/1953 vertaling). Hierdie Skrifgedeelte wys op die noodsaaklikheid van regte en positiewe denke. Die Bybel leer uitdruklik dat die mens se gevoelens, geesdrif en gedrag onderhewig is aan, en gekondisioneer word deur die wyse waarop hy/sy dink. Wanneer adolessente besef dat hulle nie 'n koue en emosielose bestaan voer nie, maar dat hulle geestelike, emosionele en fisiese wesens is, dan verkry hulle 'n dieper begrip van hulle lewens- en werklikheidsbeskouing. Wanneer die leuens en verkeerde denkpatrone met waarheid vervang word, is dit moontlik dat die adolessent 'n ryk en vervullende lewensbestaan kan voer (Backus & Chapian, 2000:16). Thurman (1999:110) beklemtoon die noodsaaklikheid van waarheid vir 'n gesonde lewens- en werklikheidsbeskouing. Die rede waarom kennis van die waarheid so belangrik is, is omdat dit oor die vermoë beskik om vry te maak. Johannes 8:32 verklaar: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (1933/1953 vertaling). Thurman (1999:110) wys verder daarop dat daar sonder waarheid geen sprake van ware vryheid is nie. 'n Gebrek aan waarheid lei gevolglik tot emosionele probleme, verhoudingsprobleme en geestelike wanorde, wat 'n negatiewe invloed op die adolessent se lewens- en werklikheidsbeskouing sal hê. Bosman (2007:29; 31) vestig die aandag daarop dat die Skrif "nie net lewens- en wêreldbeskoulik van aard is nie," maar dat dit ook baie duidelike "lewens- en wêreldbeskoulike merkers" oordra. "Lewens- en wêreldbeskouing is immers nie 'n neutrale gebeure nie. Dis 'n aktiwiteit in terme van geloof/ongeloof. Dit beteken dat die waarnemende '(on/)geloofsmens' oor die kreatiewe vermoë beskik om in sy diepste wese oortuigings te kan vorm van die waargenome werklikheid. Sodoende 'ontstaan en funksioneer uiteindelik 'n lewens- en wêreldbeskouing.'"

### 4.3.2 Musiek help tieners om realiteit te definieer

Gedurende adolessensie word tieners se lewens veral gekenmerk as 'n onstuimige fase van groot onsekerheid waarin hulle geestelike, emosionele en fisiese veranderinge ondergaan. Hierdie onsekerheid gee direk aanleiding daartoe dat hulle soekend is na inligting uit verskeie oorde in die hoop om oplossings vir hulle probleme te vind. Die musiek waarna hulle luister, dien as 'n hulpmiddel om hulle identiteit te vorm en om hulle talle lewensvrae te beantwoord in hierdie onseker fase van hulle lewens. Musiek beïnvloed hulle leefwêreld, wat daagliks anders daar uitsien, asook hulle lewensbeskouing. Dit speel verder 'n betekenisvolle rol in wie hulle as volwassenes gaan wees, hetsy goed of sleg, aangesien die boodskap van die musiek as 'n bron van opvoeding dien (Mueller, 1999:67-68).

Dit moet egter beklemtoon word dat dit nie net musiek is wat tieners help om realiteit te definieer nie, maar dat daar ook ander faktore is wat invloede uitoefen op die besluitnemingsprosesse van adolessente. So stel toegewyde Christentieners se oorgawe aan God en hulle geloofsgroei in Hom, hulle in staat om positiewe lewensbesluite te neem (Creasy Dean, 2010:70). 'n Gesonde selfbeeld stel ook adolessente in staat om ingeligte besluite te neem wanneer hulle met moeilike besluite gekonfronteer word (Plummer, 2005:19-20). In aansluiting hierby redeneer Elder *et al.* (2013) dat positiewe verhoudings tussen adolessente en hulle ouers, stres en verwarring kan verminder en die adolessent kan help om weldeurdagte besluite te neem.

Dat musiek 'n invloed op middel-adolessente luisteraars het, kan nie betwis word nie. Hierdie invloed, gekoppel aan die opvoeding deur ouers, en in sekere gevalle 'n gebrek aan opvoeding deur sommige ouers, kan 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die lewe van die ontwikkelende jongmens hê. Die oortuigings van middel-adolessente wat in hulle ouerhuise aangeleer word, kan dus deur die boodskap van musiek ondersteun of weerlê word. Middel-adolessente kom dus voor sekere keuses te staan wanneer hulle na die boodskap luister wat deur die musiek gekommunikeer word. Waar hulle oortuigings gebou is op Christelike morele waardes, sal hulle moontik 'n afkeur hê in 'n negatiewe en slegte boodskap. Waar middel-adolessente se oortuigings nie op Christelike waardes gebou is nie, is die moontlikheid egter groter dat hulle aan 'n negatiewe boodskap wat deur musiek oorgedra word, sal toegee. Soos reeds vermeld, het die sosiale ontwikkeling van middel-adolessente in die breë te doen met die veranderinge in die mens se interaksie en verhoudings met ander mense.

#### *4.3.2.1 Die invloed wat MTV op die middel-adolessent het*

Volgens Vukich en Vandegriff (2002:380-381) vorm musiek 'n integrale deel van die adolessente se lewens. Hulle leefwêreld, kultuur en lewensuitkyk word verder gevorm deur

musiekvideo's wat 24 uur per dag te sien is op Music Television (MTV). MTV het die musiekindustrie herdefinieer deur die musikale klanke met videobeelde tot 'n eenheid te verweef. Schultze *et al*. (1991:204) beskryf dit as "one of the most powerful forms of contemporary propaganda." Mueller (1999:73) sê dat "marriage between television and music is powerful…Multisensory input reinforces any message, specifically by enhancing learning and recall." Gullotta *et al.* (2000:211) maak die opmerking dat hierdie "huwelik" tussen musiek en video 'n ontsaglike groot invloed op adolessente se uitkyk op die lewe het, aangesien geweld en seksuele suggestie oorheersend voorkom in die meerderheid van hierdie video's. Daarmee saam word vroue voorgestel as swakkelinge en seksueel uitdagend.

Volgens Mueller (1999:74) het die blootstelling aan musiekvideo's ook 'n beduidende uitwerking op tieners se waarneming, interpretering, evaluasie en reaksie op 'n verskeidenheid sosiale stimuli. Die volgende punte word sterk beklemtoon:

- Video's met gewelddadige beelde daarin het tot gevolg dat manspersone meer antagonisties teenoor vroue optree en hulle is meer geneig om hierdie soort optrede te regverdig;
- Antisosiale video's gee aanleiding tot anti-sosiale gedrag wat al meer aanvaarbaar word onder adolessente;
- Video's met seksueel eksplisiete beelde of 'n element van seksuele suggestie is 'n direkte oorsaak dat voorhuwelikse seks al meer aanvaarbaar word onder adolessente.

"Music interprets and defines life by shaping beliefs and providing examples of behavior. The attractive addition of the visual component helps to clarify the meaning of the song. Music videos add sights to the music's sounds, creating a musical package that's far more powerful and influential than simply hearing a song" (Mueller, 2006b:21).

Die kombinasie van televisie en musiek het dus sonder enige twyfel 'n onteenseglike invloed op die lewe van die adolessent. Vanuit 'n positiewe oogpunt kan musiek en televisie inlig, vermaak en verryk, maar negatief beskou, is dit 'n aanmoediging tot ondermeer seksuele promiskuïteit en geweld (Gullotta *et al.,* 2000:212).

#### *4.3.2.2 Die gevare wat MTV vir die middel-adolessent inhou*

Volgens Denisoff (1989:281) het die kombinasie van musiek en televisie 'n verontrustende uitwerking op die tradisionele gesinswaardes en moraliteit van diegene wat daarna kyk. Hy sê: "MTV is completely disgusting…It is suggestive and offensive for young children…a

negative influence…vulgar and distasteful." Schimmel (2004) beskryf hierdie negatiewe invloed soos volg:

> "The poisonous promotion of sexual morality among our youth, by MTV, the music industry and Hollywood has sadly resulted in the horrifying consequences of sexualy transmitted diseases like Aids and herpes, broken marriages and divorce, the murder of multitudes of little babies through abortion and even suicide. Sadly MTV and company are poisoning millions of their fan base."

Volgens Page en Page (2011:350) is een van die gunsteling tydverdrywe van adolessente om na musiekvideo's te kyk, onbewus van watter gevare dit vir hulle inhou en hoe dit hulle waardesisteem vernietig. Bob Pittman, voormalige president van MTV, (soos aangehaal in Motes, 2010:145), het die volgende tweepuntplan bekendgestel, wat MTV in staat stel om jongmense se waardesisteem deur musiek te vernietig:

> "The strongest appeal you can make is emotionally. If you can get their emotions going, make them forget their logic, you've got them. At MTV, we don't shoot for the 14-year olds, we own them." (Motes, 2010:145).

Stone (2012) maak die opmerking dat hierdie eenvoudige plan tog baie effektief is, omdat daar primêr gefokus word op die emosionele opwinding wat direk daartoe lei dat die tiener nie meer logies redeneer nie. Sodoende gee hulle dan toe aan die druk wat deur die musiek en die lirieke op hulle uitgeoefen word om dwelms te gebruik en seksueel losbandig op te tree. Hulle is ook meer vatbaar om geweldsmisdade te pleeg. Volgens Denisoff (1989:112) gebruik MTV die ondermynende krag van musiek, in samewerking met popsterre, om tieners te verlei. Die metode wat met groot welslae gebruik word, is herhaling, omdat dit die sleutel is tot 'n diep en blywende indruk. Dit staan bekend as desensitasie (desensitize) of ongevoeligmaking, 'n proses waardeur mense dit wat moreel onaanvaarbaar en verkeerd is, as reg aanvaar. In die vermaaklikheidswêreld staan dit ook bekend as *"shock value"*[6].

Die desensitasieproses bestaan uit vier fases (Dean, 2012).

---

[6] Die "Urban dictionary" definieer *"shock value"* soos volg: "The only value in filthy, disgusting, violent, or obscene materials in the media (television shows, movies online forums, etc)."

- Afstootlikheid. Tydens hierdie fase word mense geskok en gewalg deur die lirieke en/of die inhoud van die musiekvideo. Die media se begrip van die menslike sielkunde lei daartoe dat die musiekvideo herhaaldelik gespeel word;
- Verdraagsaamheid. Nadat die musiek 'n paar keer geluister is en die musiekvideo daarmee saamgekyk is, verlaag die luisteraar/kyker sy verdediging en sê hy/sy vir homself/haarself: "Dit is darem nie só erg nie."
- Aanvaarding. Die verkeerde en afstootlike word aanvaar as normaal en in sekere gevalle selfs beskerm.
- Navolging. Die waardes wat deur die lirieke en die musiekvideo's oorgedra is, word dan uitgeleef. Sodoende word naaktheid, seksuele losbandigheid, alkohol, dwelms en geweld die leefwyse van die jongmens.

Madonna erken openlik dat sy homoseksualiteit in haar konsertoptredes en musiekvideo's promoveer om haar gehoor te desensiteer. Sy is bewus van die feit dat die herhaling van homoseksuele aktiwiteite die oortuigings van haar gehore sal skaad (Gilbert, 1999:138-139). Volgens Stewart (2002; vgl. Savage, 2008) is MTV 'n instrument waarmee die homoseksuele agenda gekommunikeer word om die jeug tot so 'n mate te beïnvloed, dat hulle nie enige waarde aan moraliteit heg nie. Madonna se siening omtrent die homoseksualiteit wat sy in haar optredes en musiekvideo's promoveer, word soos volg in haar eie woorde weergegee:

> "They digest it on a lot of different levels. Some people will see it and be disgusted by it, but maybe they'll be unconsciously aroused by it...If people keep seeing it and seeing it and seeing it, eventually it's not going to be such a strange thing" (aangehaal in Gnojewski, 2008:101).

Volgens Charles (2012:107) word musiek en die televisie ingespan om talle adolessente te mislei met die lirieke en die seksuele suggestie in sekere musiekvideo's. Volgens Mueller (2013) staan hierdie seksuele suggestie in musiekvideo's onder die jeug bekend as *"twerk"* en *"twerking"*[7]*.* Hoewel daar nie absolute duidelikheid bestaan oor die betekenis van die woorde *"twerk"* en *"twerking"* nie, blyk dit 'n kombinasie te wees van die woorde, *"twisting",*

---

[7] Volgens die "Oxford dictionary" (soos aangehaal deur Mueller, 2013) word *"twerking"* soos volg as 'n werkwoord gedefinieer: "Dancing to popular music in a sexually provocative manner involving thrusting hip movements and a low, squatting stance." Die "Urban dictionary" (soos aangehaal deur Mueller, 2013) definieer dit as "the rhythmic gyrating of the lower fleshy extremities in a lascivious manner with the intent to elicit sexual arousal", en "having sex with the air."

*"working it"* en *"jerking".* Mueller is verder van mening dat hierdie nuwe tendens bekend as *"twerking",* onder die jeug sal versprei soos die "Lambada" en die "Macarena" van vroeër jare. Jackson (soos aangehaal in Alexis, 2007:119) beskryf die invloed van musiek op die luisteraar, as 'n krag wat 'n persoon kan aanspoor om die boodskap van die musiek op fisiese wyse uit te druk.

Vervolgens word daar kortliks gekyk na enkele van die negatiewe boodskappe wat deur die lirieke en die musiekvideo's oorgedra word.

#### *4.3.2.3 Enkele boodskappe wat deur musiek gepromoveer word*

##### *(a) Aanmoediging om alkohol te misbruik*

Gullotta en Adams (2005:71-72) beklemtoon dat die blootstelling aan sekere vorme van musiek en musiekvideo's 'n bydraende faktor is tot die gebruik en misbruik van alkohol onder tieners. Die keuse van musiek waarna adolessente luister, kan direk daartoe aanleiding gee dat hulle begin om met verskeie vorme van alkohol te eksperimenteer (Biddulph, 2003:45). Die inhoud van sommige musiekvideo's dra ook 'n boodskap oor dat die gebruik van alkohol sosiaal aanvaarbaar is. In baie van die video's dra die lede van die groep 'n boodskap oor dat die gebruik van alkohol bydra tot 'n beter voorkoms (Rich, 2008:87-90). Volgens Donaldson James (2011) is dit nie net "rock n' roll-" kunstenaars van die 1980's wat hierdie boodskappe oordra nie. Dit is veral die musiek van "rap", "R&B", "hip-hop" en kontemporêre "rock"-kunstenaars wat die gebruik van alkohol onder tieners aanmoedig.

Die volgende aanhalings dien as bewyse van die negatiewe boodskappe wat deur sommige sekulêre musiekgroepe en individuele kunstenaars gemaak word, wat luisteraars aanmoedig om alkohol te gebruik en misbruik.

> "One bourbon, one scotch, one beer…I've been drinking bourbon, whiskey, scotch and gin. Gonna get high man, I'm gonna get loose, need me a triple shot of that juice. Gonna get drunk, don't you have no fear I want one bourbon, one scotch and one beer. One bourbon, one scotch, one beer but I'm sitting now at the bar, I'm getting drunk, I'm feelin' mellow I'm drinkin' bourbon, I'm drinkin' scotch, I'm drinkin' beer…" [George Thorogood and the Destroyers-*"One bourbon, one scotch, one beer"*]. (Toombs, 1953).

> "Girl what you drinking? Gonna let sink in…See what we can be if we press fast forward Just one more round and you're down I know it Fill another cup up Feeling on yo butt what? [Chorus:] Blame it on the goose Got you feeling

> loose Blame it on Patron Got you in the zone Blame it on the a a a a a alcohol Blame it on the a a a a a alcohol Blame it on the vodka Blame it on the blue top Got you feeling dizzy Blame it on the a a a a a alcohol Blame it on the a a a a a alcohol…Oh see She spilled some drank on me And now I'm knowing she's tipsy She put her body on me And she keep staring me right in my eyes…Baby I would rather show you What you been missing in your life when I get inside…" [Jamie Foxx-*"Blame it on the alcohol"*] (Brown *et al.,* 2008).

*(b) Aanmoediging om seksueel losbandig te wees*

Skinner (2009:71; vgl. Strover, 2012:120) en Donaldson James (2011) is albei van mening dat die lirieke van baie kunstenaars se musiek ook 'n leefstyl van seksuele losbandigheid aanmoedig. Die danstegnieke wat op ondermeer "hip-hop" musiek (-video's) gebruik word, is dikwels seksueel suggestief van aard, terwyl die lirieke soms swaar bewoord is met 'n seksuele element.

> "Can't stop thinking about you, babe, can't stop, Can't stop screaming and shouting your name, can't stop, Look out boy 'cause I'm going to the top Of your list, can't stop,…Don't be afraid to try, Just let me love you for a while You'll see, what it's all about…So shut me out, I'll never let go, 'Cause I can work a spell on your soul…" [Madonna-"Can't stop"] (Madonna & Bray, 1987).

> "Erotica, romance *[repeat]* My name is Dita I'll be your mistress tonight I'd like to put you in a trance If I take you from behind Push myself into your mind…Will you let yourself go wild, Let my mouth go where it wants to…Give it up, do as I say Give it up and let me have my way…I'd like to put you in a trance, all over, Erotic, erotic, put your hands all over my body *[repeat twice]*, Erotic, erotic…Erotica, romance, I'd like to put you in a trance erotica, romance, put your hands all over my body…I could bring you so much pleasure I'll come to you when you say I know you want me…" [Madonna-"Erotica"] (Madonna, 1992).

> "The way your body swayed As I watched you from behind That got me so excited How could I fight it Baby let me be the one to hold you To give you the things I know you need*…[Chorus:]* If you lay down, lay down beside me You can get all inside me And I can get all inside you too If you lay down, lay down beside me You can wake up beside me, forever Forever and ever Forever and ever, baby…" [Backstreet Boys-"Lay down beside me"] (Renn & Skinner, 1995).

“If you wanna be my lover, you gotta get with my friends (gotta get with my friends), If you wanna be my lover, you have got to give,…If you wanna be my lover, you gotta, you gotta, you gotta, you gotta, you gotta, slam, slam, slam, slam. Slam your body down and wind it all around Slam your body down and wind it all around (uh uh) Slam your body down and wind it all around Slam your body down zigazig ah.” [Spice Girls-*“Wannabee”*] (Rowe *et al.,* 1996).

“Do what your mama said, I will not be told Keep your mouth shut, keep your legs shut Go back in your place Blameless, shameless, damsel in disgrace Who cares what they say Because the rules are for breaking (I'll tell ya) ‘Who made them anyway You’ve gotta show what you feel don’t hide’ Come on and do it It’s time to free what’s in your soul You’ve gotta get it right this time Come on freak out lose control…Make your own rules to live by…” [Spice Girls-*“Do it”*] (Thott *et al.,* 1997).

“Now you're standin' real close to me I feel your heat, you wanna get with me (Wink wink, nudge nudge - tell me do you like the rude stuff) I love the feeling wanna make it right Babe, I'm gonna keep ya up all night (Wink wink, nudge nudge - Are you man enough?) Why don't you tell me how you unwind (ooh) And if you open I'll blow your mind (ooh) I'll take you places you've never been before (ooh) (Do you wanna go, hoo!) I know you wanna have some fun… Come and get the fun Cos you know I'll give you some Just you and me, crazy You know I'll be the one (Wink wink, nudge nudge - tell me do you like the rude stuff) Feel me, and read me In every single way So we're only getting started You know we're gonna play (Wink wink, nudge nudge - are you man enough?)…” [Spice Girls-*“If you wanna have som fun”*] (Harris & Beckham, 2000).

“All day I’ve been thinking ‘bout All the ways I wanna put it down And all my naughty little fantasies Got me hot, got me trippin out baby. All I want boy tonight’s to please you, You’re the remedy for this fever, Been waiting for the sun to set, So we can rock it all night baby Let me tell you what I want tonight, (Let me tell you what I want tonight) Show me what you got, You know what I want, Give me what I need baby I need a man who knows how to grind it Put some muscle behind it Oh papi, dip it low Its time to sex me slow I need a man who knows how to wind it Put some muscle behind it Oh papi, dip it low Its time to sex me slow oh-oh-oh-oh-oooh oh-oh-oh-oh-oooh…Bring the fire to me baby…Push it in, pull it out, oooh baby…I want you to take it all the way down

Work my body in and out Feels so good inside of me…" [Cory Lee-*"Sex me slow"*] (Lee, 2007).

"Maybe in the parking lot, Better bring your friend along, Better off together than just one at a time. *[Chorus]* S is for the simple need. E is for the ecstasy. X is just to mark the spot, Because that's the one you really want. (Yes!) Sex is always the answer, it's never a question, 'Cause the answer's yes, oh the answers (Yes). Not just a suggestion, if you ask the question, Then it's always yes. Yeah! (YES) Yeah, yeah, yeah. Yeah, yeah, yeah. Yeah, yeah, yeah…" [Nickleback-*"S.E.X."*] (Kroeger, 2008).

"Our bodies touching, I just can't get enough I wanna love you, love you, love you, love you, love you, eh Won't let you sleep, I gotta satisfy my needs I need to love you, love you, love you, love you, love you, eh And when the sun rises, there's one thing on my mind I want sex for breakfast, stay inside And even though we made sweet love all night I need sex for breakfast, feels so right Might be late for work, but I promise that it's worth it baby Don't go So hungry for you, taste me and I'll taste you There's no stopping what I'll do to get you in the mood...And when the sun rises, there's one thing on my mind Sex for breakfast (I need it, I want it), stay inside (when the morning comes)..." [Christina Aguilera-"Sex for breakfast"] (Fisher & Aguilera, 2010).

"Let me be your love machine X-rated movie scene My teenage dream…Ching, chong cha, play me like a pornstar You can be my dinosaur Baby I can make you ROAR!...Gimme, gimme, gimme love in my world Gimme, gimme love fast, gimme, gimme love slow Gimme makre like a flace… In a room Touching the tools Shaking your body cause your dripping out drool Pretty soon move to the really Mr. right…You can be my mistress Cause I'm here to serve…" Jax Panik- "Dinosaur"] (Van Heerden, 2011).

"Nobody knows what I'm feeling inside I find it so stupid So why should I hide That I love to make love to you baby (yeah make love to me) So many ways wanna touch you tonight I'm a big girl got no secrets this time Yeah I love to make love to you baby (yeah make love to me)…Baby your fire is lighting me up The way that you move boy is reason enough That I love to make love to you baby (yeah make love to me) I can't behave Oh I want you so much Your lips taste like heaven So why should I stop? Yeah I love to make love to you baby (yeah make love to me)…Mr Worldwide, and the world's most beautiful

woman Modern day Hugh Hef (uh, yes) Playboy to the death (uh, yes) Is he really worldwide? (uh, yes) Mami let me open your treasure chest Play dates, we play mates I'm the king at snatching queens, checkmate…Want the recipe? it's real simple, Little bit of voli, and she'll open sesame…who cares what they're gonna say (let's do it do it do it)…" [Jennifer Lopez-"Dance again"] (Iglesias *et al.,* 2012).

*(c) Aanmoediging om dwelmmiddels te misbruik*

Die boodskap in sommige sekulêre musiek "promote or glorify" die gebruik van dwelms (Denisoff, 1995:411). In aansluiting hierby sê Ghodse (2008:80) dat die lirieke van sommige popsterre se liedjies op direkte of indirekte wyse propageer dat die rook van dagga en/of die gebruik van ander dwelmmiddels 'n normale en aanvaarbare deel van enige persoon se lewe behoort wees. Voorbeelde hiervan word gesien in die lirieke van die volgende liedjies.

> "Pot smokin', beer drinking…I spend my time killing brain cells…Droppin dot [LSD] or sniffin that blow [cocaine]…" [Kid Rock-"Killing brain cells"] (Ritchie, 1990).

> "Follow me and do exactly what the song says: smoke weed, take pills, drop outta school, kill people and drink…" [Eminem-"Role model"] (Breeden *et al.,* 1999).

*(d) Aanmoediging tot geweld en rebellie*

Wass en Neimeyer (1995:277) redeneer dat Rock-musiek die katalisator was vir adolessente se rebellie en opstand teen gesagsvorme in die verlede en dat hierdie tradisie spesifiek voortgesit word deur hedendaagse "heavy metal" en "rap"-musiek. "These songs promote hate, violence, and murder, and the targets are women, ethnic and religious minorities, and authority figures." Lim en Koh (2007:162) benadruk dat anargie, rebellie en opstand teen alle gesagsvorme openlik in die lirieke van veral "heavy metal" en "rap"-musiek weergegee word. Die volgende dien as voorbeelde hiervan.

> "Hey! Think the time is right for a palace revolution...I'll shout and scream, I'll kill the King…Now is the time for violent revolution…" [Rolling Stones-"Street Fighting Man"] (Jagger & Richards, 1968).

> "I am an anti-christ I am an anarchist Don't know what I want But I know how to get it I wanna destroy the passerby 'Cause I wanna be Anarchy!...How many ways to get what you want I use the best I use the rest I use the N.M.E. I use Anarchy 'Cause I wanna be Anarchy! It's the only way to be...I wanna be

Anarchy And I wanna be Anarchy (Oh what a name) And I wanna be anarchist Get pissed, destroy!" [Sex Pistols-"Anarchy in the U.K."] (Matlock *et al.,* 1976).

"Have you ever been hated, or discriminated against? I have; I've been protested and demonstrated against Picket signs for my wicked rhymes, look at the times Sick as the mind of the motherfucking kid that's behind All this commotion emotions run deep as oceans exploding Tempers flaring from parents just blow 'em off and keep going Not taking nothing from no one give 'em hell long as I'm breathing Keep kicking ass in the morning and taking names in the evening Leave 'em with a taste sour as vinegar in they mouth See they can trigger me, but they'll never figure me out Look at me now; I bet ya probably sick of me now ain't you momma? I'mma make you look so ridiculous now…My faggot father must have had his panties up in a bunch 'Cause he split, I wonder if he even kissed me goodbye No I don't. On second thought I just fucking wished he would die…" [Eminem-"Cleaning out my closet"] (Mathers & Bass, 2002).

*(e) Aanmoediging tot homoseksuele gedrag*

Volgens Strover (2012:119-120) is baie liedjieskrywers daarop ingestel om lirieke te skryf wat homoseksualiteit en wellustige gedrag onder jongmense aanmoedig. Hudson (2012:64) beskryf die blatante en openlike promovering van homoseksualiteit as "shameful and disgusting".

"So baby let me follow you down (let me take a peek dear) Baby let me follow you down (do me, do me, do me all night) Baby let me follow you down (turn the other cheek dear) Baby let me follow you down (do me, do me, do me, do me) Ooh what a funky lady She like it, like it, like it, like that. Ooh he was a lady…" [Aerosmith-"Dude looks like a lady"] (Tyler *et al.,* 1987).

"This was never the way I planned, not my intention. I got so brave, drink in hand, lost my discretion. It's not what I'm used to, just wanna try you on. I'm curious for you, caught my attention. *[Chorus:]* I kissed a girl and I liked it, the taste of her cherry chapstick. I kissed a girl just to try it, I hope my boyfriend don't mind it. It felt so wrong, it felt so right. Don't mean I'm in love tonight. I kissed a girl and I liked it (I liked it). No, I don't even know your name, it doesn't matter. You're my experimental game, just human nature. It's not what good girls do, not how they should behave. My head gets so confused, hard to obey. *[Chorus]* Us girls we are so magical. Soft skin, red lips, so kissable.

> Hard to resist, so touchable. Too good to deny it. Ain't no big deal, it's innocent. *[Chorus]*". [Katy Perry-"I kissed a girl"] (Cathy *et al.,* 2008).

### *(f) Aanmoediging om eiesinnig te wees*

Wingate (2012:128) wys daarop dat daar baie lirieke in hedendaagse musiek bestaan wat die luisteraars aanmoedig om te doen wat hulle wil of wat hulleself tevrede stel, sonder om hulle te steur aan enige vorm van wetgewing. Dit word duidelik weerspieël in die volgende lirieke:

> "Heaven is deception, faith is a cell, This is the final darkness before the dawn Tomorrow is the work, let the work be done This bread I eat, this oath I swear As I enflame myself with prayer There is no grace; there is no guilt There is the law; DO WHAT THOU WILT I don't know who I am I don't know where to go…To do pleasure on earth…" [Lords of the new church-"Do what thou wilt"] (James & Bator, 1984).

> "Ek sal doen net wat ek wil Ek sal sê net wat ek wil Ek sal gaan net waar ek wil Want ek kan, want ek is jonk Ek sal lewe van dag tot dag Ek sal party in die nag Ek sal altyd laaste lag, Want ek kan, want ek is jonk *[Koor]* Vir die res van my lewe wil ek jonk bly Vir die res van my lewe wil ek jonk bly Wil die lekker lewe leef tot in ewigheid Saam met jou Ek wil jonk bly" [Nic Stevens-"Jonk bly"] (Stevens, 2004).

### *(g) Aanmoediging om leuens te vertel*

Newman (2009:46) fokus die aandag daarop dat leuens een van die vernaamste boodskappe is wat deur musiek oorgedra word en dat adolessente baie vatbaar is vir die boodskappe wat deur die musiek gekommunikeer word (vgl. Luce & Luce, 2011:308).

> "I'd never tell you one lie, I'd never let you down, I'd never leave, I'd be the one who'd always be around…I'd lie for you and that's the truth Do anything you asked me to I'd even sell my soul for you I'd do it all for you If you just believe in me…" [Meatloaf-"I'd lie for you"] (Warren, 1995).

> "Some lie about who they love Some lie about the truth Some lie to save their lives Some lie about their youth Some lie about age and beauty, The conquest of sex…I've lied about most everything…Some lie in the face of death Some lie about their fame Some kneel and lie to God Some lie about their name, Some lie in words and speeches With every living breath The young lie with

their guitars The old lie for a little respect…I've lied for a drug or two I've lied about most everything…" [Elton-"John-Lies"] (Taupin, 1995).

"I want to drink from your loving cup Swear, I'll never give you up…I wanna lie here close to you Look at what you made me do Darlin' you're the reason why I drink, swear, steal and lie…" [Michael Peterson-"Drink, swear, steal and lie"] (Peterson & Carpenter, 1997).

"Tell me I'm a screwed up mess That I never listen, listen…Spare me what you think and…Tell me a lie (Oh, oh, oh) Tell me a lie (Oh, oh, oh) Tell me a lie (Oh, oh, oh) Tell me a lie!...Spare me what you think and tell me a lie Tell me a lie! Tell me a lie! Tell me a lie! Tell me a lie!" [One Direction-"Tell me a lie"] (Meredith, 2011).

"Don't say it's all for the better Oh, I need you to lie, to lie to me I'll stand for the greatest pretender I know you won't die for me But say you will Just lie to me, to me…" [The Wanted-"Lie to me"] (Adams & Kennedy, 2011).

"If this room was burnin' I wouldn't even notice 'Cause you've been taking up my mind With your little white lies, little white lies…You say you're a good girl but I know you would girl, 'Cause you've been telling me all night. With your little white lies, little white lies. With your, little white lies, little white lies…" [One Direction-"Little white lies"] (Hector *et al.,* 2013).

Wat baie duidelik uit bogenoemde lirieke na vore kom, is dat die luisteraars aangemoedig word om bewustelik of onbewustelik besluite te neem wat tot hulle morele ondergang kan lei. Sommige van die lirieke is baie direk oor seker aangeleenthede, terwyl daar tog lirieke is wat die negatiewe boodskap meer subtiel oordra.

## 4.4 GEVOLGTREKKING

Adolessensie is 'n baie belangrike tydperk in die lewe van jongmense en vanweë die kompleksiteit van die mens se totale wese kan al die invloede tydens hierdie lewensfase verreikende gevolge vir die jongmens se lewe vorentoe inhou. Met dit in gedagte, is dit dus van kardinale belang dat middel-adolessente positief beïnvloed moet word en Christelike waardes geleer word. Alle rolspelers, naamlik ouers, die kerk, onderwysers en familie, het 'n groot verantwoordelikheid teenoor middel-adolessente om hulle effektief te begelei tot volwassenheid en om hulle deeglik toe te rus, sodat hulle as verstandige en deeglik ingeligte jongmense, ingeligte besluite kan neem wat hulle lewens tot voordeel sal strek.

Die literatuurstudie het duidelik aan die lig gebring dat die lirieke en musiek as ‘n eenheid ‘n baie sterk medium is wat positief sowel as negatief aangewend kan word. Gekombineer met ‘n video, dra dit ‘n veel sterker boodskap aan die luisteraar/kyker oor. Dit blyk egter dat baie van die musiek waarna sommige adolessente luister, ‘n groot verskeidenheid negatiewe boodskappe oordra deur die lirieke. Hierdie boodskappe sluit ondermeer in:

- die aanmoediging om alkohol te misbruik;
- die aanmoediging om seksueel losbandig te wees;
- die aanmoediging om dwelmmiddels te misbruik;
- die aanmoediging tot geweld en rebellie en die ondermyning van gesag;
- die aanmoediging tot homoseksuele gedrag;
- die aanmoediging om eiesinnig te wees;
- die aanmoediging om leuens te vertel.

Die boodskap in sekere sekulêre musiek waarna sommige middel-adolessente luister, bevat soms ‘n direkte, en in ander gevalle, ‘n subtiele verskuilde boodskap, met die onderliggende tema van “do what thou wilt”.

Die aanmoediging tot alkohol- en dwelmmisbruik, gewelddadigheid, die ondermyning van gesag, seksuele promiskuïteit en homoseksuele gedrag, word ook verder bevorder deur sommige van die musiekvideo’s waarna tieners kyk, hetsy op televisie, rekenaars of selfone. Die feit dat musiek ‘n integrale deel van middel-adolessente is, en dat hulle gereeld aan negatiewe boodskappe blootgestel word, dra dus ongetwyfeld by tot die negatiewe uitwerking op die vorming van hulle morele waardes. Die invloed van die lirieke en die krag van musiek moet dus nie onderskat word wanneer die onderwerp van morele vorming van middel-adolessente ter sprake is nie.

# HOOFSTUK 5: SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE MOREEL-ETIESE TOERUSTING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT: EFESIËRS 1:1-4:16

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is daar ondersoek ingestel na bestaande literatuur oor die onderwerp van moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent en enkele dinge wat 'n invloed op die vorming van die middel-adolessent uitoefen. In dié hoofstuk val die lig op Osmer (2008:4) se normatiewe taak, wat vra, "Wat is veronderstel om aan te gaan?"[8] Osmer beskou teologiese navorsing en interpretasie as deel van die normatiewe taak. Tydens die normatiewe taak word die Bybelse teorie nie net verduidelik nie, maar daar word ook gefokus op dit wat veronderstel is om teologies plaas te vind (2008:131). In hierdie hoofstuk kom 'n eksegetiese beoordeling van die volgende Nuwe Testamentiese perikope aan die beurt met die doel om riglyne vir die praktyk te ontwikkel: Efésiërs 4:1-6; 4:7-16; 4:17-32. In hoofstuk 6 sal die volgende gedeeltes ondersoek word: Efésiërs 5:1-6; 5:7-14; 5:15-21; 6:1-4; en 6:10-20.

Nel (2014:187) vestig die aandag daarop dat die eksegese van 'n Bybelse teks 'n baie gekompliseerde aangeleentheid is wat 'n versigtige verklaring van 'n mens se vooronderstellings, sowel as 'n mens se keuse van eksegetiese praktyke behels.

> "The circumstances 'behind' the text and the role of the reader 'in front of' the text are important in the hermeneutical process but it cannot form the point of departure for the process of interpretation. In reading any literary work, the process of reading and understanding starts at all times with the text, and not the circumstances of the author or reader." (Nel, 2014:187).

In die afgelope jare was daar 'n dramatiese uitbreiding van die metodes wat gebruik word om die teks te interpreteer. Brueggemann (1997:58) is van mening dat daar nie op 'n enkele metode van teksinterpretasie gesteun moet word nie en dat ander interpretasies van die teks nie buite rekening gelaat moet word nie. Kennedy (2006:128) voer aan dat die moderne neiging daarop toegespits is om die teks op verskeie wyses te benader. Kennedy is van mening dat baie navorsers dit eens is dat daar geen rede is waarom verskillende menings

---

[8] Soos in hoofstuk 1 genoem, gebruik dié studie Osmer (2008:4) se ordeningsmodel vir prakties-teologiese interpretasie wat vier take beskryf. Die beskrywend-empiriese taak vra: "Wat gebeur tans?" Die interpreterende taak wat in die vorige hoofstuk behandel is, beantwoord die vraag: "Waarom het dit gebeur?" Die normatiewe taak vra: "Wat is veronderstel om te gebeur?" en kom in hoofstuk 5 en 6 aan die beurt. In die laaste hoofstuk kom die pragmatiese taak aan die beurt: "Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?"

van die primêre lokus van betekenis en hulle gepaardgaande metodes gesien moet word as wedersydse uitsluiting en teenstrydige benaderings nie. Die uitdagings en kwessies wat in die teks voorkom, moet eerder die bepalende faktor wees vir watter metode(s) van eksegese gebruik gaan word, ten einde die betekenis van die teks te ontsluit. Daar kan na hierdie manier van teksontleding verwys word as probleemgeoriënteerde ontleding, wat lei tot 'n metode van pluraliteit. Die versmelting van skrywergesentreerde, teksgesentreerde en lesergesentreerde menings, kan 'n veel ryker, geïntegreerde begrip van betekenis as enige enkele benadering in isolasie verskaf. Die volgende opmerking word deur Tate gemaak:

> "meaning results from a conversation between the world of the text and the world of the reader, a conversation informed by the world of the author." (Tate, 1997:xxiv).

Nel (2014:189) redeneer dat die teks aan lesers vrae bied en dat hierdie vrae bepaal watter metodes gebruik moet word om die teks te interpreteer. Nel maak die volgende opmerking:

> "The issues inherent to the text send the reader to the gallery of instruments to find the correct methods in order to unlock its meaning, as the diamond cutter allows the specific diamond to determine the way it will be cut."[9] (Nel, 2014:189).

Vir die doeleindes van hierdie studie is die navorser van mening dat "the gallery of instruments to find the correct methods in order to unlock its meaning" (Nel, 2014:189) in die gebruik van die grammaties-historiese eksegetiese metode lê.

## 5.2 GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGESE AS BENADERING (Jordaan *et al.,* 2011:234).

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die grammaties-historiese eksegetiese metode gevolg word. De Klerk (1937:221) voer aan dat grammaties-historiese metode van eksegese die meeste aftrek by die Biblisiste kry (vgl. Van Deventer, 2011:294). Volgens Jordaan *et al.* (2011:234) is grammaties-historiese eksegese "'n hermeneutiese model waarvan die wortels in die eksegetiese praktyke van die vroeë kerk te vinde is", en binne hierdie model "dien dit wat in die Bybel geskryf staan, as grondslag vir die eksegese". Die uiteindelike doel is om deeglike rekenskap te gee "van dit wat in die Bybel geskryf staan". De Klerk (1937:279)

[9] Die beeld van die diamantslyper is afgelei van 'n opmerking van professor Jan van der Watt in 'n gesprek met professor Marius Nel op 16 Oktober 2013.

vestig die aandag daarop dat daar in hierdie metode van eksegese ag geslaan word op die grammatiese vorme, wat gebruik is, en daar word ook op die betekenis van die woorde gelet in die sin waarin dit staan, sowel as op die gebruik van die bepaalde woord op parallelle plekke in die Bybel. Daar moet ook ondersoek ingestel word na die historiese waarde van die teks, voordat dit op die hedendaagse leser se lewe van toepassing gemaak kan word. Schmidt (2011:774) meen dat die leser eers die historiese boodskap wat die skrywer aan sy gehoor/lesers wou oordra moet verstaan, voordat daar gevra kan word: "Wat beteken dit vir vandag se lesers?" Volgens De Klerk (1937:279) lê die taak van die eksegese dus daarin om te vra; "Wat openbaar God in sy Woord?" Nadat hierdie openbaring ontvang is, moet dit wat daar staan so duidelik as mootlik weergegee word (vgl. Jordaan *et al.,* 2011:234). Kaiser en Silva (2007:281) is dit eens dat grammaties-historiese eksegese fokus op die terugkeer na die oorspronklike tale en historiese situasie van die teks (vgl. Jordaan *et al.,* 2011:234). Momberg (2000:5) meen dat die eksegeet sy soeke na die betekenis van 'n Skrifgedeelte begin deur "te wete te kom wat die woorde (Grieks: *Grammata*) in hulle historiese inbedding beteken het". Die eksegeet strewe dus daarna "om die teks te verstaan deur die volle taaluiting/taalvorm" van die bepaalde Skrifgedeelte te ontbloot. Dit word gedoen deur:

- Noukerig na te vors wat die korrekte grondteks is;
- Deur gebruik te maak van taalhandboeke, woordeboeke en konkordansies;
- Deur sintaktiese skakels te ontleed;
- Semantiese velde na te vors;
- Die historiese inbedding na te vors (Momberg, 2000:5).

Momberg (2000:5) sê: "Die grammaties-historiese metode neem die volle openbaring soos dit gegee is, ernstig, in die sin dat dit aanvaar word as WERKLIKE kommunikasie van die WARE God met WERKLIKE mense. Die grammaties-historiese eksegse neem eerstens die grammatiese ernstig omdat die grammatiese uiteindelik die betekenis van die teks bepaal." (vgl. Jordaan *et al.,* 2011:235). Tweedens word die historiese inbedding van die teks ernstig opgeneem, omdat die teks nie in 'n tydsvakuum plaasgevind het nie, "maar in alle werklikheid tot die kerk gekom het" (Momberg, 2000:5 vgl. Jordaan *et al.,* 2011:236). Momberg beklemtoon dat die verklaring by grammaties-historiese eksegese van so aard is, dat die grammatiese en historiese "mekaar aanvul en versterk, maar nie weerspreek nie".

Van der Walt (2009:15) fokus egter die aandag daarop dat een van die belangrikste leemtes in die grammaties-historiese metode daarin lê, dat dit "teksgebonde is en die huidige leser se rol by eksegese min of meer ignoreer." Hoewel die motief goed mag wees, naamlik om die Skrifgesag te 'beskerm', dateer dit uit 'n tyd toe daar nog in 'n neutrale beoefening van die wetenskap geglo is, onder die invloed van rasionalisme. "Dit hou dus nie rekening met

die werklike stand van sake van enige soort interpretasie nie. Die werklike situasie is dat dit onmoontlik is om die rol van die huidige leser/eksegeet by die lees van ’n Skrifgedeelte uit te skakel.” Silva maak die volgende opmerking:

> “Biblical interpreters in earlier centuries have of course been conscious of the role played by personal bias, but they have simply taken it for granted that such a bias could be overcome. It certainly would not have occurred to them that in the very nature of the case we are incapable of grasping objective reality” (Silva, 1987:112).

Van Deventer (2009:12-23) staan ook krities teenoor die grammaties-historiese metode van eksegese en redeneer (2011:294) dat die grammaties-historiese metode “nie genoegsaam rekening hou met al die aspekte (nl. histories-, literêr- en lesergefokus) wat in die leerproses ter sprake is nie.”

Ten spyte van die leemtes wat daar in die grammaties-historiese metode kan wees, sal dit ingespan word, met die oog op die ontwikkeling van riglyne vir die praktyk om middel-adolessente moreel-eties toe te rus. Die navorser sal, in sy omgaan met die teks, daarop bedag wees dat daar nie in die moontlike slaggate van hierdie metode getrap word nie. Momberg (2000:5-6) wys daarop dat die grammaties-historiese metode sterk konsentreer “op die natuurlike manier waarop die Bybelteks homself aanbied” en dat daar rekening gehou word met die feit “dat die soewereine drie-enige God Homself kenbaar maak en verstaan wil wees binne die beperkings van die natuurlike kommunikasieprosesse van ons gebroke menswees”.

## 5.3 DIE KEUSE VAN ‘N PERIKOOP

Van Rensburg *et al.* (2011:37-38) beskryf ‘n perikoop as ‘n paragraaf, “‘n hulpmiddel wat in bladuitleg gebruik word om aan te dui dat ‘n bepaalde tema (of onderdeel van ‘n tema) daarin aan die orde is.” Die perikoop moet ‘n enkele gedagte-eenheid vorm, waarbinne ‘n sekere tema of sub-tema behandel word. Soms is daar merkers wat aandui waar ‘n bepaalde tema of sub-tema begin en eindig. Die merkers kan egter nie alleen as aanduidings gebruik word nie, maar die inhoud van die betrokke gedeelte moet meespeel by die interpretasie van die merkers. Die indelings van kommentare kan ook as nuttige aanwysings gebruik word. Jordaan *et al.* (2011:236) vestig die aandag daarop dat die “deeglike verekening van die tekstuele konteks van sowel die perikoop (paragraaf) as die boek waarin die perikoop” voorkom, belangrik is omdat die verklaarder hierdeur voorsorg tref dat die betrokke Skrifgedeelte nie uit verband verklaar word nie. Jordaan *et al.* maak die volgende opmeking met betrekking tot die afbakening van ‘n perikoop:

> "Perikoopafbakening berus grootliks op die verklaarder se oordeel oor die gedagte-opbou van die betrokke boek. Binne die geheelargument van die betrokke boek vervul elke perikoop 'n spesifieke funksie. Die verklaring van die intra-argument van die perikoop moet die funksie van hierdie paragraaf binne die argument van die hele boek verreken." (Jordaan *et al.,* 2011:236).

Volgens Van Rensburg *et al.* (2011:43; 45-46) is 'n verdere belangrike aspek van eksegese dat die genre[10] van die perikoop, en van die boek waarin die perikoop voorkom, bepaal moet word. Daar word "algemeen aanvaar dat elke genre sy eie interpretasiereëls het, wat in 'n mindere of meerdere mate oorvleuel met dié van ander genres". Hoewel sommige boeke van die Bybel as 'n spesifieke genre getipeer word, is dit by ander boeke "nodig dat die verskillende onderdele van die boek apart ten opsigte van genre geklassifiseer word". Kugler en Hartin (2009:330-336) vestig die aandag daarop dat die Nuwe Testamentiese geskrifte hoofsaaklik in drie groot literêre genres verdeel is, naamlik, narratiewe, briewe en die apokalips. Die vier Evangelies (Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes) en Handelinge val in die genre van narratiewe, gevolg deur die 21 briewe (literêre en egte briewe) en die apokalipstiese genre, bestaande uit Openbaring. Van Rensburg *et al.* (2011:45-46) wys daarop dat in die Grieks-Romeinse wêreld slegs die genre van briewe gebruik was. Die ander genres was uniek aan die Christendom, en in die geval van die apokaliptiese literatuur (soos Openbaring), uniek aan die Jodedom en die Christendom. Daar is ook mikro-genres wat onderskei word, "soos die huistafels[11] (1 Pet. 2:13-3:7); toesprake (bv. Hand. 2:14-36); liedere (bv. Luk. 1:46-55); gelykenisse (bv. Matt. 13:1-8); 'wysheidspreuke' (Matt.13:9); briewe in ander boeke (Hand. 16:23-29)" (Van Rensburg *et al.,* 2011:45). Met betrekking tot die briewe word daar tussen twee soorte briewe onderskei, naamlik: literêre briewe en egte briewe. 'n Literêre brief (of *epistel*) "is wanneer die uiterlike briefvorm gebruik word om materiaal te publiseer wat nie as 'n brief onstaan het nie" (Van Rensburg *et al.,* 2011:45). In

[10] "Genre" is 'n soort "literatuur wat onderskei kan word van ander soorte, soos epiek, liriek of dramatiek." (Van Rensburg *et al.,* 2011:327).

[11] "Huistafels": Gedurende die Nuwe Testamentiese tyd is daar van elke persoon binne die geslote sosiale gemeenskappe verwag om hulleself op 'n bepaalde wyse te gedra. "Dit is nie vreemd om lyste of kodes in die literatuur van daardie tyd te vind" wat bepaalde gedragsvoorskrifte, vir bepaalde verhoudings, soos die huweliksverhouding tussen mans en vroue, tussen kinders en hulle ouers, tussen slawe-eienaars en hul slawe, en burgers en die staat, bevat nie. Voorbeelde hiervan is ondermeer te sien in Efésiërs 5:21-6:9; Kolossense 3:18-4:1 en 1 Pet.2:13-3:7 (Van Rensburg *et al.,* 2011:327).

die Nuwe Testament bestaan hierdie literêre briewe uit preke of toesprake, waar die briefaanhef (begin) en briefslot (einde) bygevoeg is. Voorbeelde hiervan is Hebreërs en Jakobus. ‘n Egte brief is ‘n gewone brief. “Hierdie briewe is geskryf om spesifieke probleme wat in bepaalde gemeentes ondervind is, aan die orde te stel” (Van Rensburg *et al.,* 2011:45). Hier sal ‘n bepaalde skrywer dan vanuit sy eie situasie skryf, “in ‘n poging om oplossings vir hierdie probleme te verskaf” (Van Rensburg *et al.,* 2011:46). Dit is belangrik om te onthou dat wanneer inligting vanuit hierdie briewe geïnterpreteer word, met die oog op die toepassing in hedendaagse situasies, die omstandighede wat tot die skryf van die brief gelei het, ten volle verreken moet word. Voorbeelde hiervan is 1 en 2 Korinthiërs.

Die doel van die eksegese in hierdie verhandeling is om vas te stel wat God se Woord aangaande die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente leer en om riglyne neer te lê wat gebruik kan word om die jeug in die AGS te begelei tot verantwoordelike en geestelike volwasse besluitneming.

## 5.4 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES UIT EFÉSIËRS

### 5.4.1 Keuse van ‘n teks

Om enige teks te verstaan, is dit noodsaaklik om te besef dat tekste wêreldbeelde skep en dat literatuur mense vorm (Steyn, 2005:11). In hierdie verband meen Young (2001:81) dat eksegese ‘n diskoers[12] is, wat die teks in staat stel om die leser en lesersgemeenskappe herhaaldelik te vorm. Die Bybel beskik oor die vermoë om die Christengelowige se verbeelding, hoop en vrese, verwagtings of ambisies aan te spreek en dit uit te daag om te verander. Deur erns hiermee te maak, kan belangrike godsdienstige dinamika binne 'n tradisie verstaan word. Die effek van diskoers op die vorming van ‘n tradisie mag nooit onderskat word nie.

Die keuse van ‘n teks berus hoofsaaklik op die behoefte van ‘n bepaalde groep mense, wat geïdentifiseer en aangespreek moet word, sodat daar duidelikheid sal bestaan oor wat God se wil oor die bepaalde saak beskryf (Fee, 2002:135). Van Rensburg *et al.* (2011:33) redeneer dat daar ‘n tweeledige taak op die keuse van ‘n teks berus en die Skrifgedeelte op so ‘n wyse oorgedra sal word dat:

---

[12] “Diskoers” verwys na die retoriek van die narratief: *hoe* word die verhaal vertel? Dit impliseer dat dit moontlik is om verhale op dieselfde gebeure en met dieselfde karakters en agtergrond op verskillende maniere te vertel (Smith, 1996:19).

- ❖ God deur die verklaring van ‘n bepaalde Skrifgedeelte die Een is wat spreek;
- ❖ Die hoorder (leser) ‘n boodskap sal ontvang wat die huidige stand van hulle “geloofs(on)volwassenheid” sal aanspreek en “wat tot in die hart van hulle bestaansnood, roepingsbesef en roepingsvervulling” sal deurdring.

Die keuse van ‘n Skrifgedeelte bring mee dat die navorser ‘n gedeelte moet kies wat die volle waarheid van God se wil en plan vir sy mense beskryf. So ‘n gedeelte moet die “bepaalde omstandighede, met geloofsworstelinge en geloofsagterstande” aanspreek, sodat daar duidelikheid sal bestaan oor die roeping en plan van God (Van Rensburg *et al.,* 2011:33). Die betrokke Nuwe-Testamentiese brief en Skrifgedeeltes daaruit wat geëksegetiseer word, is doelbewus met dié riglyne in gedagte gekies omdat dit oor geestelike volwassenheid by gelowiges handel.

By die keuse van ‘n Skrifgedeelte moet daar ook in ag geneem word dat die Bybel uit verskillende genres bestaan. Hierdie genres sluit onder meer narratiewe, geskiedskrywing, wysheidsliteratuur, profetiese literatuur, kultiese literatuur, wettiese literatuur, poësie, gedigte, gesange of liedere, genealogie, evangelies, gelykenisse, briewe en die apokaliptiek soos die Openbaring van Johannes (Van Rensburg *et al.,* 2011:43; vgl. Hayes & Holladay, 2007:95; Lanci, 2002:44). Noukeurige aandag moet aan die verskillende genres gegee word, omdat dit ‘n belangrike komponent is vir 'n korrekte begrip van God se Woord (Futato, 2007:13).

### 5.4.2 Agtergrond

Volgens Klein (2006:21) laat die openingswoorde van die brief aan die Efesiërs geen twyfel oor die identiteit van die skrywer, die apostel Paulus nie. Hy (Klein) wys ook daarop dat die brief aan die Efésiërs een van die vier briewe is wat Paulus geskryf het terwyl hy in die gevangenis was, (saam met Filippense, Kolossense en Filémon). Daar is egter ‘n hele aantal faktore wat daartoe gelei het dat geleerdes in die afgelope paar eeue die outeurskap van Paulus begin bevraagteken het. Die redes vir die verskille word hoofsaaklik toegeskryf aan verskille in die taalgebruik en grammatika. Dit verskil van die ander briewe soos Romeine, Galasiërs, 1 en 2 Korinthiërs, Filippense, 1 Thessalonicense en Filémon (vgl. Cohick, 2010:5 Klein, 2006:21-24). Vir ‘n volledige bespreking oor die skrywer, die gehoor/belanghebbenes en die agtergrond van die brief, raadpleeg Fowl (2012:1-28); Hoehner (2002:2-60); Muddiman (2001:1-54); en Verhey en Harvard (2011:21-31).

### 5.4.3 Struktuur van Efésiërs

#### *5.4.3.1 Struktuur van Efésiërs 1-3*

Vanweë die aard van die navorsing sal daar nie in detail na struktuur en uitleg van die brief gekyk word nie. Vir meer indiepte-inligting rakende die onderwerpe kan Hoehner (2002:64-69); Mbennah (2009:37; 44-45); en Petrenko (2011:1-25) geraadpleeg word. Hier word net 'n oorsig oor die struktuur van die brief gegee. Na die openingsrede (1:1-2) bring die skrywer uitgebreide lof aan God vir al die geestelike voordele vir diegene wat in Christus is (1:3-14), gevolg deur Paulus se danksegging aan die lesers vir hulle geloof en liefde en 'n petisie vir wysheid en openbaring (1:15-23). Die lesers word herinner aan hulle verhouding met God, voor en na hulle bekering (2:1-10), en die nuwe eenheid tussen die Jode en die heidene wat gelowig geword het wat nou as een persoon en een kerk gesien word (2:11-22). Gevolglik is daar nie net eenheid tussen God en die mens nie, maar ook tussen die Joodse en heidense gelowiges. Dan volg Paulus se beskrywing van die misterie van die eenheid tussen Joodse en heidense gelowiges in Christus en sy bediening om hierdie misterie aan die heidene oor te dra (3:1-13). Die eerste gedeelte van die brief word afgesluit met 'n gebed dat die gelowiges in Efése in liefde versterk mag word, sodat die eenheid van die Joodse en die heidense gelowiges in God tot uitvoer kan kom (Hoehner, 2002:61-62). Daar is grootliks konsensus dat die struktuur van Efésiërs in die vorm van 'n brief is[13]. Vanweë die konsensus sal die teks as 'n brief hanteer word en daar word aanvaar dat Paulus die outeur daarvan is (Breed, 2013a:2). Siende dat verskeie temas deurlopend in die brief aangespreek word, bestaan daar 'n groot aantal menings rakende die doel en sentrale temas van die brief (Barnard, 2009:167)[14].

Hagee (2004:1409-1410) is van mening dat hoewel die verskillende kommentaarskrywers elkeen hulle eie siening het rakende die sentrale temas van die brief, die eenheid van en die eenheid binne in die kerk as van die vernaamstes beskou moet word. Buiten die temas van eenheid in en van die kerk, lig Hagee ook uit dat die kerk beskou moet word as die heilige liggaam van Christus en dat gelowiges aangemoedig word om tot volwassenheid in Hom te groei (Ef. 4:14-15). Bhae (2000:176-184) is op sy beurt oortuig dat die brief uitsluitlik op die

---

[13] Vergelyk Witherington III (2007:216-219) vir 'n alternatiewe mening, naamlik. dat Efésiërs eerder as homileties gesien moet word.

[14] Vergelyk Hoehner (2002:97-114) vir 'n bespreking van verskillende teorieë; Pretorius (2006:255) verwys na die "elusive centre" van Paulus se teologie om aan te dui dat dit nie so maklik is om van 'n sentrale tema te praat nie.

kerk van toepassing is en dat die kern van die brief in Efésiërs 1:15-19 saamgevat word. Volgens Hoehner (2008:27) laat die aanspreekvorm van "heiliges" geen twyfel dat die brief aan diegene gerig is wat hulle volkome vertroue in Jesus Christus geplaas het nie. Bhae (2000:176-184) identifiseer die drie aspekte: "Die hoop van God se roeping" (1:18c), God se "heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges" (1:18d) en "die uitnemende grootheid van God se krag" vir die gelowige (1:19). Volgens Van Rensburg (1993:1822) word die volgende temas weergegee: (a) God se doel. Ooreenkomstig die ewige en liefdevolle raadsplan van God is Hy besig om die redding van die mensdom te bewerk. (b) Christus die Hoof. Jesus Christus is verhoog as Hoof van die ganse heelal en die geskiedenis as 'n geheel. (c) Lewende kerk. Die kerk is 'n lewende liggaam, met Christus as die Hoof daarvan. Deur die gawes wat God aan die kerk gee, stel Hy die gelowiges in staat om die kerk op te bou. (d) Kinders van God. Omdat Christus die skuld vir die sonde betaal het, het God mense vergewe en is hulle met Hom versoen. Diegene wat die offer aanvaar het, word "kinders van God" genoem en is as gelowiges broers en susters, wat almal een Vader het. (e) Christelike gedrag. Paulus doen 'n oproep op alle Christene om verstandig en dinamies te lewe. Om 'n lid van die nuwe gesin te wees, het nie net bepaalde voorregte nie, maar dit vereis ook sekere verantwoordelikhede. Binne hierdie nuwe gemeenskap moet Christus se voorbeeld uitgeleef word.

Nadat Hoehner (2002:105-106) verskeie kommentaarskrywers se temas bestudeer het, kom hy tot die gevolgtrekking dat die sentrale tema van die brief aan die Efésiërs, liefde is. Die liefde verwys eerstens na God se liefde vir die mensdom en dan ook na gelowiges se liefde vir mekaar. Naas die sentrale tema van liefde identifiseer Hoehner (2002:106-114) ook die volgende sewe temas: (a) Die Drie-eenheid van God wat op agt plekke in die brief voorkom (Ef. 1:4-14, 17; 2:18, 22; 3:4-5, 14-17; 4:4-6; 5:18-20); (b) God as Vader, met agt verwysings, wat meer is as in enige ander brief van Paulus (Ef. 1:2, 3; 17; 2:18; 3:14-15; 4:6; 5:20; 6:23); (c) Christologie (Ef. 1:2-5; 7-8; 10-12; 15; 17; 20; 22-23); (d) pneumatologie (Ef. 1:13; 17; 2:18; 22; 3:5; 16-20; 4:3-6; 30; 5:18 6:17-18); (e) soteriologie (1:13-14; 2:1-3; 8-13; 16; 4:30; 5:2; 25); (f) ekklesiologie (Ef. 1:22; 3:10; 21: 5:23, 24, 25, 27, 29, 32) en (g) versoeningsleer (Ef. 2:1-10; 11-22; 3:1-12; 17-19; 4:1-3; 4-6; 7-11; 12-16; 5:15-20; 5:21-6:9; 6:10-20). Volgens Lloyd-Jones (1980:12-14) lê die grootste verskil tussen die brief aan die Efésiërs en die ander briewe wat Paulus geskryf het daarin dat dit vanuit 'n hemelse oogpunt geskryf is. "And that is the great theme of this Epistle: it holds us face to face with God and what God is, and what God has done…[We] are told that we are going to be given a view of the glory and the majesty of God" (Lloyd-Jones, 1980:13).

Ek deel in Hoehner, Bhae en andere se siening dat die brief aan die Efésiërs uitsluitlik aan die Kerk van Christus gerig is. Wanneer Christengelowiges volgens die voorskrifte van Efésiërs handel, soos met die res van die Bybel se voorskrifte, sal dit gewis 'n positiewe en betekenisvolle verandering in hulle lewens te weeg bring. Siende dat alle mense nie die Bybel as gesaghebbende Woord van God erken of aanvaar nie, sal die inhoud daarvan weinig of geen invloed op diesulkes se lewe uitoefen. Die Christengelowige wat in sy wandel met God deur die Heilige Gees bewus gemaak word van God se liefde en genade, soos dit in Efésiërs 1-3 weergegee word, begin om vanuit sy verhouding met God positief te reageer op God se liefde en genade. As kind van God strewe hy daarna om in elke fasset van sy lewe, sy denke, sy woorde en sy handelinge, te hou by God se voorskrifte vir 'n rein en heilige lewenswandel, waarin hy kan groei tot geestelike volwassenheid. Dit beteken noodwendig dat hy hom van enige onheilige leefwyse sal weerhou. In hierdie verhouding waar hy as kind van God in die lig en wysheid wandel, voer hy ook 'n geestelike oorlog teen die magte en owerhede van duisternis, om as kind van God staande te kan bly. Verder is ek van mening dat Hoehner se uitwysing van liefde as sentrale tema van Efésiërs korrek is. Die redes hiervoor is dat God nie net sy Seun in liefde gegee het as die Een wat die verlossing van die mensdom bewerkstellig het nie, maar dat Hy ook sy liefde aan die gelowiges bewys deur hulle toe te laat om sy kerk te bou. Die onderlinge liefde wat gelowiges vir mekaar het, spoor hulle ook aan om die ander lede van die liggaam toe te rus en op te bou, omdat hulle Christus, sy kerk en sy liggaam lief het. Naas die liefde is die eenheid van die kerk en die gelowiges se groei tot volwassenhed temas wat uitstaan.

Sproul en Wolgemuth (2011:353) beskryf die brief aan die Efésiërs as 'n "recipe for godly living". Bickel en Jantz (2003:15) sê: "Every recipe includes ingredients and instructions, and that's exactly what Ephesians has. The first part of the book gives us the ingredients of belief. This involves knowing God and what He has done for us in Christ. The second part of the book gives us the instructions for behaviour. This involves doing what God wants us to do." Dit stem ooreen met Fowl (2012:125) wat die brief aan die Efésiërs in twee hoofdele opdeel, naamlik, leerstellings en teologie (hfste.1-3), en pligte en etiek (hfste.4-6) (vgl. Hoehner, 2002:61; Kruger, 2005:534; Petrenko, 2011:1). Jordaan (1990:63-66) verskil egter hiermee en wys tereg daarop dat die brief in twee dele opgedeel kan word, maar dan moet onthou word dat daar in beide dele leerstellige sowel as praktiese aspekte voorkom. Die eerste deel handel meer oor dit wat God gedoen het, terwyl die tweede deel 'n heenwyse is na die mens se reaksie op God se genade.

Wanneer die resultate van die navorsing oor die eerste deel van Efésiërs en die belangrike temas in die brief toegepas word op die bediening van middel-adolessente kan die volgende riglyne daaruit verkry word:

- Middel-adolessente moet deur lering uit die Woord en die kragtige werking van die Heilige Gees oortuig word dat die liefde van God deur Jesus Christus aan hulle geopenbaar is en dat hulle, hulleself kan verheug in die hoop van Christus wat hulle tot die ewige lewe geroep het.
- Dit is belangrik dat adolessente sekerheid van hulle verlossing in Christus en die verseëling van die Heilige Gees sal hê. Hierdie sekerheid vorm die voorvereiste vir die lewe volgens God se riglyne soos in Efésiërs 4-6 beskryf.
- Middel-adolessente moet ook besef dat hulle as kinders van God tot geestelike volwassenheid geroep is, soos enige ander gelowige.
- Die bediening van adolessente moet hulle, hulle eenheid met die gemeente laat ervaar. Paulus het op verskeie plekke geskryf dat gelowiges eensgesind teenoor mekaar moet wees (Rom. 12:16, 15:5-6; 1 Kor. 1:10; 2 Kor. 13:11; Ef. 4:3; Fil. 2:2, 3:16; 1 Thess. 5:11; Tit. 3:10-11; 1 Pet. 3:8). Om hulle weerbaar te maak teen die aanslae wat deur musiek op hulle lewe gemaak word, is dit nodig dat hulle werklik 'n tuiste binne die gemeente vind. Middel-adolessente moet geleer en oortuig word dat hulle deel van die kerk van Jesus Christus is.
- Die kennis van die Drie-enige God en sy genade en liefde is belangrike toerusting vir die weerbaarheid van adolessente.

*5.4.3.2 Struktuur van Efésiërs 4-6*

Daar word nou spesifiek gefokus op Efésiërs 4-6 omdat dit 'n ryk bron is wat aandui hoe heiligheid deur die gelowige nagestreef moet word, hoe die individu homself/haarself van sondige praktyke moet weerhou en sodoende in die lig wandel, asook hoe om weerstand teen die bose magte te bied.

Die tweede gedeelte van Efésiërs waarna Jordaan verwys, handel oor die toepassing van die leerstelling en die gedrag van die gelowiges/kerk. Dit word weer in ses onderafdelings verdeel (Hoehner, 2002:62; 66-69; vgl. Fowl, 2012:125-213). In vyf van die ses gevalle word die woord "wandel" gebruik. Dit is sigbaar in;

(A) Wandel in eenheid (4:1-16);
(B) Wandel in heiligheid en nie soos heidene nie (4:17-32);
(C) Wandel in liefde en weerhouding van onheilige praktyke (5:1-6);
(D) Wandel in die lig (5:7-14);

(E) Wandel in wysheid (5:15-6:9);
(F) Staan vas in geestelike oorlogvoering (6:10-20);
(G) Gevolgtrekking (6:21-24) (Hoehner, 2002:vii; 62; 66-69).

Hoehner (2002:500) beklemtoon dat die woord "wandel" (Ef.4:1, 17: 5:2, 8, 15) herhaaldelik vanaf hoofstuk vier gebruik word, met verwysing na die gelowige se lewenswandel. Die enigste uitsonderings is in 6:10-20, waar daar na die gelowige se "staan" verwys word en daarna volg die slot en die seëngroet in 6:21-24. MacArthur (1986:119) is van mening dat "wandel", algemeen deur die Nuwe Testament gebruik word om te verwys na die daaglikse lewe van die Christen. Die vroegste Christene het dan ook van die "Weg" gepraat om hulleself as dissipels van Jesus aan te dui (Hand. 9:2; 19:9, 23; 22:4, 22). Volgens MacArthur fokus verse 1-16 van hoofstuk vier op eenheid binne die kerk en onder gelowiges, gevolg deur verse 17-32 wat fokus op die uniekheid van die Christelike lewenswandel. Hoofstukke 5 en 6 benadruk die noodsaaklikheid van morele reinheid, die wysheid, die beheer en leiding van die Heilige Gees, verantwoordelikhede binne die familie en geestelike oorlogvoering binne die Christelike lewenswandel.

Breed (2013a:5) is van mening dat die struktuur van Hoehner (2002:vii; 62, 66-69) rakende Efesiërs 4-6, beskou kan word as 'n beskrywing van hoe God se plan, wat in Efesiërs 1-3 beskryf is, veronderstel is om in die lewe van elke gelowige en in die lewe van die kerk te realiseer. Petrenko (2011:5) se beskrywing kan as basis gebruik word om die volgende punte te beklemtoon:

- ❖ Die gawes wat Christus aan sy kerk (wat uit die onderskeie gemeentes bestaan) as gelowiges skenk om hulle toe te rus, is tweeledig van aard. Dit dien as basis sodat hulle lewe in Christus toenemend sigbaar word (Ef.4:4-16) en ook vir eenheid binne die kerk (Ef.4:3).
- ❖ Die soteriologiese kontraste of dualisme in die vorige/huidige leefwyse van die gelowiges volgens Efesiërs 1-3 (vroeër/nou; dood/lewend; vreemdelinge/huisgenote) word gereflekteer in Efesiërs 4-6 en in die konsepte van duisternis/lig, dwaasheid/wysheid, onvolwassenheid/volwassenheid, twis/eenheid uitgebeeld (Ef.4:13-16; 17-5:2; 5:3-14; 5:15-22; vgl. Hoehner hierbo A, B, en C).
- ❖ Die kontraste met betrekking tot kennis (die ou/nuwe struktuur van visie en kennis) word in Efesiërs 4-6 gereflekteer, wanneer gelowiges aan die een kant aangemoedig word om hulle roeping (Ef. 4:1; vgl. 1:4-10, 18, 23) en die doel wat God met hulle saligheid in die vooruitsig stel (Ef. 4:4-6; vgl. 1:9-10; 1:20-23; 3:10), in gedagte te hou. Aan die ander kant word daar 'n oproep op hulle gedoen dat hulle vernuwe moet word in die gees van hulle gemoed (Ef. 4:23) deur dit wat hulle geleer het en

wat aan hulle geleer is, naamlik die waarheid wat in Christus is (Ef. 4:20-21; vgl. 1:13; 3:2; sien Hoehner se struktuur, D, E).

- Die kontraste binne die invloedsfeer waarin die mens lewe (die ou/nuwe kragte) is ook in Efesiërs 4-6 teenwoordig. Wat Christus deur sy oorwinning oor die bose magte meebring, dra nou vrug in die lewens van die gelowiges. Dit kan gesien word in die feit dat hulle as geliefde kinders in 'n nuwe verhouding met God staan wat Hom volg (Ef. 5:2, 8; 6:1, 5, 6, 7) en nie hulle eie begeertes nie; dat hulle Christus dien (Ef. 5:1; vgl. 1:5) en nie slawe van die bose magte is nie; hulle laat hulle deur die Gees lei (Ef. 4:30; 5:18) en nie deur selfsug en hebsug nie (Ef. 4:18-20). Die oorwinning wat Christus behaal het, stel die gelowiges in staat om as nuwe mense binne die eenheid van wedersydse liefde te leef sodat die seën van God waarmee Hy hulle in Christus seën, deur die werk van die Heilige Gees vrugte in hul lewens (Ef. 4:32) sal voortbring. Hierdie seëninge word saamgevat deur die wapens waardeur gelowiges in die Here versterk kan word en sy groot krag, om sodoende die bose magte te weerstaan en hulle posisie as oorwinnaars te behou (Ef.6:10-22; vgl. die struktuur van Hoehner, F).

Breed (2013a:8) voer verder aan dat die brief aan die Efésiërs geskikte materiaal bevat vir die ondersoek na pastorale bediening[15], omdat God se plan vir saligheid, verandering en groei na harmonie in die innerlike wese van die mens en sy verhouding met andere hierin beskryf word. Die hedendaagse pastor/jeugpastor kan die Efésiërbrief met welslae benut, om middel-adolessente moreel-eties toe te rus.

In die res van hierdie hoofstuk sal stilgestaan word by Efésiërs 4:1-16. Jordaan (1990:61) dui aan dat Efésiërs 4:1-16 ‘n oorgangsfunksie in die brief vervul. Alhoewel daar reeds ‘n duidelike oorgang gemaak is na die imperatiewe deel van die brief, is veral Efésiërs 4:4-16 nog duidelik oorwegend indikatief. Efésiërs 4:4-16 beskryf die skakel tussen die gelowige se lewe waardig die roeping waarmee hulle geroep is (Ef. 4:17-6:22) en die beskrywing van hierdie roeping (Ef. 1-3) (Breed, 2013a:14). In die volgende hoofstuk van die verhandeling (hoofstuk 6) word Efésiërs 4:14-17 saam met die res van die brief as die hoofsaaklik imperatiewe deel van die brief ondersoek. Die doel van die ondersoek na Efésiërs 4:1-16 is om riglyne daaruit te verkry vir die bediening aan middel-adolessente met betrekking tot hulle hantering van musiek in hulle lewens.

---

[15] Pastorale bediening sluit die toerusting en begeleiding van middel-adolessente in en dit dui op die gee van Bybelse advies deur pastore, jeugpastore en geestelike ander volwasse persone.

#### **5.4.4 Lewe in eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:1-6)** (Hoehner, 2008:76).

Hoehner (2002:501) vestig die aandag daarop dat Paulus die heiliges/gelowiges vermaan om die regte gesindheid teenoor “eenheid” te hê (verse 1-3) (vgl. Best, 1998: 357-365; De Klerk, 2001:63; Fowl, 2012:129-130; Hoehner, 2002:501-513; Mentz, s.a.:34-35; Roberts, 1990:105-106). Daarna illustreer Paulus hoe die drie Persone van die Drie-eenheid as ‘n basis vir “eenheid” dien (verse 4-6) (Hoehner, 2008:79; vgl. Best, 1998:357-358; De Klerk, 2001:62; Fowl, 2012:126; Roberts, 1990:103-106). Dit is belangrik om daarop te let dat die gelowiges nie aangesê word om eenheid te bewerkstellig nie, maar wel die eenheid wat reeds bestaan, te bewaar (Hoehner, 2008:79). Vanweë die gelowiges se nuwe posisie in Christus, moet hulle as individue en korporatief, die eenheid bewaar (Hoehner, 2002:501-513). Paulus verklaar dat hierdie eenheid deur die Heilige Gees bewerk is en dat vrede die kenmerk daarvan is. Dit stel gelowiges in staat om liefdevolle verhoudinge met mekaar te handhaaf, ten spyte van enige verskille tussen generasies (Hoehner, 2008:79).

Volgens Hoehner (2008:79) verwys Paulus in 4:4-6 in meer detail hoe elemente van die Christengeloof rondom die drie persone van die Drie-eenheid draai. De Klerk (2001:65) vestig die aandag daarop dat die eenheid van die kerk ‘n direkte uitvloeisel is van die eenheid binne die Drie-enige God. “Die eenheid berus op God en dit is ook die model van eenheid van die kerk.” Hoehner (2008:79) voer die argument verder en sê dat eenheid in die sewemalige gebruik van “een” beklemtoon word. Eerstens verwys Paulus na “een” liggaam, wat na die universele kerk verwys (1:23; 2:16; 3:5-6). Hierdie universele kerk/liggaam bestaan uit gelowige Jode en heidene, wat nie meer twee entiteite is nie, maar een liggaam van gelowiges geword het (vgl. Best, 1998:358). Tweedens is daar “een” Gees, met spesifieke verwysing na die Heilige Gees. In Efésiërs 2:18; 22 sê dit dat hierdie liggaam van gelowiges toegang tot God verkry deur een Gees en waar die liggaam voorgehou word as ‘n woning van God (Hoehner, 2008:79; vgl. De Klerk, 2001:63-65). Derdens is daar “een” hoop wat alle gelowiges in gemeen het, met betrekking tot hulle toekoms saam met God, ‘n vertroue wat begin het van die oomblik dat hulle geroep is (1:18; 2:7 4:1). Voor hulle bekering was die heidene sonder enige hoop en sonder God in die wêreld (Ef. 2:12), maar toe hulle na God getrek is, is hulle in een liggaam met Christus in God versoen (2:11; 3:13) as mense met hoop. Aangesien beide gelowige Jode en heidene “een” (of dieselfde) hoop het, ondersteun dit die konsep van eenheid wat in hierdie verse weergegee word (Hoehner, 2008:79). Die vierde element van eenheid is “een Here” (Ef. 4:5), wat sonder twyfel na Christus wys, siende dat Paulus pas na die Heilige Gees in Efésiërs 4:4 verwys het en in 4:6 na die Vader verwys. Christus is die “een Here” wat die verlossing bewerkstellig het (1:7), hoop van die kerk (Ef. 1:12) en Hoof daaroor is (Ef. 1:22-23). Omdat Christus gelowige Jode en heidene in een liggaam saamgevoeg het, is Hy die “een” Here (Hoehner, 2008:79). In die

vyfde plek is daar “een” geloof. Hoehner sê; “The reverence to faith here most likely is not the object of faith, that is, the body of truth believed by Christians (as in Acts 6:7, 1 Tim. 3:9; 4:1; 6; Jude1:3; 20) but the act of faith, which is exercised by all Christians in Christ their Lord.” (cf. Col.2:7). Vroeër het Paulus verwys na die Efésiers wat uitdrukking aan hulle geloof gegee het, toe hulle die boodskap van redding gehoor het (1:13) en dat hulle geloof in die Here Jesus (1:15) wyd bekend geword het (Hoehner, 2008:79). Roberts (1990:107) beskryf hierdie geloof as die vertroue wat die mens in God stel. Sesdens is daar “een doop”, met spesifieke verwysing na die waterdoop. Die vroeë kerk se geloof in Christus het dikwels uiting gevind in die waterdoop (Hand. 2:38; 8:16, 35-39; 19:5; I Kor.1:13-15; vgl. Best 1998:369). Die waterdoop is ‘n uiterlike manifestasie van ‘n innerlike vereenselwiging van die gelowiges met Christus se dood en opstanding (Hoehner, 2008:80, vgl. Hoehner, 2002:517-518; O’Brien, 1999:284). Die sewende en laaste element van eenheid is in Efésiërs 4:6 waar daar na “een God en Vader” verwys word. Ten spyte van baie gode wat aanbid word, is daar net een ware God (1 Kor. 8:5-6), wat ook Vader is (Rom. 15:6; 1 Kor. 15:24; 2 Kor. 1:3; 11:31; Gal. 1:4). Daar word ook na God verwys as die een “wat oor almal” is, wat spesifiek verwys na die gelowiges en nie die ganse mensdom nie (Joh.1:12; Gal.3:26) (Hoehner, 2008:80).

Om die reeds bestaande eenheid binne die kerk te beskerm, moet middel-adolessente geleer word, dat elke individu in die kerk die verantwoordelikheid het om in eenheid met die totale gemeente te leef. Middel-adolessente moet te alle tye daarna streef om liefdevolle verhoudinge met mekaar, sowel as diegene wat hulle onderrig te handhaaf, al sou hulle verskil met die feit dat sommige musiek ‘n negatiewe invloed op hulle lewens kan uitoefen. Diegene wat toevertrou is met die verantwoordelikheid om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, moet die middel-adolessente leer dat daar geen verdeeldheid in Christus is nie (1 Kor. 1:13; Gal. 1:7; Ef. 4:5). Die volwasse lidmate van die gemeente het die verantwoordelikheid om die kennis wat hulle het met betrekking tot die lewe volgens God se wil, met die adolessente te deel. Hierdie deel van kennis is egter nie iets wat net verbaal oorgedra word nie, maar ook deur lewens wat modeleer hoe adolessente waardig moet wandel, as kinders van die Here. Die volwasse gemeentelede se lewe moet dus in alle opsigte daarvan spreek dat hulle self daders van die Woord is, aangesien iemand wat adolessente aansê om iets spesifiek te doen, maar deur hulle voorbeeld ‘n ander boodskap kommunikeer, net verwarring sal veroorsaak. Strommen en Hardel (2008:119-122) se navorsing wys daarop dat die modellering van Christelike waardes deur geestelike volwasse begeleiers ‘n direkte bydrae tot die geestelike volwassenheid van middel-adolessente lewer.

Paulus se sewemalige gebuik van “een” soos deur Hoehner (2008:79) uitgelig (een liggaam, een Gees, een hoop,  een Here, een geloof, een doop en een God en Vader), speel ‘n baie

belangrike rol in die toerusting en geloofsgroei waartoe adolessente begelei moet word. Met verwysing na die "een" liggaam, moet die die gemeente aan adolessente wys dat hulle (die adolessente) deel van hierdie "een" liggaam is en dat hulle nie afsonderlik van die gemeente staan of funksioneer nie. Die gemeentelewe moet dus van so aard wees dat dit adolessente inkorporeer as deel van die gemeente, sodat hulle sal ervaar dat hulle behoort. Dit beteken dat adolessente nie uitgesluit moet word, of enigsins beleef dat hulle uitgesluit word nie. Op volwasse lidmate rus daar ook die verantwoordelikheid om die adolessente daarop te wys dat die "een" Gees nie eksklusief aan volwasse lidmate van die gemeente gegee is nie, maar dat die Heilige Gees aan ons almal as kinders van God gegee is. Deur die eenheid wat daar in die liggaam van die gemeente/kerk bestaan, verkry die hele liggaam, adolessente ingesluit toegang tot die Vader. Omdat adolessente met tye onsekerheid beleef, het die gemeente 'n belangrike rol om hulle te onderrig dat die Heilige Gees in alle gelowiges woon. Gelowige adolessente deel ook in die "een" hoop met betrekking tot hulle toekoms saam met God, van die oomblik dat hulle hulself tot God bekeer het en deur Christus met Hom versoen is. Waar sommige lirieke daarop uitgaan om die hopeloosheid van die lewe uit te beeld en op grond daarvan uitspattighede propageer, is die kweek van hoop ontsaglik belangrik by kinders. Dit is noodsaaklik dat middel-adolessente deur toerusting weerbaar gemaak sal word, ten einde te verseker dat hulle weerstand kan bied teen die negatiewe en verleidelike boodskappe wat deur sommige musiek oorgedra word. Adolessente moet ook deur die volwasse Christene in die gemeente geleer word dat hulle "een" is met Christus wat hulle verlossing, soos die van die volwasse gemeentelede, bewerkstellig het en dat hulle saam met die gemeente onder Hom as Hoof staan. Wat die "een" geloof aanbetref, moet adolessente leer uit die voorbeeld van die volwasse lidmate om hulle onwrikbare geloof in die die Here te stel en dat geloof nie in leë woorde gevind word nie. Hulle moet dus geleer word dat geloof 'n aksie is, waarin hulle op die Here vertrou en hoop, al kan hulle dit nog nie sien nie (Heb.11:1). Dit gaan dus daaroor dat hulle, hulle volkome vertroue in die Here stel.

Die geestelike volwasse lidmaat van die gemeente het ook 'n verantwoordelikheid naas die Woord van God en die Heilige Gees om adolessente te leer dat versoening met God deur bekering die eerste tree is in hulle wandel met die Here en dat die wandel met God gekenmerk moet word deur gehoorsaamheid aan sy Woord en die opdragte wat hy daarin gee. Möller (1998:121-131) vestig die aandag daarop dat daar 'n onlosmaaklike verband tussen die sakrament[16] van die doop en die evangelie bestaan en dat die sakramete (doop

---

[16] Sakrament verwys na die Latynse word *"sacramentum"* wat letterlik beteken "to make sacred". In Pinkstergeledere word net die doop en Nagmaal as sakramete beskou (Möller, 1998:121).

en Nagmaal) die kern van die evangelie vorm. Möller wys verder daarop dat Christus die doop amptelik ingestel het met die gee van die Groot opdrag (Matt. 28:19; Mark. 16:15-16; Luk. 24:47-48). Die woord "doop" (Grieks: *"baptizō"*), beteken letterlik, indompel, insteek of geheel-en-al insluit. Volgens Handelinge 2:38 volg die doop op die bekering en is dit 'n stap van gehoorsaamheid aan die Here, waar die ou persoon deur die doop in die dood van Christus begrawe word, sodat hulle net soos Christus uit die dood opgewek is en saam met Hom "in 'n nuwe lewe kan wandel" (Rom. 6:1-14). Die doop dien dus as 'n herinnering dat die ou mens afgesterf is en wat die adolessent nou lewe, is 'n lewe tot eer van God en hierdie lewe getuig daarvan dat hulle nou dood is vir die sonde. Wanneer die adolessent homself/haarself laat doop as 'n teken van sy/haar gehoorsaamheid, is dit dus 'n uiterlike manifestasie van 'n innerlike vereenselwiging met Christus se dood en opstanding.

Volwasse lidmate het ook die verantwoordelikheid om adolessente te leer, dat daar wel baie gode is wat aanbid word, maar dat daar net "een God en Vader" is en dat hy die God en Vader van die hele gemeente is en dat almal wat lidmate van die gemeente is, aan Hom behoort, insluitende adolessente. Om hierdie sewe elemente aan adolessente oor te dra, moet die geestelike volwasse lidmate van die gemeente sterk steun op die leiding van die Heilige Gees ten einde adolessente deeglik toe terus, sodat hulle tot die geloofsgroei van adolessente kan bydra en die adolessente begelei tot volwassenheid in Chistus, "tot die mate van die volle grootte van Christus" (Ef.4:13). 'n Verdere punt wat aangespreek moet word wanneer die gemeente adolessente leer oor wat van hulle as volgelinge van Christus verwag word, is die roeping waarmee en waartoe hulle geroep is. Vir adolessente is dit van kardinale belang om hulle roeping te ken, veral wanneer dit kom by die stryd teen die negatiewe boodskap wat deur sekere musiek oorgedra word. 'n Deeglike kennis van hulle roeping en hulle posisie in Christus sal hulle bemagtig om die aanslag van musiek op hulle lewens, met welslae af te weer. In Efésiërs 4:1; 17 vermaan Paulus juis die gelowiges om die roeping van die Here ernstig op te neem en op 'n waardige wyse te wandel, aangesien hulle as gelowiges tot een liggaam en Gees geroep is. Gelowige adolessente moet dus nie deur 'n negatiewe en verkeerde boodskap wat deur musiek gekommunikeer kan word, hulle roeping laat skade ly nie.

Volgens Breed (2013a:13) beskryf Paulus die oorsprong van die gelowige se nuwe identiteit as God se wil wat in die gelowige se lewe vorm aanneem. Dit maak hulle uitverkore, geseënde, vergeefde, aangenome kinders en erfgename van God, mense wat die geheimenisse van God se ewige raadsplan ontdek het en nou tot lof en eer van God lewe en wat deur die Heilige Gees verseël is (Ef. 1:13). Volgens Breed beskryf Paulus hierdie nuwe identiteit as 'n roeping, wat 'n radikale invloed op die lewe van die gelowige uitoefen

(Ef. 4:1-6), terwyl hierdie roeping ook hoop, wysheid en God se opstandingskrag in hulle lewens openbaar (Ef. 1:16-23). Breed maak die volgende opmerking met betrekking tot die Efésiërsbrief:

> "In his letter, Paul is guiding the readers in a nurturing way to gain an increasing insight into their identity in Christ. He advises them on how to apply it practically in their lives in order to renew their lives continuously. He encourages them to lead a life of harmony, love, wisdom and holiness. This life flows from being filled by the Holy Spirit and from love in mutual subservience, which influences relationships in marriage, the family and workplace." (Breed, 2013a:13).

Breed (2013a:13) lê ook klem op die feit dat adolessente pastoraal versorg moet word en dat hierdie pastorale sorg begeleidend van aard moet wees, sodat hulle toenemende insig rakende hulle identiteit in Christus kan verkry en so te lewe dat hulle nuwe identiteit in alle fassette van hulle lewens sigbaar word (vgl. Fowl, 2012:126-127; Stott, 2007:19-34). Om uit te reik na ongelowiges en hulle na die Here te lei, sodat hulle ook hulle identiteit in Christus kan ontdek, vorm deel van die roeping waartoe die gelowige geroep is (Breed, 2013a:13).

Die gelowige adolessent wat deeglik toegerus is deur die gemeente, is in staat om sy/haar roeping waardig te wandel, juis vanweë die Heilige Gees wat in hulle woon. Omdat die Heilige Gees ook die Gees van wysheid, openbaring en kennis is, kan gelowige adolessente op Sy leiding staat maak om die onderliggende boodskap in sekere musiek aan hulle bekend te maak (Ef. 1:17). Sodoende kan hulle met die nodige wysheid optree, omdat hulle die openbaring van die Gees ontvang het, van die boodskap wat deur die musiek gekommunikeer word, sowel as die kennis oor hoe die bepaalde situasie hanteer moet word. Dit is die Heilige Gees wat deur die verligte oë van hulle verstand hulle in staat stel om heiliges te wandel (Ef. 1:18).

### 5.4.5 Behou die eenheid (Eksegese van Efésiërs 4:7-16) (Hoehner, 2008:81).

Nadat Paulus die noodsaaklikheid van eenheid beklemtoon het (4:1-3) en die sewe elemente wat as model vir Christeneenheid dien (4:4-6), gaan hy voort om te beskryf wat nodig is vir die behoud van die eenheid, met spesifieke verwysing na die gawes wat aan die kerk gegee is (4:7-16) (Hoehner, 2002:521). Die gee van die gawes word in 4:7-10 verduidelik, terwyl die verdeling daarvan in 4:11-16 beskryf word (Hoehner, 2008:83).

Cohick (2010:105) vestig die aandag daarop dat 4:7 met "maar" (*de*) begin, wanneer Paulus meer oor die onderwerp van eenheid begin deel (vgl. Roberts, 1990:112). Paulus verduidelik wat gegee is, waarom dit gegee is en dan verduidelik hy waarom hierdie gawes so

noodsaaklik vir die kerk is. Hoehner (2008:83) sê dat Paulus daarop wys dat elke gelowige uit genade ‘n gawe of gawes ontvang het en dat hierdie gawes nie tot kerkleiers beperk is, soos sommiges glo nie. Paulus verskuif die klem van “almal” in 4:6 na “elkeen” in 4:7 wat ‘n aanduiding is dat die gee van die gawes, vir die kerk as ‘n geheel bestem is. Dit dui daarop dat elkeen in die kerk daarby ingesluit is en dat niemand buite rekening gelaat word nie. Die gawes is spesifieke “enablements or endowments ”wat aan elke gelowige geskenk word met die oog op bemagtiging vir bediening. Hierdie gawes het ‘n noue verbintenis met *charisma* (gawe), wat in paralelle gedeeltes oor die gawes gebruik word (1 Kor. 12:4, 9, 28, 30, 31). Die “mate” (*metron*) dra ‘n betekenisvolle belang en dit word drie keer in hierdie perikoop gebruik (4:7, 13, 16). Cohick (2010:106) gebruik die volgende defenisies om *“metron”* duidelik te beskryf: “(a) a standard, rule, or means of measurement, (b) a certain portion in contrast to another amount, and (c) quantity, size or length”. Omdat die gawes deur Christus gegee word en die aard daarvan deur Hom bepaal word, mag daar nie jaloesie in die liggaam wees nie (Hoehner, 2008:83).

Volgens Hoehner (2008:86-88) verduidelik die gedeelte in 4:11-16 die verspreiding van die gawes. Met betrekking tot die verspreiding van die gawes, wys Paulus op diegene wat betrokke is (4:11), die proses (4:12), die produk (4:13), en hulle spesifieke doel (4:14-16). Cohick (2010:113) redeneer dat 4:11 die teologiese behoeftes van die gemeente aanspreek. Hoehner (2008:86) verwys dan na 4:11 wat eerstens van apostels (*apostolos*) praat en tweedens van die profeet (*prophētēs*), wat ook op ander plekke vermeld word (1 Kor. 12:28-29; Rom. 12:6; Ef. 2:20; 3:5). Die derde begaafde persoon is die evangelis (*euaggelistēs*). Hierdie beskrywing kom net op twee plekke voor in die Nuwe Testament. In die eerste plek met verwysing na Filippus (Hand. 21:8) en as ‘n beskrywing vir die aard van die bediening wat Paulus vir Timothéüs gesê het om uit te voer. Dan word daar melding gemaak van herders (*poimēn*) en leraars (*didaskalos*). Cohick (2010:111) vestig die aandag daarop dat Paulus in 4:12 verduidelik dat hierdie gawes aan die kerk gegee word, om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, sodat elkeen van hulle, hul rol in die gemeente kan vervul. Die bediening van die kerk as liggaam van Christus, berus nie net op diegene waarna in 4:11 verwys word nie, maar na elkeen wat toegerus is om hulle dienswerk in die kerk te vervul. Hierdie dienswerk sluit die versorging en toerusting van middel-adolessente in. Khup (2007:56) wys daarop dat die toerusting van gemeentelede, wat middel-adolessente insluit, nie net berus op diegene waarvan melding gemaak word in Efésiërs 4:11 nie, maar dat die toerusting ook deel van die ouderlinge asook ander heiliges (Tit. 2:3-5), se opdrag behels.

Leiers wat waarlik met die Heilige Gees vervul is, sal elke geleentheid identifiseer en aangryp om hulle lidmate geestelik te versorg en toe te rus (Hoppin, 1870:550). Pastorale bediening het dus ten doel om die geleenthede aan te gryp om alle gelowiges te begelei tot

insig, sekerheid en die volle benutting van die rykdom wat in Christus is, deur die genade van God die Vader en die kragtige werk van die Heilige Gees (Breed, 2013a:11).

Breed en Kruger (2014:2) benadruk die noodsaaklikheid van die rol wat die kerk het om te vervul met betrekking tot die "toerusting en begeleiding van kinders om hulle eie dienswerk in navolging van Christus te verrig". Die "belangrike toerustende rol van die kerk as geloofsgemeenskap" kan dus geensins bevraagteken word nie. Kruger (2005:540-541) vestig die aandag op Efésiërs 4:12-16 wat sê dat die hele gemeente vir hulle *"diakonia"* (dienswerk) toegerus moet word. Volgens Kruger (2005:551) maak hierdie toerusting deel uit van "'n wordingsproses van sowel elke lidmaat as die hele gemeente". Breed en Kruger (2014:6-7) fokus dan die aandag op 1 Korinthiërs 12:4-6 wat dit duidelik maak dat die genadegawes wat deur die Heilige Gees gegee word, daarop gemik is om tot dienswerk (*diakonia*) te lei, "sodat die krag van God daardeur in die gemeente en die wêreld effektief kan werk" (vgl. Du Plessis & Breed, 2013:5-6).

### *5.4.5.1 Pastorale bediening aan middel-adolessente dra by tot versterking van eenheid*

Volgens Breed (2013b:227) word die pastorale bediening van die gemeente beskou as die versorging en toerusting van alle lidmate van die kerk en 'n uitreik na nie-lidmate sodat die kerk haar Godgegewe roeping kan vervul. Pastoraat word beskou as die "versorgende liefde en genade wat vanuit die totale *diakonia* van die gemeente na die lidmaat (of persoon wat hom- of haarself op een of ander manier met die gemeente verbind) vloei" deur die gawes wat die Heilige Gees gee (1 Pet. 4:10). Pastoraat sluit dus die spontane onderlinge versorging van alle lidmate in. Navorsing wat op die pastoraat fokus, het tot gevolg dat die navorser se mens- en Godsbeskouing 'n groot invloed op die navorsing uitoefen.

Jeugbediening[17] is 'n deel van dienswerk (*diakonia*) "van die kerk aan 'n besondere deel van die liggaam van Christus" (Breed, 2013c:197). Volgens Vos (1993:260; vgl. Collins & Harrington, 1999:449) handel 1 Korinthiërs 12 oor 'n spesifieke segment van die gemeente en die eenheid, asook die verskeidenheid binne die liggaam van Christus. Verskeidenheid is kenmerkend van die gemeente en hierdie verskeidenheid word "saamgebind deur elke lid se verbondenheid aan Christus en die feit dat elke lid in die liggaam nie toevallig daar is nie, maar deur God daar geplaas is om 'n bepaalde funksie (*diakonia*) te vervul." Die liggaam word ook deur die onderskeie lede se onderlinge betrokkenheid by mekaar saamgebind.

[17] Jeugbediening in hierdie studie verwys spesifiek na die bediening, ondersteuning en toerusting van middel-adollesente (14-18-jarige ouderdom).

Lede met die grootste behoefte, moet meer versorging ontvang. Sodoende word daar aan die jeug wat op 'n unieke manier geestelik kwesbaar en materieel afhanklik is, 'n spesifieke posisie binne die liggaam gegee waar hulle besondere versorging ontvang (Berding, 2006:105; vgl. Hastings, 2007:33). Breed (2013b:234) sê: "Pastorale hulp sal duidelik die onderrig in en herinnering aan die kennis van die Drie-enige God insluit." Prediking sowel as bediening van die kerk, op enige plek waar die Woord van God verkondig of onderrig word dien as instrumente waardeur pastoraat kan plaasvind (Breed, 2013b:234; vgl. Purves, 2004:160-174).

#### *5.4.5.2 Pastorale bediening fokus op versorging en toerusting (Breed, 2013a:12).*

Ten spyte van die radikale veranderinge wat die seëninge van die Drie-enige God teweegbring in die lewens van gelowiges, bevind die kerk haarself in nood en is dit steeds 'n onvolwasse kerk. So moet die kerk byvoorbeeld ernstig en voortdurend strewe na volwassenheid (4:3). Indien die kerk nie groei tot volwassenheid nie, sal sy "soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring" (4:14). Die kerk is gewikkel in "worstelstryd" (6:12) teen bose geeste en sy benodig die krag en ondersteuning van God om staande te bly en te oorleef.

Om hierdie rede benodig die kerk beide versorging en toerusting. Efésiërs 4-6 word ingelei met die woord *parakaleo,* wat op drie verskillende wyses gebruik kan word. In die eerste plek kan dit gebruik word as 'n woord van vertroosting (Matt. 2:18; 5:4; Luk. 16:25; 2 Kor. 1:4; 7:6-7; Ef. 6:22; Kol. 2:2). Tweedens kan dit as 'n "smeekbede" of 'n "versoek" gebruik word (Matt. 8:5; Mark. 6:56; Luk. 8:41; 2 Kor. 9:5; 12:8) en derdens, soos in die geval van Efésiërs 4:1, beteken dit duidelik om te "vermaan" (Hoehner, 2002:503; vgl. Fowl, 2012:128; Petrenko, 2011:148).

#### *(a) Versorging as element wat bydra tot eenheid (Breed, 2013a:13).*

Die versorging van God se kerk berus op diegene wat Hy in posisies en ampte as gesagsfigure binne die kerk aangestel het. Die lidmate van die kerk moet sodanig versorg word dat hulle kan groei tot volwassenheid in die kennis van God se woord. Dit beteken dat die gelowiges hulleself moet oopstel vir die volle krag van die transformasie wat deel van God se verlossingswerk is. Die nuwe identiteit van die gelowige moet duidelik weerspieël word in sy lewenswandel met Christus (Practical Christian Foundation, 2012:169-170; 177). Fowl (2012:125) is van mening dat die beskrywing van hierdie nuwe identiteit in Efésiërs 1-3 uiteengesit word en dat daar mense is wat 'n radikale verandering in hulle identiteit ondergaan het (2:1-10), tot so 'n mate dat hulle hele wêreldbeskouing verander het (2:11-

12). As gevolg van hierdie radikale verandering wat plaasgevind het, het hulle deel geword van ‘n nuwe gemeenskap (2:11-20) en gevolglik het hulle nou ‘n nuwe lewensdoel (2:21-22). Daar is twee geleenthede waar Paulus bid dat gelowiges sal verstaan wat hierdie nuwe identiteit presies behels (1:15-23: 3:13-31; vgl. Youssef, 2012:30-33; 52-57). Paulus beskou hierdie nuwe identiteit as ‘n roeping wat ‘n besliste invloed op hulle lewenstyl sal uitoefen (4:1-6; vgl. Breed, 2013a:13).

*(b) Toerusting as element wat bydra tot eenheid (Breed, 2013a:14).*

In die studie verwys toerusting van middel-adolessente spesifiek na die moreel-etiese vorming van diegene wat binne die ouderdomsgroep van veertien- tot agtienjarige ouderdom val. By vergelyking van Breed en Jordaan (2000:423-424) en Breed en Van Rensburg (2001:408-409), blyk dit dat die mens besondere groot vryheid op moreel-etiese terrein geniet. “Die mens bepaal self wat moreel-eties reg of verkeerd is, en dit is nie langer aanvaarbaar dat waardes op iemand afgedwing word nie” (Breed en van Rensburg, 2001:408-409). Taylor (aangehaal in Breed en Van Rensburg, 2001:409) meen dat die mens se vryheid om self te kies oor sake soos “pornografie, taalgebruik, egskeiding, homoseksualiteit en aborsie so hoog geag word dat onverdraagsaamheid ‘is the only serious sin left”. Gesien in die lig hiervan, moet middel-adolessente deeglik toegerus word met die waarheid van God se woord, sodat hulle moreel-eties reg optree en korrekte keuses uitoefen in elke situasie wat dit vereis. De Wet (aangehaal in Breed & Jordaan, 2000:208) sê: “...kerke en nie-regeringsinstellings het ’n belangrike rol in die proses om die land se morele vesel te herbou en te verstewig”. Met betrekking tot die kerk, is dit volgens Paulus die geroepenes (Efésiërs 4.11) se taak om toe te rus. Deur sodanige Bybelse toerusting kan die “morele vesel” in die lewe van die gelowige middel-adolessent versterk word.

Volgens Kruger (2005:528) is toerusting ‘n sentrale tema “binne die spektrum van kerklike aktiwiteite.” Hoewel die hele brief aan die Efésiërs as ‘n instrument tot toerusting van die gelowiges beskou kan word, beskryf Efésiërs 4:1-16 die uitvoering van die plan van God op ‘n unieke wyse (Breed, 2013a:14). Efesiërs 4:4-16 beskryf die verband tussen die gelowiges se lewens wat waardig is van die roeping waarmee hulle geroep is (4:17-6:22) en die beskrywing van hierdie roeping (1-3) (Jordaan, 1990:61).

Kruger (2005:532-533; 535) beskryf toerusting in die konteks van Efésiërs 4 as ‘n “dinamiese wordingsproses” waar die gelowige begelei word om te groei en ontwikkel om sy lewensroeping in Christus te vervul. Die sukses van hierdie groei is uiteindelik God se werk (vgl. Hoehner, 2002:579). Ten einde die gelowiges toe te rus om effektief te wees in die vervulling van hulle roeping, word daar na enkele definisies van die woord “toerus” *(katartismos)* gekyk:

- onderrig, toerusting, voorbereiding, opleiding, dissiplinering (Best, 1997:173);
- "to make someone completely adequate or sufficient for something"; "to make adequate, to furnish completely, to cause to be fully qualified, adequacy"; "in order to make God's people fully qualified for work in (his) service or for (this) work of service" (Louw & Nida, 1988:680);
- "... a making fit or complete" (Morris, 1994:127);
- "a perfectly adjusted adaptation, complete qualification for a specific purpose" (Mounce, 1993:270);
- "a perfectly adjusted adaptation, complete qualification for a spesific purpose" (Mouton, 1978:220)
- om iemand na volmaaktheid te lei (Schnakenburg, 1991:182).

Volgens Kruger (2005:534) hou die woord "toerus" verband met menslike eienskappe. Hierdie eienskappe sluit geestelike volwassenheid en rypheid in en dit is op die individu, asook korporatief van toepassing. Die wyse waarop hierdie rypheid bereik kan word, "kan in die volgende terme beskryf word en waarskynlik soos volg gekategoriseer word" (Kruger, 2005:534):

- Die herstel van dit wat verkeerd is of om aan te vul waar daar iets spesifiek ontbreek en die "volmaak van dit wat (half)leeg is" (Kruger, 2005:534);
- Om deur kennis voor te berei, op te lei en toe te rus;
- Dissiplinering (die vermoë om kennis te konkretiseer is in hierdie verband ter sake);
- Om geskik te maak vir 'n spesifieke taak.

Lohfink (1999:287) wys daarop dat die ekklesia as 'n geheel tot volwassenheid moet kom en dat die kerk tot die volle statuur van Christus moet ontwikkel. Alles waardeur ons as individue toegerus moet word, dien "tot die opbouing van die liggaam van Christus" (4:12; vgl. Bickel & Jantz, 2003:102), deur diegene wat geroep is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk (4:11). Vir die kerk om korrek te funksioneer, het Christus juis bepaade "gawes" en "ampte" daargestel (Klein, 2006:41).

Paulus verklaar verder dat die gawes 'n plek in die kerk sal hê totdat gelowiges "tot die mate van die volle grootte van Christus" groei (4:13). Die gedeelte in 4:13 waar Paulus skryf: "tot die mate van die volle grootte van Christus", word letterlik vertaal met "according to the measure of the gift of Christ" (Bible, 1989). Dit dui daarop dat God nie net aan elke gelowige 'n gawe gee nie, maar ook dat Hyself die aard van die gawe bepaal. Die bron van alle gawes is Christus. Die woord "gawe" soos dit ook in Efésiërs 3:7 gebruik word, wys direk na iets wat uit genade deur God aan die gelowiges geskenk word. Dit is belangrik om daarop ag te

slaan dat Efësiërs 4:13[18] nie na drie afsondelike doelwitte verwys nie, maar dat hier drie aspekte van een doelwit ter sprake is, wat gemik is op die bereiking van volwassenheid. Die eerste aspek is die eenheid van die geloof en kennis van God se Seun. Die eenheid van geloof stem ooreen met die "een geloof" in Efésiërs 4:5 wat gegee was as bewys van die geloof onder die gelowiges. Die tweede aspek van die doelwit is dat die gelowiges volwassenheid moet bereik. "Volwasse" dui op 'n mens wat volgroeid is, in teenstelling met 'n kind wat maklik aan valse leeringe kan toegee (Ef. 4:14). Hierdie spesifieke verwysing na die volwasse man wys nie op die individuele persoon nie, maar wel na die kerk wat as liggaam uit individue bestaan (Hoehner, 2008:83, 89-90, vgl. Cohick, 2010:106). Die derde komponent is om "tot die mate van die volle grootte van Christus te groei." Ook in hierdie geval wys dit nie op die individu nie, maar na die kerk wat hierdie volwassenheid moet bereik. Die vraag wat hieruit ontstaan is: "Wanneer sal die kerk 'tot die mate van die volle grootte van Christus' groei?" Wanneer elke lid sy funksie vervul (Ef. 4:16). Alhoewel daar nie 'n spesifieke tyd daaraan gekoppel word nie, is dit moontlik dat hierdie doelwit in die hedendaagse tyd bereik kan word, anders sou daar geredeneer kan word dat die gawes of die krag van die Heilige Gees nie voldoende is nie (Hoehner, 2008:83, 89-90).

Paulus verduidelik in Efésiërs 4:14-16 die uitsluitlike doel van die gawes wat Christus aan die kerk gee. Eerstens is daar 'n waarskuwing oor die gevare om onvolwasse te bly, omdat dit uiteindelik tot vatbaarheid vir valse leerstellings sal gee (Hoehner, 2008:90). Mentz (s.a.:42) beklemtoon dat ons as kerk nie kinders in ons wandel met God mag bly nie, omdat dit direk daartoe sal lei dat ons soos golwe rondgeslinger word deur elke wind van lering, wat dwaling tot gevolg kan hê. Na die waarskuwing word daar gewys op die positiewe groei tot volwassenheid in Christus wat die liggaam in staat stel om in liefde te groei (Ef. 4:15-16) (Hoehner, 2008:90, vgl. Mentz, s.a.:42-43). Cohick maak die volgende opmerking:

> "Teaching the truth in love is a means to the goal of equipping saints for ministry. Truth is to be lived out in such a way that the body of Christ grows bigger as new members are added and each one gains maturity; grows stronger as each by themselves and together understand more fully the riches of Christ; and grows steadier as the church stands firm in the face of struggles." (Cohick, 2010:113).

[18] Efésiërs 4:13: "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;"

In hierdie perikoop val die klem daarop dat daar aan elke gelowige 'n gawe gegee word, volgens die mate van die gawe van Christus (Ef. 4:7-10). Dit stel elke gelowige in staat stel om die liggaam van Christus te bedien. Alle groei geskied binne die konteks van liefde en waarheid. Die vyandigheid van die verlede tussen Jode en heidene is deur die liefde uit die weggeruim, en dit stel hulle nou in staat om die gawes aan te wend om mekaar op te bou en in die proses die liggaam/kerk op te bou (Hoehner, 2008:91).

Efésiërs 4:15 beklemtoon die noodsaaklikheid om die waarheid met betrekking tot musiek, in liefde aan middel-adolessente oor te dra as deel van hulle geestelike toerusting. Wanneer die persone wat tot leierskap geroep is, of geestelike volwasse lidmate binne die gemeente, middel-adolessente in liefde leer, is die kanse op sukses baie groter as wat die geval sou wees waar daar 'n gebrek aan liefde is. Lering wat in liefde gegee word sal daartoe bydra dat middel-adolessente tot volwassenheid in Christus kan opgroei.

In Efésiërs 4:16-17 word daar gepraat van hoe die liggaam homself in liefde opbou wanneer elkeen sy funksie vervul. Liefde is sonder enige twyfel die belangrikste eienskap waaraan die kerk van Jesus Christus herken kan word. Wanneer die volwasse Christenlidmaat besef dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor die kerk/liggaam het, sal hy ook sy funksie in die morele toerusting van middel-adolessente vervul, deur hulle ondermeer bewus te maak van die gevare wat in sekere musiek verskuil lê en die negatiewe boodskap wat soms daardeur verkondig word. Net soos enige ander lidmaat in die gemeente het adolessente ook 'n spesifieke funksie wat hulle moet vervul, en om hierdie rede is moreel-etiese begeleiding van die grootste belang omdat dit gesonde groei van die liggaam kan bevorder.

Gesien in die lig dat musiek baie belangrik is vir middel-adolessente, moet hulle daarop gewys word dat verskille in die siening van musiek en die boodskap wat dit oordra, die eenheid en groei in die kerk kan versteur. Omdat eenheid 'n belangrike vereiste in die kerk is, moet al die gelowiges saamwerk om dit te beskerm. Aangesien die vyand skeuring wil bring en hy enige iets sal gebruik om sy doel te bereik, moet middel-adolessente daarop gewys word dat die krag en invloed van musiek nooit buite rekening gelaat mag word nie. Die vyand het dit ten doel om verdeeldheid tussen gelowiges te bring omdat hy weet dat die Heilige Gees slegs werksaam is waar daar eenheid tussen die gelowiges bestaan. Al die gelowiges het dus 'n verantwoordelikheid om die eenheid binne die kerk ten alle koste te beskerm. Adolessente moet begelei word om hulle roeping te ken en waardig die roeping te leef, om hulle gawes te ontdek en om hulle funksie binne die liggaam te vind. Hiervoor is dit nodig dat adolessente proaktief toegerus moet word. Strommen en Hardel (2008:196-236) redeneer dat hierdie proaktiewe toerusting 'n noodsaaklike rol speel om groei in adolessente se geestelike lewens te verseker en dat dit van die allergrootste belang is dat die waarheid

in liefde met hulle gepraat word moet word. Binne die gemeentelike lewe is dit ook noodsaaklik om ‘n jeugsubkultuur te skep omdat dit ‘n veilige hawe vir adolessente bied en ook ‘n platform daarstel waar hulle moeilike vrae kan vra en oor hulle eie bekommernisse kan gesels (vgl. Gregston, 2012:109). Strommen en Hardel is van mening dat hedendaagse jeug aan ‘n kultuur blootgestel is wat baie ooreenstem met dié wat Paulus in Korinthiërs en Efésiërs beskryf. Seksuele immoraliteit en afgodsaanbidding was aan die orde van die dag. Om hierdie rede skryf Paulus aan diegene wat hieraan blootgestel is:

> “En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.” (Ef. 12:1-3) (Strommen & Hardel, 2008:196).

Strommen en Hardel (2008:209) meen dat vanweë die druk wat op adolessente uitgeoefen word om ‘n sekulêre lewensbeskouing aan te neem, het hulle ‘n tyd en ‘n plek nodig waar hulle vry is ”to examine another perspective - one that centers on God and God’s word”. Met betrekking tot die onderwerp van musiek en die invloed wat dit op middel-adolessente uitoefen, sal dit goed wees om die waarde van die volgende opmerking van Strommen en Hardel in gedagte te hou:

> “Close fellowship is generated where there is a frank exchange of views, when efforts are made to discover what God says about an issue, and when time is taken for praying together for guidance and strength.” (Strommen & Hardel, 2008:209).

Strommen en Hardel (2008:211) beklemtoon die noodsaaklikheid dat adolessente by hierdie geleenthede die kans gebied moet word om vrae te vra oor die onderwerp van musiek en dat hulle saam uit die Woord van God kan ontdek wat die Here aan hulle wil sê oor die onderwerp.

Hoehner (2002:578-579), in sy samevatting van Efésiërs 4:1-16, beklemtoon die noodsaaklikheid van toerusting van die gelowige. Verse 1-6 vorm die basis vir die eenheid waartoe Paulus die gelowiges roep, terwyl verse 7-10 daarop wys dat elke gelowige ‘n gawe van Christus ontvang het. In verse 11-16 verduidelik Paulus hoe die gawes verdeel is. Die gawes (vers 11) word gegee om die heiliges toe te rus met die oog daarop dat hulle die liggaam van Christus  sal opbou (verse 12-13). Die verdeling van die gawes is tweeledig van

aard: eerstens, om die gelowige teen valse leringe te beskerm en tweedens, om hulle in staat te stel om tot volwassenheid in Christus te groei (verse 14-15). Paulus se samevatting maak dit duidelik dat elke lid bydra tot die groei van die liggaam. Breed (2013a:15) is van mening dat gemeentes wat nie poog om elke gelowige toe te rus om hulle gawes in diens van andere te gebruik nie, 'n groot fout begaan en dat dit kan lei tot stagnering van 'n gemeente. Om hierdie rede is dit belangrik dat middel-adolessente begelei word om hulle gawes te ontdek. Nadat middel-adolessente hulle gawes ontdek het, moet hulle spesifiek toegerus en begelei word om die gawes in die praktyk te gebruik. Breed en Kruger (2014:7) benadruk die volgende punte met betrekking tot die dienswerk (*diakonia*) van kinders:

- Middel-adolessente moet toegerus word "met kennis van die drie-enige God, soos Hy Hom in sy Woord openbaar" (1 Kor. 12:4-6).
- Middel-adolessente moet geleer word dat hulle as kinders van God waardig moet wandel "die roeping waarmee" ook hulle geroep is (Ef. 4:1). Diegene wat volgens Efésiërs 4:11 geroep is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, moet die middel-adolessente leer van die gawes wat aan die kerk gegee is en waarom dit aan die kerk gegee is. Dan moet die noodsaaklikheid van die gawes ook aan hulle verduidelik word. Dit is belangrik dat middel-adolessente moet besef dat hulle gawes ook belangrik is vir die opbou van die gemeente.
- Saam met diegene wat toevertrou is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, vra dit ook dat die ander geestelike volwasse lidmate die daad by die woord sal voeg en aan middel-adolessente modelleer wat "waardig wandel" binne die Christenlewe beteken. Omdat al die gelowiges sekere gawes ontvang het, moet middel-adolessente ook op die klemverskuiwing van "almal" in 4:6, na "elkeen" in 4:7 gewys word, sodat hulle kan besef dat dit alle gelowiges binne die gemeente insluit. Hierdie gawes is aan die kerk gegee met die oog op bemagtiging en bediening, dat elkeen, insluitende middel-adolessente, hulle rol in die gemeente kan vervul.
- Die wyse waarop jongmense bedien word, moet op so wyse geskied dat hulle begryp dat hulle "die bediening van medegelowiges nodig het" (1 Kor. 12:21).
- Sou daar nie ruimte geskep word dat middel-adolessente "hulle gawes in dienswerk laat oorgaan nie, word die liggaam armer en word die groei van die liggaam gestrem" (Ef. 4:11-16).
- Middel-adolessente "moet doelgerig toegerus word om die gawes wat die Heilige Gees aan hulle gee, te ontdek en te gebruik" (Ef. 4:11-16). Om hierdie rede is dit belangrik dat daar doelbewuste geleenthede geskep moet word waar middel-adolessente "saam met die gemeente dienswerk kan doen". Op hierdie manier kan

hulle verantwoordbaar gehou word om die gawes wat hulle ontvang het, "tot diens van ander te gebruik".

- Deur die nuwe lewenswandel van die gelowige middel-adolessent moet sy nuwe identiteit in Christus gekenmerk word aan sy gehoorsaamheid aan God se opdragte soos dit uiteengesit word in die Woord (Ef. 4:2). Dit beteken dat hulle nie soos ongelowiges moet wandel nie, maar "soos kinders van die lig" (Ef. 5:8).
- Middel-adolessente moet toegerus word om die eenheid van die kerk te beskerm deur die toepassing van die lering en gedrag van medegelowiges in die kerk. Hulle moet geleer word hoe om die eenheid te waardeer en dit te beskerm deur gebruik te maak van die gawes (Ef. 4:3-6).
- Middel-adolessente moet toegerus en begelei word om tot volwassenheid in Christus te groei. Dit wil sê, dat elkeen in die kerk/gemeente tot volwassenheid moet groei en nie net enkele individue nie. Sodoende word die krag van God wat deur hulle werk, 'n werklikheid vir hulle en dit kan bydra tot die besef dat hulle nie 'n losstaande entiteit is nie, maar deel vorm van die totale gemeente.

Die bestudering van die Efésiërbrief om riglyne te vind vir die toerusting van middel-adolessente sal in hoofstuk 6 voortgesit word.

## HOOFSTUK 6: SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE MOREEL-ETIESE TOERUSTING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT: EFÉSIËRS 4:17-6:24

### 6.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is Efesiërs 1:1-4:16 ondersoek om daaruit riglyne vir die toerusting van middel-adolossente te verkry. In hierdie hoofstuk word Efesiërs 4:17-6:24 ondersoek. Hierdie gedeelte is in besonder van belang vir die studie omdat die wyse waarop die gelowiges hulle roeping prakties moet uitleef, hierin beskryf word. Daar kan dus met reg verwag word dat besondere riglyne vir die toerusting van die jong adolessent hieruit verkry kan word. Die bespreking van hierdie gedeelte berus, soos in hoofstuk 5 reeds aangedui is, op die indeling wat Hoehner (2002:vii, 62, 66-69) van die gedeelte maak op grond van die voorkoms van die woord "wandel":

(A) Wandel in eenheid (4:1-16);
(B) Wandel in heiligheid en nie soos heidene nie (4:17-32);
(C) Wandel in liefde en weerhouding van onheilige praktyke (5:1-6);
(D) Wandel in die lig (5:7-14);
(E) Wandel in wysheid (5:15-6:9);
(F) Staan vas in geestelike oorlogvoering (6:10-20);
(G) Gevolgtrekking (6:21-24) (Hoehner, 2002:vii; 62; 66-69).

### 6.2 LEEF IN HEILIGHEID (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:32) (Hoehner, 2008:91)

Hoehner (2008:91-93) verdeel die perikoop in twee dele; ‘n negatiewe perspektief in 4:17-4:19, waar die lewe van die ou mens geleef word en waar daar gewys word hoe gelowiges nie moet lewe nie, gevolg deur die positiewe in 4:20-32 wat die lewe van die wedergebore persoon beskryf en uitlig hoe die gelowige sy/haar lewe moet leef.

#### 6.2.1 Beskrywing van die ou persoon (Eksegese van Efésiërs 4:17-4:19) (Hoehner, 2008:91)

Hoehner (2008:92) wys daarop dat hierdie gedeelte die tweede van die vyf gedeeltes in die Efésiërsbrief is waar Paulus die woord *"peripateo"* gebruik, wat letterlik vertaal word met "wandel". Dit verwys na die daaglikse lewenswandel soos beskryf in 5.2.4. In elkeen van hierdie gevalle word *"peripateo"* saam met *"oun"* (therefore) gebruik (4:1, 17; 5:1-2, 7-8, 15).

Nadat Paulus in die eerste gedeelte (Ef. 4:1-16) op eenheid gefokus het, plaas hy in hierdie gedeelte die klem op instruksies aan gelowiges oor hoe hulle in heiligheid moet wandel (Hoehner, 2008:92). Volgens Mentz (s.a.:43) dui Paulus se woorde "betuig ek dan in die Here", op die "groot erns waarmee hy daarop aandring" dat die gelowiges nie soos

ongelowiges moet wandel nie. Hierdie pleidooi word "in gemeenskap met die Here" tot die gelowiges gerig. Cohick (2010:115) vestig die aandag daarop dat die wandel van die ongelowiges/heidene in direkte teenstelling met die lewenswandel van die gelowiges staan, en dat daar 'n sterk kontras is tussen die heidene wat "in die verdwaasdheid van hulle gemoed wandel" en wie se wysheid nutteloos is, teenoor die gelowiges wat van Christus leer en Hom ken. Volgens Hoehner (2008:92) is die verdwaasdheid *"mataiotes"* die rede dat die ongelowige nie sy doelwitte kan bereik nie. In hierdie geval waar daar na die verdwaasdheid van die gemoed verwys word, spreek dit van 'n morele gesindheid of ingesteldheid waar die verstand nie sy doel kan bereik in die ontvangs van God se openbaring nie. Gevolglik kan die ongelowige nie behoorlike morele besluite, wat noodsaaklik is vir sy lewe, neem nie (Rom.1:18-32). Die ongelowige kan nie die openbaring van God in sy gemoed ontvang nie, vanweë die geestelike duisternis waarin hy leef. Hulle is van God vervreem vanweë hulle onkunde, wat die gevolg is van die verhardheid van hulle harte. Mentz (s.a.:43-44) meen dat "verduisterd is in die verstand", 'n aanduiding is van die innerlike toestand van die ongelowige se lewe en die oorsaak hiervan is gesetel in die feit dat hulle "vervreemd is van die lewe van God". Die oorsaak van hierdie vervreemding is die onkunde waarin hulle leef "vanweë die verharding van hulle hart" (Ef. 4:18). Die gevolg van 'n verharde hart is dat alles wat so 'n mens "dink en wil en doen, sonder liefde is" (Mentz, s.a.:44; vgl. De Klerk, 2001:78-79). Hoehner (2008:92-93) sê dat die verhardheid van die ongelowige se hart, hulle onsensitief vir die stem van God maak en dat die onsensitiwiteit daartoe lei dat hulle onkundig is oor God. Hoehner (2008:92-93) formuleer die gevolge van die onkunde soos volg:

> "Their ignorance of God and his will causes their alienation from the life of God, their alienation from God cause them to walk in the futility of the mind. This is in sharp contrast to those who are believers who have been enlightened by God to do his will." (Hoehner, 2008:92-93).

Die natuurlike uitvloeisel van die ongelowige toestand word in hulle gedrag en optrede weerspieël, en hulle gebrek aan onderskeiding tussen reg en verkeerd, lei tot ongevoeligheid en onverskilligheid teenoor dit wat moreel korrek is (Hoehner, 2008:93). Die heidense leefwyse loop volgens De Klerk (2001:79) uit op selfvernietiging en hulle gedagtes lei tot niks omdat hulle denke oor geen geestelike substansie beskik nie. Volgens Hoehner (2008:93) is die morele apatie, onreinheid en hebsug van die ongelowige, verantwoordelik vir hulle toestand van verdorwenheid en is dit die rede vir hulle selfvernietigende leefwyse. Hulle selfsugtigheid is ook in direkte kontras met die lewe van Christus wat homself as 'n offer vir die sondes van die wêreld aangebied het (vgl. Cohick, 2010:115).

Dit is die taak van diegene wat deur Christus aangestel is (Ef. 4:11-12) om gelowige middel-adolessente vanuit die Woord van God te leer wat reg en verkeerd is en hoe ‘n lewe lyk wat volgens God se wil geleef word, sodat die middel-adolessent nie onverskillig sal optree nie. As geroepenes van God moet die apostels, profete, evangeliste, herders en leraars ook die middel-adolessente heiliges toerus vir hulle dienswerk. Dit sluit ondermeer in om middel-adolessente oor die skynbare onkunde met betrekking tot die inhoud van sommige musiek bewus te maak van die boodskap van die musiek, en hulle ook te wys op die gevare wat dit vir hulle heiligmaking en hulle lewens inhou. Diegene wat vir die toerusting van die heiliges verantwoordelik is, moet dus middel-adolessente deeglik bewus maak van die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges deur uit te wys hoe die lewe van die gelowige verskil van die lewe van die ongelowige (soos uitgebeeld in sommige lirieke). Gelowige middel-adolessente moet begelei en toegerus word om uit die Woord ingeligte besluite te neem, sodat hulle hul lewens volgens God se wil kan leef. Die keuses wat hulle as gelowige middel-adolessente neem, moet die boodskap kommunikeer dat hulle nie meer as ongelowiges wandel nie, maar as kinders van die Lig. Mueller (2006:157) benadruk dat wanneer ons gehoorsaam is en “wandel soos kinders van die lig” (Ef. 5:8), ons nie die lig in ons mag verberg nie, maar dat ons ons lig in die duisternis moet laat skyn.

### 6.2.2 Beskrywing van die wedergebore persoon (Eksegese van Efésiërs 4:20-4:32) (Hoehner, 2008:93)

In die perikoop beskryf Paulus die posisie (4:20-24) en die leefwyse (4:25-32) van die “nuwe mens”. God verlos nie net die mens nie, maar Hy vereis en stel die verloste in staat om sy nuwe leefwyse in sy leefwêreld uit te leef. Met betrekking tot die posisie van die nuwe mens, wys Paulus die leser op dit wat hulle vantevore geleer het (4:20-21). Die nuwe mens staan nou teenoor die ou losbandige heidense mens (4:17-19). “Teenoor die verduistering en onkunde…staan nou die waarheid wat hulle in Christus leer ken het” (De Klerk, 2001:79). Hoehner (2008:93) wys daarop dat die woord “leer” (*manthano*) nie na feitelike kennis oor Christus verwys nie, maar eerder na persoonlike kennis van Hom. Die Christengelowige leer nie net van Christus by die aanhoor van die evangelieboodskap nie, maar dit is ‘n voortdurende leerproses terwyl hy die Woord van God bestudeer en bedien word deur diegene van die liggaam wat reeds die gawes ontvang het.

De Klerk (2001:80) vestig die aandag daarop dat daar ‘n sterk kontras is “tussen die egoïstiese leefwyse wat vrye teuels aan gedagtes, drange en dade gee en die nuwe lewe wat gehoorsaam is aan God se wil”. Die rede waarom die sonde afgelê moet word, is omdat hulle reeds nuwe mense is en nie meer soos heidene kan lewe nie (4:22-24). Omdat die gelowiges aan Christus verbind is en reeds “uit die heidense lewe van die dood na die

Christelike lewe van die ewige lewe oorgegaan het", moet daar op 'n kontinue basis voortgegaan word om met die ou lewe te breek, om innerlik nuut te word en om 'n nuwe lewe te lei (vgl. Cohick, 2010:116; Hoehner, 2008:96; Mentz, s.a.:45).

Die onderrig van middel-adolessente moet egter daarop fokus om nie 'n nuwe stel wette neer te lê waaraan jongmense moet voldoen nie, omdat dit hulle sal ontmoedig om te volhard met die keuse van 'n nuwe lewe. Die toepassing van dit wat hulle leer, moet 'n natuurlike uitvloeisel wees van hulle roeping en nuwe identiteit in Christus. Vanuit hierdie nuwe verhouding met Christus en hulle nuwe identiteit in Hom, strewe hulle daarna om die voorskrifte van die Woord na te kom en sodoende heilig te lewe. Die kennis wat hulle opgedoen het deur die onderrig van diegene wat die heiliges moet toerus, sowel as van die geestelike volwasse gemeentelede, moet hulle tot so mate bemagtig dat hulle hul roeping wil uitleef om die kennis wat hulle van Christus bekom het, toe te pas. Die toerusters moet kreatief te werk gaan om die middel-adolessente te begelei om hulle identiteit in Christus hulle eie te maak en hulle te help om hulle Christenskap op 'n eerbare wyse uit te leef. In hierdie opsig speel dienswerk 'n belangrike rol.

Hoehner (2008:96) wys daarop dat daar onder geleerdes verskeie interpretasies van 4:22-24 bestaan, terwyl De Klerk (2001:80) van mening is dat daar op die daaglikse vernuwing na die beeld van God gefokus moet word. Hierdie vernuwing vind in die gees van die mens plaas, "wat gemeenskap met God beoefen". Die rede waarom hulle as nuwe mense moet lewe, is omdat hulle nuut in Christus herskep is en dit hulle in staat stel om heilig te wees. Deur sy herskepping het die mens die eienskappe van geregtigheid en heiligheid verkry, wat beide eienskappe van God is. Die nuwe mens is nou in 'n herstelde verhouding met sy Skepper en dit stel hom in staat om binne hierdie verhouding die wil van God te ken en te doen (De Klerk, 2001:80). Geregtigheid en heiligheid wys op regte optrede of gedrag voor God en mense (Hoehner, 2008:96-97). Hoehner merk op:

> "The new person is characterized by righteousness and holiness based on truth, and the resulting attributes will be manifested in many ways, as seen in 4:25-35" (Hoehner, 2008:97).

Hoehner (2008:97) vestig die aandag daarop dat Paulus die Efésiërs maan om nie soos die heidene te leef, wat alle morele sensiwiteit verloor het en hulle aan onreinheid oorgegee het nie (4:17-19), asook om die ou mens af te lê en hulleself met die nuwe mens te beklee (4:22-25). Hy gee ook praktiese wenke waarop die nuwe mens in Christus van dag tot dag behoort te leef. Daar is vyf spesifieke vermanings vir die gelowiges. Met die uitsondering van een van hierdie vermanings, bestaan elkeen uit drie dele: (1) 'n negatiewe opdrag, (2) 'n

positiewe opdrag, en (3) die rede vir die positiewe opdrag. In die tweede vermaning is die eerste twee dele omgeruil.

Die eerste vermaning waarsku teen die leuen en moedig gelowiges aan om die waarheid met mekaar te praat (4:25). Dit behoort ‘n natuurlike uitvloeisel te wees van die nuwe mens se leefwyse wat op geregtigheid en heiligheid gebaseer is (4:24) (Hoehner; 2008:97). De Klerk (2001:83) vestig die aandag daarop dat hierdie gedeelte verhoudinge aanspreek, “daarom omarm die ‘mekaar’ die hele gedeelte”. In 4:25 begin dit met “waarheid onder mekaar” en in 4:32 eindig dit met ‘n dubbele “mekaar”. Sou die boodskap in sekere musiek die luisteraars aanmoedig om leuens te verkondig, moet die gelowige middel-adolessente vanuit hulle verhouding met Christus en hulle nuwe identiteit in Hom, nie aan hierdie boodskap toegee nie.

Die tweede vermaning wys daarop dat gelowiges met tye rede het om “toornig” te word, maar hulle word aangesê om nie in hulle toorn te sondig nie (4:26-27). Wanneer die gelowige kwaad word, moet dit egter nie aanleiding tot sonde gee nie, “such as when it develops into a prolonged irritation, allowing the devil to gain an inroad into the life of the believer” (Hoehner, 2008:97). Paulus beklemtoon dat geen gelowige oornag skuiling aan woede mag bied nie (Hoehner, 2008:97). Hoehner maak die volgende opmerking:

> “Prolonged anger gives opportunity to the devil to twist and distort truth, causing anger to mount and possibly resulting in dissension and revenge.” (Hoehner, 2008:97-98).

Toorn op sig self is nie sonde nie, want God word ook toornig, soos gesien by die Vader en by Jesus Christus (Num. 22:22; 2 Sam. 6:7; Joh. 2:15-16). God se toorn is egter iets waarvan Hy altyd in beheer is. In teenstelling hiermee is die mens geneig om deur sy toorn beheer te word. Vandaar die rede dat die gelowige aangesê word om nie in sy toorn te sondig nie. As iemand binne die liggaam te na gekom sou word, mag hyself kwaad word, maar hy mag nie deur daardie toorn verteer word nie. Die gelowige moet daarteen waak om nie die kwaad-wees te vertroetel nie, en hulle mag ook nie ‘n dag in toorn afsluit nie. (Hoehner, 2008:98; vgl. De Klerk, 2001:83; Mentz, s.a.:48).

Die eerste bewys van wedergeboorte is dat daar ‘n radikale verandering in die wedergeborene se lewe waargeneem kan word. Om hierdie rede kon Paulus skryf dat dit nie meer hy is wat lewe nie, maar Christus wat in hom lewe (Gal. 2:22). Die wedergebore persoon lewe dus op so ‘n wyse dat Christus deur sy lewe verheerlik word. Die herstelde verhouding waarin die gelowige met God leef en wat hom in staat stel om die wil van God te ken, stel ook die middel-adolessent in staat om te weet wat die wil van God vir sy totale lewe

behels. Dit geld ook vir die boodskap wat deur die musiek waarna middel-adolessente luister, oorgedra word. In die geval van middel-adolessente wat baie lief is vir hulle musiek, is dit baie waarskynlik dat hulle kwaad kan word wanneer die gevare van die musiek waarna hulle luister, uitgewys word. Dit is juis hier waar die pastor/jeugpastor die middel-adolessente so moet begelei, dat indien hulle kwaad word, die Woord van God as verwysing gebruik sal word dat hulle nie in hulle toorn moet sondig nie. Hulle moet ook die boodskappe van woede, moord en anargie wat in sommige musiek voorkom in die lig van hierdie verse leer afkeur.

Die derde vermaning spreek die gelowige aan om homself nie aan diefstal skuldig te maak nie, maar dat hy moet arbei deur met sy hande te werk, sodat hy in staat kan wees om vir die behoeftige uit sy verdienste te kan gee (4:28). Waar die dief steel vir sy eie gewin, moet die gelowige deur sy handearbeid ‘n inkomste verdien, sodat hy daaruit ook iets kan hê om met behoeftiges te deel. Diefstal is ‘n karaktertrek wat na die ou mens verwys, terwyl handearbeid ‘n heenwyse is na die nuwe mens. Waar die nuwe mens op ‘n eerlike wyse sy verdienste ontvang, moet hy dit tot voordeel van die gemeenskap van gelowiges aanwend (Hoehner, 2008:98). Die gelowige leef dus vanuit die wete dat God vir hom sorg en voorsien in al sy behoeftes. Om hierdie rede vrees hy nie vir enige tekorte nie en daarom wend hy homself nie tot diefstal nie. Die selfgeregtigheid wat in sommige musiek verkondig word en wat aanleiding gee tot ‘n kultuur van “ek vat wat ek nodig het, maak nie saak wat dit aan jou doen nie”, moet deur toerusting teengewerk word by die middel-adolessent.

In die vierde vermaning word daar na taalgebruik verwys (4:29-30). Weer word die negatiewe opdrag eerste gegee waar die gelowige aangesê word om geen vuil taal *“sapros”* te gebruik nie, maar om eerder woorde wat goed en opbouend is, te spreek. Vers 28 het die fisiese behoeftes van die gelowiges aangespreek, terwyl vers 29 die geestelike behoeftes aanspreek. Vuil en skandelike taal is afbrekend van aard, terwyl goeie woorde opbouend en stigtend is. Deur van goeie woorde gebruik te maak, word die luisteraar dus altyd gestig en opgebou (Hoehner, 2008:98). Mentz (s.a.:49) vestig op sy beurt die aandag daarop dat die gelowige se taalgebruik ‘n duidelike aanduiding sal wees dat hy ‘n nuwe mens geword het. Die gelowige mag nie swygend deur die wêreld gaan nie, en waar daar ‘n behoefte is aan woorde wat stigtend en opbouend is, moet die gelowige deur sy spraak na vore tree. Paulus gaan dan verder deur daarop te wys dat die Heilige Gees, deur wie die gelowiges verseël is tot op die dag van verlossing, deur vuil taal bedroef word (Hoehner, 2008:98; vgl. Cohick, 2010:118; De Klerk, 2001:84; Mentz, s.a.:49).

Dit is noodsaaklik dat die pastor/jeugpastor die middel-adolessente se aandag daarop vestig dat sommige van die kunstenaars na wie se musiek hulle luister, vuil, skandelik en

afbrekend van aard is. Die voortdurende blootstelling aan hierdie soort taalgebruik wat in die lirieke voorkom, kan na alle waarskynlikheid daartoe lei dat die luisteraars daarvan negatief daardeur beïnvloed word. Die moontlikheid dat die luisteraar self hierdie soort taal sal gebruik vanweë die voordurende blootstelling daaraan, kan nie uitgesluit word nie. Wanneer die luisteraar dan self so begin praat, sal dit ook 'n destruktiewe uitwerking op diegene hê wat deel van daardie bepaalde vriendekring is. Omdat gelowige middel-adolessente vanuit hulle verhouding met Christus leef en hulle deur die Heilige Gees laat lei, behoort hulle vanweë hulle oortuigings en die toerusting wat hulle ontvang het, nie toe te gee aan die versoeking om na sulke musiek te luister nie.

In die vyfde plek word gelowiges gewaarsku teen kwaadwilligheid en ook aangemoedig om mekaar op te bou (4:31-32). Weereens word die negatiewe vermaning eerste gegee (4:31), gevolg deur die positiewe (4:32). Paulus vermaan die gelowige om vyf spesifieke euwels neer te lê, op grond van die ou mens wat afgelê is (4:22): bitterheid *"pikria",* woede *"thumos",* toorn *"orgē"*, geskreeu *"kraugē"* en lastering *"blasphēmia"*. Die woord "bitterheid" verwys na 'n spesifieke gesindheid, terwyl "woede" en "toorn" 'n bepaalde ingesteldheid aanspreek. Die laaste twee woorde, "geskreeu" en "lastering" verwys na spesifieke spraakvorme. Paulus sluit vers 31 af met die allesomvattende frase, "saam met alle boosheid" wat direk teenoor morele voortreflikheid staan. In vers 32 is daar drie positiewe opdragte. Die eerste handel oor "vriendelikheid" wat paslik, aangenaam en goed is. Tweedens word ons daarop gewys om "vol ontferming" te wees. Die saamgestelde naamwoord *"eusplanchnos"* wat net hier en in 1 Petrus 3:8 gebruik word, kom van die woord *"splanchron"* wat na die innerlike emosies van liefde, goedgesindheid en toegeneentheid verwys, en waarvan deernis 'n uitvloeisel is (vgl. 2 Kor. 6:12; 7:15; Fil. 1:8; 2:1; Kol. 3:12; 1 Joh. 3:17). Dit staan teenoor ongevoeligheid, ondeug en emosionaliteit. Laastens is daar die opdrag om mekaar te vergewe. Paulus moedig die gelowiges aan om genade aan mekaar te betoon omdat genade teenoor bitterheid, woede, toorn, geskreeu en lastering staan. As gelowiges moet ons mekaar genadig wees, net soos God ons in Christus genadig is (Hoehner; 2008:99; vgl. De Klerk, 2001:84-85; Mentz, s.a.:49-50).

Pastore/jeugpastore het ook die verantwoordelikheid om middel-adolessente aan te moedig om mekaar op te bou. Daar moet voortdurend en doelbewus aan 'n gees van opbouende betrokkenheid by mekaar in die gemeente gewerk word. Middel-adolessente moet daarvan bewus gemaak word dat die voortdurende blootstelling aan musiek wat een of ander negatiewe boodskap oordra, waarskynlik daartoe sal lei dat die negatiewe boodskap uitgeleef word. Waar dit die geval is sal dit vir middel-adolessente moeilik wees om mekaar te bemoedig en op te bou. Paulus begelei in hierdie gedeelte die gelowiges om meer en

meer te word wat hulle in Christus is. Hy kontrasteer die vorige lewenswyse met die nuwe lewenswyse en moedig die gelowiges aan om die nuwe lewenswyse meer en meer deel te maak van hulle lewe. Dit vra dat hulle ‘n doelbewuste besluit sal neem om met sekere dinge te breek en dit te vervang met dinge wat positief en opbouend is. Om hierdie oorgang te maak moet hulle gees en gedagtes nuut word.

Adolessente moet dus nie net gewys word op die gevare van musiek nie, maar moet ook deur effektiewe toerusting begelei word om sekere keuses vir die nuwe lewenswyse te maak, om doelbewus te breek met die ou lewenswyse en te streef om met volharding nuut te lewe. Om dit te kan doen, verg dat hulle nuut oor dinge wat hulle lewens raak sal begin dink.

Die gemeente moet dus die middel-adolessente begelei om die kontras raak te sien en ‘n keuse uit te oefen, maar hulle moet ook toegerus word om musiek te beoordeel. Dit impliseer dat toerusters saam met hulle na die musiek sal luister en ook beoordeel of dit bydra tot die nuwe lewenswyse en of dit aftrek na die ou lewenswyse. Middel-adolessente moet dus begelei word om doelbewus die boodskap, “doen wat jy wil of waarvoor jy lus is”, af te wys, en doelbewus kies om hulle aan God se voorskrifte te onderwerp omdat hulle glo dat hulle dan die ware vrede en vreugde van die nuwe lewenswyse in Christus sal ervaar.

## 6.3 VOORTSETTING VAN DIE VERMANINGS (Eksegese van Efésiërs 5:1-21)

Hierdie perikoop word verdeel in drie dele, naamlik 5:1-6 wat daarop fokus dat gelowiges navolgers van God moet wees; 5:7-14 wat fokus op die kerk wat soos nuwe mense leef en 5:15-21 wat fokus op voorskrifte hoe die gelowige moet wandel.

### 6.3.1 Lewe in liefde (Eksegese van Efésiërs 5:1-6) (Hoehner, 2008:99)

In 5:1 gebruik Paulus vir die derde keer die woord *“peripateō”,* met verwysing na die Christengelowige se lewenswandel. In hierdie geval word die gelowiges beveel om navolgers van God te wees en in navolging van Hom, moet hulle lewens deur ‘n wandel in liefde gekenmerk word (Hoehner, 2008:100). “Hulle moet wys dat hulle kinders van God is, verlos, bestraal deur sy liefde” (Mentz, s.a.:51). Om hierdie rede moet die gelowige se gees en gedagtes daagliks vernuwe word sodat hulle toenemend meer kan word wat Christus in hulle is (De Klerk, 2001:87).

Hoehner (2008:100) vestig die aandag daarop dat hierdie gedeelte weer in twee verdeel word: die positiewe, wandel in liefde (5:1-2) en die negatiewe, weerhouding van die bose (5:3-6). In 5:1-2 word die gelowiges aangemoedig om in die ware sin van die woord, soos geliefde kinders, navolgers van God te wees en om in die liefde te wandel. Hierdie

lewenswandel van liefde verwys ook na die liefde wat Christus van sy dissipels teenoor mekaar verwag (Joh. 13:34-35; 15:12, 17). Christus is ons rolmodel wat uit liefde Sy lewe vir ons afgelê het. De Klerk (2001:88) beweer dat die nuwe mensheid, die kerk, nou die opdrag het om in liefde te lewe en dat ons nuwe lewe in alle opsigte binne die raamwerk van liefde moet geskied. Mentz (s.a.:51) beklemtoon dat hierdie liefde, soos die liefde van Christus, 'n selfopofferende liefde moet wees. Hy het Homself as offer aan God gewy, wat 'n aangename geur vir God was. Wanneer die gelowiges mekaar liefhet met die liefde van Jesus, is dit ook 'n aangename geur vir God (2 Kor. 2:14-16) (Hoehner, 2008:100-101; vgl. Mentz, s.a.:51).

Volgens Hoehner (2008:101) wys Paulus die gelowiges in 5:3-4 daarop dat hulle alle onreinheid moet vermy en dat die ongelowige leefwyse direk teenoor die lewe wat in liefde geleef word, staan. Net so staan selfgesentreerdheid in gedrag en spraak in 5:3-4 in kontras met die selfopofferende liefde waarvan in 5:1-2 gepraat word. In die lig hiervan word gelowiges daarvan bewus gemaak om geensins deel te hê aan enige seksuele immorele dade nie. Deur gebruik te maak van die woord *"porneia"* (hoerery) wys Paulus die gelowiges daarop dat hulle hulself van buite-egtelike en seksuele verhoudings moet weerhou (Matt. 5:32; Joh. 8:41; Hand. 15:20, 29; 21:25; 1 Kor. 7:2), asook van bloedskande (1 Kor. 5:1) en allerhande ander onreinhede. Volgens De Klerk (2001:89) kan die lewe in liefde bedreig en verdring word deur verkeerde invloede vanuit die heidense omgewing. So is daar baie mense wat die begrip van liefde misbruik om ongeoorloofde seksuele dade te pleeg. Hoehner (2008:101) verskuif dan die klem na die ander punte wat deur Paulus aangespreek word, naamlik hebsug in 5:3 (vgl. 1 Kor. 5:10-11) wat dui op selfsugtigheid. Volgens De Klerk (2001:89) kan hierdie hebsug *"pleonexia"* verwys na gierigheid "in die sin van seksuele losbandigheid…wat 'n ander se liggaam wil misbruik ter wille van selfgesentreerde en gierige drange". Hierdie hebsug (gierigheid) is ook "die teenoorgestelde van opoffer en weggee van jouself en jou besittings, omdat dit 'n gejaag is na selfverryking ten koste van ander". Dit mag selfs nie eers onder die gelowiges genoem word nie (vgl. Hoehner, 2008:101; Mentz, s.a.:51). Dit wys op 'n benadering tot die lewe wat as eksistensialisme bekend staan. Die bestaan van die individu in die hier en nou word baie sterk beklemtoon en in baie gevalle word verhoudings uitsluitlik gesien in terme van die nut en voordeel wat dit vir die *ek* inhou.

Middel-adolessente moet geleer word dat hulle verhouding met God gekenmerk moet word deur liefde vir God. Hierdie liefde vir God vind uiting in gehoorsaamheid aan Sy wil en Woord. Soos Christus gekom het om die wil van sy Vader te doen, moet ons Sy navolgers wees en lewe volgens die wil van die Vader (Joh. 4:34; 6:38). Omdat sommige musiek waarna middel-adolessente luister 'n boodskap van seksuele losbandigheid aanmoedig,

moet Christenjongmense bewus gemaak word van die feit dat God se Woord die wedergebore kind verbied om seksueel losbandig te wees en om ‘n afkeur te hê van die dinge waardeur hulle hul liggame, wat tempels van die Heilige Gees is, kan besoedel (1 Kor. 6:15, 16, 19). Om op seksuele gebied ander mense te misbruik om jou eie begeertes te bevredig, kom neer op hebsug, wat deel is van die dade van die duisternis. Die gelowige middel-adolessent moet daarop gewys word dat Efésiërs 5:11 ‘n duidelike boodskap oordra om geen gemeenskap te hê met die onvrugbare werke van duisternis nie. Dit beteken ondermeer dat gelowiges ‘n totale afkeur sal hê aan die negatiewe boodskappe wat deur sommige musiek gekommunikeer word.

Hoehner (2008:101) wys dan daarop dat “gemeenheid” *(aischrotēs)* in 5:4 van toepassing is op spraak sowel as gedrag en dat dit dui op iets wat skandelik en gemeen is. Die tweede uitdrukking *“mōrologia”* word vertaal met dwase praatjies. Dit dui direk op nuttelose gesprekke wat afbreuk doen aan die geloof en geensins bydra tot sinvolle en opbouende gesprekvoering nie. Die uitdrukking *“eutrapelia”* word vertaal met lawwe praatjies, wat dui op ‘n geskerts wat te ver gegaan het en waar daar ‘n bespotting gemaak word van diegene wat teenwoordig is. Dit is humor in swak smaak ten koste van iemand anders en is in direkte teenstelling met Paulus se opdrag in 4:29 om mekaar te stig. Hierdie soort onvanpaste spraak hoort nie in die lewe van wedergebore kinders van God se lewens nie en dit staan in teenstelling met danksegging wat aan God gebring word vir die verlossing van sondes en die gawes wat Hy aan die kerk gegee het. Paulus brei verder uit op die feit dat gelowiges hulleself van gemene dade moet weerhou. Hy beklemtoon dit dat diegene wat immoreel, onrein en gierig is, nie die Koninkryk van Christus en God sal beërwe nie. Hierdie is dieselfde drie euwels waarna Paulus in 5:3 verwys. By hierdie geleentheid in 5:5 gaan hy egter verder en hy noem die gierigaard ‘n afgodedienaar (vgl. De Klerk, 2001:89-90; Mentz, s.a.:52).

Daar bestaan na my mening min of geen twyfel nie dat musiek as medium baie effektief aangewend kan word om bepaalde boodskappe oor te dra, hetsy positief of negatief. Sommige boodskappe is baie negatief van aard, soos reeds vermeld in 4.3.2.3. Vanweë die negatiewe boodskappe wat deur musiek oorgedra word, het die pastor/jeugpastor ‘n groot taak en verantwoordelikheid om middel-adolessente daarvan bewus te maak dat die Woord ons leer dat hoerery, allerhande onreinheid of hebsug (Ef. 5:3) selfs nie onder die heiliges genoem mag word nie. Middel-adolessente moet in liefde en onder die leiding van die Heilige Gees die waarheid van God se Woord geleer word. Dit beteken dat die Skrifte vir hulle oopgebreek moet word, sodat hulle die inhoud daarvan ter harte kan neem. Hulle moet daarop gewys word dat Efésiërs 5:6 ons waarsku om nie deur die ydele woorde van mense verlei te word nie. Ek is van mening dat baie van die musiek waarna middel-adolessente

luister, gevul is met ydele woorde en dat die woorde as sulks ‘n uiters negatiewe boodskap oordra, en gevolglik kan dit ‘n negatiewe uitwerking op die vorming van die jongmens uitoefen.

Dit is belangrik dat adolessente begelei word om te verstaan dat die doel van hul lewens ‘n positiewe een is en dat hulle alles in die stryd moet werp om daardie doel te vervul. Hierdie doel beteken dat gelowiges navolgers van God sal wees en in die liefde van Christus sal wandel sodat hul lewens as offer aan God gegee word. Hulle moet dan die musiek leer beoordeel met die vraag of dit hulle help om hierdie doel te bereik en of dit hulle eerder wegtrek van hierdie doel. Om bepaalde musiek te vermy moet dus ‘n keuse wees wat hulleself uit oortuiging maak en wat nie op hulle afgedwing word nie.

### 6.3.2 Lewe in die Lig (Eksegese van Efésiërs 5:7-5:14) (Hoehner, 2008:102)

Hoehner (2008:103-104) wys daarop dat hierdie gedeelte die vierde van vyf plekke is waar Paulus die woord *“peripateō”* gebruik en dat hierdie gedeelte in drie dele of mandate verdeel is, naamlik: (1) moenie betrokke raak met kwaaddoeners nie (5:7-10); (2) moenie betrokke raak by die werke van kwaaddoeners nie (5:11-13); en (3) verkry die goedkeuring van Christus en laat Sy lig oor jou skyn. Vanweë die komende wraak van God oor diegene wat Hom ongehoorsaam is, moet die gelowiges nie deel wees van die kwaaddoeners nie (5:7). Die woord *“summetochos”* (deelgenote) dui op iemand wat ‘n vennoot of ‘n medepligtige in ‘n sameswering is. In die konteks van 5:7 verwys dit nie na die deelname aan sonde nie, maar spesifiek na die sondaars na wie daar in 5:3-6 verwys is en wat die objekte van God se wraak is. Omdat die gelowiges gemeenskap met God en die heiliges het, is hulle nie deelgenote van die kwaaddoeners nie. Dit verhoed egter nie die gelowiges om kontak met ongelowiges te hê nie, maar dit verhinder hulle om deel te hê in hulle leefwyse (vgl. Mueller, 2006:157). Hoehner (2008:104) fokus die aandag op die gebruik van die woord *“gar”* (want) waarmee vers 8 begin, wat aandui dat die rede hiervoor is dat Christene veranderde mense is wat nie meer in die duister is nie, maar in die lig van die Here (5:8a). Duisternis (*skotos*) dui op die realm en krag van die sonde waarin hulle vasgevang was voordat hulle die evangelie geglo het, terwyl *“phōs”* (lig) wys op hulle status as nuwe mense wat Sy maaksel is (2:10), vandaar, “lig in die Here” (5:8). Mentz (s.a.:53) beskryf die duisternis as “’n toestand sonder kennis van God en van sy heil in Christus”, terwyl lig vir ware kennis staan, en “kennis bring heiligheid en heiligheid bring vreugde”. Omdat die gelowige nou “lig in die Here” is, beteken dit dat hy verlos is van sy sonde skuld en onthef is van die vloek en toorn, en dat hy nou ‘n hoop het van die ewige, onverganklike erfenis en saligheid. Om hierdie rede moet die gelowiges soos kinders van die lig wandel. De Klerk (2001:93) sê die gelowige se gedagtes, woorde en gedrag moet in ooreenstemming wees met ons “nuwe identiteit as lig”.

In 5:9 word die kwaliteite van die kinders van die lig vermeld. Ook hier begin die vers met *"gar"* (want) om te verduidelik watter drie dinge karaktertrekke van lig is. Eerstens *"agathōsunē"* (goedheid), wat daarop wys om goed te doen aan ander mense en om vrygewig te wees. Tweedens *"dikaiosunē"* wat normaalweg met geregtigheid vertaal word. In hierdie konteks dui dit na alle waarskynlikheid op regverdige optrede (Hoehner, 2008:104.) Mentz (s.a.:54) meen dat geregtigheid ook wys na 'n "wandel in die vrees van die Here en in die weë van sy woord". Die derde woord *"alētheia"* (waarheid), dui op realiteit of die teenoorgestelde van dit wat vals is (vgl. 4:21, 24-25). In die konteks van 4:9 wys dit op die regte optrede of leefwyse, in teenstelling met 'n vals lewe (Hoehner, 2008:104). Volgens Mentz (s.a.:54) beteken waarheid dat gelowiges se woorde in ooreenstemming is met hulle gedagtes, en hulle dade ooreenstem met hulle woorde. Die gelowige "wandel in die waarheid, wat sê wat hy dink en wat doen wat hy sê" (Mentz, s.a.:54). Mentz wys daarop dat die waarheid in hierdie vers (Ef. 5:9) ook na godsdienstige en morele waarheid verwys. Die lig in die lewe van die gelowige is iets wat te alle tye raakgesien moet word, omdat lig wat verberg word, geen waarde het nie.

Paulus beklemtoon dat gelowiges geensins by enige van die kwaaddoeners se onvrugbare werke betrokke mag raak nie. Daarna gee hy 'n opdrag dat gelowiges die bose werke moet bestraf (5:11). Om hierdie rede moet middel-adolessente toegerus word om hulleself teenoor ander mense te kan verantwoord. Die rede waarom die gelowiges nie by die werke van die kwaaddoeners betrokke moet raak nie, is omdat dit te skandelikheid is om te noem (5:12-13). Die gelowiges moet hulle nie net van die kwaaddoeners weerhou nie (5:7-10), maar hulle mag ook nie by hulle werke betrokke raak nie (5:11-13) omdat die oorsprong daarvan die duisternis is. In 5:8 mag die gelowiges nie deel aan die kwaaddoeners hê nie, terwyl hulle in 5:11 aangesê word om nie aan die werke van duisternis deel te hê nie (Hoehner, 2008:105). Mentz (s.a.:54-55) wys daarop dat die werke van duisternis in stryd met die wil van God staan en daarom mag die gelowige homself nie daarmee vereenselwig nie. Dit is nie voldoende dat hy geen gemeenskap met die werke het nie, maar hy moet homself daarteen verset. Die gelowige moet dit wat verkeerd en sondig is, wat sy oorsprong in duisternis het, vermy en bestraf. Renner (2003:371) sê dit beteken nie dat die duisternis nie sal poog om die lig te oorkom nie, maar dat alle pogings onsuksesvol sal wees omdat die lig van God altyd die duisternis sal oorheers. Geen vorm van duisternis beskik dus oor die krag of vermoë om God se lig te oorweldig nie. As gevolg van hierdie gedeelte haal Paulus 'n lied aan wat 'n oproep tot mense is om wakker te word vanuit die slaap, "en op te staan uit die dood" (De Klerk, 2001:94). Hoehner (2008:106) en De Klerk (2001:94) is dit eens dat dit 'n saamgevoegde aanhaling uit Jesaja 26:19 en Jesaja 60:1-2 is. Hoehner meen egter dat die moontlikheid bestaan dat dit 'n lied is wat mense aanmoedig tot bekering, of dat dit 'n

aanmoedigingslied is. De Klerk meen op sy beurt dat dit waarskynlik ‘n ou Paaslied is of ‘n lied by die doop. De Klerk (2001:94-95) deel die siening van Mentz (s.a.:54-55) dat slaap in 5:14 verwys na ‘n geestelike doodstaat en dat dit ‘n oproep op die mens is om uit die dood wakker te word en op te staan.

Middel-adolessente moet geleer word dat ‘n lewe wat in die lig van Jesus Christus gelewe word, ‘n lewe is waar daar nie toegegee word aan enige van die werke van kwaaddoeners nie. Dit beteken noodwendig dat gelowige middel-adolessente nie medepligtig moet wees aan die luister van musiek wat enige negatiewe boodskap kommunikeer nie. Hulle moet besef dat die digters en sangers wat doelbewus ‘n destruktiewe en skadelike boodskap uitdra, deel is van die mense waarmee die gelowige nie mag saamwerk nie. Om dus hulle CD’s te koop of selfs na hulle musiek te luister, of ‘n volgeling van hulle te wees op sosiale media, druis in teen hulle identiteit as kinders van die lig. Vanweë die gelowige se verhouding met God en sy betrokkenheid by die heiliges wat deel van die liggaam van Christus is, strewe hy daarna om deur sy handel en wandel die liggaam van Christus op te bou. Nog ‘n deel van die toerusting van middel-adolessente wat uiters noodsaaklik is, is dat hulle geleer moet word om hulleself teenoor andere te kan verantwoord en die verkeerde musiek apologeties te ontmasker.

### 6.3.3 ‘n Wyse lewenswandel onder leiding van die Heilige Gees (Eksegese van Efésiërs 5:15-5:21)

Hierdie is die laaste van die vyf dele waar *“peripateō”* (wandel, 4:1, 17; 5:1-2, 7-8, 15) gebruik word. Op die basis van die leerstellige fondasie wat in hoofstukke 1-3 gelê is, beveel Paulus dat die gelowiges in eenheid moet wandel (4:1-16); heilig moet wees (4:17-32); in liefde moet leef (5:1-6); in die lig moet wandel (5:7-14); en in die laaste plek word hulle beveel om in wysheid te wandel (5:15-6:9). Hierdie laaste deel kan weer in twee dele verdeel word, naamlik die vermaning (5:15-21) en die toepassing (5:22-6:9) (Hoehner, 2008:107). Met betrekking tot die toepassing sal daar in hierdie studie nie aandag gegee word aan 5:22-33 en 6:5-9 nie, omdat dit buite die veld van die navorsingsonderwerp val. Die gedeelte in 6:1-4 sal wel in oënskou geneem word.

By vergelyking van Roberts (1990:156) en Hoehner (2008:107) word die gelowige in hierdie gedeelte vermaan om in wysheid onder die leiding van die Heilige Gees te lewe. Paulus beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat gelowiges hulle lewens met wysheid en groot versigtigheid moet leef, en nie soos onwyse mense nie. Wysheid bestaan uit ‘n kombinasie van teoretiese en praktiese kennis, wat uitloop op ‘n opregte leefwyse (Spr. 4:11), en is duidelik sigbaar in die lewe van diegene wat God vrees (Spr. 9:10). Hoehner maak die volgende opmerking:

> “True wisdom is insight into the true nature of things, and this can only come from God. The unwise lives as one who despises or has no insight into God’s plan” (Hoehner 2008:107).

Jakes (2008:297) wys ‘n belangrike punt uit met betrekking tot die wysheid waarin die gelowige moet wandel, naamlik dat ons nie net aangesê word om in wysheid te wandel nie, maar dat ons “nougeset” as wyse kinders van God moet wandel. Jakes sê dat die Griekse woord vir “nougeset” (*akribōs*) ‘n besondere betekenis het en dan merk hy op:

> “It depicts perfection in the sense of being exact, careful, and accurate, and it leaves no room for any quality or characteristic of life that is undisciplined, untrained, unholy, ungodly, or unrighteous. To walk circumspectly we must be entirely focused on what God desires to accomplish in us, through us, for us, and around us. We must be careful, accurate, making certain that our lives - thoughts, speech, actions, and motives - line up perfectly with God’s Word and the guidance of the Holy Spirit at all times. A circumspect walk is a walk in which we pay attention and ‘take heed’” (Jakes, 2008:297).

Die bewys van ware wysheid word duidelik uitgespel in Efésiërs 5:16, naamlik om die beste van elke geleentheid te maak omdat die dae boos is. Bykomend tot die opdrag om in wysheid te wandel deur die beste van elke geleentheid te maak (Ef. 5:15-16), moedig Paulus ook die gelowiges aan om behoorlike perspektief te hê wat hulle in staat sal stel om hulle lewens te lewe volgens die wil van God (Ef. 5:17-21). In 5:18-21 verduidelik Paulus hoe die gelowige God se wil beter kan verstaan. Hy gee hier ook eers ‘n negatiewe opdrag, “Moenie dronk word van wyn nie”, omdat dit oor die vermoë beskik om lewens te vernietig, en gevolglik ooreenstem met onwyse en dwase optrede. Dan volg die positiewe opdrag om met die Gees vervul te word. Die teenstelling is nie tussen die wyn en die Gees nie, maar tussen die twee gevolglike gedragspatrone. Dit word uitgedruk in die twee werkwoorde: dronk word van wyn, wat lei tot verderf, en met die Gees vervul, wat lei tot vreugde in gemeenskap (fellowship) en gehoorsaamheid aan God se opdragte. Wanneer “dronk van wyn” vergelyk word met “vervul met die Gees” kan die volgende waarnemings gemaak word (Hoehner, 2008:107-109).

> “In comparing ‘drunk with wine’ and ‘filled by the Spirit,’ two observations can be made. Persons controlled by wine are no longer in control of their actions, as is demonstrated by their inability, for instance, to walk a straight line. Neither do those who are filled by the Spirit control their actions as they relinquish their will to the Lord…being filled by the Spirit allows the Spirit of

> God to direct and empower believers to live lives pleasing to God and to do his will" (Hoehner, 2008:108-109).

Paulus lig dan vier kenmerke uit wat duidelike aanduidings is van iemand wat met die Gees vervul is (Ef. 5:19-21). Die eerste is kommunikasie met mekaar deur middel van psalms, lofsange en geestelike liedere (Ef. 5:19a). Die tweede kenmerk van 'n mens wat met die Gees vervul is, word gesien in "sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here". Om te sing beteken nie noodwendig dat die sang met verbale woorde gepaard moet gaan nie, maar dit kan sang in die hart insluit, waar die Heilige Gees woonagtig is (Rom.8:9). Die laaste gedeelte van 5:19, "in julle hart tot eer van die Here", kwalifiseer dat lofsange wat tot God gerig is, vanuit die hart kom (Hoehner, 2008:109). Roberts (1990:162) en De Klerk (2001:99) is dit eens dat openbare, gesamentelike sang van geestelike liedere ten doel het om mekaar op te bou binne die konteks van die erediens. Die derde kenmerk is danksegging aan God die Vader, in die Naam van Jesus Christus. Gelowige mense bring voortdurend dank aan God vir hulle redding, vir alle geestelike seëninge en vir alle voorsiening (5:20). Die vierde en laaste kenmerk is om in die vrees van God onderdanig aan mekaar te wees (5:21). Die werkwoord *"hupotassomai"* (onderwerp) kommunikeer die boodskap dat wanneer gelowiges met die Heilige Gees vervul is, daar 'n wedersydse onderdanigheid aan mekaar sal wees. In die geval van ongelowiges word individualisme en onafhanklikheid hoog aangeskryf, maar die gelowiges moet mekaar liefhê (Joh. 13:34-35), hartlik teenoor mekaar wees en eer aan mekaar betoon (Rom. 12:10), en andere hoër ag as hulleself (Hoehner, 2008:109; vgl. De Klerk, 2001:99). Die volgende opmerking van Hoehner gee dieper insig rondom die saak van onderwerping:

> "…that submission involves the willingness to submit to those who have authority, whether it be in the home, in the church or in society. One thing is clear. Submission should not be taken lightly, because it is to be done out of fear of Christ. Though the range of meaning for 'fear' is anywhere from absolute terror to one of respect, in this context it connotes reverential fear or reverential respect" (Hoehner, 2008:110).

De Klerk (2001:98-99) vestig die aandag daarop dat die vervulling met die Heilige Gees 'n positiewe uitwerking op alle verhoudinge sal hê. So bou die gelowiges mekaar ook op deur onderdanig aan mekaar te wees. As gelowiges wat aan mekaar onderdanig is, sal hulle na mekaar luister. Die middel-adolessent moet met geduld en liefde hierin begelei word en daar moet in gedagte gehou word dat daar 'n geneigdheid tot individualisme by die postmoderne jeug bestaan. Relativisme, wat hand aan hand met individualisme loop, moet ook nie uit die oog verloor word nie, omdat dit ook 'n sterk ondertoon van postmodernisme bevat.

Wanneer die pastor/jeugpastor en geestelike volwasse lidmate die gevare in sekere lirieke en musiek uitwys, moet middel-adolessente met begrip begelei word om hulle te onderwerp aan die gesag wat oor hulle aangestel is, ‘n leerbare gesindheid te openbaar, te luister wat aan hulle oorgedra word en ag te slaan op die lering. Die pastoor en ander begeleiers moet ook deur hulle optrede ‘n voorbeeld stel deur hulle bereidwilligheid om na die middel-adolessente te luister. Waar dit nodig mag wees, moet middel-adolessente die nodige stappe neem om regstellings te maak met betrekking tot die musiek waarna hulle luister, en hierdie regstellings moet in ooreenstemming met God se Woord wees, sodat elkeen sy lewe tot verheerliking van Jesus Christus kan leef. Die toepassing hiervan lê daarin dat middel-adolessente begelei moet word tot die vervulling met die Heilige Gees. Möller (1991:218-219) vestig die aandag daarop dat die vervulling met die Heilige Gees op die belofte van Handelinge 1:5, 8 gebaseer is en hy maak die volgende opmerking, rakende die lewe van die persoon wat met die Gees vervul word:

> “…waardeur God Homself genadiglik op ‘n persoonlike, onmiddellike, innige en blywende wyse aan die gelowige openbaar, deurdat Hy hom onder die kontrole en in die volheid van die Heilige Gees stel, waardeur so iemand op ‘n besondere wyse bewus gemaak word van die verrese Christus in sy lewe, en as gevolg waarvan hy met geestelike krag toegerus word om ‘n lewe te lei waarin hy ‘n groter getuie vir Christus kan wees en ‘n voller dimensie van aanbidding kan beoefen” (Möller, 1991:218-219).

Deur die vervulling met die Heilige Gees verkry die gelowige middel-adolessent krag van die Here self en dit stel hom in staat om sonde te weerstaan en om in gemeenskap met Hom te leef. Die Geesvervulde adolessent sal dus daarna strewe om sy lewe op ‘n waardige wyse onder die leiding van die Heilige Gees te leef. Wanneer daar gekyk word na die aspek van “dronk word van wyn” (Ef. 5:18), is dit simbolies van iets wat ‘n persoon se lewe oorheers en uiteindelik kan lei tot die vernietiging van so persoon se lewe. Net soos wat hierdie oorheersing deur “wyn” oor ‘n tydperk die persoon se totale wese, gees, siel en liggaam aftakel, kan die boodskap in sommige musiek dieselfde uitwerking tot gevolg hê. Vir die Geesvervulde adolessent is dit egter moontlik om homself deur gehoorsaamheid aan die Heilige Gees te laat lei, en die Gees toe te laat om hom te bemagtig, sodat hy ingeligte besluite kan neem met betrekking tot die musiek waarna hy luister, en sodoende die wil van God deur sy keuse uit te leef.

## 6.4 VERHOUDING TUSSEN KINDERS EN HULLE OUERS (Eksegese van Efésiërs 6:1-4)

Roberts (1990:156) beskryf 6:1-4 as ‘n huistafel (vgl. Kol. 3:18-4:1; 1 Pet 3:1-7) wat ‘n besondere lewensverhouding aan die orde van die tema illustreer. Die raamwerk van ‘n vol lewe onder leiding van die Heilige Gees (vgl. 5:18-21), bepaal ondermeer die verhouding tussen ouers en hulle kinders. Hoehner (2008:120-121) wys daarop dat Paulus in 6:1-3 die kinders aanspreek en dan die vaders in 6:4. In 6:1 word die kinders aangesê om hulle ouers te gehoorsaam, in teenstelling met 6:4 waar daar net van die vader gepraat word. Hoehner merk op:

> “It is difficult to ascertain from the Greek what the prepositional phrase ‘in the Lord’ modifies. It could modify ‘parents,’ giving the sense that children are to obey parents who are ‘in the Lord,’ that is, parents who are believers. However, most likely it modifies the verb ‘to obey’ thus emphasizing the children’s obedience to the Lord, exhibited here by obedience to their parents” (Hoehner, 2008:121).

Roberts (1990:168) is van mening dat “in die Here” nie van die kinders of hulle ouers praat nie, maar dat dit beklemtoon wat die werkwoord sê: “Hulle moet gehoorsaam wees in die Here, dit wil sê hulle gehoorsaamheid word gekenmerk as ‘n daad, as optrede, onder die bewind van die Heerskappyvoerder”. Mentz (s.a.:64) meen dat die gehoorsaamheid van kinders aan hulle ouers die kinders leer om gehoorsaam aan God te wees. Roberts (1990:168) lig dan die twee motiverings uit wat deel is van die opdrag. Die eerste is ‘n algemene motivering: vir kinders om hulle ouers in ooreenstemming met die eise van God te gehoorsaam, “is doodgewoon die regte ding om te doen” (Roberts, 1990:168). As tweede motivering haal Paulus die vyfde gebod aan (Eks. 20:12, Deut. 5:16), wat ‘n oproep tot eerbied, respek en erkenning van die ouers is. Die motivering tot gehoorsaamheid het ‘n dubbele trefkrag. (a) “Aan die een kant is die feit dat daar so ‘n gebod is op sigself reeds rede om daarvolgens op te tree, en (b) aan die ander kant is die belofte wat aan die gebod gekoppel is, ‘n aansporing tot gehoorsaamheid aan die ouers.” Paulus gee die belofte weer as: “sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde” (Roberts, 1990:168; vgl. Cohick, 2010:144-145; De Klerk, 2001:112; Hoehner, 2008:121-122). Die belofte van welstand en ‘n lang lewe word nie duidelik gedefinieer nie, en in die Ou Testament is daar nie duidelike voorbeelde nie. Daar is egter aanduidings in die Ou Testament dat kinders wat hulle ouers slaan of vloek, gedood moes word (Eks. 21:15, 17), en ‘n seun wat volhard in ongehoorsaamheid aan sy ouers, moes gestenig word (Deut. 21:18-21) (Hoehner, 2008:121). Roberts (1990:169) is van mening dat Paulus na alle waarskynlikheid met die

aanhaling van hierdie gebod nie die materiële aspek van aardse seëninge in die oog gehad het nie, maar dat die klem vir hom eerder geval het op die "goed gaan met jou". In die geheel gesien, dra Paulus die boodskap oor dat wanneer kinders hulle ouers gehoorsaam is, hulle op God se seën kan reken. Daarna spreek Paulus die vaders aan (6:4). Hoehner (2008:122) vestig die aandag daarop dat vaders verteenwoordigend is as die hoofde van hulle families en dat die veranwoordelikheid op hulle rus om dissipline toe te pas. Paulus gee 'n negatiewe sowel as 'n positiewe vermaning. Onder die Romeinse wet het vaders totale mag oor hulle gesinne gehad, bekend as *"patria potestas"* en dit was dikwels op roekelose wyse gebruik. Paulus se opdragte aan vaders het egter 'n nuwe uitkyk op die hantering van kinders getoon. Die vaders is gewaarsku om nie hulle kinders te vertoorn nie, omdat sulke optrede nie liefde en vriendelikheid binne die huis sal bevorder nie. In teenstelling hiermee word die vaders aangesê om hulle kinders volgens die voorskrifte van God te dissiplineer en op te voed. Die woord *"nouthesia"* (vermaning) verwys na onderrig met die klem op verbale kommunikasie, hetsy in die sin van aanmoediging of teregwysing. Ook wat die vermaning van kinders aanbetref, moet dit "in die Here" gedoen word.

Hoewel die primêre taak van kinderopvoeding die verantwoordelikheid van ouers is, het die kerk 'n baie belangrike ondersteunende rol om te vervul. Strommen en Hardel (2008:41-55) fokus die aandag daarop dat ouers toonaangewende rolspelers is in die skepping van die regte huislike atmosfeer en dat hulle gevoelens teenoor mekaar die klimaat vir die opvoeding van hulle kinders skep. Die regte atmosfeer word geskep waar ouers ondermeer wedersydse liefde en respek teenoor mekaar betoon. Die versterking van familiebande lê ook in die kwaliteit van kommunikasie tussen ouers en hulle kind/ers. Omdat kommunikasie van kardinale belang is, is dit iets wat in baie families verbeter moet word. Dit is juis in hierdie verband waar gemeentes ouers kan bystaan om hulle kommunikasie met mekaar en met hulle kinders te verbeter. Dit moet ook beklemtoon word dat wanneer daar na kommunikasie verwys word, dit nie net van verbale kommunikasie spreek nie. Strommen en Hardel maak die volgende opmerking:

> "Communication also involves a ministry of presence in which parent and child spend time together" (Strommen & Hardel, 2008:56).

Die rol wat gemeentes kan vervul in die bevordering van effektiewe kommunikasie binne die gesin sluit in (a) die aanmoediging om uitdrukking aan gevoelens te gee; (b) luister sodat die ander persoon se siening onderskei kan word en (c) luister met 'n gevoel dat daar hoop is (Strommen & Hardel, 2008:60-61).

Strommen en Hardel (2008:62) fokus ook die aandag daarop dat gesonde verhoudinge binne families bevorder word in die wyse waarop ouers grense neerlê en die wyse waarop

dissipline uitgeoefen word. Ouers se benadering tot dissipline dra nie alleen by tot die emosionele klimaat van die gesin nie, maar ook tot die kinders se persoonlikheid, karakter en die wyse waarop hulle op die Evangelie reageer. In aansluiting hierby sê McDowell en McDowell (2012:137) dat neerlê van reëls en grense van kardinale belang is vir die opvoeding van kinders. Dit is egter baie belangrik dat ouers moet onthou dat "rules without relationship lead to rebellion". McDowell en McDowell benadruk die noodsaaklikheid dat al die reëls en die grense binne die konteks van die liefdevolle ouerlike verhouding met hulle kinders moet geskied. Strommen en Hardel (2008:65) is van mening dat die metode van dissipline wat toegepas word, 'n sterk invloed op die gedrag van kinders het, sowel as op hoe naby familielede aan mekaar leef. Doelbewuste en gestruktureerde gesinsbediening waarin gesinne toegerus word om bogenoemde te kan doen, is dus 'n kernbelangrike deel van die kerk se taak tot die toerusting van middel-adolessente (vgl. Khup, 2007:57-59).

Middel-adolessente moet daarvan bewus gemaak word dat daar in baie genres van die musiek waarna hulle luister, 'n sterk boodskap is wat opstand teen alle vorme van gesag aanmoedig. Ook in hierdie geval moet die Woord van God as basis gebruik word om middel-adolessente te leer dat alle vorme van gesag deur God daargestel is (Rom. 13:1; Tit. 3:1; 1 Pet. 2:13-17).

## 6.5 GEESTELIKE OORLOGVOERING (Eksegese van Efésiërs 6:10-20)

Mentz (s.a.:67-75) verdeel hierdie perikoop in twee dele, 6:10-17 en 6:18-20. Vir die doeleindes van die studie sal twee onderverdelings gebruik word.

### 6.5.1 Die geestelike wapenrusting (Eksegese van 6:10-17) (Mentz, s.a.:67)

Hoehner (2008:126) vestig die aandag daarop dat Paulus die laaste gedeelte van die brief met *"tou loipou"* (eindelik) begin, om aan te dui dat hierdie sy slotgedagtes is voordat hy die brief afsluit. Hy moedig die gelowiges aan om hulleself in die Here te versterk ten einde staande te kan bly teen die liste van die duiwel en die bose geeste in die lug (6:10-12), wat dit ten doel het om die gelowiges van hulle geestelike voordele te beroof. Hierdie slotgedeelte bestaan uit drie dele: (1) aantrek van die wapenrusting (6:10-13); (2) om standvastig te wees met die wapenrusting (3:14-16); en (3) die opneem van die res van die wapenrusting (6:17-20) (vgl. De Klerk, 2001:121). Ter voorbereiding van die stryd word gelowiges aangesê om "kragtig in die Here" te wees (6:10), gevolg deur die onmiddellike opdrag om die volle wapenrusting van God aan te trek (6:11a) met die doel om al die strategieë van die duiwel teen te staan (6:11b-12). In 6:13 beklemtoon Paulus die voorafgaande verse en hy maak 'n verklaring dat die gelowige die volle wapenrusting van God moet opneem ten einde effektief weerstand teen die bose te kan bied (Hoehner,

2008:126). De Klerk (2001:120-121) sê: "In hierdie ongelyke stryd tussen brose gelowiges en bose magte in die lug, kan net God se krag en wapenrusting die deurslag gee." Wanneer die gelowige in hierdie wapenrusting stry, kan hy nie oorwin word nie (Mentz, s.a.:68). Volgens Roberts (1990:176) is die oorwinning net 'n moontlikheid wanneer daar met God se wapens geveg word, en gelowiges moet te alle tye onthou dat die oorwinning altyd God se oorwinning is omdat slegs Hy die bose "in sy planne kan verydel" (Roberts, 1990:176). Die gelowige moet altyd onthou dat sy stryd nie teen mense gevoer word nie, maar teen diaboliese magte "wat hulle bose planne wil laat seëvier" (Roberts, 1990:176), en om hierdie rede moet gelowiges nie die stryd in hulle eie krag aanpak nie, maar met die wapens wat deur God voorsien word.

Volgens Hoehner (2008:126) lig die apostel Paulus in die laaste deel van die brief uit dat die gelowige homself in die Here moet versterk - dit is in die krag van Sy sterkte. "In die Here" is 'n aanduiding van die sfeer vanwaar die gelowige se krag kom, naamlik in Jesus Christus, van Jesus Christus. Gelowiges moet versterk word in die *"kratos"* (krag), die bonatuurlike *"ischus"* (sterkte) van God. Breed (2014:14) vestig die aandag daarop dat Paulus na alles wat hy in die brief oorgedra het, sy lesers wegstuur "met die opdrag om vas te staan in dit wat hulle ontvang het sodat Satan en sy magte" nie in hulle doel sal slaag nie. Hoehner (2008:126) wys daarop dat gelowiges nie net deur Jesus Christus versterk word nie, maar ook deur sy hulpbronne. Nadat die opdrag gegee is, "word kragtig in die Here," verduidelik Paulus hoe dit gedoen moet word (6:11a): "Trek die volle wapenrusting van God aan". Elke gelowige is self verantwoordelik om die volle wapenrusting van God aan te trek deur die kragtige werking van die Gees. Die feit dat God hierdie wapenrusting voorsien, dui daarop dat dit nie 'n fisiese stryd is nie, maar wel 'n geestelike stryd. Die rede waarom God se wapenrusting aangetrek moet word, is om die gelowiges in staat te stel om staande te kan bly teen die liste van die duiwel (6:11b-12). Omdat dit nie 'n fisiese stryd is nie, maar 'n geestelike stryd, is God se geestelike wapenrusting 'n vereiste. Paulus wys verder in 6:12 die magte van duisternis uit, naamlik die owerhede, die magte, die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu en die bose geeste in die lug. In 6:13 word die gelowiges aangemoedig om die volle wapenrusting van God op te neem sodat hulle teen die aanslae van die duiwel en sy trawante staande kan bly. De Klerk (2001:122-123) maak dit duidelik dat die doel van die aantrek van die wapenrusting daaroor gaan dat die gelowige weerstand kan bied in die dag van onheil en staande kan bly in sy posisie in die geveg. Die weerstand teen die aanslae van die bose gaan dus daaroor dat die gelowige stabiliteit in sy lewe sal behou. Breed (2014:14) benadruk die feit dat die teenstand teen die bose magte 'n realiteit is en dat Satan en sy magte God se plan wil verongeluk en die kerk wil vernietig. Die apostel Paulus begelei egter "die gelowiges in die gevegskuns om hierdie vyand te verslaan".

Breed (2014:15) toon aan dat die opdrag "word kragtig in die Here" (Ef. 6:10), gelowiges begelei "om in hulle stryd krag te put vanuit 'n noue persoonlike eenheid (wat voortvloei uit groeiende ervaringskennis) met die Drie-enige God." Met die byvoeging van "en in die krag van sy sterkte" moet hierdie opdrag "in die lig van Paulus se twee gebede in Efésiërs 1:15-23 en Efésiërs 3:14-21" verstaan word. Breed maak die volgende opmerking:

> "In hulle stryd kan hulle in geloof, biddend verwag dat God deur sy Gees in en deur hulle sal werk met dieselfde krag waarmee Hy Jesus uit die dood opgewek het en waarmee Hy doen ver bo wat die mens kan bid of dink" Breed (2014:15).

Hierdie bekragtiging is 'n gebeure wat kan plaasvind omdat die gelowiges "in Christus" is en Hy in hulle is (Ef. 3:17, vgl. Joh.15; Fowl, 202-203; Reinhard, 2005:521, 529-531).

Breed (2014:15) wys verder daarop dat "God se plan met die skepping, elke gelowige en die kerk" op 'n pad geplaas het waar 'n botsing tussen die twee koninkryke onvermydelik is (Kol. 1:13). God het dit ten doel "om die heerskappy van Christus oor die ganse skepping in volle vervulling te bring" (Ef. 1:22-23), maar hierteenoor is die duiwel en sy bose magte in opstand. In Efésiërs 6:10-20 word die kerk, met ander woorde al die gelowiges "se optrede tydens hierdie botsing" uitgespel. Die opdrag is om vas te staan in die stryd (Ef. 6:11) omdat geeneen wat goddeloos lewe, deel aan die koninkryk van Christus en God sal hê nie (Ef. 5:5). God stel deur die Heilige Gees elke gelowige in staat om vas te kan staan in hierdie worstelstryd. Breed merk op:

> "Hierdie stryd gaan oor die harte en gedagtes van gelowiges (Ef. 4:20-24) want dit is 'n stryd teen die listige aanslae van Satan (Ef. 6:11). In hierdie stryd kan die gelowige en die kerk as eenheid slegs vasstaan indien hulle hulself voortdurend bewapen met die wapenrusting wat God verskaf" (Breed, 2014:15).

By nadere bestudering van die wapenrusting bestaan daar geen twyfel nie dat hierdie wapens "die verlossingsdade van die Drie-enige God is" (Breed, 2014:15). Nadat Paulus die opdrag gegee het dat die volle wapenrusting aangetrek moet word (6:10-13), maan hy die gelowiges om staande te bly en nie te weifel nie (6:14a). Dit is belangrik om daarop te let dat die gelowiges nie 'n bevel tot 'n opmars ontvang nie, maar beveel word om staande te bly in hierdie geestelike geveg en nie te retireer nie. Die ferm stand van die gelowige berus op die wapenrusting wat die gelowige aantrek. Die onderskeie stukke van die wapenrusting word in 6:14-17 beskryf (Hoehner, 2008:129; vgl. De Klerk, 2001:126-129; Roberts, 1990:176-179).

Die volle wapenrusting van God word nou bespreek om aan te toon dat dit 'n gawe van God is en dat die gelowiges dit aktief moet gebruik in die geveg teen die duiwel (Breed, 2014:15).

Eerstens is daar die lendene wat met die gordel van waarheid omgord moet word (6:14b). Hierdie waarheid verwys na God se waarheid, die waarheid soos verkondig deur Paulus, die waarheid waarvan die kerk die draer en die pilaar is (Ef. 3), die waarheid wat in Efésiërs 1-3 verkondig is. Petrenko (2005:194, vgl. Lee, 1984:537-538) wys daarop dat die waarheid waarna Paulus verwys, afgelei word vanuit Efésiërs 4:20-21 en 5:9 waar hy dit as't ware uitspel dat die waarheid in Christus is (vgl. Breed, 2014:15). Breed (2014:15) vestig die aandag daarop dat Jesus by geleentheid self gesê dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is (Joh. 14:6) en dat diegene wat Sy woorde bewaar, die waarheid sal ken en dat die waarheid hulle sal vrymaak (Joh. 8:31-32; vgl. Breed, 2013b:232; Onjoro, 2009:30; Petrenko, 2005:194; Robletto, 2012:17-19). Hierdie waarheid staan lynreg teenoor die leuens waarmee Satan die mens wil vermoor (Joh. 8:44; vgl. Breed, 2013b:234; Breed, 2014:16). Breed (2014:16) benadruk dat Efésiërs 4:15, "die groei van die gelowiges om meer en meer soos Christus te word", afhanklik daarvan is "dat hulle in liefde by die waarheid sal bly". Dit sal verseker dat hulle standvastig sal wees en nie deur enige listige en bedrieglike planne van mense verlei sal word nie (Ef. 4:14). In Efésiërs 5:6-9 word die gelowiges gewaarsku om hulle nie deur ydele woorde te laat mislei nie en "die werke van duisternis word gestel teenoor die werke van die lig. Die gelowiges is kinders van die lig, want 'die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid'" (Ef. 5:9) (Breed, 2014:16). Petrenko (2011:203) meen dat gelowiges as kinders van die lig die Gees van God het en om hierdie rede kan hulle die wil van God onderskei en die werke van die duisternis bestraf en teenstaan. Deur die Heilige Gees ken hulle die waarheid en daarom is dit vir hulle moontlik om in die lig te lewe en oor die duisternis te triomfeer. Die gordel wat deel van die wapenrusting uitmaak, is die waarheid wat in Christus is. Hierdie waarheid beskik oor die vermoë om gelowiges in hulle diepste wese te verander wanneer dit prakties toegepas word in elke lewensituasie onder die Heilige Gees van God se leiding (Lee, 1984:538; vgl. Petrenko, 2011:204; Reinhard, 2005:524).

Tweedens moet die gelowige die borswapen van geregtigheid aantrek (6:14c). Dit beteken dat die gelowige homself beklee met die geregtigheid wat God hom in Christus deur die geloof skenk. Jakes (2008:418) beklemtoon dat die geregtigheid se oorsprong uit God alleen is en dat dit Sy standaard is vir motief, gedrag en karakter. Volgens Petrenko (2005:195) blyk "die borswapen van geregtigheid" te verwys na die gelowiges se etiese geregtigheid as deel van hulle morele vernuwing, wat deel is van die nuwe mens (Ef. 2:10; 4:24; 5:8-9). Lee (1984:538-540) benadruk dat die borswapen van geregtigheid die gewete van die gelowige beskerm. Lee sê:

> "Satan is our accuser. In fighting against him we need a conscience void of offense. But no matter how good we may feel our conscience is, we need to have it covered by the breastplate of righteousness. Righteousness is to be right with both God and man. If we have just a little problem with either God or man, Satan will accuse us, and there will be holes in our conscience through which all our faith and boldness will leak out. Hence, we need the covering of righteousness to protect us from the enemy's accusation. Such righteousness is in Christ (1 Cor. 1:30)." (Lee, 1984:538-539).

Lee (1984:539) meen dat indien beskuldigings en oortredinge van die verlede 'n individu se gewete vul, die persoon se geloof daaronder sal ly. Lee wys verder daarop dat Satan in hierdie geestelike oorlogvoering die gewete van die gelowige teiken omdat hy weet wanneer daar beskuldigings en oortredinge in sy gewete is. Wanneer hy die gelowige aankla oor dit wat in sy gewete aangaan, is die gelowige onmiddellik verswak. Openbaring 12:11 verklaar egter:

> "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis" (Bybel, 1933/1953).

Lee (1984:539) benadruk die feit dat die gelowige se geregtigheid deur die bloed van Jesus Christus bekom is. Wanneer die gelowige teen die magte van duisternis veg, kom Satan deur middel van beskuldigings en hy teiken die gelowige in sy gewete. Met betrekking tot die aanval van die gelowige se gewete, maak Lee die volgende insiggewende opmerking:

> "Satan, through his accusations, causes our conscience to become very sensitive. These feelings actually are not the sensitivity of the conscience, but the result of Satan's accusations. Immediately our response should be, 'I overcome Satan, the accuser, not by my perfection and not even by a conscience, void of offence, but by the blood of the Lamb. I am defended against his accusations by the breastplate of righteousness.' The rigteousness that covers our conscience and that guards us from Satan's accusations is Christ Himself. He is our righteousness" (Lee, 1984:539-540).

Wanneer die middel-adolessent gestruikel en geval het en die Satan hom aanval, dan kan hy daaraan vasgryp dat hy in Christus reeds van alle sondes vrygespreek is. Op hierdie wyse kan hy die aanval van Satan wat hom soos Adam in skuld en skaamte laat wegkruip, effektief afweer. Wanneer die duiwel hom met skuldgevoelens teister, is dit moontlik om daarvan te ontvlug deur die wete dat Christus vir hom die volmaakte prys betaal het. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees, het hy die sekerheid dat sy vryheid volmaak en

volkome in Christus is. Net soos die borswapen van die soldaat sy hart en longe teen aanvalle van die bose beskerm, so beskerm ‘n lewe uit die geregtigheid wat Jesus bewerk het (Rom. 6:13; 14:17), die gelowige se hart teen aanvalle van die duiwel (Jes. 59:17; Jak. 4:7).

Derdens praat Paulus van die skoene vir die bereidheid van die evangelie aan die voete van die gelowiges (6:15). Lee (1984:540) fokus die aandag daarop dat “die bereidheid vir die evangelie van vrede” verwys na die vestiging van die evangelie van vrede. Christus het vir ons vrede met God en die mensdom aan die kruis bewerkstellig en hierdie vrede het ons evangelie geword (Ef. 2:13-17). Volgens Lee impliseer die “bereidheid” ‘n paraatheid by gelowiges om die evangelie van vrede te verkondig (Ef. 2:17). Jakes (2008:422) is dit eens met Lee (1984:541) dat Paulus nie hier spesifiek na die verkondiging van die evangelie verwys nie, maar dat hy eerder een van die spesifieke voordele van die evangelie uitwys, naamlik die vrede van God, wat die gelowiges versterk en stabiliteit in hulle lewens bring. Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus nie hier van die evangelie van genade, of die evangelie van die vergifnis van sondes, of die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus praat nie (Ef. 3:8), maar van die evangelie van vrede, wat ook verkondig moet word (Lee, 1984:541). Renner (2003:158) gee ‘n interessante beskrywing vir die frase “aan julle voete” wat afgelei is van die Griekse woord “*hupodeomai*”-‘n samevoeging van twee woorde, “*hupo*” en “*deo*”. Die woord “*hupo*” beteken “onder” en “*deo*” beteken “om vas te maak”. “Taken together as one word, it conveys the idea of ‘*binding something very tightly on the bottom of one’s feet.*’” (vgl. Jakes, 2008:422; Lee, 1984:541-542; Petrenko, 2005:195). Renner maak die volgende opmerking:

> “Just as the greaves of a Roman soldier protected him from the environment and from the blows of his enemy, the peace of God - when it is operating in your life- protects and defends you from the hassles and assaults of the devil. The enemy may try to disrupt you, distract you, and steal your attention by causing negative events to whirl all around you, but his attempts will fail because the peace of God, like a protective greave, stops you from being hurt and enables you to keep marching forward!” (Renner, 2003:158).

By wyse van hierdie illustrasie wys Paulus vir die gelowiges dat God se vrede styf in hulle lewens vasgebind moet wees. “If we only give peace a loosely fitting position in our lives, it won’t be long before the affairs of life knock our peace out of place” (Renner, 2003:158).

Jakes (2008:422) sê: “Ephesians 6:15 is saying that *the firm foundation of the Gospel is that we walk in peace.*”

- ❖ Ons het vrede met God deur Jesus Christus (Rom. 5:1).
- ❖ Ons het vrede tussen Jood en heiden (Ef. 2:14), sowel as tussen rasse, sosiale en ekonomiese klasse en geslagte (Gal. 3:28).
- ❖ Ons het vrede deur die geloof, wat lei tot ons oorvloedige hoop (Rom. 15:13).
- ❖ Ons het vrede in die Heilige Gees (Gal. 5:22).
- ❖ Ons is verenig as 'n liggaam deur die band van die vrede (Ef. 4:3).
- ❖ Ons het te alle tye die vrede van God (2 Thess. 3:16) (Jakes, 2008:422).

Jakes (2008:422) beklemtoon dat dit net die vrede van God is wat gelowiges staande kan hou teen die vyandige aanvalle van Satan. "Bereidheid vir die evangelie van vrede" wys op iets wat die middel-adolessent moet doen om hierdie evangelie te verkondig. Die Heilige Gees werk deur die Woord. Wanneer ek die Woord uitdra, bevestig die Gees dit in my hart. Indien die gelowige middel-adolessent waarlik daarop ingestel is om volgens God se wil te leef, sal hy die nodige stappe neem om musiek wat 'n negatiewe boodskap kommunikeer en die vrede versteur, uit sy musiekversameling te verwyder. Wanneer die middel-adolessent hierdie stap neem, sal dit nie net vrede in sy gemoed bring nie, maar die Heilige Gees sal hom oortuig dat hy die regte ding gedoen het. Sodoende sal hy die vrede van Christus (Joh. 14:27) in sy gemoed ervaar. Wanneer hy dan deur die duiwel geteister sou word oor die besluit wat hy vir Christus geneem het, sal die evangelie van vrede hom in staat stel om in die stryd staande te bly en as 'n Christenkryger te stry vir die Evangelie.

Vierdens word die gelowiges aangesê om die skild van die geloof op te neem om al die vurige pyle van die bose uit te blus (Ef. 6:16) (Hoehner, 2008:120-130, vgl. Renner, 2003:364-365; 659-660; 931). Jakes (2008:425) benadruk die noodsaaklikheid van geloof in geestelike oorlogvoering. Die Hebreërskrywer sê:

> "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Bybel, 1933/1953).

Die belangrikheid van geloof is telkens deur Jesus Christus uitgewys tydens Sy bediening op aarde (Matt. 8:10, 9:22, 15:28; Mark. 2:5, 4:39-40; Luk. 8:48, 18:42).

Lee (1984:543) wys daarop dat geloof nodig is om ons hele wese te beskerm. Die skild van die geloof is nie iets wat ons aantrek nie, maar wat ons moet opneem om onsself teen die aanvalle van die vyand te beskerm. Met betrekking tot geloof, maak Lee die volgende interessante stelling:

> "If we have truth in our living, righteousness as our covering, and peace as our standing, we shall spontaneously have faith" (Lee, 1984:544).

Lee (1984:544) wys gelowiges daarop dat Paulus dit duidelik maak dat dit geloof is wat ons teen die vurige pyle en aanvalle van die duiwel beskerm. Wanneer die skild van die geloof bestudeer word, moet die gelowige besef dat sy geloof nie in sy eie vermoë of krag lê nie. Ons geloof moet in God wees (Mark. 11:22). Lee lig dan uit dat die gelowige geloof moet hê in God se hart, Sy getrouheid (Rom. 3:3; 1 Thess. 5:24; 2 Thess. 3:3; 2 Tim. 2:13) en sy vermoë (Ef. 3:20). Geloof in God se Woord is ook van kardinale belang omdat Hy deur sy Woord gebonde is dat dit wat hy gespreek het, in vervulling sal gaan. Die gelowige kan God wys op Sy gesproke/geskrewe Woord, met die wete dat dit vervul sal word. Verder moet ons geloof hê in Sy wil, en besef dat sy wil met betrekking tot ons altyd positief is. As gelowiges moet ons geloof in Sy soewereiniteit hê. Omdat Hy soewerein is kan hy nie foute maak nie. Onder Sy soewereiniteit werk selfs die foute wat ons begaan, tot ons voordeel. Wanneer ons geloof in God se hart, getrouheid, vermoë, Woord en soewereiniteit het, kan die vurige pyle van die bose ons nie leed aandoen nie.

Dat die bose brandende pyle op die gelowiges afskiet, simboliseer die venynigheid en gevaarlikheid van die aanslag" (Roberts, 1990:178). Volgens Lee (1984:545) is hierdie vurige pyle onder meer versoekinge, voorstelle, vrae, leuens en aanvalle op elke lewensterrein. In aansluiting hierby, voeg De Klerk (2001:128) onbeheersde drange, vrese en gedagtes van ongehoorsaamheid (vgl. Jakes, 2008:428; Petrenko, 2005:195). Jakes (2008:426-427) voer aan dat die gelowige juis vanweë die vurige pyle wat die duiwel op hom afvuur, sy geloofskild, soos die Romeinse soldate van ouds, moet voorberei deur dit in water te week, sodat wanneer 'n vurige pyl dit tref, dit uitgeblus sal word. Dit word gedoen deur die geloofskild in die water van die Woord te week (Ef. 5:26). Jakes wys daarop dat ons geloof groei en sterker word wanneer ons die Woord lees, bestudeer, bepeins en daarin lewe. Tereg sê Paulus in Romeine 10:17:

> "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God" (Bybel, 1933/1953).

Petrenko (2005:195) meen dat die skild van die geloof verwys na gelowiges se ontvanklikheid vir intimiteit met God en Christus (Ef. 1:13, 15, 19; 2:8; 3:12, 17; 4:5, 13; 6:23). In hierdie konteks is dit die verhouding met God en Christus wat die gelowige beskerm en versterk teen aanvalle en invloede van die bose. Hierdie "vurige pyle" kan in die vorm van onsedelike en immorele gedrag kom (Ef. 4:26, vgl. Ef. 4:17-19, 4:25-31; 5:3-7, 5:11-12, 5:18) of deur valse leringe (Ef. 4:14; 5:6).

Jakes (2008:428) vestig ook die gelowige se aandag daarop dat Paulus nie gesê het dat as jy die Woord ken, die vyand nie "vurige pyle" op jou sal afvuur nie, maar wel dat wanneer die "vurige pyle" op jou afgevuur word, jou geloof in die Woord van God jou sal beskerm. Een van die beloftes van God aan die gelowige dat vyandige wapens nie sal slaag nie, word gevind in Jesaja 54:17.

> "Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE" (Bybel, 1933/1953).

Die literatuurstudie wat in hoofstuk vier gedoen is, het aan die lig gebring dat daar sekere musiek is waarna middel-adolessente luister wat as "vurige pyle van die Bose" beskou kan word (sien 4.3.2.3). Sekere musiek beskik oor die vermoë om die lewe van middel-adolessente te verwoes as hulle aan die boodskap daarvan sou toegee. Om hierdie rede moet middel-adolessente ook die skild van die geloof reg gebruik, ten einde die "vurige pyle" van verleiding en negatiwiteit wat in sommige musiek gepromoveer word, effektief te kan uitblus.

Vyfdens moet die gelowige die helm van verlossing opneem (6:17a). Lee (1984:546) wys daarop dat "die helm van verlossing" bedoel is vir die beskerming van ons gedagtes teen enige negatiewe invloede waarmee die vyand ons as gelowiges mag aanval (vgl. Onjoro, 2009:33). Petrenko (2005:196) toon aan dat verlossing in Efésiërs daarop wys dat gelowiges vrygemaak is van die realm van dood en die heerskappy van bose magte (Ef. 2:1-3), tot 'n nuwe lewe in die opstanding van Christus onder die heerskappy van God (Ef. 2:4-6). Hierdie begrip van redding gee sekerheid aan die gelowiges dat hulle oorwinning in Christus veseker is omdat Christus die magte van die bose vernietig het (Ef. 1:20-22) (vgl. Jakes, 2008:428-430, Renner, 2003:562-564; 582).

Die verlossing wat gelowiges geniet, gee aan hulle vertroue van veiligheid wanneer die duiwel hulle aanval. Wanneer die gelowige soos 'n verloorder voel, kan hy die oorwinning in Christus sy eie maak en sodoende vir seker weet dat hy reeds die oorwinning behaal het. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige, is dit moontlik dat middel-adolessente voortdurend bewus kan wees van die feit dat hulle meer as oorwinnaars deur Christus is (Rom. 8:37). Omdat die gelowige se gedagtes deur die helm van verlossing beskerm word, is dit moontlik om altyd te onhou wat Christus vir ons aan die kruis gedoen het. Middel-adolessente moet soos enige ander gelowiges daarna streef om daagliks besluite te neem wat Christus sal behaag, en dit is moontlik wanneer die helm van verlossing hulle gedagtes beskerm. Aangesien die middel-adolessent in 'n onseker tyd van

sy lewe verkeer, is dit baie belangrik dat hy die oorwinning in Christus goed begryp, asook hoe dit prakties op sy lewe, in sy suksesse en mislukkings, vreugde en hartseer van toepassing is. Die gemeente moet sy jong lidmate toerus om die helm van verlossing te kan opsit.

In die sesde plek moet die gelowige die swaard van die Gees, of te wel die Woord van God opneem. Dit is die enigste wapen wat offensief gebruik word (Hoehner, 2008:131, vgl. Evans, 2005:42; Lee, 1984:547). Volgens Onjoro (2009:33) beteken offensief dat die swaard ontwerp is as ‘n aanvalswapen.

Renner (2003:77-78) wys daarop dat die swaard (*machaira*) waarna in 6:17 verwys word, ‘n besondere dodelike wapen is wat God aan die kerk van Jesus Christus gegee het “to slash our demonic foes to shreds!”. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie vers van “die swaard van die Gees - dit is die woord van God -” praat. In die woorde van Renner beskryf die uitdrukking “woord” wat van die Griekse woord “*rhema*” afkomstig is, die volgende:

> “Something that is spoken clearly and vividly, in unmistakeable terms and in undeniable language…the word *rhema* carries the idea of a *quickened word*. Because of the words *machaira* and *rhema*, Ephesians 6:17 conveys this impression: ‘The Spirit will place a razor-sharp sword at your disposal anytime the enemy gets to close. This sword’s power will be available the very moment the Spirit quickens a specific word for a specific situation you are facing” (Renner, 2003:78).

Mentz (s.a.:74) vestig die aandag daarop dat die gebruik van hierdie wapen deur Jesus Christus self gedemonstreer is tydens Sy versoeking in die woestyn. Jesus Christus het elke aanval van die duiwel met ‘n woord uit die Skrif weerlê (vgl. Hoehner, 2008:132, Jakes, 2008:431-432, Renner, 2003:78). Mentz merk op:

> “Dit is die woord van waarheid om ons teen onwaarheid, teen valsheid te beskerm, en waarmee ons alle onwaarheid en alle valsheid moet bestry; dit is die woord van bevel, waarmee ons alle laksheid en alle agteruitgang moet beveg; dit is die woord van belofte om ons te beskerm teen moedeloosheid, om ons staande te hou in die stryd, om ons krag te gee om te volhard. Die persoon wat sy swaard behoorlik wil hanteer, moet dit ken; die gelowige wat sy swaard behoorlik wil hanteer, moet die Bybel ken” (Mentz, s.a.:74).

In aansluiting hierby sê Onjoro (2009:33) om die regte woord vir 'n spesifieke situasie reg te hê, vra na kennis van die Woord van God. Hierdie kennis word verkry wanneer die gelowige tyd spandeer in die lees en bestudering van die Woord (vgl. Jakes, 2008:432). Onjoro sê:

> "If we do not know the Word of God personally and intimately, the sword of the Spirit will not be as effective in our lives." (Onjoro, 2009:33).

Jakes (2008:432) benadruk dat deeglike kennis van die Woord die gelowige in staat stel om dit elke keer effektief te kan gebruik in die stryd. Hy sê:

> "If you really want to do damage to the Enemy in the spirit realm, declare the Word of God to him, from your heart! He may hang around for a while to see if you really mean it, if the Word really is alive in you; but if it is, eventually this dead, corrupt evil spirit won't be able to endure being continually stabbed and cut with the very life of God, and he will flee" (Jakes, 2008:432).

Hoehner (2008:132) beklemtoon die feit dat die volle wapenrusting nodig is vir die geestelike stryd teen die duiwel en sy demone, en dat die vermaning om daarvan gebruik te maak, tot elke gelowige individu en die korporatiewe kerk gerig is. Wanneer die gelowige die volle wapenrusting van God aangetrek het, is hy in staat om staande te bly teen die vyandige aanvalle, en ook om offensief op te tree met die lewende woord van God teen die magte van die bose (Lee, 1984:551). Strommen en Hardel (2008:121-125) toon vanuit hulle omvangryke navorsing, dat indiepte onderrig van kinders en jongmense, een van die kardinale faktore is wat meehelp daartoe dat jongmense in 'n standvastige en lewende geloof volhard.

Omdat middel-adolessente deel van die kerk is moet hulle geleer word waarom dit vir gelowiges noodsaaklik is om hulleself met die volle wapenrusting van God te beklee. Daarmee saam moet hulle ook onderrig word dat die wapenrusting biddend aangetrek moet word en ook wat die betekenis is van elke deel van die wapenrusting. Die eerste deel van die wapenrusting is die waarheid. Die waarheid van God word deur sy Woord aan ons bekend gemaak. Wanneer die gelowige middel-adolessent die Woord bestudeer, sal hy die waarheid van God ontdek, wat hom ook in staat sal stel om te wete te kom wat die Woord leer met betrekking tot die onderwerp van musiek en die invloed daarvan op sy persoon. Wanneer hy die waarheid ondek en dit sy eie maak, sal die waarheid hom vrymaak van sy siening oor en verslawing aan musiek, en kan hy sy lewe rig volgens die waarheid wat hy van God, deur die Heilige Gees geleer het (Joh. 8:32). Tweedens word daar na geregtigheid verwys. Deur hulleself met die borswapen van geregtigheid te beklee, beskerm die gelowige sy hart teen die aanslae van die duiwel. Sodoende sal hulle die nodige beskerming geniet

teen musiek wat twyfel wil saai. In die derde plek is die skoene vir die bereidheid vir die evangelie van vrede. Middel-adolessente wat die waarheid van God ken, behoort ywerig te wees in die verkondiging van die evangelie. Dit sluit onder meer in om aan ander middel-adolessente bekend te maak wat God deur sy Heilige Gees oor musiek aan hulle geleer het. Courtney (2004:46, vgl. Willard, 2007) meen dat adolessente meer geneig is om met ander adolessente oor enige onderwerp, waaronder musiek, te gesels en te luister wat hulle te sê het. Juis om hierdie rede kan dit vir adolessente makliker wees om met diegene te praat wat dieselfde ouderdom as hulle is en die gevare van sekere musiek aan hulle uit lig, nadat hulle self die kennis van die waarheid ontvang het. In die vierde plek moet gelowige middel-adolessente geleer word oor die noodsaaklikheid van die opneem van die skild van geloof. Wanneer die skild van geloof opgeneem en reg aangewend word, sal dit middel-adolessente in staat stel om die versoekinge wat die musiek bring (soos in 4.3.2.3 bespreek), met welslae te weerstaan. In die vyfde plek kom verlossing ter sprake. Middel-adolessente sal die hopeloosheid en sinloosheid van die lewe wat deur sommige musiek gepropageer word, kan teëwerk met die hoop wat hulle in Christus het. Dit sal hulle ook help in hulle stryd om byvoorbeeld met die gewoonte om na MTV te kyk, te kan breek. Wanneer hulle geval het, kan hulle onthou dat hulle alreeds oorwinnaars is in Christus, en daarom kan opstaan en weer probeer. Gemeentes moet ruimte skep dat middel-adolessente mekaar deur geselsgroepe kan herinner dat hulle reeds oorwinnaars is, wanneer een van hulle geval het. Te midde van aanvalle van die duiwel kan die middel-adolessent vertroue hê in die veiligheid wat hulle in Christus geniet. Sesdens moet middel-adolessente "die swaard van die Gees - dit is die woord van God" gebruik om die leuens wat die vyand deur musiek oordra, te beveg. Hiervoor is dit nodig dat hulle oor kennis van die Woord beskik en gewys word hoe om daardie kennis op dieselfde wyse toe te pas as wat Jesus Christus dit toegepas het toe die duiwel Hom versoek het.

### 6.5.2 Die stryd van die gelowige moet met aanhoudende gebed en smeking gepaard gaan (Eksegese van Efésiërs 6:18-20) (Mentz, s.a.:71)

Renner (2003:117) benadruk die feit dat gebed van kardinale belang is vir die Christen wat ernstig is oor sy geestelike groei. Op sy beurt vestig Hoehner (2008:132) die aandag op Paulus wat verklaar dat gelowiges voortdurend in gebed moet wees om paraat te bly vir die geestelike stryd (6:18-20). Binne hierdie worstelstryd moet daar bo alle dinge gebid word (Mentz, s.a.:75): "Dit is in hulle biddende afhanklikheid van God dat die ander wapens effektief word." Wanneer die gelowiges biddend voor God staan, erken hulle dat net Hy hulle in die felheid van die stryd staande kan laat bly (Roberts, 1990:179, vgl. Lee, 1984:551-552). Hoehner (2008:132) wys daarop dat gebed nie deel van die wapenrusting is nie omdat Paulus geen melding maak van 'n spesifieke deel van die wapenrusting wat

verteenwoordigend van gebed is nie. “Bid in die Gees met alle gebed en smeking by elke geleentheid” is vir die gelowige ‘n aanduiding dat hy voortdurend in gebed moet verkeer (1 Thess. 5:17) om voorbereid te wees vir enige vyandige aanvalle. Hierdie voortdurende gebed in die Gees wys op volhardende, intense gebed by elke geleentheid of in tye van krisis. Omdat die gelowige in ‘n geestelike oorlog gewikkel is, moet hy die oorlog deur geestelike middele voer. Dit word duidelik geïllustreer deur Jesus toe Hy met intensiteit (groter inspanning) in die tuin van Gésemané gebid het. Gelowiges moet besef dat hulle as individue en as kerk stry teen die bose en daarom moet hulle teen elke strategie van die duiwel bid. Hoehner maak die volgende opmerking:

> “Nuclear wars cannot be won by rifles. Likewise, satanic wars cannot be won by human strength or strategy. In light of this, Paul warned the saints to constantly pray and remain alert” (Hoehner, 2008:132).

Jakes (2008:433) noem dat biddelose gelowiges en kerke kragteloos, ruggraatloos en oneffektief is en dat hierdie biddeloosheid ‘n geopende deur vir die vyand is waardeur hy toegang kan verkry om te steel, slag en verwoes. Wanneer gelowiges en die kerk egter bid soos die Woord ons beveel om te doen, word ons ‘n mag waarmee die duiwel rekening moet hou (vgl. Renner, 2003:920-921).

Die oproep van Paulus tot gebed is drieledig van aard. Eerstens word daar ‘n oproep op gelowiges gedoen tot gebed in die algemeen “as ‘n daad van vertroue wat te alle tye hulle geestelike stryd teen die magte van die bose begelei.” In die tweede plek word die gelowiges aangesê om vir al die gelowiges te bid. Die kinders van God is deur die Heilige Gees onlosmaaklik aan mekaar verbind en daarom het hulle ‘n verantwoordelikheid teenoor mekaar, om vir mekaar te bid. Derdens is daar die versoek van Paulus dat daar vir hom gebid moet word. Hierdie versoek is gekoppel aan sy werk om die evangelie te verkondig. Dit versterk die feit dat dit gebed is wat die geestelike wapenrusting effektief maak. (Roberts, 1990:179-180; vgl. De Klerk, 2001:131-133).

Die noodsaaklikheid van die volle wapenrusting en gebed moet by middel-adolessente ingeskerp word. Wanneer hulle die volle wapenrusting aantrek, sal hulle in staat wees om staande te bly in die stryd wat hulle stry. Die volle wapenrusting kan instrumenteel wees vir middel-adolessente om oorwinnings te behaal, wat net soos enige ander gelowige stryd voer teen die vyand en sy bose magte. Deur kennis te hê van die gevare wat sommige musiek inhou, en kennis oor hoe om die volle wapenrusting effektief te kan gebruik, sal middel-adolessente bemagtig wees om as Christenkrygers die goeie stryd te stry en as oorwinnaars te triomfeer oor die bose se werke. Dit is egter noodsaaklik om middel-adolessente te leer

dat hulle alleen staande sal kan bly in hierdie worstelstryd as hulle in gebed volhard, met hulle volle wapenrusting aan. Middel-adolessente as lidmate van die kerk moet volkome toegerus word. In hierdie toerusting moet die Woord van God as verwysingspunt gebruik word om die noodsaaklikheid van gebed sterk te benadruk. Middel-adolessente moet besef dat die oorwinning van die bose in hierdie geestelike oorlogvoering alleen kan realiseer wanneer hulle as gelowiges die volle wapenrusting van God opneem en in die gebed volhard. Hier volg enkele voorbeelde:

- Ons word aangesê om te waak en te bid dat ons nie in die versoeking kom nie (Matt. 26:41). Middel-adolessente se aandag behoort daarop gevestig te word dat 'n gebrekkige gebedslewe 'n geleentheid aan die duiwel bied om toegang tot hulle lewe te verkry. Een van die maniere waarmee die duiwel mense versoek, is deur die boodskappe in verleidelike musiek.
- "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word" (Matt. 7:7-8). Middel-adolessente moet in gebed vir die Here vra om vir hulle antwoorde te gee oor die boodskap in die musiek waarna hulle luister, totdat hulle die antwoord ontvang. Deur gebed moet hulle soek wat die wil van God is, totdat Hy sy wil aan hulle bekend maak.
- "En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo" (Matt. 21:22). Middel-adolessente moet geleer word dat gebed met geloof gepaard moet gaan ten einde van God te ontvang omdat dit sonder geloof onmoontlik is om God te behaag (Heb. 11:6).
- Gelowiges moet gedurig bid "en nie moedeloos word nie" (Luk. 18:1).
- "Waak dan en bid altyddeur" (Luk. 21:36).
- "verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed" (Rom. 12:12).
- "Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging" (Kol. 4:2).
- "Bid sonder ophou" (1 Thess. 5:17).

In Efésiërs hoofstuk 1 word die liefde van God en Sy verlossingswerk beskryf, terwyl Paulus in hoofstuk 2 die gevolg van God se handelinge vir die gelowiges beskryf en hoe die gelowiges vir Christus ervaar. Dit word verder gevoer in hoofstuk 3 wat handel oor die gelowige se intimiteit met God. Hierdie intimiteit met God loop in hoofstuk 4 uit op die noodsaaklikheid van eenheid binne die liggaam van Christus, met hoofstuk 5 wat 'n aanmoediging is om te breek met die ou mens en in die lig van Christus te wandel. Hoofstuk 6 fokus op hoe die vyand oorwin moet word. Dit is die liefde van God wat dit vir die mens moontlik maak om na God te kan kom, wedergeboorte deelagtig te word en dan deur 'n

intieme lewenswandel met God te groei tot volwassenheid in Christus. As gevolg van hierdie volwassewording is dit vir die gelowige moontlik om die eenheid te bewaar. Namate die gelowige in sy verhouding met die Here groei, word dit vir hom makliker om nee te sê vir die dinge wat die ou en ongeredde mens gedoen het. Die gevolg is dat die volwasse persoon in staat is om deur die gebruik van die volle wapenrusting en volhardende gebed, oor die bose te triomfeer.

Wanneer daar na die toepassing van die leerstelling en gedrag van die gelowiges/kerk soos voorgeskryf word in Efésiërs 4-6 gekyk word, en die belangrike temas in die brief toegepas word op die bediening van middel-adolessente, kan die volgende riglyne daaruit verkry word:

- Deur toerusting uit die Woord moet middel-adolessente geleer word om heiligmaking na te streef op elke lewensterrein, insluitende die soort musiek waarna hulle luister (Ef. 4:23-24).
- Middel-adolessente moet ook onderrig word om in liefde te wandel en om hulleself van onheilige praktyke te weerhou. Dit spreek ook die onderwerp van musiek aan omdat daar sekere lirieke bestaan wat die luisteraars daarvan verlok en aanmoedig om by onheilige praktyke betrokke te raak, wat uitdruklik deur die Woord van God verbied word (Ef. 5:3-6).
- Die gelowige middel-adolessent se lewenswandel moet ook deur sy wandel in die lig gekenmerk word. Dit beteken dat hulle nie op enige terrein deelgenote van die duisternis mag wees nie en dat hulle ook geen “gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis” moet hou nie. Dit beteken dat middel-adolessente die musiek waarna hulle luister, aan die hand van God se Woord moet evalueer omdat daar baie musiek bestaan wat “die onvrugbare werke van die duisternis” bevorder (Ef. 5:7-13).
- Middel-adolessente moet ook toegerus word om in wysheid te wandel. Dit beteken dat hulle die kennis wat hulle deur lering ontvang, in die praktyk sal toepas en uitleef op ‘n wyse wat die Here sal verheerlik. Dit moet ook weerspieël word deur moreel rein te lewe, wat alleen moontlik is wanneer die gelowige homself deur die Heilige Gees laat lei (Ef. 5:15-6:9).
- Middel-adolessente moet ook geleer word om standvastig te wees in die geestelike oorlogvoering. Dit is alleen moontlik wanneer hulle met oorgawe en volkome toewyding aan die Here vashou en die volle wapenrusting van die Here op ‘n daaglikse basis aantrek. Volharding in gebed en bestudering van die Woord van God is uiters noodsaaklik (Ef. 6:10-18). Middel-adolessente moet ook geleer word dat gebed ‘n dialoog tussen God en die mens is. Omdat God net die beste vir elke mens in gedagte het, sal Hy in hierdie dialoog middel-adolessente antwoord oor watter

musiek hulle persoon en hulle lewens tot nadeel strek, wanneer hulle Hom daarna vra.

## 6.6 GEVOLGTREKKING

Die uitsluitlike doel van die eksegese in hierdie hoofstuk is om vas te stel wat God se Woord aangaande die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente leer. Die doel hiermee is om riglyne vir die praktyk neer te lê wat gebruik kan word om die jeug in die AGS te begelei tot verantwoordelike en geestelike volwasse besluitneming.

Met die bestudering van die Efésiërbrief is dit baie duidelik dat dit ‘n uitsonderlike ryk bron is wat nie net aan die mense van daardie besondere tydvak waarin die brief geskryf is, die rykdom van God geopenbaar het nie, maar dat dit vandag steeds oor die inhoud/materiaal beskik wat die kind van God se lewe in totaliteit kan transformeer. Die saligheidsplan van God word uitgespel deur die eniggebore Seun van God wat bereid was om Sy lewe op te offer vir die redding van alle mense omdat hulle vir God so ontsettend kosbaar is. In hulle nuwe verhouding met God wat deur Jesus Christus moontlik gemaak is, lewe die gelowige nie net as ‘n veranderde mens nie, maar deur volkome toewyding in sy verhouding met die Here, is hy in staat om te groei tot volwassenheid in Christus. In sy verhouding met die Here lewe hy nie net met Hom in verhouding nie, maar omdat hy nuutgemaak is en die liefde van God in hom uitgestort is (Rom. 5:5), kan hy ook met sy medemens in vrede en harmonie leef. Soos vroeër gesê kan die hedendaagse pastoor/jeugpastoor die Efésiërsbrief met welslae benut om middel-adolessente moreel-eties toe te rus. Die riglyne wat deurlopend in die bestudering van die Efésiërsbrief getrek is, sal in hoofstuk 7 saam met ander resultate saamgevat word.

# HOOFSTUK 7: BEVINDINGE EN AANBEVELINGS - RIGLYNE VIR DIE TOERUSTING VAN MIDDEL-ADOLESSENTE IN DIE AGS MET BETREKKING TOT HULLE MOREEL-ETIESE VORMING

## 7.1 REDE WAAROM HIERDIE STUDIE ONDERNEEM IS

Dit het uit die navorsing duidelik geword dat die jeug van die 21ste eeu byna daagliks blootgestel en gekonfronteer word met geweld, alkohol, dwelmmiddels, seks, pornografie en vele ander aanslae van die Bose, en tienermusiek speel 'n rol om jongmense hieraan bloot te stel. Dit lei tot die navorsingsvraag van hierdie studie, naamlik: Watter riglyne kan daargestel word vir die AGS-Kerk om middel-adolessente met betrekking tot moreel-etiese vorming verantwoordelik en effektief pastoraal toe te rus? (vgl. 1.2).

## 7.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is die daarstelling van riglyne wat deur die AGS-Kerk aangewend kan word om die middel-adolessent pastoraal effektief toe te rus (vgl. 1.4.1). Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- ❖ Om te bepaal wat die moreel-etiese situasie onder die jeug is volgens enkele pastore van die AGS-Kerk (bespreek in hoofstuk 2).
- ❖ Om 'n vergelykende studie te maak van middel-adolessente in stedelike, voorstedelike en plattelandse gemeentes ten opsigte van die musiek waarna hulle luister/kyk (bespreek in hoofstuk 2).
- ❖ Om die verskillende ontwikkelingstadia gedurende adolessensie na te vors en die betekenis daarvan vir die moreel-etiese toerusting van die middel-adolessent vas te stel (bespreek in hoofstuk 3).
- ❖ Om vanuit 'n literatuurstudie vas te stel wat die oorsake van morele verval onder middel-adolessente is en watter rol musiek daarin speel (bespreek in hoofstuk 4).
- ❖ Om riglyne vanuit die Skrif te ontgin waarvolgens middel-adolessente in die AGS op 'n verantwoordbare wyse pastoraal effektief toegerus kan word (bespreek in hoofstukke 5 en 6).
- ❖ Om praktiese riglyne vir AGS-gemeentes voor te stel op grond waarvan hulle die moreel-etiese toerusting van hul middel-adolessente lidmate kan hanteer.

## 7.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie pastorale studie is dat dit in die huidige konteks van die kerklike situasie waarin op die studie gefokus word, nodig is om begeleidingsriglyne

vir verantwoordelike en effektiewe moreel-etiese toerusting van die middel–adolessent in die kerk te ontwerp, as deel van die Apostoliese Geloofsending se toerustingstaak (vgl. 1.5).

## 7.4 METODOLOGIE

Vir die doeleindes van hierdie studie is Osmer (2008:4) se model vir prakties-teologiese interpretasie ingespan. Die model bestaan uit vier take. Elke taak poog om ‘n spesifieke vraag te beantwoord:

- Die beskrywend–empiriese taak: “Wat gebeur tans?”
- Die interpreterende taak: “Waarom het dit gebeur?”
- Die normatiewe taak: “Wat is veronderstel om te gebeur?”
- Die pragmatiese taak: “Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?” (vgl. 1.6).

## 7.5 KRITIEKE BESLUITE WAT ADOLESSENTE MOET NEEM

Soos enige ander Christengelowige verantwoordelikheid vir sy/haar verhouding met die Here moet neem en daaraan werk om te groei tot geestelike volwassenheid, moet middel-adolessente in die AGS besef dat dieselfde verantwoordelikheid op hulle rus. In hulle toewyding aan Hom, moet hulle verhouding met die Here vir hulle die belangrikste van enige verhouding wees. Toegewydheid is ‘n vereiste en hulle moet met volharding doen wat Hy van hulle vereis ten einde geestelike volwassenheid te bereik en om die bediening waartoe hulle geroep is, in Christus te vervul (Kol. 4:17; 1 Kor. 4:1-2; 1 Tim. 4:6; 14; 2 Tim. 1:6; 2 Tim. 4:5). Om hierdie rede is dit van kardinale belang dat middel-adolessente in die AGS sal besef hoe groot en belangrike rol die Heilige Gees in hulle lewens speel en dat hulle Hom sal toelaat om hulle te lei sodat Christus deur hulle hele lewenswandel verheerlik kan word.

## 7.6 EMPIRIESE ONDERSOEK EN BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

In die tweede hoofstuk van die studie is daar spesifiek gefokus op Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat ten doel het om die vraag, “Wat gaan aan?” te beantwoord. Die doelstelling van die navorsing is om deur middel van onderhoudsvoering met pastore/jeugpastore vas te stel wat die huidige morele stand van middel-adolessente is. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude het aan die deelnemende pastore/jeugpastore die geleentheid gebied om hulle menings te lug oor die morele stand van middel-adolessente, en wat die skynbare oorsake is vir die morele verval onder jongmense. Na die groepering van die inligting wat tydens die onderhoudsvoering met pastore bekom is, is ‘n kwantitatiewe vraelys opgestel in samewerking met die studieleier,

mede-studieleier en die Sentrale Statistiekdiens van Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Die vraelys het relevante vrae aan middel-adolessente gerig om vas te stel tot watter mate die kwalitatiewe navorsing korrek is. Omdat daar beperkinge is vir die indiening van 'n M.A.-verhandeling, het die studie slegs gefokus op een van die skynbare oorsake wat tydens die onderhoudsvoering aan die lig gekom het, naamlik musiek. Onder die hooftema van musiek is die volgende subtemas geïdentifiseer (vgl. 2.5):

| **HOOFTEMA** | **SUBTEMAS** |
|---|---|
| 1. Musiek speel 'n groot rol in elke jongmens se lewe en dit beïnvloed hulle emosies, denke en optredes. | 1. Byna elke musiekgenre waarna jongmense luister, dra 'n boodskap oor wat teenoor die boodskap van die Bybel staan en wat die morele waardes van jongmense kan afbreek.<br>2. Eksplisiete video's op MTV versterk die seksuele boodskap wat deur musiek oorgedra word.<br>3. Van die musiek waarna middel-adolessente luister, bevat woorde wat pornografies van aard is. |

### 7.6.1 Bevindinge ten opsigte van die empiriese navorsing

Die antwoord op Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese taak wat vra, "Wat gebeur tans?" het die volgende antwoorde opgelewer.

#### *7.6.1.1 Bevindinge ten opsigte van die onderhoude wat met pastore/jeugpastore gevoer is*

Al die pastore/jeugpastore wat aan die navorsing deelgeneem het, is van mening dat die morele toestand van middel-adolessente baie laag is. Volgens die deelnemende respondente word dit aan verskeie oorsake toegeskryf. Die oorsake wat deur die deelnemende respondente uitgelig is, sluit in: die gebrek aan ouerbetrokkenheid as gevolg van die verval van die gesinstruktuur, verkeerde vriende, oneerlikheid, musiek, post-modernisme, die media, maklike toegang tot pornografie deur die internet en selfone, maklike bekombaarheid van drank en dwelmmiddels en die feit dat daar in weinig huishoudings nog huisgodsdiens gehou word.

#### *7.6.1.2 Bevindinge ten opsigte van die resultate wat uit die vraelyste verkry is met betrekking tot musiek*

Die oorgrote meerderheid van die deelnemende respondente is dit eens dat die musiek waarna hulle luister, ‘n invloed op hulle lewens uitoefen, hetsy positief of negatief. Uit die resultate wat bekom is, blyk dit dat deelnemende respondente in die voorstedelike gemeentes meer geneig is om na musiek te luister wat ‘n seksuele boodskap oordra, as stedelike en plattelandse respondente. Dit is egter duidelik dat senior leerlinge (Gr. 11 & Gr. 12) in die stedelike gemeentes ‘n groter geneigdheid het om na musiek te luister wat ‘n seksuele boodskap oordra as voorstedelike en plattelandse respondente. AGS pastore/jeugpastore in stede moet hiervan kennis neem en praktiese bedieningstrukture vestig om lidmate toe te rus.

Waar respondente moes aandui of hulle na musiekvideo’s kyk wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief van aard is, is senior leerlinge (Gr.12) meer geneig om daarna te kyk as die ander respondente. Manlike respondente is meer geneig om na musiekvideo’s te kyk wat seksuele suggestie uitbeeld as vroulike respondente. Toerusting moet hierdie feite in ag neem.

Die bevindinge in hoofstuk 2 het die navorser in staat gestel om spesifiek te fokus op die invloed wat sekere musiek op die lewens van sommige middel-adolessente in die AGS uitoefen. Hierdie invloede is in ag geneem by die neerlê van spesifieke riglyne om adolessente in die AGS, vanuit die Woord van God toe te rus om verantwoordelike keuses te maak ten opsigte van die musiek waarna hulle luister.

## 7.7 VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSTADIA GEDURENDE ADOLESSENSIE: ‘N LITERATUURSTUDIE

In hoofstuk drie is daar ondersoek ingestel na bestaande literatuur oor die verloop van die ontwikkelingstadia gedurende adolessensie ten einde ‘n beter begrip te verkry van die kompleksiteit van ontwikkeling gedurende die tydperk van adolessensie (vgl. 3.1).

### 7.7.1 Bevindinge ten opsigte van die ontwikkeling van middel-adolessente gedurende adolessensie

Die tydperk waarin kognitiewe en fisiese groei plaasvind, staan bekend as adolessensie. Hoewel daar verskeie veranderinge gedurende hierdie lewensfase plaasvind, is seksuele ontwikkeling die opvallendste. Dit is ‘n tydperk van emosionele ontwaking, waarin adolessente ook intellektueel, sosiaal en moreel ontwikkel. ‘n Baie duidelike beskrywing van adolessensie is dié van Hall (1917:550), wat dit as ‘n tydperk van storm en drang beskryf.

Gedurende hierdie lewensfase kom sommige adolessente emosioneel onstabiel, seksueel verward en nie baie idealisties voor nie. ‘n Verdere kenmerk is dat hulle baie krities is ten opsigte van morele waardes.

Wanneer kognitiewe ontwikkeling, fisiese groei, seksuele ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, identiteitsontwikkeling, geestelike ontwikkeling en morele ontwikkeling gedurende adolessensie bestudeer word, is dit opsigtelik dat die mens en sy ontwikkeling ontsettend gekompliseerd is. Saam met hierdie kompleksiteit is daar talle invloede wat positief en/of negatief op die ontwikkeling van adolessente kan inwerk. Vanuit ‘n kerklike oogpunt is dit noodsaaklik om hierdie kompleksiteit in gedagte te hou wanneer middel-adolessente moreel-eties toegerus word. Gesien in die lig dat baie middel-adolessente hulle in ‘n omgewing bevind waar lae morele standaarde geld, soos byvoorbeeld ongetroude paartjies wat saamwoon, kinders wat buite die huwelik verwek word, voorhuwelikse seks en ‘n hoë egskeidingsyfer, moet middel-adolessente bewus gemaak word van die gevare wat ‘n lae morele waardestelsel inhou. Van die AGS-Kerk se kant moet ‘n daadwerklike poging aangewend word om hoë Christelike morele waardes te vestig. Dit is van kardinale belang dat AGS-pastore/jeugpastore die kenmerke van hierdie ontwikkelingsfase, waaronder onsekerheid en verwardheid, in ag moet neem wanneer middel-adolessente toegerus word. Unieke toerustingsmateriaal vir elke ontwikkelingsfase behoort ontwikkel te word. Die aanbiedingsmetode moet die emosionele onstabiliteit, asook die kritiese ingesteldheid van die middel-adolessent in ag neem. Hieroor sal verdere navorsing gedoen moet word in samewerking met opvoedkundiges en kindersielkundiges.

## 7.8 DIE INVLOED VAN MUSIEK OP MIDDEL-ADOLESSENTE

Hoofstuk vier het gefokus op bestaande literatuur oor die onderwerp van musiek en die klem het geval op Osmer (2008:4) se interpreterende taak, wat ten doel het om die vraag, “Waarom het dit gebeur?” te beantwoord (vgl. 4.1). Die antwoord op die vraag word nou uiteengesit.

### 7.8.1 Bevindinge ten opsigte van die invloed van musiek op middel-adolessente

Daar bestaan geen twyfel nie dat musiek ‘n baie groot en belangrike rol in die lewens van middel-adolessente speel. Musiek as medium vorm middel-adolessente se denk-en leefwêreld en dit kan ‘n positewe of negatiewe invloed op hulle morele vorming uitoefen. Omdat baie hedendaagse musiekkunstenaars hulle verbintenis met demoniese geeste erken en verklaar dat hulle deur dié geeste geïnspireer word om musiek en lirieke te skryf, is dit te verstane dat daar ‘n negatiewe boodskap deur dié musiek gekommunikeer word.

Hierdie negatiewe boodskap kan luisteraars indoktrineer en kondisioneer om uiting te gee aan die negatiewe boodskap wat deur die musiek gekommunikeer word.

Omdat emosionele ontwikkeling deel is van adolessensie, kan dit verstaan word dat die musiek waarna middel-adolessente luister, 'n invloed op hulle emosies sal uitoefen. Die krag en invloed wat musiek op middel-adolessente se lewens uitoefen, mag nie onderskat word nie, maar daar moet ook onthou word dat die luisteraars nie willose wesens is nie. Luisteraars het steeds die keuse hoe hulle op die boodskap wat deur die musiek gekommunikeer word, gaan reageer.

Musiek help ook middel-adolessente om hulle lewens-en werklikheidsbeskouing te vorm en om realiteit te definieer. Omdat adolessensie 'n tydperk is wat deur onsekerheid en verwardheid gekenmerk word, is adolessente soekend na inligting uit verskeie oorde. Om hierdie rede moet die AGS-Kerk vanuit die Skrif riglyne neerlê om antwoorde aan middel-adolessente te bied ten einde die negatiewe boodskappe wat in sommige musiek voorkom, die hoof te bied. Adolessente moet ook begelei word om wakker te wees om verkeerde boodskappe te onderskei, en moet toegerus word met vaardighede om keuses uit te oefen en hoe om in daardie keuses te volhard. Die vraag, "Hoe kies ek? en "Hoe bly ek by my keuse?" moet prakties beantwoord word. Die adolessente moet ook vir mekaar terugvoer kan gee oor hulle keuses en hoe dinge uitgewerk het nadat regte of verkeerde keuses gemaak is.

#### *7.8.1.1 Met die navorsing is daar gevind dat van die boodskappe wat deur musiek oorgedra word, die volgende insluit:*

- Aanmoediging om alkohol te misbruik.
- Aanmoediging om seksueel losbandig te wees.
- Aanmoediging om dwelmmiddels te misbruik.
- Aanmoediging tot geweld en rebellie.
- Aanmoediging tot homoseksuele gedrag.
- Aanmoediging om eiesinnig te wees.
- Aanmoediging om leuens te vertel.

Luisteraars word deur die lirieke van die musiek waarna hulle luister, aangemoedig om bewustelik of onbewustelik besluite te neem wat tot hulle morele ondergang kan lei. Deur riglyne neer te lê wat in die praktyk toegepas kan word, kan die AGS-Kerk 'n daadwerklike impak op middel-adolessente se lewens maak deur hulle vanuit die Woord van God te

bemagtig om nie aan die boodskappe wat deur sommige musiek gekommunikeer word, toe te gee nie.

## 7.9 SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEF OP DIE MOREEL-ETIESE TOERUSTING VAN DIE MIDDEL-ADOLESSENT

In hoofstuk 5 en hoofstuk 6 het die soeklig op Osmer (2008:4) se normatiewe taak geval, wat vra, "Wat is veronderstel om te gebeur?" Om hierdie vraag te beantwoord, is daar spesifiek gekyk na wat die Bybel sê omdat dit deur Christene beskou word as die bron van morele wysheid en daarom die basis vorm vir morele besluitneming. In hoofstukke 5 en 6 is daar eksegese van die brief aan die Efésiërs gedoen om vanuit die Woord van God vas te stel wat veronderstel is om in die praktyk aan te gaan (vgl. 5.1). Die doel van die eksegese is om riglyne neer te lê vir die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente, en daar is indiepte gefokus op die volgende perikope: Efesiërs 4:1-6; 4:7-16; 4:17-32; 5:1-6; 5:7-14; 5:15-21; 6:1-4; en 6:10-20.

## 7.10 RIGLYNE VIR DIE EFFEKTIEWE BEDIENING VAN MIDDEL-ADOLESSENTE MET DIE OOG OP MUSIEK

In hierdie hoofstuk val die lig op Osmer (2008:4) se pragmatiese taak, wat vra, "Hoe kan daar in die betrokke situasie opgetree word?" Osmer (2008:176) meen dat daar gedurende die fase gefokus word op die vorming en die uitvoering van strategieë van aksie, wat die gebeure op 'n wesenlike wyse beïnvloed. Osmer redeneer dat praktiese teologie dikwels modelle vir die praktyk, asook "rules of art" voorsien. Modelle vir die praktyk gee aan leiers 'n algehele beeld van die veld waarin hulle werksaam is, en maniere om die veld volgens hulle gewenste doelwitte te vorm. Die "rules of art" is meer spesifieke riglyne oor hoe om besondere aksies uit te voer. In hierdie hoofstuk word daar riglyne neergelê om belangrike rolspelers in die AGS te bemagtig vir die verantwoordelike en effektiewe pastorale toerusting van middel-adolessente met betrekking tot hulle moreel-etiese vorming.

Vir die AGS-Kerk om effektief te wees in die vorming, begeleiding en toerusting van middel-adolessente, moet daar riglyne neergelê word wat aangewend kan word ten einde effektief te wees in die moreel-eties toerusting van middel-adolessente. Hier volg nou 'n uiteensetting van die riglyne vir die toerusting van middel-adolessente van die AGS-Kerk, soos saamgestel uit die navorsing wat gedoen is. Hierdie riglyne het ten doel om aanbevelings te maak ten opsigte van effektiewe moreel-etiese toerusting van middel-adolessente binne die AGS-Kerk en om die vraag, "Hoe kan ons reageer?" te beantwoord.

Die eksegese van die Efésiërsbrief het aan die lig gebring dat toerusting en begeleiding van middel-adolessente van kardinale belang is om morele verval die hoof te bied. Wanneer middel-adolessente Christene volgens die voorskrifte van Efésiërs en die res van die Bybel handel, sal dit sonder twyfel 'n positiewe en betekenisvolle verandering in hulle lewens teweegbring. Sou hulle nie ag slaan op Bybelse voorskrifte vir 'n rein en heilige lewe nie, is morele verval in hulle lewens onafwendbaar. Daar moet egter te alle tye in ag geneem word dat adolessensie 'n baie gekompliseerde lewensfase is waarin houdings en oortuigings ontwikkel word wat noodsaaklik is om effektief deel te kan hê aan die lewe binne die gemeenskap. Dit sluit die gemeenskap binne die kerk in. Omdat die vraag na die sin van lewe verdiep en middel-adolessente na antwoorde soek, moet AGS pastore/jeugpastore en die geestelike volwasse lidmate van die gemeente die Bybel as primêre bron van onderrig inspan om antwoorde op lewensvrae te verskaf. Die resultate van die empiriese navorsing dui aan dat daar 'n groot behoefte bestaan aan riglyne om middel-adolessente moreel-eties toe te rus met betrekking tot die musiek waarna hulle luister (vgl. 2.5 en 2.6). Hoofstuk 4, wat spesifiek op die invloed van musiek op middel-adolessente se lewens fokus, het aan die lig gebring dat daar verskeie negatiewe boodskappe voorkom in sommige musiek waarna jongmense luister. Dit is 'n verdere aanduiding dat riglyne wat effektief aangewend kan word, uiters noodsaaklik is omdat hierdie negatiewe boodskappe die lewens van middel-adolessente verder kan kompliseer, juis omdat hulle gedurende die emosionele ontwikkelingsfase emosioneel onstabiel en onseker voorkom.

### 7.10.1 Middel-adolessente moet hulle redding verstaan

Middel-adolessente moet deur lering uit die Woord en die kragtige werking van die Heilige Gees, oortuig word dat die liefde van God deur Jesus Christus aan hulle geopenbaar is en dat hulle hulself kan verheug in die hoop van Christus wat hulle tot die ewige lewe geroep het. Dit dien daartoe dat die onsekerheid wat deel is van die middel-adolessent se lewe, teengewerk word en dat groter stabiliteit in hulle lewens gevestig word. As wedergebore kinders van God moet hulle Sy liefde en genade begryp en in liefde daarop reageer. Die doel van hulle redding is juis om in 'n lewende en intieme verhouding met God te lewe. Hierdie intimiteit met die Here kan alleen toeneem wanneer middel-adolessente volhard in 'n gebedslewe waaraan daar daagliks kwaliteit tyd spandeer word en waar die bestudering van God se Woord, ook 'n integrale deel daarvan vorm. Die groot behoefte aan aanvaarding en liefde by middel-adolessente word hierdeur bevredig. Dit maak hulle minder kwesbaar vir die versoeking om aanvaarding en liefde te soek op plekke en maniere wat deur verkeerde musiek gepropageer word.

AGS pastore en ander geestelike volwasse lidmate moet die middel-adolessente in hulle gemeentes deur lering bewus maak van die prys wat vir hulle redding betaal is, van die sekerheid van hulle verlossing in Christus en van die Heilige Gees wat hulle verseël het as die eiendom van God. Hierdie sekerheid vorm die voorvereiste vir die lewe volgens God se riglyne soos in Efésiërs 4-6 beskryf. Hierdie sekerheid gee hulle die vrymoedigheid om selfs wanneer hulle in sonde geval het, of selfs daarin volhard het, weer na God kan terugkeer. Dit maak hulle weerbaar teen die boodskap van wanhoop wat deur baie musiek verkondig word.

Middel-adolessente moet ook bewus gemaak word van die feit dat hulle as kinders van God soos enige ander gelowige tot geestelike volwassenheid geroep is. Dit beteken dat hulle as volwassenes in Christus die regte keuses kan uitoefen ten opsigte van die musiek waarna hulle luister. Om hierdie geestelike volwassenheid te bereik, vra 'n lewe van volkome en volgehoue toewyding aan God. Die gelowige middel-adolessent moet vanuit sy/haar liefde vir die Here 'n gedissiplineerde lewe leef ten einde hierdie volwassenheid te bereik, en in sy/haar geestelike volwasse staat ook besluite te neem ten opsigte van die musiek waarna hy/sy luister, sodat Christus daardeur verheerlik sal word. Dit is raadsaam dat AGS pastore/jeugpastore en ander begeleiers van middel-adolessente spesifieke tye tydens hulle gemeentes se jeugbyeenkomste sal inruim waartydens hulle saam met die middel-adolessente die lirieke van sommige van die musiek waarna jongmense graag luister, kan ontleed, en die boodskap wat daardeur oorgedra word, aan die hand van God se Woord kan toets. Sodoende is die middel-adolessente self betrokke by die ontleding van die musiek waarna hulle luister, en kan hulle vanuit die Woord en die oortuiging van die Heilige Gees, hulle eie gevolgtrekkings maak. Die morele ontwikkeling van die middel-adolessent word juis deur hulle sosiale omgewing gestimuleer, waar elkeen van die betrokke partye 'n bydra tot hulle morele ontwikkeling kan lewer. Wanneer hulle met oortuiging kan sê: "die Heilige Gees en ons het besluit" (Hand. 15:28), sal hulle dan self van die verleidelike musiek in hulle musiekversamelings ontslae raak. Sodoende sal hulle nie voel dat ouers en kerkleiers aan hulle voorskryf waarna hulle mag luister nie. Dit skep ook die vrymoedigheid by middel-adolessente om met hulle lewensvrae, wat dikwels deur die lirieke gestimuleer word, na vore te kom en sodoende op die regte plek antwoorde te kry. Omdat hulle dankbaar teenoor God staan vir hulle redding, sal hulle doelbewus daarna strewe om volgens God se wil te lewe, ook in die musiek waarna hulle luister. Wanneer daar 'n persoonlike verhouding tussen die middel-adolessent en God is, maak dit hulle weerbaar teen die boodskap in sommige liedere dat godsdiens geen betekenis het nie en dat dit slegs 'n formalistiese uitgediende tradisie is.

AGS pastore/jeugpastore, diegene wat in leierskapsposisies staan en die geestelike volwasse lidmate het 'n groot verantwoordelikheid om middel-adolessente se aandag daarop

te vestig dat die Here terdeë bewus is van al hulle onsekerhede gedurende die lewensfase van adolessensie. Dit is belangrik dat pastore/jeugpastore, diegene in leierskap en die geestelike volwasse lidmate dit voortdurend sal benadruk dat middel-adolesssente te midde van al hulle onsekerhede, nooit onseker hoef te wees oor God se liefde en genade nie. Om kennis van God te bekom, vra van middel-adolessente om die Woord van God te bestudeer. Deur die kennis wat hulle bekom onder die leiding van die Heilige Gees, sal hulle weet watter soort musiek verleidelik van aard is en deur die krag van die Heilige Gees sal hulle in staat gestel word om nie na die musiek te luister nie.

Deur gebed, die bestudering van die Woord van God en die leiding van die Heilige Gees, sal middel-adolessente in staat gestel word om weldeurdagte en ingeligte besluite te neem met betrekking tot die musiek waarna hulle luister. Omdat adolessensie 'n tydperk is waarin middel-adolessente ondermeer emosioneel ontwikkel en dit aanvaar kan word dat die musiek waarna hulle luister 'n invloed op hulle emosies sal uitoefen, kan dit daartoe lei dat sommige besluite op emosie geneem sal word. Die neem van emosionele besluite is nie noodwendig op die waarheid van God se Woord gebaseer nie, daarom moet AGS pastore en begeleiers van middel-adolessente 'n volhardende gebedslewe saam met die bestudering van die Woord van God, aanmoedig. Sodoende sal die middel-adolessent in staat gestel word om saam met die Heilige Gees besluite te neem.

### 7.10.2 Middel-adolessente moet geleer word hoe hulle as kinders van God waardig moet wandel

Middel-adolessente moet geleer word dat hulle as kinders van God waardig moet wandel volgens "die roeping waarmee" ook hulle geroep is (Ef. 4:1). Dit beteken dat 'n heilige lewenswandel nagestreef word, ook ten opsigte van die musiek waarna hulle luister. 'n Verbintenis tot 'n heilige lewenswandel sal van wedergebore middel-adolessente vra om nie slegs ag te slaan op die negatiewe boodskappe wat deur sommige musiek gekommunikeer word nie, maar ook om hulle geheel en al van sulke musiek te distansieer. Diegene wat volgens Efésiërs 4:11 geroep is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, moet die middel-adolessente onderrig in die gawes wat aan die kerk gegee is en seker maak dat hulle verstaan dat die gawes ten doel het dat ons mekaar daarmee moet opbou en stig. Die noodsaaklikheid van die gawes moet ook aan hulle uitgewys word en hulle moet verstaan dat daar verskeie gawes aan die gelowiges gegee is, maar dat almal se gawes nie dieselfde is nie. AGS pastore/jeugpastore en die geestelike volwasse lidmate van die gemeente moet middel-adolessente vanuit die Skrif leer hoe om op 'n waardige wyse te wandel. Die wandel waardeur God verheerlik word, is die "wandel in die Gees" (Gal. 5:16). Middel-adolessente wat hierdie pad loop, sal "nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" (Gal. 5:16; vgl.

Gal. 5:25; Rom. 8:1; 4-5; 12-14). Middel-adolessente moet begelei word om "alles tot verheerliking van God" te doen (1 Kor. 10:31). Die apostel Paulus maan ook wedergebore middel-adolessente om waardig te wandel "voor God wat julle tot sy koninkryk en heerlikheid roep" (1 Thess. 2:12; vgl. 1 Tim. 4:12).

Saam met diegene wat toevertrou is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, vra dit ook dat die ander geestelike volwasse lidmate die daad by die woord sal voeg en aan middel-adolessente modelleer wat "waardig wandel" binne die Christenlewe beteken. Dit vra van AGS pastore/jeugpastore en die geestelike volwasse lidmate binne die gemeentes, om die leiding van die Heilige Gees met oorgawe te volg. Dit is van kardinale belang dat geestelike mentors en rolmodelle doelbewus daargestel word vir jongmense. Elke kind moet soveel moontlik rolmodelle hê deur wie die waarhede van die Woord geïllustreer en uitgeleef word. Om hierdie rede moet rolmodelle agslaan op hoe hulle leef, praat en optree in bepaalde situasies. Goeie rolmodelle sal byvoorbeeld nooit aan middel-adolessente kommunikeer dat hulle moet maak soos hy sê, en nie doen wat hy doen nie. Pastore/jeugpastore en die geestelike volwasse lidmate het ook die verantwoordelikheid om die opdrag in Matthéüs 28:19 ten volle uit te voer. Hier is twee gedagtes ter sprake: (a) die pastore en die geestelike volwasse lidmate moet in die praktyk vir die adolessente 'n voorbeeld stel (demonstreer) hoe die opdrag van Matthéüs 28:19 uitgevoer moet word en (b) die adolessente moet verder ook leer dat hulle alles moet onderhou wat Christus hulle deur die Heilige Gees beveel. Omdat al die gelowiges sekere gawes ontvang het, moet middel-adolessente ook op die klemverskuiwing van "almal" in Efésiërs 4:6, na "elkeen" in Efésiërs 4:7 gewys word, sodat hulle kan besef dat dit alle gelowiges binne die gemeente insluit. Hierdie gawes is aan die kerk gegee met die oog op bemagtiging en bediening sodat elkeen, insluitende middel-adolessente, hulle rol in die gemeente kan vervul. Deur die nuwe lewenswandel van die gelowige middel-adolessent, moet sy nuwe identiteit in Christus gekenmerk word aan sy gehoorsaamheid aan God se opdragte soos dit uiteengesit word in die Woord (Ef. 4:2).

### 7.10.3 Ouers en rolmodelle se heilige lewenswandel kan 'n positiewe invloed op middel-adolessente se lewens uitoefen

AGS pastore moet die leierskap van die gemeente deeglik toerus sodat hulle weer op hulle beurt saam met die pastore die toerusting van ouers kan behartig. Die toerusting van ouers deur pastore en die leierskap van die gemeente, moet die ouers in staat stel om hulle kinders te begelei om hulle primêre identiteit daarin vind dat hulle deur Christus aan God behoort en Sy kinders is. Dit beteken dat hulle nie soos ongelowiges moet wandel nie, maar "soos kinders van die lig" (Ef. 5:8). Wanneer daar met middel-adolessente gepraat word oor

die verskil tussen die lewe wat musiek voorstel en die lewe volgens die Woord, moet dit nie maar net ‘n klomp “moets” en “moenies” wees nie. Die middel-adolessent moet vanuit sy/haar Christenidentiteit begelei word om te besef dat sekere dinge nie by hom/haar tuis hoort nie. Met betrekking tot die musiek waarna middel-adolessente luister, moet dit weerspieël dat hulle ‘n totale afkeer het van alle musiek wat ‘n negatiewe boodskap kommunikeer. Die keuse van die musiek waarna hulle luister moet kommunikeer dat hulle kinders van die lig is. Die AGS pastoor/jeugpastoor, leierskap van die gemeente en die geestelike volwasse lidmate moet middel-adolessente aanmoedig om met vrymoedigheid uiting te gee aan dit wat die Heilige Gees hulle op die hart druk om te doen. Hierdie begeleiers van die middel-adolessente moet dit benadruk dat die Here ‘n baie hoë prys op gehoorsaamheid plaas. Middel-adolessente moet ook van begeleiers die versekering ontvang dat hulle daar is om hulle te ondersteun en tot hulp te wees, sou dit blyk dat hulle onseker is oor hoe en wat om te doen. Middel-adolessente moet aangemoedig word om nie in die strik van individualisme te trap nie omdat individualisme die *ek* sterk beklemtoon, terwyl daar al minder van *ons* gepraat word. Die gevare van relativisme wat hand aan hand met individualisme loop, moet ook uitgelig word omdat relativisme morele besluitneming as ‘n private aangeleentheid beskou.

Die wyse waarop die onderrig en prediking plaasvind, word ingrypend geraak deur hierdie riglyn. Die vertrekpunt in die onderrig en prediking is die werk van Christus en die eenheid van die gelowige met Christus. Die middel-adolessent hoor voortdurend dat hy toegerus word om te word (identiteit) wat hy reeds in Christus is. Die rede waarom hy wil doen wat God vra, is sy dankbaarheid teenoor, en liefde vir God, asook die oortuiging dat God se weg die weg van waarheid, vrede en vreugde is. Dit is dus ‘n positiewe begeleiding tot die integrering van ‘n bepaalde identiteit en nie ‘n negatiewe godsdiens vol “moets” en “moenies” nie.

### 7.10.4 Middel-adolessente moet vanuit die Woord toegerus word om die eenheid van die kerk/gemeente te beleef en te beskerm

Omdat die eenheid van die kerk/gemeente baie belangrik is, moet AGS pastore/jeugpastore en die leierskap van die gemeente, middel-adolessente toerus om saam met die res van die gemeente die eenheid van die kerk/gemeente te beleef. Dit moet vir hulle so kosbaar word dat hulle dit wil beskerm en uitbou. Hulle moet begelei word hoe om die eenheid te waardeer en te beskerm deur gebruik te maak van die gawes (Ef. 4:3-6). Dit is noodsaaklik dat middel-adolessente bewus gemaak word van sekere sekulêre musiek wat boodskappe oordra wat ten doel het om eenheid te versteur, en wantroue, rebellie, geweld en anargie promoveer. Paulus het op verskeie plekke geskryf dat gelowiges eensgesind teenoor mekaar moet wees

(Rom. 12:16, 15:5-6; 1 Kor. 1:10; 2 Kor. 13:11; Ef. 4:3; Fil. 2:2, 3:16; 1 Thess. 5:11; Tit. 3:10-11; 1 Pet. 3:8). Middel-adolessente moet vanuit die eenheid wat hulle beleef, vrymoedigheid hê om moeilike vrae waarmee hulle worstel, te kan vra. Hulle moet weet dat hulle onvoorwaardelik liefgehê word en nie verwerp sal word as hulle sondig nie. Hulle kan maar hulle sondes met vrymoedigheid bely en sal gehelp word om daarmee te kan breek. Om middel-adolessente weerbaar te maak teen die aanslae wat deur musiek op hulle harte gemaak word, is dit nodig dat hulle werklik ‘n tuiste binne die gemeente vind. Wanneer die middel-adolessente leef volgens God se Woord, sal hulle waarskynlik verwerping van hulle portuurgroep ervaar. Hulle moet dan ‘n plek hê, naamlik die gemeente, waar hulle aanvaarding en liefde kan ervaar en dit op hulle beurt ook vir ander bied. Middel-adolessente moet vanuit die Woord van God geleer en deur die Heilige Gees oortuig word dat hulle deel van die kerk van Jesus Christus is.

Begeleiers van middel-adolessente moet ook die gevare van eksistensialisme uitwys. Hierdie siening huldig die standpunt dat elke individu verantwoordelikheid vir sy eie lewe moet aanvaar. Verhoudings word ook dikwels gesien in terme van die nut en voordeel wat dit vir die *ek* inhou. Dit is belangrik dat middel-adolessente moet besef dat wanneer daar op die *ek* gefokus word en die *ek* soekend is na sy eie voordeel, dit die eenheid van die kerk tot nadeel sal strek.

### 7.10.5 Middel-adolessente moet toegerus word om heiligmaking na te streef

Deur toerusting uit die Woord moet middel-adolessente geleer word om heiligmaking na te streef op elke lewensterrein, insluitende die soort musiek waarna hulle luister (Ef. 4:17-32). Dit beteken dat hulle nie meer soos heidene/ongelowiges in die verdwaasdheid van hulle gemoed (sonder om krities die musiek te beoordeel) kan wandel nie (Ef. 4:17), maar in hulle nuwe lewenswandel daarna sal strewe om te alle tye ‘n heilige lewe voor die Here en hulle medemens te lewe (Lev. 19:2; 20:7; Rom. 6:19; 22; 1 Kor. 1:30; 1 Thess. 4:3; 7; Heb. 12:14; 1 Pet. 1:16).

AGS pastore/jeugpastore en elke geestelike volwasse lidmaat van die gemeente het ‘n groot verantwoordelikheid teenoor middel-adolessente in hulle gemeentes. Die jongmense moet daarvan bewus gemaak word dat dit ‘n vereiste van die Here is dat wedergebore persone heilig moet leef en dat dit moontlik gemaak word deur die Heilige Gees wat in die kind van God woon. Heiligmaking vereis dat daar op ‘n voortdurende basis voortgegaan moet word om volgens die voorskrifte van God se Woord te leef. Dit vra dat die middel-adolessent van alle vorme van sonde sal loskom en sy lewe volgens God se Woord sal inrig. Deur heilig te lewe sal die middel-adolessent ook verseker dat hy nie deur hoerery teen sy eie liggaam sondig nie (1 Kor. 6:18). Sodoende word die nuwe identiteit van wedergebore middel-

adolessente sigbaar en is dit opsigtelik dat hulle hul roeping vervul deur die kennis wat hulle van Christus bekom het. Ondersteuningsgroepe kan gestig word waar lidmate mekaar verantwoordbaar hou om met bepaalde sondes in hulle lewe te breek. Middel-adolessente moet weet hulle is nie alleen in hulle stryd teen die invloed van musiek in hulle lewe nie. Daar moet binne die gemeente die gesindheid geskep word waar mense nie agter maskers van skynvroomheid moet skuil nie, maar waar almal erken dat hulle die Geneesheer nodig het.

### 7.10.6 Middel-adolessente moet onderrig word om in liefde te wandel en om hulleself van onheilige praktyke te weerhou

Dit spreek ook die onderwerp van musiek aan omdat daar sekere lirieke bestaan wat die luisteraars verlok om liefdeloos teenoor hulle medemens op te tree en hulle aanmoedig om by onheilige praktyke betrokke te raak wat uitdruklik deur die Woord van God verbied word (Ef. 5:1-6; vgl. Rom. 6:13; 1 Kor. 6:13, 18; Gal. 5:19-21; Kol. 3:5; 1 Thess. 4:3, 7). Deur onderrig vanuit die Woord moet middel-adolessente ook deeglik bewus gemaak word van die gevare wat die betrokkenheid by onheilige praktyke vir die skuldige persone inhou (1 Kor. 6:9-10; vgl. Rom. 1:26-27; Gal. 5:21; Heb. 13:4; Openb. 21:8; 22:15). In hulle verhouding met die Here moet middel-adolessente die Heilige Gees vra om hulle te help om met liefde teenoor hulle medemens te lewe, om deeglik tussen goed en kwaad te onderskei en om ‘n afkeer te hê van enige iets wat hulle lewens skade kan berokken. Pastore/jeugpastore van die AGS, diegene wat leierskapsposisies beklee en die geestelike volwasse lidmate van die gemeente moet middel-adolessente deur lering uit die Woord bewus maak dat hulle nie die Heilige Gees van God deur wie hulle verseël is, moet bedroef (Ef. 4:30; vgl. Jes. 63:10; 1 Thess. 5:19; Heb. 3:10) deur betrokke te raak by onheilige praktyke wat deur sommige musiek gepromoveer word nie (vgl. Rig. 10:16; Jes. 7:13; 43:24; Eseg. 16:43). Wedergebore middel-adolessente moet dus in hulle lewenswandel van liefde, alle onreinheid vermy omdat hulle verhouding met God gekenmerk sal word aan hulle liefde vir God. Dit beteken dat hulle geensins deel sal hê aan enige seksuele en immorele dade nie omdat dit teenoor die liefde staan. Mense wat hulle met pornografie en losbandigheid besig hou, behandel ander mense as blote objekte om hulle eie behoeftes te bevredig. Hierteenoor moet middel-adolessente begelei word om ander mense se voordeel en opbou te soek. Hiervoor kan omgeegroepe binne die jongmense se kring benut word. Jongmense kan basiese pastorale vaardighede geleer word om ander in seerkry by te staan.

Die feit dat daar sommige musiek is wat die luisteraars aanmoedig om seksueel losbandig te lewe, vra dat wedergebore middel-adolessente nie hulle liggame, wat tempels van die Heilige Gees is, op hierdie wyse sal ontheilig nie (1 Kor. 6:15, 16, 19). Om in liefde te wandel

moet middel-adolessente vanuit die Woord onderrig word dat die liefde nie onwelvoeglik handel en sy eie belang soek nie (1 Kor. 13:5; 10:24, 33), maar altyd ander mense hoër ag as homself en ook na die belange van andere omsien. Op hierdie manier word die gesindheid van Christus Jesus openbaar (Fil. 2:3-5).

### 7.10.7 Die gelowige middel-adolessent se lewenswandel moet ook deur sy/haar wandel in die lig gekenmerk word

Dit beteken dat pastore/jeugpastore van die AGS, die leierskap en geestelike volwasse lidmate, middel-adolessente so moet onderrig dat hulle geen begeerte sal hê om op enige terrein deelgenote van die duisternis te wees nie en dat hulle ook geen "gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis" wil hou nie (Ef. 5:11). Dit beteken dat middel-adolessente die musiek waarna hulle luister, aan die hand van God se Woord moet evalueer omdat daar baie musiek is wat "die onvrugbare werke van die duisternis" bevorder (Ef. 5:7-13; vgl. Jes. 3:10-11; Rom. 8:13; 13:14; Gal. 6:8).

Om in die lig te leef moet die middel-adolessent na die Lig kom en sy lewe in die lig wil leef. Die lewe wat die wedergebore middel-adolessent in die lig leef, is ‘n lewe waarin hy homself van alle vorme van hoerery moet weerhou (1 Thess. 4:3, 7; 2 Thess. 2:13), ‘n boodskap wat deur baie musiek as aanvaarbaar gepromoveer word. Om in die lig te lewe (1 Joh. 1:6-7) beteken dus om ‘n algehele afkeer te hê van enige iets wat van die Bose is, hoe gering dit ook al mag wees. ‘n Lewe wat in die lig gewandel word, spreek van ‘n individu wat oor kennis van God se Woord beskik en daardie kennis inspan om sy lewe so te leef dat God daardeur verheerlik sal word. Diegene wat verantwoordelik is vir die toerusting van middel-adolessente moet aan hulle modelleer dat hulle self ook daders van die Woord van God is. Die verantwoordelike persone moet middel-adolessente begelei om hulle sonde voor God te bring en die vergifnis van Christus te ervaar sodat hulle nie deur skuldgevoelens en skaamte van God weggedryf word nie. Jongmense wat vasgevang is in die gewoonte om na verkeerde musiek te luister, moet mentors (accountability partners) kry teenoor wie hulle met vrymoedigheid kan praat as hulle gestruikel het. Jongmense moet die vrymoedigheid hê om met hierdie mentors te gaan gesels as hulle gestruikel het, en die versekering hê dat hulle nie verwyt sal word nie. Nadat sonde aan die lig gebring is, moet mentors die boodskap van vergifnis en oorwinning oordra. Deur die werking van die Heilige Gees sal die middel-adolessent wat gestruikel het, die sekerheid van vergifnis en oorwinning ervaar.

### 7.10.8 Middel-adolessente moet ook toegerus word om in wysheid te wandel

Dit beteken om die kennis wat middel-adolessente deur lering ontvang, in die praktyk toe te pas en uit te leef, op ‘n wyse wat die Here sal verheerlik. Dit moet ook weerspieël word deur moreel rein te lewe, wat alleen moontlik is wanneer die gelowige homself deur die Heilige

Gees laat lei (Ef. 5:15-6:9; vgl. Spr. 28:26; Kol. 4:5; Jak. 3:17). Wedergebore middel-adolessente moet deur lering uit die Woord so toegerus word dat hulle sal weet dat hulle as kinders van God die Heilige Gees kan vra vir wysheid op enige lewensterrein waar wysheid vereis word, en dat Hy dit aan hulle sal gee sonder enige verwyte (Jak. 1:5-7). AGS pastore/jeugpastore en begeleiers van jongmense moet die bestudering van die wysheidsliteratuur in die Bybel (Job, Psalms, Spreuke en Prediker) onder middel-adolessente aanmoedig omdat dit hulle in staat sal stel om as kinders van God in wysheid te wandel wanneer hulle die Woord op ‘n praktiese wyse in hulle lewens toepas. Pastore/jeugpastore kan ook by hulle gemeentes se jeugbyeenkomste spesifiek fokus op Bybelstudie van die wysheidsliteratuur om middel-adolessente te help om wysheid te bekom. Hier speel gesinsbediening ‘n baie belangrik rol (Deut. 6). AGS pastore moet diegene in leierskap deeglik toerus sodat hulle op hulle beurt weer die ouers kan toerus om hulle kinders van kleins af te begelei om die Woord van God in hulle lewens toe te pas. Vanuit ‘n voortdurende toepassing van die Woord in praktiese lewensituasies en probleme, groei die wysheid. Gesinsbediening sal dus ‘n belangrike deel van jeugbediening uitmaak.

Die AGS pastoor/jeugpastoor, leierskap van die gemeente en geestelike volwasse lidmate moet middel-adolessente se aandag daarop vestig dat ‘n wyse lewenswandel ook betrekking het op die soort musiek waarna hulle luister. So sal dit as wys gereken word om nie na enige musiek te luister wat ‘n boodskap kommunikeer wat teenstrydig is met die Woord van God nie. Wysheid sluit ook verder in die wyse waarop middel-adolessente met hulle portuurgroep saamleef, asook die vermoë om andere deur hulle optrede te beïnvloed om volgens die Woord te leef. Hulle sal ook oor die wysheid beskik om elke situasie te kan opsom en te weet wanneer om vriende te vergesel, maar nie deel te hê aan die negatiewe boodskappe wat deur sommige musiek gekommunikeer word nie. Hulle sal ook weet wanneer om leiding te neem en die geselskap of aksie in die regte rigting te stuur. Voorbeelde vanuit dié studie is dat middel-adolessente nie na musiek moet luister wat luisteraars aanmoedig om:

- drank te misbruik nie, aangesien Efésiërs 5:18 die gelowige aansê om nie dronk te word van wyn nie, omdat dit tot losbandigheid lei (vgl. Gen. 9:21; Spr. 20:1; 23:20-21; Jes. 5:11-13; Rom. 13:13; 1 Kor. 6:10);
- seksueel losbandig te wees nie, omdat diegene wat sulke dinge doen dwaas handel en hulle eie lewens verwoes (vgl. Spr. 6:32; 7:7-27; Hos. 4:11; Gal. 5:19). Kinders van God word aangesê om te vlug vir die hoerery (vgl. 1 Kor. 6:18; vgl. Gen. 39:12-18; Spr. 2:16-19; 5:3-15; 6:24-30; Rom. 6:12-13; 2 Tim. 2:22; Heb. 13:4; 1 Pet. 2:11);
- dwelmmiddels te misbruik nie (vgl. Spr. 23:29-35; 1 Kor. 6:19-20; Gal. 5:19-21);
- gewelddadig te wees nie (vgl. Ps. 17:4; 59:1-3; 140:1-5);

- ❖ teen gesag opstandig te wees en te rebelleer nie (vgl. Rom. 13:1-2; Ef. 5:21; Tit. 3:1; 1 Pet. 2:13-17);
- ❖ homoseksualiteit te beoefen nie (vgl. Rom. 1:24-27; 6:12; 1 Kor. 6:10, 13; 1 Thess. 4:4; 1 Tim. 1:10);
- ❖ eiesinnig te wees nie (vgl. Rom. 2:8; 1 Tim. 6:3-4); en
- ❖ leuens te vertel nie (vgl. Lev. 19:11; Jer. 9:3-5; Sag. 8:16; Ef. 4:22, 25; Kol. 3:8-9; 1 Tim. 1:10; Openb. 21:8).

### 7.10.9 Die verhouding tussen middel-adolessente en hulle ouers moet gekenmerk word as een waarin hulle hul ouers eer

Die onderrig van middel-adolessente deur die aangewese persone in Efésiërs 4:11 en Efésiërs 6:1-2 behels ook dat AGS pastore/jeugpastore jongmense bewus sal maak van die feit dat kinders onderdanig aan hulle ouers is en dat hulle hulself aan die gesag en outoriteit van hulle ouers moet onderwerp. Ouers het ‘n groot verantwoordelikheid om deur hulle voorbeeld vir hulle kinders te leer hoe ‘n lewe van toewyding aan God moet lyk. Dit word gedoen deur tyd in gebed te spandeer, die Woord van God getrou te bestudeer en ook deur die onderlinge byeenkomste (Heb. 10:25) van die gemeente getrou by te woon. Wanneer ouers hierdie dinge deur hulle voorbeeld aan hulle kinders modelleer, kan dit daartoe bydra dat die jongmense hulle ouers sal eer. Eerbied vir ouers sluit onder meer in die wyse waarop kinders met en van hulle ouers praat, hoe hulle reageer op die opdragte wat hulle ouers aan hulle gee en gehoorsaamheid aan hulle ouers in die algemeen. Omdat die kerk ‘n bydraende rol in die opvoeding van kinders vervul, moet middel-adolessente ook op die raad en advies van pastore/jeugpastore ag slaan omdat hulle vanuit ‘n posisie van verantwoordelikheid onderrig gee aangaande die lewe volgens God se wil.

Middel-adolessente moet vanuit die Woord geleer word dat God ‘n baie hoë prys op gehoorsaamheid plaas (1 Sam. 15:22; Jer. 7:23; 11:7; Mark. 12:33). Gehoorsaamheid aan God met betrekking tot hoe kinders hulle ouers moet eer, is ook gekoppel aan ‘n belofte van God vir ‘n verlengde lewe (Ex. 20:12; Deut. 5:16; Spr. 1:8-9; 23:22-25; Matt. 15:4-6; Luk. 18:21; Ef. 6:1-3; Kol. 3:20). Hier sal huweliksverryking ‘n belangrike rol speel. Efésiërs 6:4 sê dat vaders nie hulle kinders moet moedeloos maak nie. Wanneer ouers mekaar in die huwelik aftakel en verneder, verloor die kind/ers ook respek vir die ouers. Die kerk moet dus ter wille van die kind/ers ook die huwelik opbou.

### 7.10.10 Middel-adolessente moet ook geleer word om standvastig te wees in die geestelike oorlogvoering

Middel-adolessente moet deur deeglike lering daarvan bewus gemaak word dat hulle as Christene, soos enige ander wedergebore kind van die Here, in ‘n hewige geestelike oorlog

met die Bose gewikkel is (Ef. 6:12). Vanweë die felheid van hierdie geestelike oorlog moet die middel-adolessent as Christenkryger daagliks sy volle wapenrusting aantrek ten einde effektief weerstand te kan bied teen al die aanslae van die Bose. Dit sluit in die aanslag van die boodskap deur musiek. Een van die maniere waarop middel-adolessente deur die vyand mislei en verlei word, is deur die subtiele en openlike negatiewe boodskappe wat deur sommige verleidelike musiek oorgedra word. Omdat musiek ‘n belangrike komponent in middel-adolessente se lewens is, is dit ‘n medium wat met groot welslae deur die vyand ingespan kan word teen diegene wat hulle nie ten volle met God se wapenrusting bewapen nie. Die enigste manier waarop middel-adolessente weerstand teen die aanslae van die Bose kan bied, is deur lewens wat volkome aan die Here toegewy is. Besondere klem moet gelê word op die wapenrusting wat nie net gedeeltelik aangetrek mag word nie. Wanneer die gelowige nie sy volle wapenrusting aantrek nie, laat hy ‘n deur oop waardeur die vyand toegang tot sy lewe kan verkry. Omdat die vyand ‘n opportunis is, sal hy enige geleentheid wat hom gebied word, aangryp om die gelowige se lewe te vernietig (Joh. 10:10a). Nadat die volle wapenrusting aangetrek is, moet middel-adolessente ook volhard in gebed omdat dit hulle in staat sal stel om effektief weerstand te kan bied teen die aanslae van die vyand (Ef. 6:10-18). Om hierdie rede is dit baie belangrik dat middel-adolessente geleer word dat gebed ‘n dialoog tussen God en die mens is. Omdat God net die beste vir elkeen van Sy kinders in gedagte het, sal Hy in hierdie dialoog middel-adolessente antwoord oor watter musiek hulle persoon en hulle lewens tot nadeel strek, wanneer hulle Hom daarna vra. Wanneer middel-adolessente hulle antwoord van God ontvang, moet hulle in gehoorsaamheid nie langer na sodanige musiek luister nie. Die ideaal sal wees om van alle musiek ontslae te raak wat middel-adolessente negatief kan beïnvloed. In hulle wandel met die Here, waarin middel-adolessente Hom wil verheerlik, sal dit vir hulle moontlik wees om met die hulp en leiding van die Heilige Gees van alle musiek ontslae te raak wat ‘n negatiewe boodskap oordra en wat hulle lewens nadelig raak. In die onderrig van kinders en jongmense moet die betekenis van elke deel van die wapenrusting vir hulle verduidelik word. Hulle moet ook geleer word om dit in die worstelstryd van elke dag te gebruik. Die onderrig van kinders en jongmense moet daarom hulle probleme aanspreek, asook hoe dit hanteer moet word. AGS pastore/jeugpastore moet hulleself dus baie deeglik en voortdurend ingrawe in die dinge waarmee middel-adolessente gekonfronteer word, sodat hulle die middel-adolessente kan toerus om die wapenrusting in konkrete situasies te gebruik. Wanneer vriende die dinge wil doen wat verleidelike musiek propageer, moet die middel-adolessent daarteen kan veg en weerstand bied met die volle wapenrusting van God.

## 7.11 FINALE GEVOLGTREKKINGS

Hierdie studie het van empiriese navorsing gebruik gemaak om vas te stel wat die invloed van musiek op die lewe van middel-adolessente is. Kwalitatiewe navorsingsresultate het aan die lig gebing dat die skynbare morele verval onder middel-adolessente aan verskeie oorsake toegeskryf kan word. Belangrike temas en subtemas was geïdentifiseer, wat gebruik was vir die samestelling van ‘n kwantitatiewe vraelys. Die voltooiing van kwantitatiewe vraelyste deur middel-adolessente van geïdentifiseerde gemeentes, het die resultate wat die kwalitatiewe navorsingnavorsing opgelewer het, bevestig. Vanweë die beperkinge vir die inhandiging van ‘n M.A.-verhandeling het die studie alleenlik op die invloed van musiek op die lewe van middel-adolessente gefokus.

‘n Literatuurstudie is onderneem met die doel om ‘n oorsig van die verskillende ontwikkelingstadia gedurende adolessensie te verkry. Wetenskaplike navorsing wys ook dat verleidelike musiek middel-adolessente se lewens negatief kan beïnvloed. Eksegese van die Efésiërsbrief wys duidelik dat middel-adolessente, soos alle ander kinders van God, geroep is om op ‘n waardige wyse te wandel en sodoende die Here te behaag. Saam met die waardige lewenswandel moet daar geestelik oorlog gevoer word. Ten einde effektief te wees in geestelike oorlogvoering, moet gelowiges die volle wapenrusting van God opneem.

Die riglyne wat neergelê is, wys dat toegewyde pastore/jeugpastore, leierskap van gemeentes en geestelike volwasse lidmate, middel-adolessente effektief kan toerus om nie toe te gee aan die negatiewe boodskappe wat deur sommige musiek oorgedra word nie. Hierdie toerusting stel ook middel-adolessente in staat om hulle posisie in die kerk en die samelewing vol te staan.

Hierdie studie veronderstel dat die Woord van God elke wedergebore kind van God se morele kompas is en dat die AGS-Kerk die neergelegde riglyne kan gebruik om middel-adolessente moreel-eties toe te rus met betrekking tot die invloed wat musiek op hulle lewens het.

## 7.12 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die moontlikheid bestaan dat verdere kwantitatiewe navorsing oor die onderwerp van musiek gedoen kan word aan die hand van elkeen van die boodskappe wat deur sommige vorme van musiek gepromoveer word. Die volgende temas kan in gedagte gehou word: Tot watter mate beïnvloed musiek middel-adolessente om alkohol te misbruik; om seksueel losbandig te wees; om dwelmmiddels te misbruik; om gewelddadig en rebels op te tree; om homoseksualiteit te beoefen; om eiesinnig te wees; of, om leuens te vertel, en hoe kan die AGS-Kerk slagoffers van hierdie boodskappe bemagtig om met dié negatiewe praktyke te

breek. Vanuit bogenoemde riglyne kan ‘n bedieningsmodel aan middel-adolessente in die AGS ontwerp word.

Ander faktore wat die lewe van middel-adolessente beïnvloed soos sosiale media, die internet en die snelontwikkelende tegnologie, byvoorbeeld videospeletjies, kan ook ondersoek word.

## BRONNELYS


Adams, B. & Kennedy, E. 2011. Lie to me. http://www.metrolyrics.com/lie-to-me-lyrics-the-wanted.html Date of access: 03 Aug. 2013.

Alexis, J.E. 2007. In the name of music. s.l.: Xulon.

Anderson, C.A., Berkowitz, L., Donnerstein, E., Huesmann, L.R., Johnson, J.D., Linz, D., Malamuth, N.M. & Wartella, E. 2003. The influence of media violence on youth. *Psychological Science in the Public Interest, 4(3):81-110.*

Andrew, D.P.S., Pedersen, P.M. & McEvoy, C.D. 2011. Research methods and design in sport management. s.l.: Sheridan Books.

Anon. 2007. Youth - keeping one's way pure. *Joy!,* 16(1):54.

Armstrong, H.W. 1973. The plain truth. (Vol. 38.) Madison: Wordwide Church of God.

Arsenio, W.F., Preziosi, S., Silberstein, E. & Hamburger, B. 2013. Adolescents' perceptions of institutional fairness: relations with moral reasoning, emotions, and behaviour. (*In* Malti, T. *ed.* Adolescent emotions: development, morality, and adaptation: new directions for youth development. San Francisco: Jossey-Bass. p. 95-110).

Ashford, J.B. & LeCroy, C.W. 2010. Human behavior in the social environment: a multidimensional perspective. 4th ed. Belmont: Brooks/Cole.

Ask. 2012. http://www.ask.com/questions-about/Definition-of-Christian-Morality Date of access: 21 Feb. 2012.

Backus, W. & Chapian, M. 2000. Telling yourself the truth: find your way out of depression, anxiety, fear, anger and other common problems by applying the principles of misbelief therapy. Minneapolis: Bethany House.

Barna, G. 2003. Transforming children into spiritual champions: why children should be your church's #1 priority. California: Regal.

Barna, G. 2006. Revolution. Vereeniging: Christian Art.

Barnard, J.A. 2009. Unity in Christ: the purpose of Ephesians. *The Expository Times, 120:167-171.*

Bauserman, K. 2010. Sin: Satan's playground. Bloomington: Trafford.

Beckett, C. 2002. Human growth and development. Thousand Oaks: Sage.

Bell, J. 1993. Doing your research project. 2nd ed. Buckingham: Open University.

Berding, K. 2006. What are spiritual gifts? rethinking the conventional view. Grand Rapids: Kregel.

Berg, B.L. 1995. Qualitative research methods for the social sciences. 2nd ed. Boston: Allyn and Bacon.

Berg, B.L. 2007. Qualitative research methods for the social sciences. 6th ed. Boston: Pearson.

Berger, S.J. 2006. Composing life out of loss. New York: Routledge.

Best, E. 1997. Essays on Ephesians. Edinburgh: Clark.

Best, E. 1998. A critical and exegetical commentary on Ephesians. London: T&T Clark.

Bhae, J.Y. 2000. The subject of the letter to the Ephesians: a thought-mapping approach. Potchefstroom: NWU. (Thesis - PhD).

Bible. 1989. Life application Bible: King James version. Wheaton: Tyndale.

Bickel, B. & Jantz, S. 2003. Ephesians: finding your identity in Christ. Eugene: Harvest House.

Biddulph, S.G. 2003. Alcohol: what's a parent to believe? Minnesota: Library of Congress.

Bjorklund, D.F. & Blasi, C.H. 2012. Child and adolescent development: an integrated approach. Belmont: Cengage.

Bloom, A. 1987. The closing of the American mind: how higher education has failed democracy and impoverished the souls of today's students. New York: Simon & Schuster.

Blount, R. 2005. Journeying with youth toward living waters. http://www.ptsem.edu/.../School...Youth…/Blount-Journeying Date of access: 17 Dec. 2012.

Bogin, B. 1999. Patterns of human growth. 2nd ed. Cambridge: University.

Bogin, B. 2003. The human pattern in growth and development in paleontological perspective. (*In* Thompson, J.L., Krovitz, G.E. & Nelson, A.J., *eds.* Patterns of growth and development in the genus homo. Cambridge: University. p. 15-44).

Bornman, M.J. 2011. Adolessente se geloofsoortuiging en etiese besluitnemingsraamwerk met betrekking tot seksuele aktiwiteit: Christelik-etiese studie. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MBA).

Boshoff, H. 1985. Beeld van die kerklike jongmens van die tagtigerjare. (*In* Nel, M., *eindred.* Kerkjeug antwoord. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 1-12).

Bosman, J. 2007. Vooronderstellings by die beradene. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - PhD).

Botma, E.C. 2012. Pastoral guidance for the spiritual development of the adolescents of Little Falls Christian Centre. Potchefstroom: NWU. (Dissertation – MBA).

Bowman, W. 2012. Music's place in education. (*In* McPherson, G.E. & Welch, G.F., *eds.* The Oxford handbook of music education. New York: Oxford University. p. 21-39).

Breed, D.G. & Jordaan, G.J.C. 2000. Geloofsverryking te midde van moreel-etiese verwarring in die lig van die kernmotief in 2 Petrus 1:5-7. *In die Skriflig, 34(3):423-436.*

Breed, D.G. & Van Rensburg, F.J. 2001. Paraatmaking teen immoraliteit in 'n post-modernistiese samelewing: 'n Hermeneuse van 2 Petrus 1:12-15. *HTS 57(1&2)[31]:408-434.*

Breed, G. 2012. Pastoraat aan die mens as wese in gesprek. (Ongepubliseerde klasaantekeninge).

Breed, G. 2013a. Ministry to the congregation according to Ephesians. *Acta Theologica* (In press).

Breed, G. 2013b. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in pastorale wetenskap. (*In* De Klerk, B.J. & De Wet, F.W., *reds.* Met die oog op God: voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op praktiese teologie. Monumentpark: V&R Drukkery. p. 225-250).

Breed, G. 2013c. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in kinder- en jeugbediening. (*In* De Klerk, B.J. & De Wet, F.W., *reds.* Met die oog op God: voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op praktiese teologie. Monumentpark: V&R Drukkery. p. 197-222).

Breed, G. 2014?. 'n Kritiese blik op "Missio Dei" in die lig van Efesiërs. *In die Skriflig,* (Ter perse).

Breed, G. & De Kock, J. 2009. Op pad na 'n volwasse gemeente-'n empiriese ondersoek met die oog op die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel. *In die Skriflig, 45(4):775-802.*

Breed, G. & Kruger, F.P. 2014. 'n Prakties-teologiese besinning oor die begeleiding en toerusting van kinders tot dienswerk as 'n weg tot die navolging van Christus. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 70(2):1-11. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i2.1373 Date of access: 14 Mar. 2014.

Breeden, M., Mathers, M. & Young, A. 1999. Role model. http://lyrics.wikia.com/Eminem:Role_Model Date of access: 12 Mar. 2013.

Brown, B.B. & Klute, C. 2003. Friendships, cliques and crowds. (*In* Adams, G.R. & Berzonsky, M.D., *eds.* Blackwell handbook of adolescence. Malden: Blackwell. p. 330-348).

Brown, J.T., Conte, J. Jr., Foxx, J. Henderson, C., Melanchon, B.R., Nash, T., Prescott, B., Ballard, D., Stewart, C., T-Pain & Walker, N.L. 2008. Blame it on the alcohol. http://www.azlyrics.com/lyrics/jamiefoxx/blameitonthealcohol.html Date of access: 07 Mar. 2013.

Brueggemann, W. 1997. Cadences of home: preaching among exiles. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox.

Bryman, A. 1988. Quantity and quality in social research. London: Unwin Hyman.

Bühler, C. 1967. Das seelenleben des jugendlichen: versuch einer analyse und theorie der psychischen pubertät. Stuttgart: Gustav Fischer.

Bukatko, D. & Daehler, M.W. 1998. Child development: a thematic approach. 3rd ed. New York: Houghton Mifflin.

Burgess, R.G. 1984. In the field: an introduction to field research. London: Allen and Unwin.

Bybel. 1933/1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van dIe Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1993. Die Bybel in praktyk. Vereniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

Byrnes, J.P. 2003. Cognitive development during adolescence. (*In* Adams, G.R. & Berzonsky, M.D., *eds.* Blackwell handbook of adolescence. Malden: Blackwell. p. 227-246).

Capes, M. 1975. Adolescence and change. (*In* Meyerson, S., *ed.* Adolescence: the crisis of adjustment. London: George Allen & Unwin. p. 41-53).

Cathy, D., Max, M., Gottwald, L. & Perry, K. 2008. I kissed a girl. http://www.lyricsmode.com/lyrics/k/katy_perry/i_kissed_a_girl.html Date of access: 03 Aug. 2013.

Charles, N.C. 2012. From worldly to Christian wisdom and truth. Bloomington: Trafford.

Chromey, R. 2007. Not of this world. (*In* Dunn, H., Van Schooneveld, A. & Rozum, A.M., *eds.* Children's ministry in the 21 st century: the encyclopedia of practical ideas. Loveland: Group Publishing. p. 10-35).

Coetzee, J., Louw, D.A. & Jooste, J.C. 2005. The receptions of morality of secondary school learners: a cross-cultural study. Bloemfontein: University of the Free State. (Dissertation – MBA).

Cohick, L.H. 2010. Ephesians. Oregon: Cascade Books.

Collins, R.F. & Harrington, D.J. 1999. First Corinthians. Minnesota: Liturgical.

Courtney, V. 2004. Your girl: raising a godly daughter in an ungodly world. Nashville: B&H.

Crabb, L. 1993. Finding God. Grand Rapids: Zondervan.

Creasy Dean, K. 2004. Practicing passion: youth and the quest for a passionate church. Cambridge: Eerdmans.

Creasy Dean, K. 2010. Almost Christian: what the faith of our teenagers are telling the American Church. New York: Oxford University.

Creswell, J.W. 1994. Research design: qualitative & quantitative approaches. Thousand Oaks: Sage.

Creswell, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 3rd ed. Thousand Oaks: Sage.

Dean, M. 2012. Moraliteit. http://deanministries.page.tl/Moraliteit.htm Datum van gebruik: 6 Mar. 2013.

De Jager, F. 2009. Extreme youth evangelism. s.n.

De Klerk, B.H. 1937. Vorme en karakter van die biblisisme. Kampen: J.H. Kok.

De Klerk, B. 2001. Soeklig: fokus op Efésiërs. Potchefstroom: Nasionale Sinode GKSA.

De Vos, A.S. 2004. Research at grass roots. Pretoria: Van Schaik.

Denisoff, R.S. 1989. Inside MTV. 2nd ed. New Brunswick: Transaction.

Denisoff, R.S. 1995. Solid gold: the popular record industry. New Brunswick: Transaction.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 1998. Strategies of qualitative inquiry. Thousand Oaks: Sage.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2003. Collecting and interpreting qualitative materials. 2nd ed. Thousand Oaks: Sage. Denzin & Lincoln

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2011. The Sage handbook of qualitative research. 4th ed. Thousand Oaks: Sage.

Donaldson James, S. 2011. Teens hear 34 liquor brands a day in rap, hip-hop music: music has powerful influence on teens. http://abcnews.go.com/Health/teens-hear-34-references-brand-liquor-day-rap/story?id=14771713 Date of access: 14 Feb. 2013.

Du Plessis, A.L. & Breed, G. 2013. A possible solution for corruption in South Africa with the church as initiator: a practical theological approach. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies,* 69(2):1-10. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i2.1298 Date of access: 15 Mar. 2014.

Duaya, J.D. 2014. In the closet!!!: where to find and live your life beyond closed doors. Bloomington: Xlibris.

Eccles, J.S., Wigfield, A. & Byrnes, J. 2003. Cognitive development in adolescence. (*In* Weiner, I.B. & Freedheim, D.K., *eds.* Handbook of psychology: developmental Psychology. New Jersey: Wiley & Sons. p. 325-329).

Elder, R., Evans, K. & Nizette, D. 2013. Psychiatric and mental health nursing. Elsevier: Libby Houston. http://books.google.co.za/books?id=Jpnzp7D64XcC&printsec=frontcover= Psychiatric +and+mental+health+nursing Date of access: 05 Sep. 2013.

Ellis, S.M. & Steyn, H.S. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management Dynamics, 12(4):51-53.*

Etzioni, A., Volmert, D. & Rothschild, E. 2004. The Communitarian reader: beyond the essentials. Lanham: Rowman & Littlefield.

Evans, T. 2005. God can not be trusted (and five other lies of Satan). Colorado Springs: Multnomah.

Farias, B. 2005. End time purity: motives and values. s.l.: Xulon.

Fearn-Banks, K. 2011. Crisis communications: a casebook approach. New York: Routledge.

Fee, G.D. 2002. New Testament exegesis: a handbook for students and pastors. 3rd ed. Louisville: Westminister John Knox.

Fisher, N. & Aguilera, C. 2010. Sex for breakfast. http://www.azlyrics.com/lyrics/ christinaaguilera/sexforbreakfast.html Date of Access: 03 Aug. 2013.

Fowl, S.E. 2012. Ephesians: a commentary. Louisville: John Knox.

Futato, M.D. 2007. Interpreting the psalms: an exegetical handbook. Grand Rapids: Kregel.

Gallagher, J.M. & Mansfiefd, R.S. 1980. Cognitive development in adolescence. (*In* Adams, J.F., *ed.* Understanding adolescence: current developments in adolescent psychology. 4th ed. Boston: Allyn & Bacon. p. 135-163).

Ghodse, H. 2008. International drug control into the 21st century. Burlington: Ashgate.

Giant, N. & Beddoe, R. 2013. Surviving girlhood: building positive relationships, attitudes and self-esteem to prevent teenage girl bullying. London: Jessica Kingsley.

Gilbert, M. 1999. Playing the stockmarket: the sex scandel. (*In* Metz, A. & Benson, C., *eds.* The Madonna companion: two decades of commentary. New York: Schirmer. p. 137-143).

Gnojewski, C. 2008. Madonna: "express yourself". New Jersey: Enslow.

Gregston, M.L. 2012. Tough guys and drama queens: how not to get blindsided by your child's teen years. Nashville: Thomas Nelson.

Gullotta, T.P. & Adams, G.R. 2005. Handbook of adolescent behavioral problems: evidence-based approaches to prevention and treatment. New York: Springer Science.

Gullotta, T.P., Adams, G.R. & Markstrom, C.A. 2000. The adolescent experience. 4th ed. California: Academic.

Habermas, R.T. 1997. How should we teach biblical truth. (*In* Dunn, R.R. & Senter III, M.H., *eds.* Reaching a generation for Christ: a comprehensive guide to youth ministry. Chicago: Moody. p. 369-393).

Hagee, J. 2004. The life plan study Bible: New King James Version. Nashville: Thomas Nelson.

Halbfas, H. 1968. Jeugd en kerk: een diagnose. Antwerpen: Patmos.

Hall, G.S. 1917. Jesus, the Christ, in the light of psychology. (Vol. 2.) New York: Doubleday.

Halterman, E. 2012. What is the purpose of your survey? http://www.surveygizmo.com/survey-blog/what-is-the-purpose-of-your-survey/ Date of access: 19 Nov.2012.

Harris, C.A. & Rockquemore, K.A. 2010. Multicultural perspectives of self and racial/ethnic identity. (*In* Swanson, D.P., Edwards, M.C. & Spencer, M.B., *eds.* Adolescence: development during a global era. California: Academic. p. 243-278).

Harris, J.S. & Beckham, V.C. 2000. If you wanna have some fun. http://www.azlyrics.com/lyrics/spicegirls/ifyouwannahavesomefun.html Date of access: 12 Mar. 2013.

Hart, R. & Rollins, J. 2011. Therapeutic activities for children and teens coping with health issues. New Jersey: Wiley & Sons.

Hart, S. 1997. How should we use music in youth ministry. (*In* Dunn, R.R. & Senter III, M.H., *eds.* Reaching a generation for Christ: a comprehensive guide to youth ministry. Chicago: Moody. p. 455-477).

Hastings, T. 2007. Practical theology and the one Body of Christ: toward a missional-ecumenical model. Grand Rapids: Eerdmans.

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Hauspie, R. & Roelants, M. 2012. Adolescent growth. (*In* Cameron, N. & Bogin, B., *eds.* Human growth and development. 2nd ed. London: Academic. p. 57-79).

Hayes, J.A. & Holladay, C.R. 2007. Biblical exegesis: a beginner's handbook. 3rd ed. Louisville: Westminister John Knox.

Heaton, J. 2004. Reworking qualitative data. Thousand Oaks: Sage.

Hector, W.A., Drewett, E.J. & Ryan, J.H. 2013. Little white lies. http://www.azlyrics.com/lyrics/onedirection/littlewhitelies.html Date of access: 04 Mar. 2014.

Heitink, G. 1999. Practical theology: history, theory, action domains: manual for practical theology. Cambridge: Eerdmans.

Hoehner, H.W. 2002. Ephesians: an exegetical commentary. Michigan: Baker Academic.

Hoehner, H.W. 2008. Ephesians. (*In* Comfort, P.W., *red.* Cornerstone biblical commentary. (Vol. 16.) Carol Stream: Tydale House. p. 1-138).

Holland, D. 2006. Reaching teens in their natural habitat: a field guide for savvy parents. Colorado Springs: WaterBrook.

Holmberg, E. 2006. Hell's bells: the dangers of rock and roll: part 1 of 5. http://www.jesus-is-the-saviour.com/Evils%20in%20America/Rock-n-Roll/hells_bells1.htm Date of access: 17 Oct. 2013.

Holstein, J.A. & Gubrium, J.F. 2004. The active interview. (*In* Silverman, D., *ed.* Qualitative research: Theory, method and practice. 2nd ed. Thousand Oaks: Sage. p. 140-161).

Hoppin, J.M. 1870. The office and work of the Christian ministry. 2nd ed. New York: Sheldon and Company.

Hudson, A. 2012. Katy Perry: rebel dreamer. London: Flame Tree.

Hull, B. 2007. The disciple-making pastor: leading others on the journey of faith. Michigan: Baker Books.

Icke, D. 2009. Why does satan use music? http://www.myspace.com/jasentertainment/blog/519544874 Date of access: 16 Mar. 2013.

Iglesias, E., Nogharani, B., Jr., A.J., RedOne, Pitbull. 2012. Dance again. http://www.directlyrics.com/jennifer-lopez-dance-love-and-dance-again-lyrics.html Date of access: 05 Apr. 2013.

Isroff, J. 1975. Adolescence and creativity. (*In* Meyerson, S., *ed.* Adolescence: the crisis of adjustment. London: George Allen & Unwin. p. 143-164).

Jagger, M. & Richards, K. 1968. Street fighting man. http://www.lyricsfreak.com/r/rolling+stones/street+fighting+man_20117899.html Date of access: 06 Mar. 2013.

Jakes, T.D. 2008. Life overflowing: 6 pillars for abundant living. Minneapolis: Bethany House.

James, A.M. 2012. Brothers and sisters in adoption: helping children navigate relationships. Indianapolis: Perspectives.

James, B. & Bator, S. 1984. Do as thou wilt. http://www.metrolyrics.com/do-what-thou-wilt-lyrics-lords-of-the-new-church.html Date of access: 03 Aug. 2013.

Jordaan, G.J.C. 1990. Die verhouding tussen indikatief en paraklese in die brief aan die Efesiërs. *In die Skriflig, 24(1):49-69.*

Jordaan, G.J.C., Van Rensburg, F.J. & Breed, D.G. 2011. Hermeneutiese vertrekpunte vir gereoformeerde eksegese. *In die Skriflig, 45 (2 & 3):225-258.*

Jordan, A. 2003. Thinking about God and morality: study guide for Aqa Gcse religious studies B, Module 1. Cheltenham: Nelson Thornes.

Joy, D.M. 1978. Adolescents in Socio-psychological perspective. (*In* Zuck, R.B. & Benson, W.S., *eds.* Youth education in the church. Chicago: Moody. p. 91-106).

Junker, D.B.A. 2006. Resistance and resilience: cultivating Christian spiritual practices among Brazilian children and youth. (*In* Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E., & Roehlkepartian, E.C., *eds.* Nurturing and adolescent spirituality: perspectives from the world's religious traditions. Lanham: Rowman & Littlefield. p. 449-457).

Kail, R.V. & Cavanaugh, J.C. 2007. Human development: a life-span view. 4th ed. Belmont: Thomson Wadsworth.

Kaiser, W.C., Jr. & Silva, M. 2007. Introduction to Biblical hermeneutics: the search for meaning. Revised and expanded edition. Grand Rapids: Zondervan.

Kennedy, P. 2006. A modern introduction to theology: new questions for old beliefs. London: I.B. Tauris.

Khup, N.K. 2007. Evaluating the impact of family devotions upon selected families from the Zomi Christian community of Tulsa. Tulsa: Oral Roberts University. (Thesis - PhD).

King, N. & Horrocks, C. 2010. Interviews in qualitative research. Thousand Oaks: Sage.

Klein, W.W. 2006. Ephesians. (*In* Longman III, T. & Garland, D.E. *eds.* The expositor's Bible commentary: Ephesians-Philemon. Grand Rapids: Zondervan. p. 21-173).

Kohlberg, L. 1976. Moral stages and moralization: the cognitive-developmental approach. (*In* Lickona, T., *ed.* Moral development and behavior: theory, research and social issues. New York: Holt, Rinehart and Winston. p. 31-53).

Krcmar, M. 2013. Examining the assumptions in research on children and media. (*In* Lemish, D., *ed.* The Routledge international handbook of children, adolescents and media. p. 39-45).

Kroeger, C. 2008. S.E.X. http://www.lyricsg.com/222128/nickelback/sex-lyrics Date of access: 06 Mar. 2013.

Kroger, J. 2007. Identity development: adolescence through adulthood. 2nd ed. Thousand Oaks: Sage.

Kruger, R. 2010. Pastorale begeleiding van die emosioneel en geestelik verwonde persoon met betrekking tot geïnternaliseerde leuens. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - PhD).

Kruger, S.F. 2005. Toerusting as wordingsproses: perspektiewe uit die Efesiërbrief. *In die Skriflig, 39(3):527-553.*

Kugler, R. & Hartin, P. 2009. An introduction to the Bilble. Grand Rapids: Eerdmans.

Lanci, J.R. 2002. Texts, rocks, and talk: reclaiming Biblical Christianity to counterimagine the world. s.l.: Liturgical.

Le Roux, G.P.V. & Rossouw, P.J. 1992. Jeugbediening-verbondenheid of verwonding? *In die Skriflig, 26(4):537-548.*

Lee, W. 1984. Life-study of Ephesians: messages 64-97. (Vol. 3.) Anaheim: Living Stream Ministry.

Lee, C. 2007. Sex me slow. http://www.lyricsmania.com/sex_me_slow_lyrics_cory_lee.html Date of access: 25 Mar. 2013.

Lett, D.G., Jr. 2008. Phoenix rising: the rise and fall of the American Republic. Bloomington: AuthorHouse.

Levesque, R.J.R. 2002. Dangerous adolescents, model adolescents: shaping the role and promise of education. New York: Plenum.

Lifton, P.D. 1985. Individual differences in moral development: the relation of sex, gender, and personality to morality. *Journal of Personality, 53(2):306-334.*

Light, R.J., Singer, J.D. & Willet, J.B. 1990. By design: planning research on higher education. Cambridge: Harvard University.

Lim, L. & Koh, D. 2007. Mental illness or demonisation?: similarities and differences. Singapore: Genesis.

Linhart, T.D. 2003. Grounded theory as a scientific methodology for youth ministry research. *Journal of Youth Ministry, 1(2):27-33.*

Lloyd-Jones, D.M. 1980. Christian unity: an exposition of Ephesians 4:1-16. Edinburgh: Banner of Truth Trust.

Lodico, M.G., Spaulding, D.T. & Voegle, K.H. 2010. Methods in educational research: from theory to practise. 2nd ed. San Francisco: Jossey-Bass.

Lohfink, G. 1999. Does God need the church?: toward a theology of the people of God. Collegeville: Liturgical.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1990. Menslike ontwikkeling. 2de uitg. Kaapstad: Haum Tersiêr.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. (Vol. 1.) New York: United Bible Societies.

Love, P. & Talbot, D. 1999. Defining spiritual development: a missing consideration of student affairs. *NASPA Journal, Vol. 37(1):364-367.*

Luce, R. & Luce, K. 2011. Teen to teen: advice and encouragement from teens for teens. Ventura: Regal.

MacArthur, J.F. 1986. Ephesians: The MacArthur New Testament commentary. Chicago: Moody Bible Institue.

Madonna. 1992. Erotica. http://www.azlyrics.com/lyrics/madonna/erotica.html Date of access: 03 Aug. 2013.

Madonna & Bray, S.P. 1987. Can’t stop. http://www.elyrics.net/read/m/madonna-lyrics/can_t-stop-lyrics.html Date of access: 03 Aug. 2013.

Martyn, R. 2011. Fascism revisited: “exploding the gay myth”: time for truth. Swansea: Petra eBooks.

Mathers, M. & Bass, J. 2002. Cleanin’ out my closet. http://www.azlyrics.com/lyrics/eminem/cleaninoutmycloset.html Date of access: 03 Aug. 2013.

Mason, J. 2002. Qualitative researching. 2nd ed. Thousand Oaks: Sage.

Matlock, G., Lydon, J.J., Cook, P.T. & Jones, S.P. 1976. Anarchy in the UK. http://www.azlyrics.com/lyrics/sexpistols/anarchyintheuk.html Date of access: 10 Apr. 2013.

Maykut, P. & Morehouse, R. 1994. Beginning qualitative research: a philosophic and practical guide. London: Falmer.

Mbennah, E.D. 2009. The mature church: a rhetorical-critical study of Ephesians 4:1-16 and its implications for the Anglican Church in Tanzania. Potchefstroom: NWU. (Thesis – ThD).

McDevitt, T.M. & Ormrod, J.E. 2010. Kohlberg's three levels and six stages of moral reasoning. http://www.education.com/reference/article/kohlbergs-moral-reasoning/ Date of access: 09 Dec. 2013.

McDowell, J. & McDowell, D. 2012. Straight talk with your kids about sex. Eugene: Harvest House.

McFerran, K. 2010. Adolescents, music and music therapy: methods and techniques for clinicians, educators and students. London: Jessica Kingsley.

Mentz, J.F. s.a. Die brief aan die Efésiërs: korte verklaring van die heilige Skrif vir die Afrikaanse volk. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

Merriam, S.B. 1998. Qualitative research and case study applications: revised and expanded from case study research in education. San Francisco: Jossey-Bass.

Meredith, T.G. 2011. Tell me a lie. http://www.azlyrics.com/lyrics/onedirection/tellmealie.html Date of access: 04 Mar. 2014.

Meyerson, S. 1975. Adolescence and sexuality. (*In* Meyerson, S., *ed.* Adolescence: the crisis of adjustment. London: George Allen & Unwin. p. 90-107).

Miles, M.B. & Huberman, A.M. 1994. Qualitative data analysis: an expanded sourcebook. New York: Sage.

Miller, J.M. 1975. Adolescence and authority. (*In* Meyerson, S., *ed.* Adolescence: the crisis of adjustment. London: George Allen & Unwin. p.73-89).

Miller, J. & Desberg, P. 2009. Understanding and engaging adolescents. Thousand Oaks: Sage.

Möller, F.P. 1991. Woorde van lig en lewe: 'n dogmatiese studie. (Vol. 1.) Johannesburg: Evangelie Uitgewers.

Möller, F.P. 1998. Words of light and life: Kingdom of God, church and sacraments. (Vol. 4.) Pretoria: J L van Schaik.

Möller, F.P. 2000a. Christelike etiek as spieël vir die gelowige. Christelike etiek 1. Kempton Park: Semper Nova.

Möller, F.P. 2000b. Geestelike grootheid. Christelike etiek 5. Kempton Park: Semper Nova.

Möller, F.P. 2000c. Lewensvreugde. Christelike etiek 6. Kempton Park: Semper Nova.

Möller, F.P. 2000d. Seks: wonderlik of verwoestend. Christelike etiek 7. Kempton Park: Semper Nova.

Momberg, H.L.J. 2000. Motiewe by die verklaring van die Bybel. *Kerk en Woord, 48(11):3-7.*

Morewitz, S.J. 2008. Death threats and violence: new research and clinical perspectives. New York: Springer.

Morris, L. 1994. Expository reflections on the letter to the Ephesians. Grand Rapids: Baker.

Moshman, D. 2011. Adolescent rationality and development: cognition, morality, and identity. New York: Taylor & Francis.

Motes, E.T. 2010. The moral decay of society: America under attack! Bloomington: iUniverse.

Mounce, W.D. 1993. The analytical lexicon of the Greek New Testament. Grand Rapids: Zondervan.

Mouton, H.K. 1978. The analytical Greek lexicon. Revised. Michigan: Zondervan.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1988. Basic concepts in the methodology of the social sciences. Pretoria: HSRC.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN.

Mouton, J. 1996. Understanding social research. Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. 2001. How to succeed in your master's and doctoral studies. Pretoria: Van Schaik.

Muddiman, J. 2001. The epistle to the Ephesians. Royston: TJ International.

Mueller, W. 1999. Understanding today's youth culture: for parents, teachers, and youth leaders. Revised and expanded version. Illinois: Tyndale House.

Mueller, W. 2006a. Engaging the soul of youth culture: bridging teen worldviews and Christian truth. Illinois: IVP Books.

Mueller, W. 2006b. I want to talk with my teen about movies, music & more. Cincinnati: Standard.

Mueller, W. 2007. Youth culture 101. Grand Rapids: Zondervan.

Mueller, W. 2009. The space between: a parent's guide to teenage development. Grand Rapids: Zondervan.

Mueller, W. 2013. Trend alert: twerking. http://www.hopelutheranfresno.org/wp-content/uploads/2013/06/cpyu-trend-alert-twerking.pdf Date of access: 05 Sep. 2013.

Nel, M. 1982. Jeug en evangelie. Transvaal: N.G. Kerkboekhandel.

Nel, M. 1989. Jeug en erediens: begeleiding van die AGS-jeug tot geestelike volwassenheid in die erediens. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Proefskrif - DTh).

Nel, M. 2003. Die verband van sportdeelname met gesondheidsrisikogedrag by adolessente in die Potchefstroomdistrik. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling - MBA).

Nel, M. 2014. Of that day and hour no one knows: Mark 13. Nederland: Radboud Universiteit Nijmegen. (Proefskrif - PhD).

Neuman, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 3rd ed. Boston: Allyn & Bacon.

Neuman, W.L. 2000. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 7th ed. Boston: Allyn and Bacon.

Newman, G. 2009. The truth about the lie. s.l.: Xulon.

Newton, R.S. 2009. Lyrical wisdom: learn how to write songs with 5 easy to follow steps. Bloomington: Xlibris.

Nichols, S.J. 2008. Getting the blues: what blues music teaches us about suffering and salvation. Grand Rapids: Brazos.

Nullens, P. & Michener, R.T. 2010. The matrix of Christian ethics: integrating philosophy and moral theology in a postmodern context. Colorado Springs: Paternoster.

Nwoke, L.C. 2006. The voice of God. s.l.: Xulon

NWU (Noordwes-Universiteit). 2010. Handleiding vir nagraadse studie. http//www.nwu.ac.za/sites/default/files/library/documents/manualpostgrad_a.pdf Datum van gebruik: 22 Feb. 2012.

O'Brien, P.T. 1999. The letter to the Ephesians. Grand Rapids: Eerdmans.

Onjoro, D. 2009. Equipped to overcome: a practical guide to spiritual warfare. s.l.: Xulon.

Osmer, R.R. 2008. Practical theology: an introduction. Cambrige: Eerdmans.

Padgett, D.K. 1998. Qualitative methods in social work research: challenges and rewards. Thousand Oaks: Sage.

Page, R.M. & Page, T.S. 2011. Promoting health and emotional well-being in your classroom. 5th ed. London: Jones and Bartlett International.

Palmer, T. 2012. The unseen war for your soul: a life of choices. Bloomington: iUniverse.

Peterson, M. & Carpenter, P. 1997. Drink, swear, steal and lie. http://www.cowboylyrics.com/lyrics/peterson-michael/drink-swear-steal-&-lie-8007.html Date of access: 04 Mar. 2014.

Petrenko, E.A.G.D. 2005. Created in Christ Jesus for good works: the integration of soteriology and ethics in Ephesians. Durham: Durham University. (PhD – Thesis).

Petrenko, E.A.G.D. 2011. Created in Christ Jesus for good works: the integration of soteriology and ethics in Ephesians. Paternoster: Milton Keynes.

Philander, N.C. 2011. Die rol van die kerk as een van die instellings in die samelewing wat mense moreel vorm. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, 52 (1,2):174-184.*

Piaget, J. 1971. Biology and knowledge: an essay on the relations between organic regulations and cognitive processes. Edinburgh: University.

Pieslak, J. 2009. Sound targets: American soldiers and music in the Iraq war. Bloomington: Indiana University.

Plummer, D. 2005. Helping adolescents and adults to build self-esteem. London: Jesssica Kingsley.

Ponton, L.E. 1997. The romance of risk: why teenagers do the things they do. New York: Basic Books.

Potter, R. & Potter, J. 2006. Spiritual development for beginners: a simple guide to leading a purpose-filled life. Woodbury: Llewellyn.

Practical Christian Foundation. 2012. Galatians, Ephesians, Philippians, Colossians, and 1st & 2nd Thessalonians: Paul's letters to churches. Florida: Creation House.

Pretorius, M. 2006. The theological centre of Pauline theology as it relates to the Holy Spirit. *Hervormde Teologiese Studies, 62(1):253-262.*

Price Tangney, J. 2003. Self-relevant emotions. (*In* Leary, M.R. & Price Tangney, J., *eds.* Handbook of self and identity. New York: The Guilford. p. 384-400).

Primack, B.A., Douglas, E.L., Fine, M.J. & Dalton, M.A. 2009. Exposure to sexual lyrics and sexual experience among urban adolescents: *American Journal of Preventive Medicine. 36(4):317-323.*

Purves, A. 2004. Reconstructing pastoral theology: a christological foundation. Louisville: Westminister John Knox.

Rathus, S.A. 2011. Childhood and adolescence: voyages in development. Belmont: Cengage.

Reinhard, D.R. 2005. Ephesians 6:10-18: a call to personal piety or another way of describing union with Christ? *Journal of the Evangelical Theological Society, 48(3): 521-532.*

Renn, V.U. & Skinner, J.W. 1995. Lay down beside me. http://www.azlyrics.com/lyrics/backstreetboys/laydownbesideme.html Date of access: 15 Mar. 2013.

Renner, R. 2003. Sparkling gems from the Greek: 365 Greek word studies for every day of the year to sharpen your understanding of God's Word. Tulsa: Teach All Nations.

Rich, M. 2008. Music videos: media of the youth, by the youth, for the youth. (*In* Jamieson, P. & Romer, D., *eds.* The changing portrayal of adolescents in the media since 1950. New York: Oxford. p.78-104).

Ritchie, J. & Lewis, J. 2003. Qualitative research practise: a guide for social science students and researchers. Thousand Oaks: Sage.

Ritchie, R.J. 1990. Killin' brain cells. http://www.lyricsondemand.com/e/earthcrisislyrics/killingbraincellslyrics.html Date of access: 07 Mar. 2013.

Roberts, J.H. 1990. Die brief aan die Efésiërs: Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Robletto, R. 2012. The knights of Ephesus: putting on the whole armour of God. Bloomington: CrossBooks.

Roehlkepartian, E.C., Ebstyne King, P., Wagener, L. & Benson, P.L. 2006. The handbook of spiritual development in childhood and adolescence. Thousand Oaks: Sage.

Rogers, C.R. 1973. Client-centered therapy. Its current practise, implications and theory. London: Redwood.

Rowatt, G.W., Jr. 2001. Adolescents in crisis: a guide for parents, teachers, ministers, and councelors. Louisville: Westminister John Knox.

Rowe, M., Stannard, R.F., Brown, M.J., Beckham, V.C., Halliwell, G., Bunton, E.L. & Chrisholm, L. 1996. Wannabee. http://www.azlyrics.com/lyrics/spicegirls/wannabe.html Date of access: 12 Mar. 2013.

Ruddock, A. 2013. Youth and media. Thousand Oaks: Sage.

Ryder, J.R. 2006. Music: a backstage look. s.l.: Xulon.

Sanchez, C.A. 2001. Methods and techniques in research. Revised edition. Quezon City: Rex.

Santrock, J.W. 2008. Educational psychology. 3rd ed. Boston: McGraw-Hill.

Savage, M. 2008. Children's minds are being 'raped by the homosexual mafia'. http://www.americansfortruth.com/issues/media-promotion/mtv/ Date of access: 20 Feb. 2013.

Schimmel, J.M. 2004. They sold their souls for rock n roll. Good Fight Ministries: Simi Valley, CA: [DVD].

Schmidt, K.M. 2011. Not affraid to tell the truth: exposing apostacy and the conspiracy of silence in the last days! Bloomington: Xlibris.

Schnakenburg, R. 1991. Ephesians: a commentary. (Translated by H. Heron.) Edinburgh: Clark.

Schoen, M. 1940. The psychology of music: a survey for teacher and misician. s.l.: Ronald.

Schultze, Q.J., Anker, R.M., Bratt, J.D., Romanowski, W.D., Worst, J.W. & Zuidervaart, L. 1991. Dancing in the dark: youth, popular culture and the electronic media. Grand Rapids: Eerdmans.

Seale, R. 2003. Gehoorsame ouers en streng kinders: ‘n vlugplan vir gesinne wat op koers wil kom. Vanderbijlpark: Carpe Diem.

Seidman, I. 2006. Interviewing as qualitative research: a guide for researchers in education and the social sciences. 3rd ed. New York: Teachers College.

Shaffer, D.R. & Kipp, K. 2010. Developmental psychology: childhood and adolescence. 8th ed. Belmont: Cengage Learning.

Sigelman, C.K. & Rider, E.A. 2012. Life-span: human development. 7th ed. Belmont: Cengage.

Signorelli, M.M. 2010. God expelled from America. Florida: Trafford.

Silva, M. 1987. Has the church misread the Bible?: the history of interpretation in the light of current issues. Grand Rapids: Zondervan.

Silverman, D. 2010. Doing qualitative research. 3rd ed. Los Angeles: Sage.

Simpson, M.L. 2003. Permission evangelism: when to talk. when to walk. Colorado Springs: David C. Cook.

Skinner, D. 2009. Awakening: rejecting the politicization of the African American dream. Bloomington: iUniverse.

Slavin, R.E. 2006. Educational psychology: theory and practice. 8th ed. Boston: Allyn & Bacon.

Slavin, R.E. 2009. Educational psychology: theory and practice. 9th ed. Boston: Allyn & Bacon.

Smetana, J.G. 2011. Adolescents, families, and social development: how teens construct their worlds. West Sussex: Wiley-Blackwell.

Smith, S.H. 1996. A lion with wings: a narrative-critical approach to Mark's gospel. Biblical Seminar, 38. Sheffield: Sheffield Academic.

Spreen, O., Risser, A.H. & Edgell, D. 1995. Developmental neuropsychology. New York: Oxford University.

Sproul, R.C. & Wolgemuth, R. 2011. What's in the Bible: a tour of scripture from the dust of creation to the glory of Revelation. Nashville: Thomas Nelson.

Stevens, N. 2004. Jonk bly. http://www.geocities.ws/kitaarmykruis/Nic_Stevens_Jonk_Bly.txt Date of access: 03 Aug. 2013.

Stewart, D.J. 2002. Satan loves teenagers. http://www.jesus-is-saviour.com/Family/Teens/teenager.htm Date of access: 08 Mar. 2013.

Steyn, R.S. 2005. Die impak van postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: ’n pastorale studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - PhD).

Steyn, R.S. & Lotter, G.A. 2006. Veranderde tendense en die implikasies vir jongmens-verhoudinge. *Koers, 71(2,3,4):535-555.*

Stone, R.E. 2012. Eclectic rant: teenagers and social media. http://www.berkeleydailyplanet.com/issue/2012-07-06/article/39953? Date of access: 20 Feb. 2013.

Stott, J.R.W. 2007. The living Church: convictions of a lifelong pastor. Nottingham: Intervasity.

Strommen, M.P. & Hardel, R.A. 2008. Passing on the faith: a radical model for youth and family ministry. Revised edition. Winona: Saint Mary’s.

Strover, G.M., Jr. 2012. Integtity: the last great battle. s.l.: Xulon.

Sutherland, P. 1992. Cognitive development today: Piaget and his critics. London: Paul Chapman.

Swain, K.W. 2010. A great silence in the land. Bloomington: AuthorHouse.

Tate, W.R. 1997. Biblical interpretation: an integrated approach. Revised edition. Peabody: Hendrickson.

Taupin, B. 1995. Lies. http://www.eltonography.com/songs/lies.html Date of access: 04 Mar. 2014.

Tesch, R. 1990. Qualitative research: analysis types and software tools. Abingdon: RoutledgeFalmer.

Thomas, R.M. 1999. Human development theories: windows on culture. Thousand Oaks: Sage.

Thott, D.S., Jones, G.R., Thott, S.A. & Kings, N. 1997. Do it. http://www.azlyrics.com/lyrics/spicegirls/doit.html Date of access: 14 Mar. 2013.

Thurman, C. 1999. The lies we believe. Nashville: Thomas Nelson.

Toombs, R. 1953. One bourbon, one scotch, one beer. http://www.azlyrics.com/lyrics/georgethorogoodandthedestroyers/onebourbononescotchonebeer.html Date of access: 03 Aug. 2013.

Train, B. & Ahmed, R. 2007. Fresh perspectives: inleiding tot die sielkunde: ‘n nuwe benadering. Kaapstad: CTP.

Tripp, P.D. 2001. Age of opportunity: a Biblical guide to parenting. New Jersey: P & R.

Turiel, E. 2010. Thoughts, emotions and social interactional processes in moral development. (*In* Killen, M. & Smetana, J., *eds.* Handbook of moral development. New Jersey: Psychology. p. 7-36).

Tyler, S., Perry, J. & Child, D. 1987. Dude: looks like a lady. http://www.azlyrics.com/lyrics/aerosmith/dudelookslikealady.html Date of access: 06 Mar. 2013.

Udoh, S. & Akpa, G.O. 1990. Management for quality education in Nigeria. s.l: Nigerian Association for Educational Administration and Planning.

Upson, P. 1975. Adolescents and groups, subcultures, countercultures. (*In* Meyerson, S., *ed.* Adolescence: the crisis of adjustment. London: George Allen & Unwin. p. 165-184).

Urban dictionary. 2005. Shock value. http://www.urbandictionary.com/define.php?term=shock%20value Date of access: 30 Jun. 2014.

U.S. Department of Health & Human Services. 2009. http://www.hhs.gov/opa/familylife/tech_assistance/etraining/adolescent_brain/Overview/what_is_adolescence/index.html Date of access: 14 Feb. 2012.

Van der Walt, B.J. 2009. Probleme rondom die verklaring van die Bybel in die gereformeerde teologie: ’n Christelik-filosofiese besinning. *In die Skriflig, 43(1):1-29.*

Van Deventer, H.J.M. 2009. Grammaties-historiese eksegese: waarvandaan en waarheen? Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit. (Vaaldriehoek geleentheidspublikasies: Inougurele redes 3/2008).

Van Deventer, H.J.M. 2011. Grammaties-historiese eksegese: *quid est et quo vadis*? *In die Skriflig, 45 (2 & 3):283-306.*

Van Heerden, J.J. 2011. Dinosaur. http://www.mp3lyrics.org/j/jax-panik/dinosaur/ Date of access: 25 Mar. 2013.

Van Rensburg, F.J., De Klerk, B.J., De Wet, F.W., Lamprecht, A. & Nel, M. 2011. Preekgeboorte: van eksegese tot preek. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Van Rensburg, F.J. 1993. Efésiërs. (*In* Van Rensburg, F. J., *red.* Die Bybel in Praktyk. Vereniging: Christelike Uitgewers Maatskappy. p. 1821-1835).

Veerman, D.R. 1996. Youth evangelism: building bridges to touch young lives. Hillsboro: Victor Books.

Verhey, A. & Harvard, J.S. 2011. Ephesians: a theological commentary on the Bible. Louisville: Westminister John Knox.

Vos, J.S. 1993. Das rätsel von 1 Kor. 12:1-3, [Die raaisel van 1 Kor.12:1-3]. *Novum Testamentum, 35(3): 251-269.* http://dx.doi.org/10.1163/156853693X00167 Date of access: 30 Jun. 2014.

Vukich, L. & Vandegriff, S. 2002. Timeless youth ministry: a handbook for succussfully reaching today's youth. Chicago: Moody.

Warren, D. 1995. I'd lie for you. http://www.azlyrics.com/lyrics/meatloaf/idlieforyouand thatsthetruth.html Date of access: 04 Mar. 2014.

Washington, W.T. 2007. The new manifest destiny: the pathway to continuous personal enrichment; the roadmap to enduring national greatness. La Vergne: Tate.

Wass, H. & Neimeyer, R.A. 1995. Death in the lives of children and adolescents. (*In* Wass, H. & Neimeyer, R.A. *eds.* Dying: facing the facts. 3rd ed. Washington: Taylor & Francis. p. 269-302).

Westergaard, J. 2009. Effective group work with young people. New York: Open University.

Wheaton, D. 2005. University of destruction: your game plan for spiritual victory on campus. Bloomington: Bethany House.

Wijngaarden, H.R. & Maas, F. s.a. Die hoofprobleme van volwassenheid: die psigiese ontwikkeling tussen twintig en veertig jaar. Bloemfontein: UOVS.

Willard, N.E. 2007. Cyber-safe kids, cyber-savvy teens: helping young people learn to use the internet savely and responsibly. San Francisco: Jossey-Bass.

Williams, A.H. 1975. Puberty and phases of adolescence. (*In* Meyerson, S., *ed.* Adolescence: the crisis of adjustment. London: George Allen & Unwin. p. 27-40).

Willig, C. 2001. Introducing qualitative research in psychology. Buckingham: Open University.

Wingate, C. 2012. Battling the storm. Bloomington: AuthorHouse.

Witherington III, B. 2007. Letters to Philemon, the Colossians and the Ephesians: a socio-rhetorical commentary on the captivity epistles. Grand Rapids: Eerdmans.

Wolfe, A.D. & Mash, E.J. 2006. Behavioral and emotional problems in adolescents: overview and issues. (*In* Wolfe, A.D. & Mash, E.J., *eds.* Behavioral and emotional disorders in adolescents: nature, assessment and treatment. New York: The Guilford. p. 3-20).

Wu, P. 2011. Psychology inspired. http://www.psychworld.com/facebook-masking-loneliness-boredom-2010-09 Date of access: 21 Feb.2012.

Young, F. 2001. Sexuality and devotion: mystical readings from the Song of Songs. *Theology and sexuality: The Journal of the Institute for the Study of Christianity & Sexuality, 7(14):80-96.*

Youssef, M. 2012. Leading the Way through Ephesians. Eugene: Harvest House.

**ADDENDUM A:** Onderhoudsvrae aan pastore van deelnemende gemeentes

1. Op watter vlak lê die seksuele sedes en morele gedrag, soos eerlikheid, onder middel-adollesente? Waarom sê u so?
2. Indien u van mening is dat morele verval onder sommige middel-adolessente voorkom, wat is die oorsaak daarvoor?
3. Wat kan daar van die kerk se kant gedoen word om die skuldige partye te bemagtig om 'n positiewe verandering teweeg te bring?
4. Na u mening, wat is die rol wat die media speel in vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?
5. Na u mening, doen die kerk genoeg om die middel-adolessente moreel-eties te ondersteun en te onderrig?
6. Wat kan die AGS-Kerk doen om middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en onderrig?
7. Doen die kerk genoeg om middel-adolessente bewus te maak van die gevare van "chat rooms" en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?
8. Dink u dat die postmodernistiese siening, dat daar "geen absolute" is nie, 'n effek op middel-adolessente het?

**ADDENDUM B:** Getranskribeerde onderhoud met die respondent van stedelike gemeente nr. 1.

**N-Navorser**

**R-Respondent**

N. Goed, ek wil net weereens begin om dankie sê vir jou tyd om vanmôre die onderhoud met jou te kan voer en ek wil begin deur vir jou te vra op watter vlak lê die seksuele sedes en morele gedrag, soos eerlikheid, onder middel-adolessente en dan, kan jy vir my so bietjie uitbrei hoekom jy so sê, asseblief?

R. *Oukei*. Uhm, persoonlik glo ek dat die seksuele sedes en morele gedrag by jongmense nie op 'n baie hoë vlak is nie. Ek dink daar is rêrig 'n verval in waardesisteme onder jongmense vandag. Uh, kinders is nie, het geen integriteit nie. Kinders sukkel om rêrigwaar om eerlik te wees. 'n Voorbeeld sal wees van twee jongmense wat hier by my kerk is. Twee meisies wat vir hulle ouers sal sê hulle kom na die jeuggroep toe, maar ein (sic), eintlik het beide van hulle 'n meer lesbeniese neiging, so hulle kom jeugkerk toe om mekaar hier te ontmoet omdat hulle weet andersins mag hulle mekaar glad nie by ander plekke ontmoet nie. So, hulle is glad nie eerlik met hulle ouers rondom dit nie. Ek dink hulle is, is ook oneerlik ook rondom hulle sosiale aktiwiteite. Uhm, die tipe vriende met wie hulle mee wil uithang. Ek dink ouers en die kerk lê, lê sekere reëls en norme neer en verwag sekere waardes, maar ek dink nie dis vandag op 'n hoë vlak by ons jongmense nie, omdat hulle so verward is oor wat reg en wat verkeerd is.

N. Indien jy van mening is dat die morele verval onder sommige middel-adolessente voorkom, wat sal jy sê is die oorsaak of oorsake daarvoor?

R. Uh, eerstens sal ek sê, ek dink die oorsaak daarvan, ek dink dalk een van die belangrikste aspekte, is die verval van gesinstrukture. Uhm, die feit van die invloed van ma en pa op 'n kind se lewe. Ek dink uhm, baie jongmense sal sê ons, ons het 'n hindernis of 'n weersin teen kerk omdat my ouers 'n sekere manier by die kerk optree maar by die huis op 'n bepaalde manier optree. So, hulle is verward oor die inkonsekwentgeit (sic) rondom dit. So ek dink die verval in ouerstrukture en inkonsekwente lewenstyl wat ouers gewoonlik het, daar's 'n gesegde wat sê, jy doen wat ek sê, moenie doen wat ek doen nie, en ek dink ouers leef baie keer daai motto en uhm, tweedens dink ek 'n groot invloed is natuurlik vriende. Uhm, as hulle op daai ouderdom van dertien, hoe hulle ouer word, het hulle dan basies geen belangstelling oor wat sê ma en pa nie. So op die oomblik word hulle vriende dan die experts as 'n mens dit so kan sê, die die kenners op bepaalde gebiede oor seksualiteit, oor

vriendskap, oor hulle toekomsdrome en dan raadpleeg hulle meer hulle vriende, want hulle sal dink die, die ‘n vriendskap en die invloed wat vriende het, het ‘n groot invloed op hulle verval van hulle morele standaarde omdat hulle vriende basies ook maar almal uit bepaalde ouerstrukture en huise uit kom en almal van hulle, dis amper asof die Bybel sê, die blinde ou lei die blinde ou. Verder dink ek die media het ‘n baie groot rol. Ek dink musiek waarna kinders vandag luister uhm, uh uh, postmodernisme, sekulêre humanisme, ek dink daar is soveeltalle dinge waaraan kinders vandag blootgestel word. Die vinnige ontwikkeling van die internet. Uhm, die vrylike verkryging van inligting oor die internet, uhm, selfone in kinders se hande. Ek dink die blootstelling wat hulle het vandag, is is ‘n groot bydraende faktor vir die verval van hulle morele waardes, want hulle het toe toegang tot soveel goed, maar die toegang wat hulle het, is sonder waardes en sonder toesig. So met ander woorde, hulle kan enige ietsie bekom en omdat kinders so vatbaar is vandag, soos ‘n spons is wat inligting inneem en hulle uh, funksioneer vanuit persepsies uit, kan ouers, vriende, die media, postmodernisme, humanisme, die internet, tegnologie, al hierdie goed, hulle persepsie van wat is waar en wat is onwaar, beïnvloed en selfs hulle op so manier beïnvloed dat hulle verward is oor wat is reg en oor wat is verkeerd.

N. Goed, wat sal jy sê kan daar van die kerk se kant af gedoen word om die skuldige partye te bemagtig, om ‘n positiewe verandering teweeg te bring?

R. Ek dink die kerk se boodskap is ‘n boodskap van vergifnis. As jy met jou mond bely en met jou hart glo dat Jesus die Christus is, sal jy gered word. Ek dink die kerk het ‘n boodskap wat ons na ‘n jonger generasie toe kan vat en sê, al sit jy vasgevang in skaamte, in sonde en in oordeel, is die boodskap van Jesus Christus een van ‘n God wat lief is vir jou, wat jou nie gekom het om jou te oordeel nie, maar om jou te help, om restorasie, vergifnis na jou toe te bring. So ek dink die kerk het ‘n uhm, van ons kant af, het ons nodig om die boodskap van redding, die boodskap van verlossing, die boodskap van heelwording, uhm, die boodskap van dat God ‘n droom en ‘n plan vir elke jongmens, net op so ‘n beter manier beter manier moet kommunikeer vandag. Ek dink ons het ‘n goeie boodskap om te kommunikeer. Die wêreld se boodskap verander elke dag oor wat veroorsaak redding, - gaan lees hierdie boek, gaan na hierdie seminaar toe, maar ons as kerk het het ‘n boodskap wat vir tweeduisend jaar dieselfde bly, maar ons het ook betekeninisvolle verhoudinge wat jongmense kan help om in ‘n bepaalde rigting, deur deur uhm mentorskap, deur voorbeeldige lewe vir jongmense te kan wys, watter tipe lewe is daar om te leef. So ek dink ons moet harder fokus op wat ons het, die boodskap van Christus, van een van verlossing, veral vir skuldige partye, ouens wat dalk voorhuwelikse seksuele ervarings gehad het, wat skuldig is en wat voel maar ek uhm, gaan eendag trou maar ek het nie die vrymoedigheid om vir my huweliksmaat te sê dat ek al ‘n seksuele verhouding gehad het nie, want by so ‘n

persoon pad van vergifnis te kan bring, maar ook voor so persoon te kan kom staan en te kan stilstaan en te kan sê, die boodskap van Jesus is een van redding, van verlossing en van 'n oor begin, maar dit gebeur binne-in verhoudinge. So ek dink die kerk het juis 'n rol om te speel en ek dink van die kerk se kant af moet ons net harder fokus op die boodskap en op betekenisvolle verhoudinge.

N. Na jou mening, wat is die rol wat die media speel in die vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?

R. Die media is seker een van die belangrikste faktore wat bydra tot kinders se waardevorming in die lewe. Hulle sê, jy word dit, saam met wie jy die meeste van jou tyd saam spandeer. So met ander woorde, as jy meer tyd saam met jou vriende spandeer, gaan hulle waardesisteme jou beïnvloed en as ons vandag eerlik gaan wees, kinders spandeer baie tyd vandag onder die invloed van media, of dit nou is tydskrifte, of dit is nou die internet, of dit is selfone, of dit is die musiek waarna hulle luister, moet ons besef dat die media en uhm, beïnvloed een ding en dit is in baie opsigte kinders se wêreldbeskouing, en as ek praat van wêreldbeskouing praat ek ook van hulle Godsbeeld. Kinders hoor 'n sekere boodskap wat gekommunikeer word, sekere waardes wat gekommunikeer word, dat jy slegs gelukkig wees as jy in hierdie huis bly, met hierdie kar ry, met hierdie tipe klere uhm, aan het, uhm, en ek dink kinders raak verward, want as dit dan die waarde is, is dit belangrik, dan moet ek dit hê en ek dink die media en die musiek dra by dat kinders se wêreldbeskouing beïnvloed word. As hulle wêreldbeskouing verander word, dink hulle anders oor wat is belangrik en wat is nie belangrik nie. As die televisie sê en die media sê en die musiek waarna hulle luister sê vandag dat seks voor die huwelik is reg en en dat liefde gaan oor *lusting* and *getting* en waar eintlik liefde gaan oor *loving* and *giving,* jy weet, raak kinders verward oor wat is liefde werklikwaar en omdat hulle onder so groot invloed is, dink ek het die media 'n 'n verskriklike uhm, bydraende faktor tot die verval van morele standaarde, want kinders begin later aan die standaarde wat hulle op televisie sien, leef, hulle begin later aan die boodskap wat musiek kommunikeer, uitleef, hulle begin lateraan uhm, deur die inligting wat hulle bekom oor die internet, sê byvoorbeeld evolusie, begin hulle selfs die Bybel bevraagteken, want as daar evolusie is, dan is die boodskap van Genesis nie daar nie en as ons die die Genesis boodskap uit die Bybel uit vat, vat ons die fondasie weg van ons hele bestaan en en van die hele Godsbeeld dat God die wêreld en dat God elke jongmens geskep het met 'n bepaalde doel. So, ek dink die media het 'n groot, groot rol en bydraende faktor wat hulle lewer tot die morele verval van ons samelewing vandag, veral onder jongmense. Musiek daarteenoor, vrylik bekombaar vir elke kind in elke huis. Uhm, baie keer as jy na, met 'n jongmens praat en hoor watter krisisse en situasies gaan hulle deur en jy gaan luister na die tipe musiek waarna hulle luister, is dit baie keer uhm, toegeskryf aan die tipe musiek waarna hulle

luister, want musiek beïnvloed hulle emosies en jongmense vandag is emosioneel gedrewe. Ons praat van hulle, hulle is in ‘n stadium van storm en drang. So, met ander woorde, hulle alles wat hulle doen is gebaseer op hoe hulle voel. Musiek beïnvloed hulle gevoelens, die media beïnvloed hulle gevoelens, die internet beïnvloed hulle gevoelens en regdeur, omdat hulle gevoelsmense is, reageer hulle op grond van hulle gevoelens en nie grond, op grond van wat is waar en wat is edel en wat is rein, want die Here leer vir ons in Sy woord, bedink die dinge wat daarbo is, die dinge wat edel en rein is. So, met ander woorde, ‘n mens is wat jy dink en wat die media en wat die musiek doen is, beïnvloed kinders se denkpatrone rondom wat is reg en wat is verkeerd.

N. Na jou mening, doen die kerk genoeg om die middel-adolessente moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Kinders het van die uh, eerste plek het hulle ‘n weersin teen kerk, omdat kerk sekere reëls afdwing. Uhm, en dat ons sekere reëls verwag. So, dadelik as ‘n mens na van ‘n kerk na ‘n jongmens toe kom, uhm is daar ‘n weersin. Wat belangrik is om te besef is dat ‘n kerk, soos ek wat ‘n jeugpastoor is, spandeer maksimum twee ure tot drie ure ‘n week met ‘n tiener. Waar uhm, hulle in die wêreld blootgestel is, agt ure ‘n dag onder hulle vriende, vyf ure, as dit nie dalk meer is onder media, so met ander woorde, die kerk as ek eerlik moet wees, dink ek ons wil meer doen, ons wil ‘n groter impak maak, om kinders moreel-eties te ondersteun, ons wil hulle leer wat is reg en wat is verkeerd, maar omdat hulle ‘n weersin het uhm, teenoor kerk, is dit amper asof jy praat met iemand wat alreeds hulle ore toehou. Ons kom met hulle met met ‘n absolute waardes en ons sê, God sê dít is reg. Jongmense vandag glo nie meer aan ‘n absolute waardes nie. Hulle is suiwer gebaseer op sekulêre humanisme. As iets rég voel, dan ís dit reg. So, met ander woorde, vir die kerk om na jongmense toe te gaan met die boodskap van redding, om kinders moreel-eties te ondersteun, in die eerste plek is daar die gehoor wat sit met toe ore wat met vingers in hulle ore wat nie wil luister nie. Uh, die metodiek wat ons vandag gebruik, die manier hoe ons ‘n boodskap kommunikeer is nie vir hulle relevant nie, want hulle musiek wat hulle na luister in hulle kamer, en oor sy oorfone, sy wifi en al hierdie goed, klink anderster as die musiek wat ons in die kerk speel. So, dis amper asof ons uhm, dit moeilik vind om vandag jongmense te moreel te ondersteun. Ons wil meer doen, maar ek dink nie ons doen genoeg nie.

N. Wat sal jy sê kan daar van die AGS-Kerk se kant af gedoen word om middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Rigters praat met ons in die Bybel oor dat daar sal ‘n generasie wees wat die Here nie ken nie en Rigters twee praat daaroor, nadat Josua en sy leiers uitgesterf het en die ouens wat die Here bevel gegee het om die volk in die beloofde land in te lei, nadat hierdie

generasie uitgesterf het, het daar ‘n generasie opgestaan wat die Here nie geken het nie, en die Here het leiers opgewek om daardie volk weer in ‘n regte rigting te plaas. Uhm, wat die AGS-Kerk moet doen en my persoonlike opinie is om ouens toe te rus, meer effektief om met jongmense vandag te kan werk as voorheen. Uhm, in die geskiedenis van die AGS was dit maar so dat as ‘n pastoor gaan of iemand voel hy is ‘n geroepene, dan het hy gaan leer om ‘n pastoor te wees. Die eerste bediening wat hy in die kerk moes doen, was jeugpastoor en baie ouens het op daai grond op grond daarvan, hulle het die bediening sommer gelos omdat die jeug so ‘n groot, moeilike taak is om te bedien, en wat vandag belangrik is, is dat jeugbediening is ‘n gespesialiseerde bediening en ouens moet vandag spesifiek toegerus word met die huidige stand van sake uhm, om jongmense vandag te bedien. Uhm, wat wat ek dink die kerk en die AGS in die algemeen kan doen, is om om meer te investeer in die ontwikkeling van jeugwerkers en spesifiek geroepes om met jongmense vandag te werk. Dit is nie ‘n ouderdomsgebaseerde ding nie, uhm, dit is iemand wat in sy hart voel, ek is geroep vir die jeug, ek’s geroep vir hierdie generasie om vir die Here ietsie te doen. Uhm, nie enige ou kan met jeug werk nie, net soos nie enige ou, kan op ‘n kansel staan en met ‘n klavier speel, of nie enige ou kan preek nie. Uhm, ons vind dit vandag in kerk, dat kerke baie meer gespesialiseerde bedieninge ontwikkel. Sommige ouens het ‘n musiekbediening, ander ouens het ‘n predikingbediening, ander ouens het ‘n leringsbediening, ander ouens is baie meer herderlik, ander ouens is baie meer kindergeoriënteerd, ander ouens is meer jeuggeoriënteerd en ek dink wat die AGS-Kerk moet doen, is om die middel-adolessent meer effektief te kan bedien, moreel-eties, is om ouens op te lig, nuwe leiers wat voor ‘n groep jongmense kan staan, weet met wie hy werk, dat hy toegerus is om deur sekere maniere van gebruik te maak, van media en sekere dinge om jongmense meer effektief te kan bedien met die evangelie, maar om ook hulle huidige stand van sake, dinge waarmee hulle vandag sukkel, aan te spreek. Wat ek daarmee bedoel is, in die 1960’s was kougom kou ‘n probleem. Vandag is aborsie ‘n probleem. Tye het verander. Die boodskap bly dieselfde. Die manier wat ons dit kommunikeer, móét verander, maar ek dink die die krisisse waarmee jongmense vandag sit, is net soveel meer ingewikkelder as wat ons ‘n paar jaar gelede gesit het. En baie keer sal jy as ‘n pastoor voor ‘n klomp jongmense gaan staan en jy weet nie wie hulle is nie, jy weet nie wat hulle soeke, hulle honger, hulle dors is nie, jy weet nie watter krisis hulle beleef, watter struggles hulle het nie en hoe moeilik dit vir hulle is om in te pas nie, en as jy nie weet nie, gaan jy bo-oor hulle koppe praat. Ons het nodig om ouens toe te rus wat jongmense ken, wat jongmense verstaan, wat weet wat hulle soeke, hulle dors, hulle hongerte is, dat wanneer jy hulle bedien, jy hulle in hulle hart bedien en nie oor hulle koppe praat nie. Wat kan die AGS-Kerk doen? Lei ouens spesifiek toe om met die jeug te werk vandag in die kerk.

N. Doen die kerk genoeg om middel-adolessente bewus te maak van die gevare van *chat rooms* en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?

R. Uhm, persoonlik begin ek in ‘n jaar, elke jaar met my adolessente in die gemeente, begin ek met ‘n reeks wat by Moreletapark NG-gemeente uh, uh ge gebruik is, deur hoe om jou lewe op te mors voordat jy sestien is en in hierdie reeks behandel hulle in die eerste paar hoofstukke uhm, die gebruik van die internet, die gebruik van *chat rooms,* die gebruik van vrye toegang tot tot al hierdie dinge en hoe om dit oordeelkundig te gebruik. So, ek dink by my persoonlik uhm, rus ek kinders genoeg toe, maar dan ek weer terug na die feit van watter stemme praat die hardste in hulle lewe? Die stemme met wie hulle die meeste van hulle tyd spandeer. Ek sal byvoorbeeld op ‘n bepaalde Sondag vir die ouens sê, luister hierso, wees versigtig vir die internet. Dit is ‘n *great tool* wat jy kan gebruik. Daar is soveel goeie goed daarin, maar wees versigtig vir verskuilde uh, uhm, agente wat die duiwel wil gebruik om jou gevange te wil neem, soos pornografie, soos uhm, verkeerde verhoudinge waarin jy betrokke kan raak, maar weet hy kom by die skool, hy het ‘n selfoon, sy vriende het ‘n selfoon, iemand nooi hom, kom kyk gou hierso, en ewe skielik word jou kind weer ingesluk waar hy die hele week onder hulle invloed is. So, op die ou einde van die dag dink ek, daar is ‘n gesegde wat hulle sê in engels, geleentheid klop een keer, maar versoeking lê teen die deurklokkie en hy lui en hy lui en hy lui. Ek dink jongmense is onder baie druk en baie versoeking. Uhm, wat doen ek? Ek voel ek ek rus kinders toe aan die begin van ‘n jaar, om uit te kyk vir die gevare en wat om te doen, want om te sê die internet is ‘n goeie ding, maar dit kan verkeerdelik gebruik word. Selfoon is ‘n goeie ding, *chat rooms* is ‘n goeie ding as jy met jou vriende, maar daar is gevare, verskuilde gevare binne-in hierdie ding. Uhm, en een van daardie dinge is pornografie, wat wat die hartseersaak is rondom dit is, dat uhm, kinders hoor, maar kinders doen nie altyd nie. Uhm, ek sit met ‘n ‘n jongmens in ‘n gemeente wat wat gekonfronteer is met die feit van pornografie, maar na my toe gekom en gesê, maar pastoor wat is fout daarmee? My pa kyk dit elke aand. So, uh, jongmense is verward. Die kerk gee die een ding, pa is Sondag in die kerk. Uhm, julle sê ek moet dit doen, maar my ouers doen dit, hoekom kan ek dit ook nie doen nie? So, daar gaan altyd ‘n druk en ‘n trek wees, tussen wat is reg en wat is verkeerd. Wat sê die kerk? Ek kan op ‘n Sondag hoe hard staan en die boodskap kommunikeer en sê, ouens pasop vir die internet, pasop vir *chat rooms,* pasop vir hierdie goed, daar is gevare daarin. Dit kan ‘n goeie ding wees, maar die probleem wat ons mee sit, is inkonsekwentgeit (sic). Ek voel ek doen genoeg, maar daar kan verseker meer gedoen word om ouers ook te betrek en te besef wat is die belangrike rol wat ouers speel om die boodskap wat die kerk aan die kinders kommunikeer, ten minste te versterk by die kinders, dat as ons sê pornografie, wees versigtig vir die internet, vir pornografie, dat ouers ook daardie daardie aspek sal aanneem en sê dat hulle ook dit sal

kommunikeer, dat ook nie hulle met die spreekwoordelik, die broek op die enkels gevang word, dat hulle besig is met pornografie waar die kinders sê my ouers doen dit, hoekom kan ek nie? Die kerk wil meer doen, maar ons het ouers nodig om betrokke te raak by die boodskap wat die kerk kommunikeer, om dit te versterk by die huis, want op die einde van die dag kan die kerk nie die ouers se rol vervul nie en ‘n ouer nie die kerk se rol vervul nie. Ons moet mekaar help. ‘n Tipe van ‘n vennootskap waar ons hande vat om die jongmense te kan help om gereed te wees vir die lewe, bloot te stel aan die gevare, vir hulle die regte filters te kan gee om oordeelkundige besluite te kan maak oor wat is reg en wat’s verkeerd. Wat moeilik is met daai stelling, kinders is verward oor wat is reg en verkeerd. Dan moet ons eintlik kinders help met wat is verantwoordelik en wat is onverantwoordelik.

N. As ek net by dit kan by vra, hoe dink jy kan die kerk die ouers betrek en meer inlig oor hierdie gevare, want dit blyk dat die, dat die ouers oningelig is?

R. Ek dink ouers ís oningelig oor die gevare wat daar vandag is. Uhm, uh, enige suksesvolle jeugbediening het ouers nodig. Uhm, hoe ‘n mens ouers betrokke kry, is om sekere oueraande by ‘n kerk te hou. Uhm, in hierdie oueraand is dit belangrik dat jy as jeugpastoor vir die ouers sal sê, dit is wie jou kind is as adolessent, dit is sy hongerte, sy soeke, dit is waaraan hy blootgestel word. Wat doen jy as ouer om jou kind te kan help in sy soeke na antwoorde? Want die jong generasie, middel-adolessente is op soek na antwoorde en as ons oningeligte, as ouers dink dit is die kerk se verantwoordelikheid om hulle kinders moreel en seksuele gedrag te leer, inteendeel, die ouers speel net so belangrike rol. Die kerk kan nie ‘n ouer se rol vervang nie. Wat ek doen is, ek betrek ouers by by ons gemeente deur oueraande. Ek sal byvoorbeeld aande aanbied waar ek ouers leer hoe om dissipline toe te pas by die huis. Ek sal vir ouers leer hoe om grense toe te pas. Ek sal vir ouers ‘n klas aanbied oor hoe om jou kind te help om die regte man en ‘n vrou te kies. Ek sal ouers leer deur te sê, dit is die druk wat jou kind ervaar rondom pornografie. Uhm, wat kan jy as ouer doen om om jou kind te beskerm rondom dit en dit is hoe ‘n mens ouers meer betrek, om ouers dan ingelig te kry. As ouers oningelig is, het ons nodig om as kerk ‘n belangrike rol te speel om ouers meer in te lig rondom wat op hierdie oomblik in hulle kinders se lewens aangaan. As jy baie keer dit vir ouers sê, dan is ouers heeltemal onkant gevang, want ons dink, net soos ons negejarige kind of agtjarige kind of sewejarige kind onskuldig is, is hulle nie meer so onskuldig as wat hulle is nie en soos wat hulle was nie.

N. Goed, dan een laaste vraag. Dink jy dat die postmodernistiese siening dat daar geen absolute is nie, ‘n effek op middel-adolessente het?

R. Ek dink dis belangrikste, dis seker een van die belangrikste dinge wat jy nou aanraak. Ek sit vandag met kinders wat ateïsties geörienteerd is, ek sit met kinders wat emo’s is vandag,

kinders wat goth's is, kinders wat erkende sataniste is, wat erkende heksery is en as 'n mens mooi gaan kyk, dan sien 'n mens postmodernisme is eintlik maar die wortel van al hierdie dinge, want postmodernisme en sekulêre humanisme is amper soos twee handskoene wat binne-in, 'n hand en 'n handskoen wat in mekaar inpas, want dit leer kinders dat daar geen absolute waardes is nie. So met ander woorde, jou persepsie van wat waar is, is jou waar en as iets reg voel, dan is dit reg. So, 'n jong outjie kan saam met 'n meisie in die bed klim. Op daardie oomblik voel dit vir hom reg en op daardie oomblik is daar niks daarmee fout nie en omdat dit reg voel, dan is dit reg. So kies hulle vandag tussen wat is reg en wat is verkeerd en wat baie gevaarlik is, want ons kan nie besluite maak oor wat reg en verkeerd is, bloot oor die feit van ons emosies nie. Ons is nie net emosionele mense nie, ons is geestelike wesens, ons is intellektuele wesens, ons is emosionele wesens, ons is kognitiewe, intellektuele wesens wat moet ontwikkel en groei. As 'n mens mooi gaan kyk na die Bybel, dan sien ons dat Jesus in verskeie areas van Sy lewe ontwikkel het. Geestelik, intelektueel en emosioneel en Hy het guns gekry by mense en by God. Wat belangrik is, is dat kinders nie net emosioneel kan ontwikkel nie. Kinders het nodig om ook geestelik te onwikkel en kognitief te ontwikkel. Wat postmodernisme doen, is om kinders die opsie te gee en te sê, jou lewe is in jou eie hand. Geluk is wat jy daarvan gaan maak, wat goed klink, maar verskeie dinge daarin laat vergeet kinders om verantwoordelikheid te neem vandag. Dis hoekom jy vandag jongmense kry wat seksueel aktief is. 'n Meisietjie sal swanger raak en dan tree die ouens uit die verhouding uit. *We fall in love, we fall out of love.* Kinders kan vandag 'n aborsie gaan neem. Jy hoef nie verantwoordelikheid te neem vir jou besluite nie. Uhm, dit dit is so maklik vandag. Postmodernisme en sekulêre humanisme het 'n ongelooflike bydraende faktor tot die uhm, tot die verval van morele standaarde. Die kerk gebruik die Woord van God as 'n absolute waarheid, om riglyne vir ons te gee, oor hoe ons moet leef, wat ons moet doen, hoe ons moet handel en hoe ons moet wandel. As ons vandag met 'n jonger generasie van middel-adolessente postmodernistities (sic) gaan sit in jou kerk, en jy haal 'n Bybel uit en sê, so sê God, is hulle baie keer verward, want omdat hulle nie hou van absolute waardes nie, omdat hulle sê, ma (sic) as iets reg voel, ek het 'n jongmens wat nou die dag gesê het, pastoor, as die Here dan dagga gemaak het, hoekom kan ek dit nie rook nie, dit laat my lekker voel. Dis 'n moeilike vraag en en dis 'n goeie vraag, maar daar kom die kognitiewe deel in, om die regte antwoorde te hê vir jongmense vandag, maar Paulus kom en sê alles is jou geoorloof. Jy kan dagga rook, maar nie alles is nie heilsaam en opbouend nie en omdat dit nie heilsaam en opbouend in nie, kan jy nie doen as kind van die Here nie. Uhm, kinders verstaan die Woord verkeerd en postmodernisme dra by tot dit, omdat die woord geen waarde vir jongmense sal sê, kom ons beproef alle dinge en behou die goeie. Die konteks van dit is, dit gaan oor geestelike gawes en dit gaan nie oor drank en alkohol en seks en oor hierdie goed nie. Dit gaan oor geestelike gawes. So, wat

belangrik is om te sê, dat postmodernisme uhm, dra by dat die woord van God geen waarde het vandag vir jongmense nie, omdat hulle teen absolute waarhede is en dit dra by tot die morele verval omdat ons 'n generasie skep wat op grond van hulle gevoelens besluite maak oor wat is reg en wat's verkeerd. Ons lewe vandag in 'n gevaarlike tyd, 'n generasie wat God nie ken nie, wat se standaarde en waardes afgetakel word deur postmodernisme, sekulêre humanisme. Kinders gryp na enige ding wat sogenaamd antwoorde sal gee op hulle vrae. Dit is hoekom 'n generasie betrokke is by emo, by emo's. Dit is hoekom 'n generasie betrokke is by satanisme, by die okkulte, omdat hierdie goed vir kinders sogenaamde antwoorde gee, maar eintlik doen dit nie en kinders is verward dan, oor wat is reg en verkeerd. Ons as kerk het 'n verskriklike belangrike rol om nie net kinders te help om terug te kom na die kerk deur die metodes en die boodskap wat ons kommunikeer nie, maar ook om te help om teen die gees van postmodernisme en sekulêre humanisme te bid, wat daartoe bydra dat daar nie morele verval onder die jongmense is.

N. Goed, kan jy my net sê wat behels hierdie emo's en goth's? Wat is hulle siening of uitkyk op die lewe?

R. As 'n mens gaan kyk uhm, as 'n kind 'n emo is, *emo'ism* is eintlik die woordjie van *emotional.* So met ander woorde, dadelik hoor jy die woordjie, postmodernisme. Dit is 'n generasie wat 'n bepaalde, wat eers begin het, rondom 'n bepaalde *fashion.* Kinders sal bepaalde haarstyle hê en verskillende kleure aantrek. Nou om 'n emo te word is die eerste inisiering daarvan dat jy jouself sal sny. Dis waar self *mutilation* vandaan kom, waar kinders hulle vandag sal sny. Uhm, baie jongmense raak dan betrokke by dit, maar hulle verstaan nie eintlik wat is die pilare waarop hierdie goed gebou is nie. Uh, die pilare waarop *emo'ism* gebou is, is *self destruction* en *self hatered.* Daarom sal jy kry dat baie jongmense betrokke raak by dit en in 'n stadium van ses maande tot twaalf maande kinders dan, uh, een of twee of selfs drie pogings van selfmoord sou aangewend het, omdat dit die kultuur is, maar dit is nie 'n *culture* nie, dit is 'n gees agter dit wat vir kinders leer dat jy is nie die moeite werd nie, dat jy is hier, maar daar is nie eintlik 'n plan nie. Jy is 'n ongeluk, jy is 'n fout, uhm, dit dra by tot uhm, rebellie onder ouens. Ouens wat goth's is en emo's is het konflik met gesagstrukture. Daarom is daar hierdie generasie dan wat in opstand is teen hulle ouers. Daarom het ons vandag uh, hulle leef in 'n tydperk waar dit so moeilik is vir onderwysers om kinders in 'n klas te beheer omdat daar 'n verval is van, van sekere gesagstrukture. Uhm, en en wat hartseer is rondom hierdie goed, is dat dit so onskuldig lyk. 'n Onskuldige geval word 'n potensiële probleem. Die duiwel kleur dit mooi in vir kinders om betrokke te raak by hierdie kulture, deur *fashion.* Op die einde van die dag is dit hierdie kulture wat kinders insluk en dan verder bydra dat kinders hulleself verloor en vrae vra, wie is ek? Waarheen is

ek oppad? Wat is werklikwaar belangrik? en hulle bevraagteken selfs, is die lewe die moeite werd?

N. Goed, baie dankie vir jou tyd, weereens. Ek waardeer dit opreg en daarmee is die onderhoud dan beëindig. Baie dankie.

**ADDENDUM C:** Getranskribeerde onderhoud met die respondent van stedelike gemeente nr**.** 2.

**N-Navorser**

**R-Respondent**

N. Goed Werner, baie dankie vir jou tyd om die onderhoud vanmôre met jou te kan voer. Ek waardeer dit opreg. Ek wil net begin uh, deur vir jou te vra, op watter vlak dink jy lê die seksuele sedes en morele gedrag soos eerlikheid, onder middel-adolessente? En dan kan jy vir my so bietjie uitbrei waarom jy so sê.

R. *Oukei* uhm, op uh, watter vlak…

N. Op watter vlak lê die seksuele sedes en morele gedrag soos eerlikheid, onder die middel-adolessente?

R. *Oukei.* Uhm, as ek in die eerste plek moet praat oor seksuele sedes uhm, is is dit baie moeilik, want jy het jou kinders wat reg groot grootgemaak word, gemaak was en jy het die's wat wat 'n hele gaping in hulle opvoeding het wat dit aanbetref. Wanneer ek so praat, dan uit *experience* uit sê dit vir jou gewoonlik 'n pa wat nie daar was nie, 'n ma wat nie daar was nie of uhm, altyd wanneer die verhouding nie lyk soos wanneer God dit geskape het nie, uhm, dan ly die kinders daaronder en ongelukkig word die kinders so, ek wil amper sê, om dit uhm, baie kras te stel, so gestimuleer, uhm, seksueel deur alles wat hulle sien op die TV, deur uhm, deur musiek uhm, selfs en die video's wat aan musiek gekoppel word en so aan, uhm, dat wanneer hulle op die punt kom vanwaar daar 'n morele besluit is uhm, om seksueel te verkeer, dan in plaas van om terug te verwys na na God toe en die Woord en die kerk, uhm, verwys hulle na die TV. Uhm, hoe die hoe hulle ouers gewerk het, uhm, hulle eie verwysingsraamwerk wat ongelukkig nie altyd goed is nie. Uhm, as ek moet praat uh, soos morele gedrag soos eerlikheid en so aan, uhm, ek dink dit is dit is 'n moeilike ding selfs vir grootmense want soos ons weet, partykeer moet 'n mens 'n (lag), hoe noem mens dit? 'n Wit leuentjie vertel, uhm, om nie mense se gevoelens seer te maak nie. Uhm, ek meen as ek byvoorbeeld huisbesoek gaan doen, uhm, die mense sê vir my, oeh, jammer ons was so lank by die kerk. Uhm, hulle is net baie besig, gaan ek nou nie vir hulle sê, jis maar julle gaan in die hel brand, tipe van ding nie. Ek gaan vir hulle sê, weet julle, dis *oukei*, maar ons ons mis julle rêrig. Ons sal graag wil hê uhm, julle moet weer kom, tipe van ding. So so op grond daarvan en ek meen tieners sien dit, so uhm, weet hulle dat dat leuens partykeer gebruik word om om 'n slegte situasie te versag en daarom ek meen maak dit 'n deur oop vir vir groter leuens en so aan en uhm, 'n tiener sal homself uit enige enige iets uit lieg, uhm, as

hy moet en uhm, maar dan kry jy nou weer ander tieners wat wat die aandagsoekers is, as ek dit so kan stel, wat reguit na jou toe sal stap en vir jou sê, ek het *drugs* gebruik saam met hierdie en hierdie en hierdie ou, en uhm, basies die punt wat hulle wil maak is, is hulle soek aandag deur om die waarheied te vertel. So hulle draai glad nie doekies om nie.

N. Ja.

R. So ja. Ek hoop dit antwoord die vraag?

N. Vir seker. Uh, as ek kyk na die tweede vraag wat ek jou wil vra, indien jy van mening is dat die, dat morele verval onder sommige van die middel-adolessente voorkom, wat sal jy sê is die oorsaak of oorsake daarvoor?

R. Uhm, ek dink nie daarso is een een oorsaak waarvoor 'n mens dit op (onduidelik) kan blameer nie, uhm, maar ek ek dink dit is maar uhm, dis maar hoe die wêreld werk, uhm, dit is invloede op die ou einde van die dag wat morele af aftakel. Hoe meer die kerk sê moenie dit nie, moenie dat nie, moenie dit nie. Uhm, sê nou maar ons sê, moenie saam bly voor die huwelik nie, *oukei?* Net die kerk is besig om daai boodskap te gee. Die res van die goeters moet jy op TV sien en dan baie keer word dit as *family viewing* gesien, maar die res van die goeters wat jy op TV sien, uhm, is sê vir jou dit is oraait om voor die huwelik saam te bly, saam te slaap en uhm, en wat hartseer is, is dit word gesien as die ideaal uhm, deur tieners, want hulle kyk hierdie goeters en dink oee dit is so romanties. Dit is wat hulle wil hê.

N. Ja.

R. En uhm, en as jy in eerlike eerlikheid moet gaan kyk hoe, hoe die ouens wat in daai flieks speel wat *actually* die goeters toepas, uhm, voor die huwelike saambly en so aan, se huwelike lyk, dan kan jy nie glo dat tieners dit wil hê nie. Uhm, maar dit is dit is hoe pervers en omgedraai goeters is uhm, in hierdie lewe. So ek's eerlik met jou, ek blameer in die eerste plek blameer ek die media uhm, wat dit doen. In die tweede plek, die ouers die ouers wat dit toelaat uhm, uh, die ouers wat wat net nie omgee nie. Ouers wat nie vir hulle kinders sê uhm, luister hierso, dit wat julle daar op TV sien is nie reg nie. Ouers het net nie 'n saak nie, uhm, ouers is nie meer betrokke by tieners uhm, soos wat hulle veronderstel is om te wees nie. As, as ek dink aan uhm, wat vir ouers belangrik is, is hulle tieners goed doen op skool, presteer in sport, koor sing, daai tiep van goeters. Uhm, dit is vir hulle belangrik, maar geestelike groei is nie op so hoë vlak soos daai nie, so met ander woorde, uh, as ek nou moet praat oor iets wat ek in die jeug ervaar het, ek sukkel baie keer om tieners na 'n jeugaand toe te kry omdat hulle te besig is met een of ander studies, uhm, sport en al daai goeters, wat ek nie sê verkeerd is nie. Uhm, maar wat ek sê is is as jou kind se geestelike

welstand rêrig so belangrik is, dan gaan jy nie vir hom sê, luister hierso uhm, omdat jy so sleg gedoen het op jou toets mag jy nie jeug toe gaan nie. Dan is dit juis waar jy hom wil hê, uhm, want ek voel as jy ‘n ou geestelik opbou en so aan en sy verhouding met God is reg, sal sy verhouding met die res van die goeters in sy lewe dadelik uh, begin balanseer. Dit is soos ‘n fiets se wiel uhm, waar die as in die middel is. As Jesus Christus die middel is, sal die wiel reg werk, maar as daai as ‘n bietjie geskuif word op kant, uh, na die kante toe of so, dan gaan dit lyk of jy grondpad ry met ‘n fiets en ek meen, jy verstaan hoe dit werk.

N. Ja.

R. So ja.

N. Goed. Wat kan daar van die kerk se kant af gedoen word om die skuldige partye te bemagtig, om ‘n positiewe verandering teweeg te bring?

R. *Oukei* ek dink, ek dink daarso is baie punte wat ‘n mens kan sê. Uhm, ek ek dink ek het al ‘n mooi uhm, *quote* gehoor wat sê, die kerk is daar om mense se gewetens te wees baie keer en uhm, ek dink die kerk moet aanhou verkondig wat die woord sê. Uhm, dit help nie ons draai doekies om met sekere goeters nie, want uhm, ek dink deur deur te sê, ag, maar dit is eintlik nie so erg nie, dit is ook nie so erg nie, is ons besig om nieman (sic) is ons besig om niemand ‘n guns te doen nie. Dit is verkeerd voor God *oukei* en uhm, ons moet dit ons moet dit so sê. Ons moet terugkom by ‘n plek van van ek wil amper sê, integniteit (sic) as ek dit so kan stel. Om daai ding van uhm integniteit (sic) te vestig, laat dit laat dit iets is wat mense wil hê. Uhm, so ek sal sê die kerk moet rêrig uhm, ons boodskap moet een wees van van God is jou genadig wat jy ook al gedoen het en so aan maar uhm, nou kom dit op ‘n punt waar jy Sy Gees moet toelaat uhm, om jou te verander, want jy self kan nie verander nie. *Oukei* ons weet almal huh, as ons probleme het, onsself kan niks reg doen nie, maar maar om God se Gees toe te laat en so aan en uhm, met baie gebed. Uhm, die kerk het opgehou bid. Uhm, ek’s eerlik as ek sê, uhm, dat ons nie meer bid vir ons bedieninge nie. Ons uhm, daarso daarso is deesdae ‘n *fight* tussen ou mense en jongmense en niemand niemand kom op ‘n punt waar hulle sê, *oukei,* maar ons moet begin bid vir hierdie generasie nie. Almal kla net oor hoe die generasie *down the drain* gaan, tipe van ding. So, uhm, so ja, ek dink gebed en dan die volgende ding is om nie die tieners soseer so verskriklik te *empower* van die begin af nie, maar om die ouers te *empower,* want dit is die ouens wat die invloed het. Ek meen, jy kan ‘n tiener hê wat se pa die grootste drek op hierdie aarde is en dit sal nog steeds sy *hero* wees. Klaar. *Oukei,* jou pa is jou pa en jy kry nou en dan ‘n geval waar dit nou heeltemal anderster is, maar ouers het nog steeds ‘n groot invloed by kinders en nou, ek dink dit gaan kom by om ouers te *empower* en hulle weer terug te bring by die Woord en hulle te wys wat, wat God hulle gemaak het om te wees. Uhm, wat God bestem

as as wat dit is om ‘n ouer te wees en hoe jy dit moet doen. Ek is lief daarvoor om dit te sê, maar uhm, om te bid dat God vir jou die liefde gee wat jy nodig het om om vir jou kind te gee, want baie keer is ons liefde onvoltooid, uhm, en nie onvoorwaardelik nie, maar baie keer moet ons daai (sic) liefde van God af kry om te weet om ons kinders lief te hê. So, ek dink dit is baie belangrik om die ouers by God uit te uit te bring. Uhm, en so aan en dan van daar af kan ‘n mens met die tieners begin werk, uh, maar op hierdie stadium is ek wat ‘n jeugpastoor is, wat net met die tieners werk, is daar ‘n hengse *gap*, want ons mis die ouers. So jy werk een, twee aande ‘n week met ‘n tiener en jy probeer vir hom positief te beïnvloed, maar die res van die week is hy by die skool, kyk hy TV en is hy by sy ouers en uhm, daai is die grootste goeters waarteen ons moet baklei op die ou einde van die dag.

N. Ek verstaan. Na jou mening wat is die rol wat die media speel in die vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?

R. Uhm, die rol, wel ek as ek moet sê, rol ek dink ek het dit nog heeltyd gesê, is vir my baie negatief. Uhm, jy kry nou en dan goeters soos *Facing the Giants* en so aan wat rêrig probeer, uhm, maar daar is net te min. As jy as jy kyk na goeters soos uhm, die die flieks wat deesdae uitkom, gaan alles oor geweld, *revenge,* uhm, uhm, inteendeel, hulle is besig om ouens wat karre steel, byvoorbeeld as jy kyk na *Fast and Furious* uhm, as die *heroes* uit te maak in ‘n storie. So, dit is eintlik *cool* om ‘n kar te steel, uhm, ouens wat voor die huwelik nou, uhm, saam slaap en daai tipe van goeters. Jy weet hulle is die heroes in die verhaal, tipe van ding.

N. Ja.

R. Uhm, jy dan kry jy goeters soos Harry Potter wat nie rêrig verskriklik geweld het nie. Dit het nie rêrig seksuele goeters in nie, maar uhm, dit is *witchcraft* op die ou einde van die dag, hoe ook al jy dit nou wil *spin,* maar ons as Christene het geen alternatief om aan te bied teenoor dit nie, want as jy Harry Potter, as jy enige iets weet daarvan, dit is iets interessant, anderster sou die mense nie daarna gekyk het nie. Dieselfde met uhm, uhm daai *vampires* en goeters van *Eclipse* en *New Moon.* Presies dieselfde. Dit is *vampires* en *werewolves* uhm, maar die mense het dit opgeëet, want daar is nie ‘n ander alternatief nie. As jy kyk na die Bybel, uhm, nie dat ek uh, God se krag en *magic* wil enigsins vergelyk nie, maar is daar soveel stories wat ons oor uhm, flieks kan maak en skryf en wat ook al uhm, maar maar die wêreld se goeters is oorweldigend uhm, en dit is ongelukkig is dit die die nuwe standaard van goeters om te kyk en uh, maar dit is lekker om nou en dan ‘n goeie *movie* te hê soos *Facing the Giants* en uhm, *Fireproof* en so aan. Daar’s net nie genoeg daarvan nie.

N. Wat kan van die AGS-Kerk se kant af gedoen word om middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Wel, uhm, ek dink wat wat die AGS baie spesiaal maak is die feit dat ons ‘n Pinkster uhm, gemeente is en uhm, nie dat ek sê uhm, wanneer ons in die oggende opstaan, jy weet, stap die Heilige Gees rond en dan, as Hy by die N.G. Kerk kom, dan sê Hy, o nee, *sorry* hierdie is nie uhm, ‘n *Pentecostal* kerk nie en wanneer Hy die AGS sien, dan stap Hy daar in uhm, maar maar ons as mense het die Heilige Gees en uh, veral omdat ons Heilige Gees bewus is, voel ek ons is op ‘n beter plek as as wat ouens is wat uit eie werke dit probeer probeer doen. En ek dink dit is, ek dink dit is ons grootste probleem op hierdie stadium is dat mense wil moreel en moreel beter wil word en integniteit (sic) wil terugkry op hulle eie en wat ons besef is, moet besef, is daai goeters kom net deur die Heilige Gees, *oukei.* Net die Heilige Gees uhm, kan die vrug van die Gees in jou begin bewerk en uhm, en daarom om omdat ons Pinkster is, omdat ons AGS uhm, ‘n Pinksterkerk is, kan ons gebed gebruik, uhm, doping met die Heilige Gees, vervulling met die Heilige Gees, wat ookal jy dit wil noem, uhm, kan ons dit gebruik. Die Heilige Gees rêrig uhm, vra om in ons kinders se lewens te gebegin (sic) werk en uhm, en ek belowe jou dit sal die verskil op die ou einde van die dag maak. Baie meer as wat ons uit ons eie uit probeer om *nice* programmetjies te hardloop en hulle uhm, te vertel hoe dit werk en so aan. Is die Heilige Gees op die ou einde van die dag, op daai oomblik wat hulle daai besluit moet maak, uhm, gaan dit afhang hoe hard hulle die Heilige Gees se stem gaan hoor op op daai stadium. So, ek sal sê die feit dat ons apostolies is en die Heilige Gees as *tool* het, uhm, dit is dit is wat ons moet gaan gebruik op die ou einde van die dag.

N. Ek verstaan. Uh, dink jy die kerk doen genoeg om die middel-adolessente bewus te maak van die gevare van *“chat rooms”* en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?

R. Kyk, dit hang af van jou kerk. Uhm, as jou kerk ‘n jeugpastoor het en as jou jeugpastoor *actually* daaroor praat. Uhm, op op hierdie stadium omdat die jeugpastoorpos half geskep is in meeste kerke, deesdae sê die kerke *oukei*, jeugpastoor, jy *sort* hulle vir ons uit en wat amper vir my uhm, sleg is, want uhm, ek voel ons, daar het hierdie gaping gekom, tipe van ding van, dis nou net die jeugpastoor se uhm, se probleem, wat sleg is, want ons is ‘n gemeente, ‘n gemeenskap en uhm, en daarom is dit, is dit nie net die jeugpastoor se werk nie. Dit is die hoofpastoor, dit is die ouers in die kerk. Uhm, jy het ou mense in jou kerk wat uh, wat niemand het nie. Hulle is so allenig. Hulle het niemand nie, en jy het kinders in die kerk, wat selfs van buite af van die kerk af kom, wat se ouers nie wil kerk toe kom nie, *oukei*, en ek wil amper sê daai ou mense en daai jongmense het mekaar nodig, want die

jongmense het iemand nodig, om na op te kyk en die ou mense het iemand nodig want hulle is allenig. So, uhm, daar's 'n hengse gaping wat gevul kan word uhm, deur die ou mense wat uhm, 'n voorbeeld vir hierdie ouens kan wees, maar waar het hierdie kerk ontstaan, en dit is die jongmense teen die ou mense. Uhm, daar is sekere kerke wat dit beter hanteer seker, uhm, maar veral wanneer dit by musiek in gemeentes kom, snaakse goeters jy weet mos, as jy iets breek by die kerk, dan is dit die jeug tipe van ding jy weet, so uhm, as 'n mens daai ding kan kan bymekaar kry uhm, sal dit goed werk, maar op die ou einde van die dag in vandag se wêreld, in ons milieu, gaan dit oor of jy 'n jeugpastoor het en of die jeugpastoor dit doen. Dan met hulle gesels daaroor. Uhm, as hy nie doen nie, dink ek nie so nie. So dit dit hang als af.

N. So jy sê dit is meer 'n ding van 'n gem (sic) elke gemeente gaan verskil? Een gaan dit dalk doen. Een gaan dit nie doen nie en 'n ander een gaan dit dalk beter doen as 'n ander een?

R. Dit hang als af van jou leierskap en op die ou einde van die dag miskien as iets gebeur in die gemeente. Kom ons sê uhm, iemand raak uhm swanger buite buite die huwelik of so iets, en dit ruk die gemeente uhm, en jy't 'n pastoor wat *actually* sy sout werd is, sal hy sê, *oukei wow,* kom kom ons gesels in die gemeente hierdie volgende paar dae oor hierdie tipe van goeters. Uhm, want morele waardes en al hierdie seksuele goeters is is van die grootste *topics* wat die minste aangevat word, want ons wil tog nie op mense se tone trap wanneer ons vir hulle preek nie. *Uhm* maar partykeer is dit nodig om vir hulle te sê, dit en dit en dit en dit is verkeerd. Ons moet ons moet ophou daarmee, maar weereens, nie uit jouself uit nie, maar deur die Heilige Gees.

N. As ek persoonlik kan vra, uh, by julle in julle gemeente, praat julle oor dié met die jeug, of jy dan nou as jeugpastoor oor die *chat rooms* en die gevaar daarin en uh, spreek jy spesifiek dinge aan soos pornografie uh, wat so vrylik beskikbaar is op die internet vandag?

R. Ja, kyk ons ons doen dit vir seker. Ons het uhm, verlede jaar en ek dink die jaar voor dit, het ons 'n hele kwartaal uhm, uiteengesit vir dit uhm, wat ons eenkeer Mark Gangor se DVD gekyk het, ook oor *teenagers* en uhm, en die seks en die goeters en uhm, wat ek ook self ook so bietjie met die tieners gepraat het daaroor. Ons het *Seven Deadly Sins* gedoen en een van hulle is *lust* uhm, wat ons ook gesels het daaroor en uhm, wat ek hulle bietjie vertel het van van die die nagevolge, want dit is nie altyd wat 'n mens sien nie. Jy dink daar is nie, maar op die ou einde van die dag as jy met 'n *girl* slaap voor die huwelik en so aan, die dag wanneer jy trou met 'n ander een gaan jy haar moet vertel van die vorige ene. Jy gaan uhm, uhm, ek is nie lief om die woord te gebruik nie, maar *soul ties* goeters, soos jy kan nie oor daai (sic) *girl* kom nie nou is jy al klaar in 'n volgende verhouding en so aan. Jy verstaan nie

hoekom goeters nie werk soos wat dit veronderstel is om te werk nie en dit is omdat jy nie uhm, die verhouding in die eerste plek reg hanteer het soos wat God dit bestem het nie. En uhm, so ons ons ons het al eintlik al baie daaroor gepraat, want uhm, ons het ons het baie probleme daarmee, as ek dit so kan stel.

N. Ja.

R. Uhm, en ja, ons ons vat dit aan aan by die wortel en sê nie *full flesh porn,* dit is *bad* nie. Ons begin al en sê, as jy 'n *girl* met 'n bikini op jou foon het, hoekom? Hoekom wil jy so iets op jou uhm, foon hê? Uhm, 'n voorbeeld wat ons gewoonlik gebruik is ou Ted Bundee wat die vrouens so verkrag het. Uhm, as jy, hulle het 'n onderhoud met hom gevoer en vir hom gevra, waar het dit begin? En hy het gesê, hulle het arm groot geword. Hy het op die ashope rondgeloop en uhm, hy het 'n klomp *girls* in bikini's gesien en daar het die deur oopgegaan en dit is waar Ted Bundee se se paadjie begin het. So my vraag altyd aan die tieners is, hoekom die kans vat? Uhm, en so aan. So ja, ons ons gesels eintlik gereeld daaroor.

N. Dan net een laaste vraag. Dink jy dat post mod (sic) dat die postmodernistiese siening dat daar geen absolute is nie, 'n effek op middel-adolessente het?

R. Uhm, ek dink ek verstaan die vraag, maar jy gaan hom net gou vir my moet uh, dat ek hom reg antwoord.

N. Goed. Dink jy dat die postmodernistiese siening…

R. Mmm…

N. …dat daar gee, dat postmodernisme wat sê, daar is geen absolute waarde nie, dink jy dat daardie uh, uitdrukkig "geen absolute", 'n 'n besliste definitiewe effek op middel-adolessente het?

R. Ja wel, natuurlik, want dit dit sê op die ou einde van die dag uhm, daar is nie eintlik 'n reg of verkeerd op die einde van die dag nie. Jy kan eintlik maar maak soos jy wil, maar dit is interessant want uhm, as 'n mens kyk wat die Bybel sê, uhm, hy sê, Jesus Christus het die wet kom vervul en hy sê, maar ons is nou onderwerp aan 'n innerlike wet uhm, dan kan dit amper baie so klink, want dan kan jy ook sê, dan kan ek mos nou maar eintlik maak wat ek wil, maar as jy kyk wat Jesus gesê het, is Hy het gesê jy moet die Here jou God liefhê uhm, met jou hele hart en dan jou naaste liefhê soos jouself. Nou, ek is 'n sterk gloër (sic) in as jy God liefhet, dit is waar dit begin. As jy 'n goeie verhouding met God het, sal al die verhoudings waarin jy is reg kom. Sal dit uit- balanseer en so aan, want as jy God liefhet, uhm, dan besef jy dat Hy die ou langs jou net so liefhet en ook waarde het. Uhm, en so aan,

so ek dink wanneer dit wanneer dit kom by ‘n ding van uhm, daar is nie reëls en so aan nie, ek dink Angus Buchan het dit mooi gestel. Hy het gesê, hê die Here lief met jou hele hart en leef soos wat jy wil en uhm, kom ons wees eerlik, jy kan nou maar sê daar is nie ‘n absolute nie, uhm, jy kan in in postmodernisme glo en sê, ja, uhm, daar is nie ‘n absolute ding van jy mag en jy mag nie, maar op die ou einde van die dag uhm, kom ons sê jy het ‘n Christen en ‘n nie-Christen, elke keer as daai Christen iets verkeerd gaan doen, gaan die nie-Christen vir hom sê, maar jy is nie veronderstel om dit te doen nie, want dit is nie wat Christene doen nie. Het jy dit al gehoor? Nou maar wat dit vir my sê, nie-Christene weet ook wat die regte ding is om te doen en nie om te doen nie. Verstaan jy? Hulle doen dit net nie. Verstaan? So ons almal het eintlik, kom ons wees eerlik ‘n bietjie van God se Gees in ons. Uhm, daai daai dryf, daai uhm, ek wil amper sê, daai gat in ons lewens as ons nie God in ons lewens het nie. Uhm, wat ons dryf na na God toe en wat vir ons sê, luister hierso, hier waar jy nou is, is nie goed genoeg nie. Daar is iets meer daar is meer, uhm, maar ongelukkig het sonde, dit dit maak ‘n *gap* tussen ons en God. Dit vat ons vrymoedigheid weg uhm, en so aan, en uhm, en ek wil amper sê, dit dit laat dit later vir ons voel daar is nie ‘n absolute nie, maar in ons agterkoppe, as ons nou rêrig eerlik met onsself is, weet ons daar is ‘n absolute. Ons weet wat reg en verkeerd is. Uhm, jy het nie eers die tien gebooie daarvoor nodig nie. Jy het nie eens nodig om die Bybel te lees nie daarvoor nie. As jy gaan kyk na uhm, enige mense op hierdie op hierdie planeet wat miskien nog nie deur deur uhm, die moderne samelewing gevind is nie, sal selfs hulle reëls hê uhm, wat wat moet gevolg word by hulle, want hulle weet uhm, daar is ‘n reg en verkeerd. So, met ander woorde, daar daar is ‘n absolute uhm, wat wat vir Christene God is, uhm, vir ander mense is Hy die die land se wet, want hulle weet hulle kan nie droogmaak nie. Uhm, maar veral wanneer dit by morele kom, is daai lyn baie, baie dowwer en mense probeer die absolute lyn wat daar is, probeer hulle wegredeneer, veral wanneer dit by morele goeters kom jy weet, en wanneer hulle dit wil doen. So ja.

N. Goed.

**ADDENDUM D:** Getranskribeerde onderhoud met die respondent van stedelike gemeente nr**.** 3.

**N-Navorser**

**R-Respondent**

N. Baie dankie vir jou tyd om vanmiddag die onderhoud met jou te kan voer en ek wil begin om vir jou te vra, op watter vlak dink jy lê die seksuele sedes en morele gedrag soos eerlikheid, onder middel-adolessente en dan vir my uitbrei hoekom jy so sê?

R. Oukei, wil jy nou hoor van morele gedrag?

N. Ja, jy kan maar so in twee dele antwoord. Wat dink jy is uh, die vlak van hulle seksuele sedes…

R. Mmm…

N. …dan kan jy vir my so bietjie iets sê oor, oor wat dink jy van hulle eerlikheid.

R. Praat jy nou van ons jeug of praat jy nou van oor die algemeen wat ek opgelet het na?

N. Ja wat jy, wat is jou belewenis in die groep waarmee jy werk.

R. Oukei in die groepie waarmee ek werk op die oomblik, daar’s sekeres wat baie onskuldig is en wat hulle ouers baie streng waardes in hulle grootgemaak het en dan is daar sekeres wat se ouers ‘n ‘n bietjie meer of heeltemal te veel toelaat.

N. Oukei.

R. En uhm, half die die kinders *encourage* om aan sekere goeters deel te neem of so. So, uhm, daar is definitief nog die wat goeie morele waardes het en en wat dit uitleef, en dan is daar die wat in die middel is, wat half, wat wat wat sekere goeters sal doen net om dit uit te probeer omdat dit interessant lyk, en dan kry jy nou weer die ander, wat nou gelukkig bietjie meer in die minderheid is, wat wat definitief daaraan deelneem…

N. Ja.

R. …wat wat definitief uhm die *boundries* toets (lag).

N. Ja. En en sê vir my wat is jou, dink jy hulle is baie eerlik? Nie net oor die seksuele nie, maar oor eerlikheid in die algemeen?

R. Mmm…nee, ek dink nie, ek dink nie jongmense vandag is meer heeltemal so eerlik soos altyd nie. Uhm, dit dit het maklik geword, veral met al die elektroniese goeters om ‘n vinnige witleuentjie te vertel, om iets te versteek, of ‘n storie te verdraai of so iets. So, ek dink dit is baie maklik vir hulle om oneerlik te wees.

N. Oukei. Indien jy van mening is dat die morele verval onder sommige middel-adolessente voorkom, wat sal jy sê is die oorsaak of oorsake daarvoor?

R. Ek dink een van die grootste oorsake uhm, van kinders wat wat nie meer morele waardes het nie, is ouers wat nie die tyd vat om dit basies toe te pas, of te leer vir die kinders nie. Uhm, wat se lewens te besig is en wat maar eintlik vir die kind gee, wat die kind nodig het en hom los dat hy sy eie pad kies en sy eie leers (sic) basies leerskole deurgaan in sy lewe.

N. Wat dink jy kan daar van die kerk se kant af gedoen word om die skuldige partye te bemagtig om ‘n positiewe invloed of verandering teweeg te bring?

R. Mmm…praat jy nou weer van die jongmense of van die ouers (uh huhu)?

N. Jong in altwee, uh, ek dink as jy, as jy eers kan sê wat hulle moet doen in die in die geval van die ouers, wat voel jy van die kant van die jeug. Ek dink altwee is betrokke by dit.

R. Ja, nee definitief. Ouers is die wat die voorbeelde moet stel. Hulle is basies die wat die grondslag moet neerlê en uhm, as die ouers nie betrokke gaan wees nie, gaan die kinders nie leer nie. Hulle gaan tot ‘n mate kry by by die kerke, maar hulle gaan nie volledig kry wat hulle nodig het nie, en al kry hulle dit by die kerk en hulle sien dit nie by die huis nie, gaan dit nogsteeds ‘n probleem wees. So uhm, wat definitief kan kan verander, is ‘n mens kan meer klem lê op op ouers wat nie aktief betrokke is nie, om aktief betrokke te raak, uhm, al is dit nou soos uhm, tye wat geskep word waar waar net die kind met die ouer basies met mekaar oor die weg kan kom, of dae wat geskep is waar waar die ouer en die kind saam na iets toe kan gaan, dalk saam iets oor kan leer. Uhm, da (sic) daar’s baie verskillende goed wat gedoen kan word, maar ouerbetrokkenheid bly ek dink een van die grootste probleme wat ons het vandag as dit kom by kinders se morele waardes wat hulle het en wat hulle uitleef. Uhm, by kinders uh, is dit baie moeilik, want as hulle nie geleer het om iets te doen nie, dan gaan hulle nie weet of dit reg of verkeerd is nie. So, met hulle moet mens maar eintlik probeer om rolmodelle in hulle lewens in te kry wat wat hulle kan help om die regte keuses te maak. Uhm, die regte antwoorde te kry op vrae wat hulle het, en die kinders het vrae en as niemand hulle gaan antwoord nie, dan gaan hulle nou maar self hulle opinie maak en die meeste van die tyd gaan daai opinie dalk nie heeltemal reg wees nie, want op daardie ouderdom speel baie goed ‘n rol, soos hormone, hoe ‘n mens voel, jou emosies, al daai tiep

van goeters. So ja, hulle het eintlik net iemand standvastig of iets standvastig in hulle lewe nodig, wat bereid is om by hulle te *stick* deur alles.

N. Goed.

R. Ja.

N. Uh, na jou mening, wat is die rol wat die media speel in die vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?

R. Uhmm, media speel 'n baie groot rol, want uhm, die meerderheid van die tyd van die kinders word gespandeer om TV te kyk, of fliek gekyk, of *movie* video's te kyk, of sulke goed te kyk en en wat hulle daarop sien en wat hulle dink jou lewe moet wees. So uhm, as jy op 'n fliek kyk, en jy kan omtrent nie nou meer enige flieks kyk waar dit nie so is nie, is nie net mense wat saambly wat nie getroud is nie. 'n Mens sien mense wat in die bed spring, uhm, daai tiep van goeters en dis goeters wat hulle dink oukei en reg is omdat dit so sigbaar is. Die heeltyd aanmekaar en 'n mens kan deesdae nie 'n *music* video aansit sonder om dit te sien nie. So, uh, media speel 'n baie groot rol in hoe die kinders optree en uhm, in hoe die kinders hulle lewens probeer vorm, want hulle is op 'n stadium waar hulle, waar hulle basies besig is om hulleself te ontdek en waar hulle graag 'n plek soek waar hulle inpas en waar hulle basies hulleself kan wees en deur na die media en die goed te kyk, dan sien hulle hierdie prentjie van die persoon wat, as jy vir iemand lief is, saam met hom moet slaap en saam intrek en al daai tiep van goeters. So, hulle vorm hulleself heeltemal in 'n verkeerde prentjie as hulle na hulle lewens kyk en dit vergelyk met die media as hulle dit as voorbeeld gebruik. So…

N. En sê vir my, sosiale media?

R. Uh, sosiale media speel net so groot rol, want daar is geen privaatheid daar ook nie. So, die die kinders leer ook nie perke nie en uhm, as jy kyk na sosiale media soos in Twitter en al daai tiep van goeters en dit uhm, hulle gee baie keer te veel van hulleself weg, of hulle probeer dalk goed lyk vir die ander mense, en dan deel hulle soos in alles wat hulle is met dit en dan ly hulle op die einde van die dag skade daardeur. Wa (sic) hulle leer nie meer want jy daar is nie iemand wat fisies vir hulle sit en kyk terwyl hulle met hul gesels of so iets nie. So daar is geen perke wat gestel word in sosiale media ook nie.

N. Ja.

R. Mmmm…

N. Wat kan die AGS-Kerk doen om middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Mmmm…dit is nogal moeilik om dit te antwoord, want uhm, ek dink die kerke doen nou al klaar heelwat om te probeer om om die kinders te leer van morele waardes en van Bybelse waardes en van wat en van hoe ons eintlik moet leef en dit, maar wat baie belangrik is, wat die kerk kan doen, is om uhm, te kyk waar die probleme lê, want die probleme is nie in elke area presies dieselfde nie. Uhm, daar is sekere goeters wat in verskillende areas heeltemal anders is. So, 'n mens moet, as jy in die AGS gaan kyk, moet jy kyk na jou area in wat jy is en mens moet basies kyk na hoe die mense uh of hoe die kinders optree en wat die kinders se probleme is en en wat die nood is in daai spesifieke area en dan moet jy iets uitwerk wat daarvoor gaan help. So uhm een van die grootste goed wat ek dink die AGS kan doen, is om meer ondersoek in te stel oor waar die probleme lê, want dit is maklik om te gesels met met die ouer mense en die jeugleiers baie keer, maar 'n mens kry nie die volle prentjie nie, want die jeugleiers snap net 'n klein deeltjie van wat aangaan in die jongmense se lewens. So, meer kommunikasie met waar die probleem lê, of met die mense wat sit met die probleem, dink ek sal klaar baie help om 'n oplossing te kry vir die probleem.

N. Doen die kerk genoeg om middel-adolessente bewus te maak van die gevare van *chat rooms* en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?

R. Ek dink nie so nie. Uhm, ek dink nie die kerke doen genoeg om mense bewus te maak daarvan nie, want uhm, ek dink nie dit is 'n onderwerp wat baie aangeraak moet word nie. Die, ons ons weet van die probleme wat dit kan veroorsaak en ons weet hoeveel skade dit kan doen in mens se lewe, maar ek dink nie 'n mens weet altyd heeltemal hoe om vir hulle te vertel nie, want uhm, ek is dalk nog nie so oud nie, maar ek is nie so baie *clued up* met (huh-huh) met al die goeters wat daar is om te doen nie. So vir my om met iemand te gaan gesels daaroor is moeilik. Ek moet eers navorsing self doen om uit te *figure* wat dit is, hoe dit werk en uhm, en wat gesê word daarop en hoe, wat se tipe taal gebruik word met dit. So, ek dink nie ons raak dit genoeg aan nie, want ons weet nie genoeg daarvan nie.

N. Goed, dink jy, so laaste vraag, dink jy dat die postmodernistiese siening dat daar geen absolute is nie, 'n effek op middel-adolessente het?

R. Ja. Uhm, ek dink dit het, want uhm, ughh, ek dink dit raak moeiliker en moeiliker vir die kinders om te glo (huh-huh), uhm, heeltemal te glo, eintlik op die einde van die dag, want uhm, ek wil weer nou teruggaan media toe en ons kyk na flieks en sulke tiep van goeters, want daar is niks onmoontliks op flieks of so iets nie. So, uhm, ek dink hulle het hierdie mentaliteit van dat ag ja, nee, alles is eintlik maar moontlik, daar is niks wat rêrig onmoontlik

is nie, so hulle dink nie meer verder aan jy weet, of daar ‘n Skepper is en of daar iets groters is, of jy weet, ek dink nie hulle, hulle vat nie die tyd om daaroor te dink nie. Dinge het op ‘n skinkbord eintlik nou gekom na die jongmense toe, want alles alles is maklik. Alles word vereenvoudig en ge-*sugercoat,* so uhm, ek dink nie daar daar word genoeg klem gelê op, by die jongmense, dat hulle rêrig verstaan ook. Jy weet dat daar is eintlik iets groters en en dit word, ek meen, as mens kyk net na die media en die goeters en ‘n mens kyk na die verskillende gelowe wat verkondig word. Jy weet, almal lyk interessant in ‘n mate, maar ek dink nie daar word baie keer genoeg moeite gedoen om die jongmense weer *excited* te kry oor God en en hulle te laat begin ondersoek instel in God en in wie Hy en en wat Hom anders maak as as die ander gelowe wat daar buite geadverteer word nie. So ek dink dit speel definitief ‘n baie groot rol.

N. Ek het nou gesê laaste vraag, maar nou wil ek jou iets vra?

R. Oukei.

N. Wat dink jy kan ons doen om die, om ons jeug vandag in die kerk meer *excited* te kry dan oor God?

R. Mmmm…ek dink om in die kerk die mense meer *excited* te kry, help dit nie mens mens gaan net die heeltyd…dit gaan nou *weird* klink, maar ek dink om mense binne *excited* te kry, dan moet ‘n mens buite toe leer om te werk, maar die die beste manier om God te ervaar in jou lewe is as jy fisies iets vir iemand anders doen. So, ek dink sending en om ander mense te bedien en om uit te reik speel ‘n baie groot rol, want deur iets te doen vir ander mense dan kom mens agter, hoor hier, ek is eintlik so bevoorreg. Hoekom is ek so bevoorreg? Waar kom dit vandaan? Sulke tipe goed sal ek, dit is hoe ek dit nog altyd ervaar het, as ek iets vir iemand gedoen het, of as ek op my eie *track* of so iets werk, dan het ek altyd nader aan die Here gevoel en ek het altyd gevoel ek wil meer van Hom leer, want dan het, dan het mens Hom ervaar, deur self (onduidelik) te wees. So ek dink deur binne toe mense te bereik, dan moet mens buite toe werk, baie keer (huh-huh).

N. Goed.

**ADDENDUM E:** Getranskribeerde onderhoud met die respondent van voorstedelike gemeente nr. 1.

**N-Navorser**

**R-Respondent**

N. Baie dankie vir Dok se tyd om vanmiddag die onderhoud te kan doen. Ek wil begin deur vir u te vra; Op watter vlak lê die seksuele sedes en morele gedrag soos eerlikheid onder middel-adolessente en vir my so bietjie uitbrei hoekom Dok so sê?

R. As ek, as ek die seksuele uh, kan skei van die uh, eerlikheidsvlak, dink ek die seksuele lê nie op 'n baie goeie vlak nie. In die sin dat ek dink die ouens kry baie insette van uh, die elektroniese media, uh, televisie, video's. Ek dink self ouers, jy weet, uhm, dink ek voed hulle kinders nie op wat dit aanbetref nie. Uh, ek sien by die skole waarby ek bedien, is daar gevalle van oneerlikheid. Uh, waar kinders steel van mekaar, waar kinders huis toe gaan en vir hulle ouers leuens vertel, waar hulle van die huis af by die skole kom, dan het hulle uh, leuens wat hulle versprei by die skool weer. Uh, ek dink wat eerlikheid aanbetref is dit mos nooit my skuld nie, dis altyd iemand anders se skuld. Uh, Neil, as ek kan sê dat ek dink uhm, nie op die goeie vlak nie, nie op die beste vlak wat dit kan wees nie. Daar is nog uh, kinders wat ek dink glo in seksuele weerhouding tot tot hulle in 'n huwelik tree. Ek dink daar is kinders wat probeer ook om eerlik te wees, maar ek dink dit dit gaan oor opvoeding, opleiding van uh, die adolessent in 'n sin by die kerk, maar ek dink die hoofbron is maar by die huis.

N. Goed, indien Dok dan nou van mening is dat morele verval onder sommige middel-adolessente voorkom, wat is die oorsake daarvoor?

R. Ek, ek dink daar is heelwat oorsake. Ek dink die kinders uh, weereens wil ek praat oor ouerskap. Ek dink nie dis die pastoor se werk om die gemeentelede se kinders op te voed nie. Ek dink hy dra by tot hulle opvoeding, maar hy kan nie hulle opvoed nie. Hulle word opgevoed in hulle huise in die eerste plek. Hulle word opgevoed in die skool, maar die skool kan ook nie verantwoordelikheid neem vir die opvoeding uh, van die kinders nie. Hulle, hulle het die kinders van wat, half agt af tot twee uur die middag. Daar's sportaktiwiteite, maar daar kan nie daai intense, intieme, ek wil sê uh, grootmaakproses geïmplementeer word by hulle nie. Dit moet by die huis begin. Ek dink uh, wa wa wa kinders kan sien maar my ouers loop die pad, waar hulle die voorbeeld kry van die ouers. So, ek dit is een bron, jy weet uh, wa, wat wat bydra tot die verval. Ek dink uh, in die area waar ons werk, die mynwêreld, die ouens werk hard, die manne werk darem hard ook, uh, lang ure en wanneer hulle by die

huise kom, is hulle maar moeg. Ek dink nie die ouers is betrokke by hulle kinders uh, op 'n sosiale gebied nie en ek dink dan mis hulle ook die opvoedingsgebied. Die televisie speel 'n belangrike rol. Ek hoor van baie vroue wat kla by my oor die mans wat so televisie kyk tot die vlaggie waai *(wys met vingers, aanhalingstekens).* Nou, dit was die ou dae toe die vlaggie waai. Maar die vlaggie waai nie meer nie, hy is nou *twenty four hours* reg rondom die klok wat jy televisie kan kyk en uh, kry ek die klagtes dat die vroue gaan slaap, maar, want die mans sit en televisie kyk. Uh, ek dink die kinders word ook nie gebriek nie. Ek wil dit darem dit sê, ek kom by 'n gesin uh, waar die uh, die man en die vrou uitgaan en toe sit hy op die skottel, jy weet op die televisie, die die kode in om uh, te keer dat die kinders bo 'n sekere ouderdomsgroep iets kan kyk. En dit het my nogal geseën dat ek hierdie ouer sien, dat hy sit die kode in en uh, die kode, ek vra toe vir hom, hoekom doen jy dit? Hy sê, man, ek wil my kinders nie blootstel aan goed wanneer ek nie hier is nie. Ons gaan nou uit en hulle bly nou hier, so hulle kan nou enige ding kyk hier op die skottel uh, en uh, toe blok hy die skottel. Maar as ek dié vraag kan probeer afrond, ek hoop nie ek praat te lank nie, uh, dink ek, dit begin by ouers. Ouers se voorbeelde. Ouers se voorbeeld in die sin, wat kyk die ouer na, wat laat hy toe dat die kind na kyk, wat laat hy toe uh, uh, uh, in waarheen die kind gaan, wat laat hy toe in wat die kind doen, waarna hy luister. Ek dink as ons die voorbeeld kan kry by die ouerhuis, dan kan dit 'n groot bydrae uh, lewer tot die uh, tot die sukses van die grootmaak van 'n adolessent, en dan dink speel die kerk 'n rol in die sin dat hulle 'n bydrae lewer. Ek wil sê tót wat uit die huis uit kom. Die skool lewer 'n bydrae tót wat uit die huis uit kom. Ek dink daar is ook uh, baie ander goed wat wat wat 'n bydrae lewer tot die verval, byvoorbeeld, ek dink aan kerkdiensbywoning. As die ouer nie kerk toe kom nie, waarom sal die kind dit doen? Huh-huh-huh (lag). Jy weet, as die ouer rook, hoekom mag die kind nie rook nie? Sulke goed. As die ouer drink, waarom mag die kind nie drink nie. Jy weet, ek het eendag 'n voorbeeld gehad van 'n van 'n pa wat in my geselskap vir sy kind sê, jy werk nou, en jy moet jou tiende gee vir die werk van die Here. Soos ons dit nou sien in ons kringe in die AGS-kring en uh, daai (sic) seun antwoord sy pa iets soos dit. Hy sê pa, ek sê jou wat, ek gaan jou 'n *deal* aan. As jy jou tiende bydra sal ek myne bydra. Net so, en uh, die pa was met stilstuipe geslaan, want hy't besef, hoor hie (sic) my kind het my nou ewe skielik hier in skaakmaat in geplaas. Jy kan nie vir 'n kind sê jy moet dit nie doen nie, terwyl jy dit doen, *because he always teach by example.*

N. Goed. Wat dink Dok kan daar gedoen word van die kerk se kant af om die skuldige partye te bemagtig, om 'n positiewe verandering teweeg te bring?

R. Jy sien, ek dink weereens sit ons met die dilemma uh, op op op die myne en hier spesifiek in Carletonville dat uh, dat ons baie skofwerkers het. So, dis baie moeilik om, byvoorbeeld, ek dink 'n woordskool aan te bied en lidmate groot te maak in die Here, maar

as ons gaan na die spesifieke onderwerp van tieners, is daar net ‘n sekere groep wat jy kan bedien. Ek dink deur ‘n woordskool deur lering uh, te gee aan hulle, maar ek dink as jy dit van die kansel af doen, dan betrek jy net ‘n klein groep mense in jou gemeente in die sin uh, jy kan nie net vir die tieners bedien nie en wat van die ou mense. So, as ‘n ou op verskillende vlakke bedieninge kan opwek wat kan mense bedien, maar weereens sê ek byvoorbeeld op ‘n Woensdagaand, met ‘n tieneraand jy kry jou tieners bymekaar, maar nou is die probleem so, die ouer kom nie biduur toe nie, hoekom sal die kind nou na die tienerbyeenkoms toe kom waar hy geleer word. Uhm, ek dink die die die skool probeer, maar dan het ons die ander saak by die skole dat uh, daar is nou godsdiensgelykheid. As jy die Christenskap wil voorhou, wat van Islam? Wat van ander godsdienste? Jy weet as jy ‘n klas aanbied vir Christene, moet jy plek maak daarvoor, maar dan kan die Moslems van hulle kant af weer kom en sê, maar ons soek ook ‘n klas en ons wil ons ding nou doen. Ek dink uh, dit gaan maar oor tyd. Jy weet die Bybel sê, gaan dan heen, maak dissipels. Nou daai Skrif impliseer, soos jy gaan, maak dissipels en soos jy gaan, moet jy maar lering gee. Ek dink maar dis baie beperk. ‘n Pastoor op huisbesoek, uh, wat kan hy doen op huisbesoek? Hoe maak jy alles reg in ‘n huisbesoek? Of in tien huisbesoeke. Jy kan nie. Jy kan dit nie doen nie. Nee, ek dink dit begin van die wiegie af. Uhm, ek dink ‘n goed georganiseerde Sondagskool, maar weereens sê ek dat ouers kom nie kerk toe nie. Uh, of ‘n groep ouers kom nie kerk toe nie, of hulle kom dan en wan uh, en as hy nie kom nie, kom sy kind nie Sondagskool toe nie en ek dink ons Sondagskool is so kardinaal, want daar leer jy van kleins af die ou verhaaltjies waarmee ons saamgekom het en daar kan ons ook moraliteit praat in ‘n hoër ouderdomsgroep. Ek dink dit gaan maar oor lering jong en uh, en ek weet nie presies hoe om hierdie lering te implementeer nie. Soos ek vir jou gesê het, ek poog om die ouens te kry.  Ek bel hulle persoonlik, dan het hulle sportbyeenkomste, hulle het skoolaktiwiteite, die een doen dit, die een doen dat en jy kry nie kontinuïteit nie.

N. Goed, na u mening, wat is die rol wat die media speel in die vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?

R. Wel ek dink in vraag een het ek reeds iets daaroor gesê. Uh, maar as ek kyk na uh, die media, daar is soveel radiostasies, daar is soveel televisiekanale. Ek dink dit het ‘n groot, indien nie die grootste invloed op ons jongmense nie. Jongmense ken nie meer van uh, die ou speletjies speel nie en tereg jy weet, ‘n mens kan sekerlik nie nou in die tyd *hide and seek* speel en daai tipe speletjies wat vir laerskoolkinders nou, uh, jy weet, miskien bestem selfs vir selfs voorskool maar ek dink die kinders het toegang tot alles. Jy kan alles op die internet nou google en uh, kinders is slimmer as hulle ouers wat dit aanbetref dink ek. Uh, as jy wil weet hoe werk ‘n selfoon, vra jou kind. As jy wil weet hoe werk uh, die internet, facebook, twitter, vra jou kind. Hulle hulle ken van die goed beter as die ouer garde, so ek

dink dit speel ‘n geweldige rol en uh, ek dink persoonlik jy kan nie meer vandag te veel goed kyk op televisie waar daar nie gevloek word nie, waar daar nie uh, seksuele suggestie is nie, uh, daar is self sprake nou in die dag waar ons is, van ‘n kanaal, ‘n televisiekanaal wat pornografie wys uh, op die skottel. Uhm, ek weet nie of jy weet daarvan nie, maar daar was nou ‘n petisie daarteen uh, dat hulle ‘n kanaal wou uh opsit, suiwer net met pornografie en uh die ouens het dit nou ‘n bietjie geblok, maar ek vra vir hoe lank? Maar daar is, daar is geweld en doodslag en musiekkanale op televisie soos jy nie kan glo nie. So, ek dink dit speel ‘n geweldige groot rol.

N. Na Dok se mening, doen die kerk genoeg om, die breë kerk genoeg om middel-adolessente moreel-eties te onderrig?

R. Nee, ek dink nie so nie. Ek dink nie so nie. As ek persoonlik kan sê, ek dink nie ek doen genoeg nie, alhoewel ek probeer. Ek doen wat ek kan. Uh, maar as jy konsentreer op die tiener, dan uit die aard van die Skrif wat sê, die oes is ryp en die arbeiders is min, beleef ek in die dag, weet daar is soveel verwagtinge van gemeentes is teenoor hulle pastoor, dat hy letterlik ‘n *jack of all trade*s moet wees. Hy moet die tieners kan bedien. Hy moet die ou mense kan bedien. Hy moet uh, op ‘n Woensdagaand moet hy die biduur hou. Op ‘n Woensdagaand moet hy die tieners bedien, want uh, daar is net nie ouens wat wil betrokke raak nie en daar is nie ouens wat bekwaam is om betrokke te raak nie en om so ou op te lei, is is maar ‘n moeilike saak. Ek het hier in my eie gemeente ouens gehad uh wat met die tieners gewerk het en en ek het nou die laaste drie ouens wat gewerk het met hulle, regtig swak gedoen en eintlik die tieners soveel skade aangedoen dat ek nie weet of dit gaan regkom nie, maar ek dink nie, ek dink nie ons doen genoeg vir die ouens nie. Uhm, miskien is daar ‘n te breë ouderdomverskil tussen die ouderdomme van sekere pastore en hulle tieners, dat hulle nie meer *with it* is nie. Ek dink van die goed wat tieners wil doen is nie aanvaarbaar vir die ouer mense vandag nie. Uh, ons het dit nie gedoen toe ons kinders was nie, maar die tieners kom, met dis ‘n ander, dis ‘n ander tipe mens vandag, maar ek dink ons kan meer doen. Vir seker, ja.

N. Wat sal Dok sê kan ons kan ons van die AGS se kant af doen, spesifiek die AGS, om die middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Neil, dis ‘n baie wye wye vraag. Uh, ‘n vraag wat ek dink nie baie maklik geantwoord word nie, of oplossings het nie. Uh, ek dink elke pastoor sit met ‘n gemeente en wanneer ek sê sit met ‘n gemeente, sê ek dit nie in ‘n las hoedanigheid nie. Ek sê het sy gemeente wat hy probeer bedryf na die beste van sy vermoë. Ek dink uh, daar moet sekerlik in die eerste plek gebid word vir jeugwerkers, mense wat met hulle wil omgaan. Mense wat met hulle wil werk uh, en dit is nie so maklik bekombaar nie. Dis maar skaars. Ek dink ons kan dit doen en dan

dink ek weereens om hulle byeenkomste te probeer so uh, inrig dat hulle graag wil kom, na dit toe jy weet. Uhm, ek het gesien byvoorbeeld ‘n sportaand die ouens het gekom. Kom in die begin totdat dit nou gewoond is, dan soek hulle nou weer ietsie anders om te doen. Uh, ek weet nie as ons miskien klomp rekenaars in die jeugsaal sou sit en sê ons gaan nou teen mekaar *games* speel. Jy weet, dis wat hulle graag doen. Hulle doen dit. Byvoorbeeld op ‘n naweek speel deurnag. Jy weet, die kinders ek hoor hulle koppel die rekenaars met mekaar dan speel, ek wil sê, onetiese speletjies. Baklei en skiet en moord en doodslag. Goed, jy weet, teen mekaar. Maar daar is seker goeie speletjies ook, maar uh, ek dink ‘n ou moet sekerlik maar ‘n bediening op die been probeer bring wat vir hierdie ouens bedien op hulle vlak.

N. Goed en dan, doen die kerk genoeg om middel-al, middel-adolessente bewus te maak van die gevare van *“chat rooms”* en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?

R. Uff, ek dink van my kant af wil ek sê, ja, uh, ek ek probeer die ouens wat my aanbetref, ek wil nie praat namens die breë kerk nie, want ek weet nie. Uhm, jy weet, ons het nou gepraat oor Facebook, ons het gepraat oor Twitter, ons het gepraat oor uh, Mixit en hierdie goedjies. Die gevaar daarvan. Ons het gepraat oor pornografie, ons het gepraat oor verslawings in die breë sin van as iets jou beheer, is jy verslaaf. Dit dit is nie noodwendig die goed nie, maar enige iets wat jou verslaaf, of wat wat wat jou beheer, is jy ‘n slaaf van en uh, ek weet (onduidelik) dat ‘n voorbeeld ek noem ‘n voorbeeld uhm, ek het nou twee kinders hier by my wat nou uh, *kickboxing* doen uh, en die kinders se ouers het ek mee gepraat oor die *kickboxing.* Ek moes dit nooit gedoen het nie, want die moeder het vir my gesê, wel, hulle doen dit nou op ‘n Woensdagaand wanneer dit my tienerbyeenkoms is en toe ek nou vir hulle sê maar dis die probleem wat ek het met *kickboxing,* toe sê die moeder prontuit vir my, wel, my kinders geniet dit en hulle gaan dit doen en ek het gevoel daar my hande is afgekap. Ek dink jy kan sover gaan soos wat jy toegelaat word om te gaan. Jy kan ‘n perd vat tot by die water, maar jy kan hom nie maak drink nie en uh, ek dink dit is een van die probleme van die moderne kerk. Ons los mense dat hulle maar doen wat hulle wil, want as jy inmeng, dan bloei jou neus. Uh, so ek wil nie sê ‘n ou moet nie betrokke raak nie, jy weet uh, maar ek dink uh, uh, Jesaja, Jeremia en Nehemia draai in hulle grafte om as hulle sien wat hier aangaan, want hulle was twee manne, ek wil nou ook nie vir Esegiël uitlaat nie. Esegiël, dit was manne wat nie mmmoe (sic) probleme gevat het nie, wat nie moeilikheid gevat het nie. Hulle het nie nonsens gevat nie. Uhm, maar vandag as jy dit doen en jy ontstel ‘n ou, pak hy sy goed op en hy gaan na ‘n ander gemeente toe. En dit is daai ore streel besigheid. Hulle gaan menigte prediker bymekaar maak. Ek ek ek dink ons doen iets, maar jy kan net dit doen en dan is dit die persoon wat moet reageer…

N. Ja

R. Nou uh, ek wil vir jou sê ek het al tieners in my kerk wat kerk toe kom uh, terwyl hulle in die kerk sit, is hulle op hulle selfone besig. Dis ongelooflik dat terwyl ek die Woord van die Here bedien, sê mense vir my hierdie ouens sit op die selfone. Wat moet ek doen? Ek weet nie wat om te doen daaromtrent nie, maar ek verkondig die Woord. Saai die saad. Hoe sê hulle? Ek het ek het uh, geplant en iemand anders het natgegooi maar dit is God wat laat groei.

N. Dok net die laaste vraag, dink jy dat post dink jy dat die postmodernistiese siening dat daar geen absolute is nie, 'n effek op middel-adolessente het?

R. Nie sover as wat ek kan uh, kan agterkom as sulks nie. Jy weet, uh, ek dink hulle is modern, maar ek dink nie hulle is by my in die geen absolute ding in nie. Ek dink nie hulle hulle verstaan dit so dat daar 'n geen absolute ding is nie. Ek dink uh, die ouens het darem geloof en hulle geloof is darem in God, darem nou nie in iets anders nie, want 'n Moslem het ook geloof. Hy glo in sy god, en ek glo in myne. Uhm, ek ek dink nie so as sulks dat die postmodernisme uh, dat daar geen absolute is, 'n effek het nie. Nee ek dink nie so nie.

N. Baie dankie dan vir Dok se tyd. Ek waardeer dit.

**ADDENDUM F:** Getranskribeerde onderhoud met die respondent van voorstedelike gemeente nr. 2.

**N-Navorser**

**R-Respondent**

N. Ek wil begin om vir jou dankie te sê vir vandag, dat jy jou tyd afstaan op jou afdag om dit te doen en om my te help met hierdie navorsing. Ek waardeer dit opreg.

R. Dit is vir my net ‘n plesier. Wil jy ook hê ek moet eerder stadig praat, want jy moet dit nog in transripsie oorskryf?

N. Dit maak nie saak nie.

R. Ek praat soms nogal nogal vinnig.

N. Nee wat, ons gaan…mmm…ons gaan hom ‘n paar keer deurgaan voordat hy getranskribeer is. As ek kan begin, wil ek vir jou vra, op watter vlak lê die seksuele sele (sic), sedes en morele gedrag soos eerlikheid onder middel-adolessente? En dan vir my so bietjie uitbrei hoekom jy so sê?

R. Wel, as ek dit op ‘n skaal van een tot tien moet plaas waar een op ‘n swak, op ‘n slegte vlak is en tien op die beste of ‘n goeie vlak sal wees, sal ek sê, hulle lê min of meer op vier, vir die blote feit, ons adolessente wat ons in ons omgewing beleef, is is besig om deur ‘n groot seksuele krisis te gaan in hulle lewens, sowel as morele etiek. Ek dink as gevolg van hoe hulle gesinne hulle grootmaak. Ons leef in ‘n samelewing waar daar sekere morele aktiwiteite is wat net as vanselfsprekend en aanvaar beskou word, soos hoë alkoholverbruik en ook huwelike wat verskriklik gebreek is as gevolg van buite-egtelike verhoudings. So, ons jongmense leer by hulle ouers en in die samelewing daar is sekere aktiwiteite wat moreel aanvaarbaar is, wat oor die algemeen ‘n paar jaar terug heeltemal verban sou gewees het, soos die gebruik van alkohol, die die gedagte van die huwelik en sowel ook seksuele reinheid voor die huwelik en dis juis van daardie tipe vlakke waar hulle ook moet uh, oordeelkundig kan bedryf, van is iets moreel aanvaarbaar, is dit reg, is dit eties wat ons doen, dink ek hulle is al hoe meer en meer te val in daai skaal van oordeel. Ons sien dat hulle byvoorbeeld onderwys gebruik. Onderwys is veronderstel om op ‘n vlak te wees waar jy jouself kan uitbeeld en groei tot jou beste vermoëns. Eties moet daar respek wees, moet daar so orde wees. Dit is wat aanvaarbaar word, vir die blote feit dat ‘n onderwyser is iemand wat meer geleerd is as jy, is ‘n volwassene, iemand waarvoor jy respek moet hê, maar vir hulle maak dit nie saak wie die persoon is nie. Hulle is meer selfgedrewe oor wat

hulle wil hê, wat vir hulle aanvaarbaar is, en daarom glo ek en neem ek ook waar dat daar is 'n afname in morele etiek sowel as die seksuele sedes. Ons kom agter dat die wêreld en die samelewing se se idee van wat seks aanvaarbaar is voor en na die huwelik, al hoe meer op 'n laer skaal geskied in die sin van dat enige iets word aanvaarbaar selfs, seks onder kinders is aanvaarbaar. Die wêreld se idee van liefde is heeltemal verdraai en so, ons kinders leer dat liefde en seks is dieselfde, en om vir mekaar om te gee bewys dat hulle is lief vir mekaar word meer gepaard met dade van aanvaarding en respek, in stede daarvan is hulle besig om hoe meer en meer dit fisies en fisiologies te probeer uitbeeld op 'n ouderdom wat dit glad nie aanvaarbaar is nie.

N. Goed, indien jy van mening is dat morele verval onder sommige middel-adolessente voorkom, wat is die oorsaak of oorsake daarvoor?

R. Wel, ek dink van dit het dalk ingekom by vraag een, maar ek dink baie van die oorsake kan baie keer gekoppel word aan wat media dikteer is is aanvaarbaar sosiaal. Ons leef in 'n wêreld waar die menseregte en dit wat vir jou belangrik is en dit wat vir jou reg is en dit wat vir jou goed is, word die primêre funksie. So ons jongmense is besig om te leer dat dit wat ek as reg of dit wat ek as regverdig of dit wat ek ag vir my belangrik is, is belangrik en prioriteit en ek dink die media speel 'n rol by seksuele uitteistering by die jongmense veral. Selfs wanneer jy 'n normale TV advertensie kyk, ons vat byvoorbeeld KFC se *Avalange* advertensies, die die advertensie wat einlik moet gaan oor melkskommels en roomys, is vol seksuele suggestief van van roomys wat spat en en stroop wat drup van lippe. Uhm, die die aksie van dat iets lekker is en die aksie van seks word die heeltyd in die media gekoppel. Daar is onder bemarking 'n slagspreuk wat lui, *sex sells* en ons kan dit al hoe meer in vandag se samelewing sien. Ons kyk ook na tv programme. Waarna dat die held uit die rowwe stofveld ingestap kom en hy't 'n vrou gered, is liefde aan die hand van die dag en die liefde wat daar uitgebeeld word is seks. Ons kyk na sosiale programme, uhm, sepies, waar die algemene modus van liefde bewys, is met seks. En dan leef ook in 'n samelewing waar waar om seksueel jouself te ontdek, aangemoedig word. Jy moet gemaklik wees met jouself. Jy moet gemaklik wees met jou vel en so word dit ook dat ouers wat afwesig is in ons jongmense se lewens wat so besig is om te werk en hulle eie probleme, laat die kinders oor om te doen wat ook al hulle wil, laat hulle vry voel en omdat die ouers afwesig is, weet hulle nie wat tieners in hulle privaatheid aan aan aanvang nie en dit skep ook die geleentheid waar tieners, terwyl ma besig is om te werk in haar kantoor in die huis, sit seun en dogter op die bank voor en die twee is besig om te karfoefel (sic), want hulle weet hulle ouers gaan nie kom sien of omgee nie. Die gedagte van liefde is heeltemal verwerp, of ge-*distord* is seker die Engelse woord.

N. Ja, uh, wat is jou mening, wat kan daar van die kerk se kant af gedoen word om die skuldige partye te bemagtig om ‘n positiewe verandering teweeg te bring?

Ek dink die kerke moet ophou om suutjies te trap om die konsep van seks. Kerke oor die algemeen probeer nie die konsep van die kansel af aanspreek nie. By jeuggroepe, dan word daar as daar so, as daar oor seks gepraat word, dan word die jeugwerker soms aangevat deur ouers wat sê my kinders moenie hiervan te weet nie. Maar wat die ouers nie van bewus is nie, kinders word al van graad een en graad twee af grootgemaak met die gedagte van seks en wat gebeur as jy op ‘n verkeerde manier gebehandel word. *Childline* nommers word in graad eens en twees se sillabus ingewerk, sodat hulle kan rapporteer as hulle op ‘n manier betas of beteister of miskien verkeerdeliks hanteer, emosioneel afgebreek of fisies aangerand word. Seks is nie onbekend vir ons kinders nie, maar die kerk is afwesig as dit kom by die aanspreking daarvan, of selfs net as dit kom by die beeld van seks. Die woord seks is in die meeste kerke vir baie jare verban gewees. Ons leef in ‘n generasie waar die kerk, waar ons self kies, wanneer ‘n persoon verkeerdeliks teenoor dit optree en gevang word, byvoorbeeld op heterdaad, ‘n seun en ‘n dogter het seks gehad en sy is verwagtend, moet die kerk nie gaan en oordeelkundig net kyk en sê, oooh, sy was onrein, sy’t voor die huwelik seks uitgeleef nie, maar daar moet omvou word met liefde. Die kind sit in ‘n krisis, in ‘n penarie. Jongmense wat met, wat wat seksueel besig is, is besig om te speel met vuur en hulle moet dit laat verstaan word op ‘n liefdevolle wyse (onduidelik) van ‘n oordeelkundige lewe. ‘n Meisie wat gay is, ‘n seun wat gay is, die kerk se eerste reaksie gaan wees, hulle is ‘n afsku in God se oë is en die Woord sê so en dis waar, maar die persoon moenie net sosiaal afgesny word en uitgestoot word soos ‘n melaatse nie. Daai kind en daai persoon wat seksueel onreine wyses handel, moet omvou word met liefde. Hulle moet verstaan dat dit wat gebeur het, is verkeerd en die manier waarop ‘n tiener verstaan iets is verkeerd, is as jy hom nie net aanspreek nie want dit gaan hom net meer in rebellie in dryf, maar hy moet in liefde hanteer word dat hy tot die verstaan kom daarvan. As hy self leer om te verstaan, dan kan sy aksies verander word en ek dink dis waar die, dis waar ons sulke persone moet aanvat deur in liefde hulle aan te spreek te leer, wat die regte wyse is en hoekom. Die grootste vraag wat gevra word is hoekom. Hoekom moet ek seksueel voor die, voor die huwelik rein bly? Ek meen, as ek dan lief is vir die persoon. Seks is mos daar om te gebeur tussen ‘n getroude paar wat lief is vir mekaar. Ek en my metgesel is lief vir mekaar. Die die konnotasie is nie die huwelik nie, maar die liefde en dit is waar ons hulle moet leer om vir hulle die regte konnotasie van liefde te gee. Liefde is nie seks nie. Seks is die bewys of ‘n daad waarmee die liefde bevestig word, maar dit is nie die liefde nie.

N. Absoluut. Hughu. Na jou mening, wat is die rol wat die media speel in die vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?

R. Ek glo middel-adolessente is seker een van die media bewuste generasies wat jy gaan kry as jy kyk op ‘n sosiale skaal. Hulle is besig om hulleself te ontdek, te bepaal wie is hulle en hulle is verskriklik onseker van hulleself, en die media dikteer oor die algemeen samelewings se moreles (sic), se morele waardes, veral deur wat hulle uitbeeld. Ons kyk MTV en musiekvideo’s. Seksuele suggestief is die primêre rol van maak omtrent nie saak van watter na watter tipe genre musiek jy luister nie, maak nie saak wat die tema van die liedjie is nie, maar die tieners is primêr een van hulle grootste uhm, afwykings, of nie afwykings nie, tydverdryf, is musiek en hulle kyk daarna en hulle sien wat daar aangaan en die liedjie laat hulle goed voel en die konnotasie van wat hulle sien en wat hulle hoor en ervaar, word dadelik verbind aan ‘n goed gevoel en wanneer jy kyk na films, wanneer jy kyk na advertensies in tydskrifte, wanneer jy kyk na advertensies op TV, wanneer jy kyk na uhm, programme op TV, die seksuele suggestief word al hoe groter, die rol van seks word al hoe meer geïdentifiseer as iets van plesier en iets wat lekker is en in ons jongmense se strewe en ondervinding van wie hulle is en hoe hulle die lewe beleef, word hulle al hoe meer blootgestel aan ‘n verkeerde boodskap, dat om seksueel te verkeer, dis die lewe, om seks te hê, dit is lekker en jy’s geregtig daarop, maak nie saak van jou ouderdom nie, maak nie saak van jou geslag nie, maak nie saak van jou ras nie. Seks speel die primêre rol in die meeste sosiale media en daarom, omdat tieners so daaraan blootgestel word, vorm dit ‘n groot gedeelte van wat hulle beleef. As jy lank genoeg aan iets blootgestel word en dit word as waarheid aan jou verkoop, sal jy dit moontlik naderhand as waarheid aanvaar.

N. Na jou mening, uh, doen die kerk genoeg om middel-adolessente moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Nee. Ek antwoord nee vir die blote feit dat, maak nie saak in watter gemeente jy is nie, wanneer jy iemand vra om om adolessente te kom bemagtig of te kom bedien, die wat vorentoe tree om die werk te vervul is bitter skaars, vir die blote feit omdat adolessente ‘n moeilike groep is om te bedien. Ons idee van dissipline, ons idee van om ‘n woord oor te dra, vereis om so te sit en luister, is nie deel van die sosiale gang van jongmense nie en daarom is daar ‘n gebrek aan effektiewe leiers wat deur voorbeeld en daad en verstaan, jongmense kan oplei. Baie kerke het jeugaksies wat wat gehardloop word deur persone wat in hulle dertigs, laat dertigs, veertigs is. Die generasie *gap* tussen daai twee generasies is so groot. Waar ‘n tiener heeltyd op sy selfoon is en ons as jonger mense verstaan dit as hulle konnotasie tot hulle sosiale wêreld. Vir ‘n ou persoon is dit ‘n mors van tyd. As jy ‘n kind wil identifiseer of of heeltemal af af kordon, is dit een van die eerste dinge wat jy gaan doen as jy daai tipe gevolgtrekking wil maak. Ons kort jong leiers wat jongmense verstaan en die evangelie van liefde aan hulle kan oordra in ‘n boodskap wat hulle kan aanvaar en wat hulle kan verstaan. Groot woorde, komplekse teologiese voorstellings is nie wat ‘n jongmens by

die Here gaan bring nie. Die tekort aan liefde wat hulle so na smag, dit is wat dit gaan doen, maar jy moet hulle kan ontmoet op hulle vlak. Paulus het self gesê, jy moet ‘n persoon, hy hy gaan uit om persone te ontmoet. Die vir die vir die ongelowiges, word soos ‘n ongelowige, vir die Jode word hy soos ‘n Jood, vir die Romeine word hy soos ‘n Romein, om die mense die mees effektiefste te lei na God toe. Ek dink nie ons het effektiewe leiers in ons jongveld nie en ook as ‘n mens kyk na navorsing selfs in wêreldwyd. Daar’s baie navorsing onder volwassenes. Hoekom? Want volwassenes is die grootste monetêre drywers in markte. Jongmense nie. Jongmense manipuleer hulle ouers om sekere dinge te doen, maar as jy kyk na navorsing, selfs in Suid-Afrika, word daar bitter min navorsing gedoen oor wat gaan eintlik aan onder ons jongmense. As die kontemporêre wêreld nie eers eintlik veel moeite wil doen om onder jongmense navorsing te doen, hoe baie gaan ons kerke doen? Ek wil eintlik sê, oor die algemeen word ‘n jeugaksie geloods net as nog iets om jongmense besig te hou of wat verwag word en dis verkeerd.

N. Het het jy enige voorstelle hoe ‘n mens hulle kan kan bereik? Wat jy praat van op hulle vlak bereik, dat jy hom nie afkordon nie?

R. Hmm. As ek kan sê vir voorstelle, dink ek ons is as as leiers in die jongmensveld werk, of die persone wat daar gaan werk, moet toegerus word, eerstens. Om te verstaan waardeur ons jongmense gaan. Hulle moet blootgestel word aan sosiale media, hulle moet blootgestel word aan aan aan aan kennis van wat die jongmense deurgaan. Baie volwassenes sal geskok staan as hulle moet uitvind wat’s die seksuele tendens in ons land. Persone wat met jongmense werk, moet van die begin af opgelei word om daarvoor uit te kyk, kennis daarvoor te bekom. Ons moet ophou om mense net in velde te druk, maar ons moet hulle oplei om leiers te wees in die velde. En dit beteken soms dat gemeentes gaan moet uitgaan en geld uithaal en hulle jeugleiers stuur vir opleiding by instansies wat veral spesialiseer in tienerbediening, sodat hulle daardie persone beter kan kan bereik. Ook ‘n tiener se se se sosiale bestaan gaan meer oor kontak. Hulle soek gereelde kontak. Hulle wil weet jy is daar wanneer hulle jou gaan nodig hê. Hulle wil hê, wanneer húlle jou nodig het, moet jy binne bereik wees. Ek dink wat ‘n voorstel daar is, ons moet, ons moet ons leierskap wat met jongmense werk, laat verstaan dat hulle moet teenwoordig wees in die jongmense se lewens. As jy teenwoordig gaan wees in ‘n jongmens se lewe en jy bou ‘n vertrouensverhouding deur wye spektrum van aktiwiteite, groepsaktiwiteite. Ons moet verstaan, ons jongmense word blootgestel aan wêreldwyd wat konstant besig is om plesier voor die oë te hou. Om ‘n jeugbediening te hardloop wat bloot gaan om oor in ‘n kombuis te sit op ‘n Vrydagaand en net Woordstudie te doen, gaan heel waarskynlik nie so effektief wees as wat jy daai aanbieding probeer vat praktiese vlak en ‘n meer pretbare vlak nie. Ons moet onthou, jongmense is ongelukkig baie essensieel gedrewe deur aktiwiteite, deur hulle

blootstelling aan aan pret, om nie net stil te sit nie, maar om te beweeg, om nie net stil te bly nie, maar te kommunikeer, om geleentheid gegee te word om ook eerlik te kan praat. Ek dink dis miskien een van die belangrikste dinge. Terwyl (onduidelik) ons wil baie keer vir hulle voorsê wat dit moet wees, maar ons gee nie vir hulle die geleentheid om ook te kan bydra tot 'n gesprek nie. Tieners wil kan sê wat hulle voel, wat hulle dink, en daar moet 'n betroubare vertrouensverhoudings en omgewings geskep word waar jongmense eerlik kan praat oor 'n probleem, sonder die gedagte dat ek gaan of agtervolg word as gevolg van dit, dit gaan by my ouers uitkom of ek gaan nou ge-*judge* word deur my jeugleier. As 'n jongmens sukkel met seks voor die huwelik, moet hy vir jou kan kom sê, sonder die vrees dat dit by sy ouers en die res van die gemeente gaan uitkom en ek dink miskien is dit nog 'n vlak. Ons moet omgewings skep waar gebou kan word en behou kan word.

N. Wonderlik. Wat kan hughu, spesifiek van die AGS-Kerk se kant af gedoen word om middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Ek dink die AGS-Kerk kan miskien meer navorsing doen aan aan leerprogramme wat op 'n jongmensvlak aangebied kan word. Baie jeugleiers moet elke week self voorbereiding doen. Daar's nêrens 'n 'n globale raamwerk waar die AGS kan sê, luister ouens as julle hierdie byvoorbeeld, hierdie jeugprogram se inligting probeer implementeer in julle in julle jeuggroepe, kan ons gesamentlik bydra tot 'n beter kwessie. Elke gemeente is te afsonderlik besig met sy eie ding. Daar's nie een groot fakkel waaronder ons kan staan en sê goed, wel hierdie jaar wil ons ons jongmense leer van seksuele reinheid. Gemeentes, hierso is 'n voorgestelde sillabus wat opgestel is deur bekwame, professionele persone wat daagliks, weekliks met jeuggroepe werk nie. Daar's nie 'n (onduidelik) sambreel soos dit nie. Daar's nie iets wat ons bymekaarbring om as, as denominal denominasionele groep om ons jongmense te te ek wil amper sê, te *target* in sekere afdelings nie. Almal is te veel besig met hulle eie dinge. Die AGS-Kerk kan miskien hulle jeugrade of jeugberaad meer effektief ondersteun om seker te maak dat sulke tipe boodskappe deurgevoer word. Sulke tipe planne, sulke byeenkomste gereël kan word waar jongmense en jong leiers beter opgelei kan word om die werk te doen. Ek dink ons doen te veel op ons eie.

N. *Great.* Uh, doen die kerk genoeg om middel-adolessente bewus te maak van die gevare van *chat-rooms* en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?

R. Ek dink die jeugleiers wat nie noodwendig kerkleiers is nie, probeer, maar as jy in 'n gemeente groot, as jy in 'n gemeente bedien waar die hele idee van seks onder die jongmense taboe is, nee, dan gaan daar nie enigsins daaroor gepraat word nie. Ek dink daar moet van die kansels af ook gepraat word, wat beteken dat pastore bewus gemaak moet word van dit. Hulle moet ook kan sê, luister, dit is nie net tieners wat hierdie hierdie

goed gebruik nie, dit is volwassenes ook. Ek dink as as ons so daarna kyk, het ons as kerk ons tieners baie ver gefaal. Ek dink nie ons doen genoeg nie. Ek dink nie ons praat genoeg daaroor nie. Ek dink ons moet ook besef dat ons die jongmense se lewens wat nie so rooskleurig of so eenvoudig soos wat ons eie lewens was toe jonger was nie. Die probleme wat beleef was oor verskillende jare, ja, seks is nog altyd ‘n *issue* gewees maar dis moonlik baie in ons jongmense se gesigte gedruk (onduidelik) soos dit vandag is nie. ‘n Foto van ‘n man en vrou wat soen langs ‘n bakkie was dalk in die jare tagtig al gesien as iets wat af afskuwelik is. Dit is die minste wat ons jongmense aan blootgestel word. Ek dink ons as kerke behoort openlik te praat oor gevare wat vir jongmense ingehou word en dit beteken ons moet bewus gemaak word van die gevare, ons moet leer, ons moet gaan studeer, navorsing doen wat is die huidige tendens onder gevare onder jongmense, en daardeur sal ons meer effektief daaroor kan praat. Maar dan moet dit ‘n prioriteit vir ons wees. Jongmense moet prioriteit word.

N. Sê vir my, die die kwessie van van pornografie uh, die vrylike beskikbaarheid daarvan, hetsy op op enige vorm van, of dit nou internet is of dit nou tydskrifte is, of dit DVD’s is of wat, dink jy ons praat genoeg met ons jongmense oor ...

R. Nee.

N. Oor die gevaar, uh, spesifiek die gevaar van pornografie?

R. Ek dink nie ons doen nie. Ek dink nie eers van ‘n kansel af waar meeste volwasse mans in dieselfde tipe groef vasgevang nie, word daar van gepraat nie. Dit is gewoonlik ‘n taboe onderwerp as iemand met jou kom praat daaroor, dan word dit as geheimenis gehandhaaf. As ons nie eers bereid is om met volwassenes oor oor die onderwerp te praat nie, hoe hoeveel te meer gaan ons met jongmense, waar ons ongemaklik voel, daaroor praat? Daar word baie keer gespot oor *the talk* wat ouers met hulle tieners moet hê, waar ‘n ouer senuweeagtig raak as hy net dink hy moet vir sy tiener op een of ander stadium sê waaroor gaan seks en hoe werk dit. As ‘n ouer nie eers met sy eie kind daaroor kan praat nie en ons as gemeenteleiers nie eers met ons volwasse mans daaroor kan praat nie, wat is die waarskynlikheid dat ons met ons jonger tieners, wat nie eers ons eie kinders is nie daaroor wil praat nie. Pornografie is ‘n groot probleem. Ons jongmense word blootgestel op so eenvoudige wyse. Omtrent almal het selfone met internet toegang. Dit beteken *You Tube* is beskikbaar. Daar’s webtuistes daar buite wat dit vrylik aanbied, sonder enige prys wat betaal hoef te word, en jongmense is natuurlik ook *inquisitive.* Hulle wil weet wat aangaan. Hulle wil sien wat aangaan. So nee, ek dink nie ons, ek dink nie ons doen genoeg om ons jongmense bloot te stel of in te lig oor die gevare daarvan nie. Die die manier hoe hoe dit huwelike, en

en jou beeld van wat liefde oor gaan, en seks is, waarvoor vrouens en mans geskape is, in te lig nie. Ons, ons ek dink nie ons doen genoeg nie. Nee.

N. Dan net een laaste vraag wat ek wil vra is, dink jy dat die postmodernistiese siening dat daar geen absolute is nie, 'n effek op middel-adolessente het?

R. Ek sal sê ja, maar ek dink die groter faktor wat 'n impak het op middel-adolessente is, is die gedagte dat ék wil weet vir myself, wat is reg en verkeerd. Almal sê my hele lewe lank nog vir my wat is verkeerd en wat is reg. Hoe weet ek hulle is reg? Ek wil dit self beleef. Ek wil dit self ervaar. Tieners is uit om om hulleself te ontdek en deur selfontdekking kom baie keer ekperimentasie. Ja, die samelewing daarbuite sê dat ons self kan bepaal wat vir ons goed en sleg is, maar ek dink in Suid-Afrika is daar nog 'n groot gedeelte van ons godsdiens wat nog deur sekere generasies aangedra word. Ek dink miskien in Amerika nog meer as hierso sal sal die postmodernisme definitief 'n groter rol speel, maar in Suid-Afrika, ek dink probeer jongmense hulleself ontdek. Hulle probeer self waarhede kry. Dit bygesê, met die groot toeganklikheid wat wat jongmense tot die internet het, is daar soveel bronne wat dit wat ons as reg bestempel, argumenteer is verkeerd. En ek dink dit beïnvloed wel 'n groot gedeelte van hulle goeters. Baie, daar's baie argumente en video's byvoorbeeld, wat Christenskap as as vals bestempel en dat jongmense op soekend na antwoorde, op soekend na homself, sal grootgemaak geword het met Christelike normes en waardes, en nou sien hy 'n video wat dit in twyfel trek en van daar af sal sy gedagte aangaande wat reg en verkeerd is heeltemal verander word. Ek dink ook die gedagte van, jy dink jy is beter as ouer om vir my te sê, ja en nee. Ek sal self bepaal wat reg is vir myself en ek dink dit speel 'n groter rol as die postmodernisme. Selfs toe toe volwassenes wat nou as volwassenes jonger was, jou pa sou vir jou gesê het, nee, dit is verkeerd, self gegaan het om te bepaal of dit verkeerd is of nie. Juis die gedagte dat iets taboe of verkeerd is, is vir tieners 'n groter aanloklikheid om te bepaal, ek sal self sien. Ek sal self bepaal. Dit is miskien waar 'n eienskap van postmodernisme dalk na vore kom, maar dit is nie noodwendig iets wat geleer is nie. Ek dink dis die menslike natuur van self bepaal en uitvind, en dan die waarheid bepaal soos wat uitvind.

N. Baie dankie vir jou tyd.

R. Neil, dis 'n plesier.

**ADDENDUM G:** Getranskribeerde onderhoud met die respondent van voorstedelike gemeente nr. 3.

**N-Navorser**

**R-Respondent**

N. Ek wil begin deur te v baie dankie te sê vir die tyd vanmôre om om net hierdie onderhoud met jou te kan voer en hierdie paar vrae te kan vra en ek wil begin om te vra, op watter vlak lê die seksuele sedes en morele gedrag soos eerlikheid onder middel-adolessente? En vir my bietjie uitbrei daarop, hoekom jy so sê?

R. Kyk ek sal sê as ‘n mens dit eers evalueer tussen ‘n een tot tien, met tien goed en een sleg, dan sal ek sê dat dit ten minste hier by ‘n vier trek al, weens die feit dat jou ouers baie min teenwoordig is by jou adolessente vandag, met opvoeding, met ondersteuning, met ‘n ouer wat daar moet wees om vrae te kan self beantwoord, waarvan ouers self dan ook geen antwoorde voor het nie. Wat self nie eers deur die Woord, leiding meer ontvang as hulle deel van die feit dat die Woord vir jou rigting en leiding gee en die ouers dit nie bespreek nie, so hoe kan die kinders dit hê. So, ek dink die die die afwesigheid van die ouers maak dat die kinders al reeds amper ‘n volwasse lewe wil lei.

N. En en sê vir my oor die eerlikheid, dink jy…

R. Eerlikheid dieselfde. Jy weet, eerlikheid word maar geleer vanuit mense wie hulle rigting gee in die lewe. Byvoorbeeld, as die ouers nie daar is nie, watter voorbeelde het hulle andersters as hulle vriende, en hoe kan vriende selfs dit doen as hulle nie ‘n ouer se leiding het nie? So, eerlikheid weet ek nou nie of dit nou rêrig enigsins ‘n betekenis het nie, vir hulle. Ek sal sê dat die meeste van jou jongmense, vir hulle is die woordjie eerlikheid maar net ‘n woord, sonder ‘n betekeninis.

N. Goed, uh, indien u van mening is dat morele verval onder sommige middel-adolessente voorkom, wat is die oorsake daarvoor?

R. Definitief jou televisie, jou internet, definitief hulle vriendekringe, definitief die feit dat ouers afwesig is, definitief die feit dat jou uh, Christelike godsdienswaardes word ondermyn vanuit regeringsoogpunte regdeur tot en met die vlak van waar ouers nie eers meer daaroor omgee daaroor nie.

N. Wat kan daar van die kerk se kant af gedoen word om die skuldige partye te bemagtig, om ‘n positiewe verandering teweeg te bring?

R. Ek sou sê op hierdie stadium sal die kerk nie enigsins enige mag hê nie, want as gevolg van die feit dat ‘n kerk vrywilliglik bygewoon word deur ouers en kinders, het dit nou al reeds tyd geword vir die kerk om meer afhanklik te wees van die Heilige Gees, dit vir jou so vir jou kinders en jou volwasse gemeentelede te kan leer. ‘n Voorbeeld vir hulle te kan wees, dat dit wel daar is om jou leiding te gee. So om ‘n kerk te sê, dat ‘n kerk die oplosser wees van die probleem, is nie die antwoord nie, want die kerk kan nie die oplossing bring nie, alleenlik wanneer ‘n mens maar as kind van God in die kerk voorbeeld kan wees, waarin jy hulle leer, vir mense, dat jy afhanklik is van die Heilige Gees, God die Heilige Gees, sou jy as mens nie kan ander mense kan dwing, al is ons ‘n AGS, of ‘n NG of wat se kerk ookal is. Die woordjie kerk vandag dink ek het vir die mense geen respek meer oor nie.

N. Na u mening, wat is die rol wat die media speel in die vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?

R. Wel, die media speel geen goeie rol, positiewe rol nie. Hulle breek net af. Ons media is deesdae sleg. Selfs as jy luister net hoe mense deesdae oor die radio praat, of hoe hulle hulle koerante skryf. Jy jy kry eintlik skaam om vandag selfs net ‘n koerant oop te maak voor ‘n jongmens, want jy weet nie wat om te verwag as jy hom oopmaak nie. So, ek dink die morele verval is al reeds in alle uh, koerante, selfs op die radio en die televisie, al reeds so erg dat daar nie ‘n manier is dat hulle kan enigsins van hulle kant af iets daaraan doen nie. Nou mag ek dalk negatief klink, maar ek dink ons lewe in ‘n tyd waar dat ouerskap se leiding het al verval tot so ‘n aard waar die kinders maar net gaan en doen wat hulle wil.

N. En jy skryf dit aan die media toe?

R. Ek skryf dit aan media toe. Ek skryf dit ook toe in die sin as jy gaan kyk na ouers wat watse goed hulle deesdae op die televisies sit en kyk saam met hulle kinders, wat se koerante hulle lees saam met die kinders. Ek dink daar was ‘n tyd gewees waar dat ‘n mens moet besef dat die ouerskap is die voorbeeld vir ‘n kind en dit wat die ouers toelaat vanuit die media uit en die media verkondig en sit dit op beeld, so hoe gaan ‘n mens dit alles anderster kan hanteer. Ek sal sê dat die media is deesdae die grootste sondebok saam met die ouers.

N. Na u mening, doen die kerk genoeg om die middel-adolessente moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Ek sal sê vyftig, vyftig. Sommige kerke is al so van aard dat hulle nou al saam met die wêreld beweeg en dan sal daar sommige wees wat selfs dit probeer verander. So, ‘n ou kan nie hulle almal in een kraal gooi en sê dat dié kerk gaan goed doen, of dié kerk doen nie

goed, of dié kerk doen nie goed nie, want dit hang alles af van die spesifieke leier van daai gemeente. As so ‘n gemeente self nogsteeds sedelike uh, uh, waardes het in sy eie huishouding, sal hy dit sekerlik deurvoer na sy gemeentelike opset, kerklike opset. So, om ‘n kerk eintlik af te sonder, sou ek sê is eintlik ‘n bietjie van ‘n moeilike saak om te sê dat die kerk die oorsaak is van iets wat verkeerd gaan, of dis die kerk se werk om dit reg te stel. Alles begin by die huis.

N. Wat kan daar van die AGS se kant, kerk se kant af gedoen word om die middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Ek sal sê deur middel van ons jeugdienste, deur middel van ons boodskappe, oggend en aand. Sondae-oggende, Sondagaande. Die kerk kan die voorbeeld wees en die ouers en die kinders kan dit vat of dit los. Ughum. Ek dink nie dit moet gaan, en en en dis waar ek die meeste, waar ek netnou gesê het van vyftig, vyftig persent van kerke, is daar ‘n vyftig persent van jou kerk ughum, wat daarop uit is net om mense se gehoor te streel, mense gelukkig te laat voel, *seeker sensitive* te raak en dan is daar ander weer wat die waarheid praat soos wat dit moet wees en daaruit ook maar lyding te vat. *Sometimes you have to be cruel to be kind* en ‘n leier is nie altyd iemand wat wat geliefd is as hy goed moet sê wat hulle raak nie, so ‘n mens kan baie keer in ‘n kerklike opset, en dan praat ek nou nie net van die AGS nie, ek praat selfs van enige kerklike opset, want ek dink dit is is elke kerk se se se verantwoordelikheid om die Woord te bring soos wat dit moet wees. Waar die Woord vol etiese normes is, van voorbeelde wat daarin is wat oorgedra kan word, en somtyds moet jy dit predik, en dan is daar mense wat nie daarvan hou nie en dis hulle keuse wat hulle maak daarmee. So, ons kan nie op die ou einde van die dag die Heilige Gees wees wat spreek tot hulle harte nie, maar ons moet ‘n kanaal wees vir die Heilige Gees en vertrou dat die Heilige Gees wel spreek tot so ‘n persoon se hart en as en as hulle dan aan die Heilige Gees verantwoording doen en op daardie inspraak reageer waar dat hulle voel hulle word aangespreek, dan is dit reg, maar ‘n mens kan nie die ding verander nie.

N. En dan uh, doen die kerk genoeg om middel-adolessente bewus te maak van die gevare van *chat rooms* en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?

R. Jy weet, jy kan nit praat van ‘n saak waarvan jyself kennis het nie. So, vir my gaan dit nou eintlik ‘n baie moeilike ding wees om te gaan praat oor so iets en te sê die kerk doen genoeg of die kerk doen nie genoeg nie. Eintlik sê hulle vir ons, word ‘n dronkie om ‘n, om ‘n dronkie by die Here uit te bring, huh huh, met ander woorde, hulle sê vir ons gaan kyk wat is ‘n *chat room* en gaan kyk waar is pornografie en dan antwoord jy daarop, so eintlik probeer hulle dat ons ‘n vraag moet beantwoord waarvan ‘n mens nie kennis dra nie.

N. Maar dink jy van die kerk se kant af, dat ons dat ons die die jongmense genoeg attend maak dat van die gevare op die internet, ek meen, pornografie is een van die dinge…

R. Ja maar nou, kom ons vat byvoorbeeld as jy met vir ‘n kind sê uh, uh, hy moenie met vuur speel nie, dan vat jy daai kind en jy wys hom, dis wat kan gebeur as jy met vuur speel. Jy vat die vuurhoutjie en jy steek hom aan die brand en jy wys vir die kind dit gaan brand en beseer. Of ‘n stoof. Jy sit ‘n stoof aan en jy wys vir die kind dit is warm, jy gaan jou brand. Wat moet ons nou maak as dit kom by pornografie? Hoe moet die kerk maak? Ek is nie seker ek het ‘n antwoord vir dit nie.

N. Dink jy dat post, dat die postmodernistiese siening dat daar geen absolute is nie, ‘n effek het op middel-adolessente?

R. Definitief. Kinders het alreeds dit as ‘n verskoning dat hulle self (onduidelik) kan regverdig ten opsigte van enige iets wat hulle verkeerd doen in die lewe, en alvorens hulle nie by daai punt kom waar die kerk soos die mense hom geken het as Pinksterkerk, waar ‘n mens die krag en die teenwoordigheid van die Heilige Gees beleef het, waar hulle nie by daai punt kom dit te beleef en te ervaar nie, gaan ‘n kind die reg hê om te sê wat hy wil.

N. Goed, baie dankie. Hiermee beëindig ons dan die onderhoud.

**BYLAAG H:** Getranskribeerde onderhoud met die respondent van plattelandse gemeente.

**N-Navorser**

**R-Respondent**

N. Baie dankie vir jou tyd dat ek die onderhoud met jou kan voer.

R. Dis ‘n plesier Neil.

N. Ek wil begin deur te vra, op watter vlak lê die seksuele sedes en morele gedrag soos eerlikheid onder middel-adolessente en vir my so bietjie uitbrei waarom jy so sê?

R. Neil, ek dink dit is uiters laag. Uhm, en ek sê dit na aanleiding van wat ek die laaste jaar in ons eie plattelandse gemeenskap in in in Wolmaransstad gesien het. Ons hoërskool het omtrent driehonderd en vyftig leerlinge en in die laaste jaar het sewe meisiekinders uh, tussen tussen uh, standerd sewe en matriek het swanger geraak. Een meisiekind het in die laaste jaar twee keer swanger geraak en ek weet van een seun wat twee meisiekinders swanger uh, gemaak het in die skool. Uh, ek ek sien dit ook as ek kyk na ons jeugkampe. Die goed wat daar uitkom, uh, dit wat kinders praat en en die terugvoer wat ek van ons jeugwerker kry oor die dinge waarmee kinders sukkel. Ek ek wil sê, ek dink dit is uiters laag.

N. Goed, indien jy van mening is dat morele waardes die morele verval onder sommige middel-adolessente voorkom, wat is die oorsake daarvoor?

R. Neil, ek dink eerste moet ons na die ouerhuise toe gaan. Uhm, ouers onderrig hulle kinders nie moreel of eties nie. Uh, daar is nie meer iets soos huisgodsdiens nie. Ek weet nie van een kind wat vir my kan vertel dat daar in hulle huis, huisgodsdiens gehou word nie. Uh, kinders het baie vryheid. Hulle het vrye toegang tot dinge soos pornografie, uhm, musiek, drank is vrylik beskikbaar in in in ouerhuise. Uh, dan het ons die probleem in ons land waar daar groot aantal Nigeriërs en Chinese in die land inkom, self op ons plattelandse dorpies. Uhm, en hierdie ouens is hier vir een rede. Hulle is nie hier om enigsins iets opbouends tot ons dorp of tot ons land by te voeg nie. Hulle is net hier om geld te maak en hulle sal kinders misbruik daarvoor. Hulle sal tieners misbruik daarvoor. Hulle is net hier vir een rede. Dan is gebroke ouerhuise dink ek, nog ‘n probleem. Uh, die hof gee kinders vir een ouer om om toesig oor te hou en te gaan kuier by die ander ouer. Pa het ‘n meisie en pa slaap saam met die meisie en ma het ‘n nuwe vriend en kinders word verwek buite die huwelik, uhm, en ek ek dink die swak morele standaarde van ouers en en jammer om te sê, maar wat veral uit gebroke huwelike kom, word kinders se norm. Uh, ek dink die grootste probleem lê seker by ouerhuise.

N. Wat sal jy sê kan daar van die kerk se kant gedoen word om die skuldige partye te bemagtig, om 'n positiewe verandering teweeg te bring?

R. Neil, ek ek wil weer terugkom na die ouerhuis toe en sê miskien kan die kerk sterker, beter begeleiding aan ouerpare gee, sodat ons sterker gesinne kan hê. Uhm, ek dink sterker gesinne gaan noodwendig lei tot sterker jongmense. Ons moet dalk ouers bemagtig om om hulle kinders Bybelse waardes te leer en hoe hulle hierdie Bybelse waardes prakties gaan toepas elke dag. Dan gaan ons ook nie die situasie kan verander van die kerk se kant af, sonder evangelisasie nie. Die kerk verander mense deur hulle in verhouding met die Here Jesus te plaas. Die Here Jesus se standaarde te leer, uhm, ek dink ons kan dit doen.

N. Na jou mening, wat is die rol wat die media speel in die vorming van morele sedes en waardes by middel-adolessente?

R. Ek dink nie ons kan die rol van die media ooit oorskat nie. Media speel 'n baie belangrike rol. Ongelukkig is dit 'n afbrekende rol. Uhm, ek dink die media is seks gelaai. Seksueel gelaai. Seks behep. Uhm, self programme wat gemik is op kinders en en jongmense, uh, word die seksuele aanhoudend voorgehou. Uhm, die advertensiewese is skuldig hieraan, as jy byvoorbeeld kyk na die nuwe Axe deodorant advertensie, is is maar een van vele. Uhm, Mainstay drank advertensies wat vroue uitbuit; uh, skamel geklede vroue gebruik in hulle advertensies en en dan is daar die talle artikels in selfs gesinstydskrifte, wat gaan rondom die seksuele en nie noodwendig in 'n, in 'n onderrig uh, trant nie, maar eerder sensasioneel. Uhm, natuurlik is musiek nog 'n probleem. Dalk een van die grootstes. In byna elke genre van musiek word die boodskap van seksuele perversie uitgedra. Die woorde is gevaarlik. Ouens luister goed en ouers uuuh, luister dalk nie altyd na die boodskap wat dit oordra nie. As jy byvoorbeeld dink aan Jennifer Lopez se nuutste treffer. Ek weet nie of jy dit al gehoor het nie, Neil? Maar uh, sy sê goed soos uh, die lied se naam is *Dance Again.* Sy sing goed soos: "uh, I love to make love to you baby" en en dan antwoord 'n man haar en hy sing: "I want to be a playboy to to the death" en "Mammy let me open your treasure chest". Alles seksueel suggestiewe goed. Baie musiek is ook baie meer uhm, eksplisiet en die video's wat daarmee saamgaan, die DVD's, musiekvideo's wat daarmee saamgaan, uhm, beeld nogals vrouens dikwels uit, dink ek as 'n seksuele objek. Die woorde is pornografies, hierdie is pornografiese musiek. Die goed is seksueel gelaai en dit is waarna die jongmense luister. Uhm, die boodskap dink ek van baie van hierdie musiek is dat seks en seksuele losbandigheid is gelyk aan liefde. Liefde word voorgehou as as as seksuele losbandigheid. Uhm, Madonna en die Spice Girls sing goed soos "pop my cherry", wat 'n uitnodiging is tot seksuele losbandigheid. By ons hoërskool op die plat en en ek sê weer, dit is 'n plattelandse hoërskool, driehonderd en vyftig leerlinge, is veronderstel om 'n baie meer gesonde

omgewing te wees as die stad. Dit is sommige ouens se persepsie, het daar hierdie jaar met hulle revue of of musiekfees soos hulle dit noem, ‘n skokkende ding gebeur. Die opening van hierdie musiekfees fees was ‘n klomp van ons hoërskool se kinders wat lady Gaga, wat bekend is vir haar seksueel en gewelddadige eksplisiete goed. Uhm, ‘n klomp van die kinders het geopen met die sing van hierdie lied, ‘n klomp liede van haar, so samestelling van van liedere van lady Gaga. Uh, tog het hulle die aand geëindig met die sing van uh, geestelike lied van Juanita du Plessis. Ek dink dit verwar die kinders en wat vir my die ergste was, was dat nie een ouer het gaan kla daaroor nie. Ouers het dit steeds bygewoon, ouers het steeds kaartjies gekoop, hulle kinders aangemoedig om deel daaraan te neem. Geen ouer het ‘n klag daaroor gaan lê nie. Dan is daar ook goed soos sosiale netwerke, goed soos facebook, uhm, bbm, twitter, uh, whats app, uh die die probleem met die goed vir my is dat jy kan jou kind goeie waardes probeer leer en ‘n sekere uh, standaard handhaaf, maar jou kind word blootgestel deur middel van die goed, blootgestel aan soveel ander mense se waardes en ek ek dink byvoorbeeld aan die musiekfees wat ek nou genoem het. Een van die afrigters daarvan wat elke dag vir ‘n maand of meer met die kinders gewerk het, sal op haar bbm status ietsie sit soos, *it’s one of those days, I just don’t feel a fuck.* Uhm, dis iets van haar waardes. Al die kinders wat sy afgerig het, wel ek sê almal, ek glo die meeste is op haar bbm uh, profiel. Hulle juffrou sê hierdie goed. Hulle sien dit is die vrou wat ons afrig en dit is haar waardes. Antwoord dit jou vraag?

N. Ja baie dankie. Ek wil net hier by die volgende vraag uitkom, uh, na jou mening, doen die kerk genoeg om die middel-adolessente moreel-eties te ondersteun en te onderrig?

R. Neil, uh, ek kan nie regtig vir die breë kerk praat nie. Ek kan praat oor ons gemeente en sê ons ons wend ‘n moedige poging aan, dink ek. Ons het ‘n jeugwerker aangestel, ‘n voltydse jeugwerker wat uh, betrokke is by al die skole in ons dorp en dan by ons gemeente se jeug. Uh, hy bou verhouding met die, met die jongmense, middel-adolessent dan, uhm, ek moedig hom aan om toeganklik te wees vir die kinders. Uhm, hy maak ook gebruik van die sosiale netwerk om met hulle kontak te behou, As hulle in ‘n situasie beland is hy daar, weet hulle hulle kan met hom kommunikeer, uhm, maar ons moet ook nie uit die oog verloor dat dit nie regtig na my mening die kerk se primêre taak is nie. Dis goed die wat moet by die huis gebeur. Uh, die kerk spandeer as’t ware baie min tyd uh, met ‘n jongmens. Miskien as jy ‘n jeugbyeenkoms ‘n week in ag neem en ‘n erediens uh, drie ure, drie en ‘n half ure dalk ‘n week, uhm, en dan is dit in ‘n groepsverband. Dis nie werklik een tot een uh, ek dink tog die ouerhuis is die aangewese plek waar hierdie hierdie goeie grondslag gelê moet word vir kinders. Waar hulle hierdie moreel-etiese waardes geleer moet word.

N. Goed, wat sal jy sê kan daar van die AGS se kant gedoen word om middel-adolessente meer effektief moreel-eties te ondersteun en onderrig?

R. Uh, Neil, uhghum, ek dink die AGS as genootskap, as denominasie se invloed kan net op een manier strek tot by ‘n plaaslike gemeente en dit is die opleiding van die werkers. Jeugwerkers, pastore uhm, dalk meer bewus gemaak word van van ‘n die jeug se leefwêreld. Ek dink spesialis opleiding is seker die antwoord. Uh, kandidate te identifiseer wat ‘n roeping hiervoor het om met jongmense te werk, ‘n begeerte daarna het en hulle dan goeie spesialis- opleiding te gee, maar dit sal ook voortgesette opleiding moet wees. Uhm, die middel-adolessent se leefwêreld verander lyk vir my geweldig vinnig, want soos tegnologie verander, verander hulle leefwêreld. Uhm, hulle word toegegooi onder inligting en en uh, ek dink voortgesette opleiding van ouens in hierdie veld, dit is belangrik.

N. Goed, net die voorlaaste vraag, doen die kerk genoeg middel-adolessente bewus te maak van die gevare van *chat rooms* en vrye internet toegang met die gevaar van pornografie daarin verskuil?

R. Weereens sal ek hugh, hugh, verskoon, sê ek moet praat vir ons gemeente en dan moet ek sê, nee, ons doen dit nie. Uhm, en die rede dat ek vir jou sê ons voed nie die ouer op om die gevare daarvan te verstaan nie. Uhm, ouers is die party wat beheer kan uitoefen, ouers is weer die party wat weer die kind moet leer, uhm, keuses maak. Morele keuses maak, godsdienstige keuses. Uhm, en dan is daar natuurlik as as ek na die breër kerk moet kyk, die ouer geslag, generasie wat nie noodwendig kennis van hierdie dinge het nie en gevolglik kan hulle nie regtig hulle mense leiding gee hieroor nie. Ek wonder of van hulle weet dat hierdie goed bestaan.

N. En dan net die laaste vraag, uh, dink jy dat die postmodernistiese siening, dat daar geen absolute is nie, ‘n effek op middel-adolessente het?

R. Absoluut. Ek dink, ‘n enorme effek, Neil. Uh, dit is my opinie dat hierdie een van die areas is waar die kerk vandag en en ek sê die kerk in Suid-Afrika, ek sê nie noodwendig die AGS nie, ons seker maar ook dan, uhm, jongmense geweldig faal. Ek glo kinders wil grense hê. Waar ek sommige Woensdae die godsdiensonderrig by ons hoërskool uhm, hanteer, merk ek op dat kinders wil ‘n ja of ‘n nee antwoord hê. Kinders wil ‘n swart of ‘n wit antwoord hê. Kinders is vuisvoos geslaan met grys gebiede, uhm, en ons gee hulle nie meer grense nie. Ek dink kinders soek, jongmense soek grense, maar die kerk gee hulle nie meer grense nie. Uhm, ons moet hulle weer absolutes leer en ek dink ons moet die outoriteit van God se Woord weer onder die jongmense vestig. Dit is ons norm, dit is ons standaard. Hulle moet leer wat is reg en verkeerd en begin luister. Dankie Niel.

N. Baie dankie en daarmee gaan ons dan hierdie gesprek beëindig. Baie dankie vir jou tyd.

**ADDENDUM I:** Voorbeeld van toestemmingsbrief wat ouers moes onderteken om toestemming te verleen dat hulle kind(ers) vrywillig aan die navorsingsproses mag deelneem.

12 April 2013

Geagte ouer/voog

**VERSOEK TOT TOESTEMMING VIR NAVORSING**

Ek is 'n MA (Pastoraal) student aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Ek is besig met 'n navorsingsprojek getiteld, "Die taak van die AGS-Kerk ten opsigte van die moreel-etiese toerusting van middel-adolessente – met spesiale verwysing na die invloed van musiek."

Die navorsing geskied onder toesig van Prof. M. Nel (NWU/AGS) en Prof. G. Breed (NWU).

Om die navorsing te voltooi, benodig ek sekere inligting wat kinders tussen die ouderdomme van 14-18 jaar aan my sal kan verskaf.

Die navorser onderneem om;

- Die anonimiteit van elke deelnemer te beskerm en geen deelnemer se identiteit sal in die verhandeling vermeld word nie;
- Die toestemmingsbriewe en vraelyste sal direk na afloop van die datavaslegging in veilige bewaring geplaas word, waartoe alleenlik die navorser toegang sal hê;
- Geen bevindings te maak wat buite sy kompetensie val nie (bv. hy sal nie enige diagnoses maak wat alleen 'n Psigiater kan maak nie).

Deur hierdie vorm te teken en aan u pastoor te oorhandig, verleen u toestemming dat u seun/dogter aan die studie mag deelneem.

Indien u enige navrae het, kan u my gerus kontak by 082 423 1207.

__________________________ __________________________

Naam van u kind Handtekening van Ouer

Vriendelike groete.

Neil (D.J.) du Plessis

M-Student

**ADDENDUM J:** Voorbeeld van vraelys wat vir kwantitatiewe navorsing gebruik is

Geagte jongmens,

Die doel van my navorsing is om vas te stel tot watter mate tieners alkohol en dwelms gebruik, hoe seksueel aktief hulle is, of hulle al aan pornografie blootgestel was en watter invloed musiek en sosiale media op tieners het. Ek vra vriendelik dat jy die vraelys so eerlik en volledig moontlik invul. Jy doen dit anoniem, sonder om jou naam te gee.

Lees asseblief die vrae sorgvuldig, en voltooi alle vrae deur die blokkie van jou keuse met 'n kruisie (X) te merk.

Ek gebruik die navorsing om 'n verhandeling vir 'n Meestersgraad te skryf wat die doel het om die kerk te help om jongmense beter te bedien. Baie dankie dat jy my daarmee help!

Pastoor Neil du Plessis

## AFDELING A

A.1 IN WATTER GRAAD IS JY?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | Na-skool |

A.2 WAT IS JOU OUDERDOM?

| |
|---|
| JAAR |

A.3 WAT IS JOU GESLAG?

| | |
|---|---|
| MANLIK | VROULIK |

A.4 WAAR BLY JY?

| | | |
|---|---|---|
| KRUGERSDORP | KLERKSDORP | CARLETONVILLE |
| FOCHVILLE | WESTONAREA | WOLMARANSSTAD |

## AFDELING B

### B.1 GEBRUIK VAN STERK DRANK

1. Ek gebruik sterk drank.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NOOIT | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

2. Ek sien geen fout daarmee as tieners sterk drank matig gebruik nie, sonder om dronk daarvan te word.

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

3. My ouers laat my toe om sterk drank in my ouerhuis te gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| JA | Slegs by spesiale geleenthede | NEE |

4. Indien ek sterk drank gebruik, gebeur dit dat ek te veel daarvan gebruik (dronk word)…

| | | |
|---|---|---|
| NOOIT | SOMS | DIKWELS |

5. Wanneer ek en my vriende saamkuier, gebruik ons sterk drank.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NOOIT | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

## B.2 GEBRUIK VAN DWELMS

6. Ek het al by geleentheid dwelms gebruik.

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

7. As ek die kans kry, sal ek dwelms gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| JA | Ek weet nie | NEE |

8. Ek het al dwelms gebruik omdat ek dronk was.

| | | |
|---|---|---|
| NOOIT | SOMS | DIKWELS |

9. Tieners in my wêreld kan dwelms redelik maklik verkry.

| | | |
|---|---|---|
| JA | Ek weet nie | NEE |

10. Die vrylike beskikbaarheid van dwelms is een van die redes waarom ek dit gebruik.

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

## B.3 HOE BETROKKE IS JOU OUERS BY JOU?

11. Ek beleef dat my ouers my ondersteun.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

12. My ouers se lewe by die kerk verskil van hulle lewe by die huis (My ouers is nie *"genuine"* nie).

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

13. As gesin hou ons huisgodsdiens…

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NOOIT | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

## B.4 MUSIEK

14. Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie.

| | | |
|---|---|---|
| NEE | SOMS | DIKWELS |

15. Ek hou daarvan om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra.

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

16. Ek dink dat musiek 'n invloed op jou as mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

17. Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NOOIT | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

## B.5 SOSIALE MEDIA, SOOS TWITTER EN FACEBOOK

18. Sosiale media soos "Facebook", "Twitter", "Zoosk", "WhatsApp", "en "Mxit" stel my in staat om te ontvlug van die dinge wat rondom my gebeur.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

19. Sosiale media het met tye ‘n negatiewe invloed op my lewe.

| | | |
|---|---|---|
| NOOIT | SOMS | DIKWELS |

20. Die tyd wat ek per dag op sosiale media netwerke spandeer is…

| | | | |
|---|---|---|---|
| Minder as 1 uur | 1-2 uur | 2-3 uur | Meer as 3 uur |

21. Ek kommunikeer meer deur sosiale media deur met mense te praat.

| | | |
|---|---|---|
| JA | Ek weet nie | NEE |

22. Ek spandeer tyd in *“chat rooms”* met mense wat ek nog nooit persoonlik ontmoet het nie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NOOIT | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

## B.6 SEKSUELE AKTIWITEITE VAN JONGMENSE

23. Ek het al seks gehad waar penetrasie plaasgevind het.

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

24. Hoe seksueel aktief is jy?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| GLAD NIE SEKSUEEL AKTIEF | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

25. Hoeveel seksmaats het jy al gehad?

| | | | |
|---|---|---|---|
| NIE SEKSUEEL AKTIEF | EEN SEKSMAAT | TWEE SEKSMAATS | MEER AS TWEE SEKSMAATS |

26. As jy seks beoefen, gebruik jy voorbehoedmiddels/kondome?

| | | | |
|---|---|---|---|
| NIE SEKSUEEL AKTIEF | NOOIT | SOMS | DIKWELS/Altyd |

27. Ek is bewus van die gevare wat 'n seksueel losbandige lewe inhou.

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

28. Ek was al die slagoffer of getuie van 'n *"date rape".*

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

## B.7 PORNOGRAFIE

29. Ek kyk na pornografie (foto's, tydskrifte, video's, internet/selfoon).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NOOIT | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

30. Wanneer ek na pornografie kyk, masturbeer ek (bevredig ek myself).

| | | | |
|---|---|---|---|
| KYK NIE NA PORNOGRAFIE | NOOIT | SOMS | GEREELD |

31. Ek het al probeer breek met die gewoonte om pornografie te kyk maar ek kan nie.

| | | |
|---|---|---|
| KYK NIE NA PORNOGRAFIE | JA | NEE |

## B.8 WAT IS REG EN VERKEERD

32. Ek besluit vir myself wat reg en verkeerd is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

33. Wat vir my reg is, is nie noodwendig reg vir andere nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

34. As iets reg voel, dan is dit reg vir my om dit te doen.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

35. Die Bybel is die enigste boek wat die waarheid vertel wat God vir mense wil sê.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

36. Ek besluit self wat waarheid is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

**B.9 EERLIKHEID**

37. As ek ‘n wit leuentjie vertel, beskou ek dit nie as ‘n leuen nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

38. Ek dink alle mense vertel met tye leuens, veral wanneer hulle in ‘n moeilike situasie is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

39. Dit is onnodig dat my ouers en onderwysers alles van my persoonlike lewe weet.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis |

40. Ek vertel ‘n wit leuentjie wanneer ek in die moeilikheid is.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NOOIT | 1x/ MAAND | 1x/WEEK | 2-3x/ WEEK | MEER GEREELD |

**ADDENDUM K:** Statistieke ten opsigte van vraelyste

**AFDELING A**

Vraag A1-In watter graad is jy?

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Graad 8 | 36 | 28.6 | 29.0 | 29.0 |
| Graad 9 | 25 | 19.8 | 20.2 | 49.2 |
| Graad 10 | 17 | 13.5 | 13.7 | 62.9 |
| Graad 11 | 16 | 12.7 | 12.9 | 75.8 |
| Graad 12 | 22 | 17.5 | 17.7 | 93.5 |
| Na-skool | 8 | 6.3 | 6.5 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag A2-Wat is jou ouderdom?

| Ouderdom (in jare) | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| 14 | 36 | 28.6 | 29.0 | 29.0 |
| 15 | 25 | 19.8 | 20.2 | 49.2 |
| 16 | 17 | 13.5 | 13.7 | 62.9 |
| 17 | 16 | 12.7 | 12.9 | 75.8 |
| 18 | 22 | 17.5 | 17.7 | 93.5 |
| Ander | 8 | 6.3 | 6.5 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie ingevul | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag A3-Wat is jou geslag?

| Geslag | Frekwensie | Persentsie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Manlik | 59 | 46.8 | 46.8 | 46.8 |
| Vroulik | 67 | 53.2 | 53.2 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag A4-Waar bly jy?

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stedelike gemeentes | 66 | 52.4 | 52.4 | 52.4 |
| Voorstedelike gemeente no.1 | 10 | 7.9 | 7.9 | 60.3 |
| Voorstedelike gemeente no.2 | 19 | 15.1 | 15.1 | 75.4 |
| Voorstedelike gemeente no.3 | 7 | 5.6 | 5.6 | 81.0 |
| Platteland | 22 | 17.5 | 17.5 | 98.4 |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | 1.6 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

**AFDELING B**

**B.1 GEBRUIK VAN STERK DRANK**

Vraag 1. Ek gebruik sterk drank.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 92 | 73.0 | 73.0 | 73.0 |
| 1x/ Maand | 26 | 20.6 | 20.6 | 93.7 |
| 1x/ Week | 5 | 4.0 | 4.0 | 97.6 |
| 2-3x/ Week | 3 | 2.4 | 2.4 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 2. Ek sien geen fout daarmee as tieners sterk drank matig gebruik nie, sonder om dronk daarvan te word.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 51 | 40.5 | 40.8 | 40.8 |
| Nee | 74 | 58.7 | 59.2 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 3. My ouers laat my toe om sterk drank in my ouerhuis te gebruik.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 4 | 3.2 | 3.2 | 3.2 |
| Slegs by spesiale geleenthede | 31 | 24.6 | 24.6 | 27.8 |
| Nee | 91 | 72.2 | 72.2 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 4. Indien ek sterk drank gebruik, gebeur dit dat ek te veel daarvan gebruik (dronk word)…

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 106 | 84.1 | 84.8 | 84.8 |
| Soms | 18 | 14.3 | 14.4 | 99.2 |
| Dikwels | 1 | .8 | .8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 5. Wanneer ek en my vriende saamkuier, gebruik ons sterk drank.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 94 | 74.6 | 74.6 | 74.6 |
| 1x/ Maand | 25 | 19.8 | 19.8 | 94.4 |
| 1x/ Week | 7 | 5.6 | 5.6 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

**B.2 GEBRUIK VAN DWELMS**

Vraag 6. Ek het al by geleentheid dwelms gebruik.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 12 | 9.5 | 9.5 | 9.5 |
| Nee | 114 | 90.5 | 90.5 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 7. As ek die kans kry, sal ek dwelms gebruik.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 2 | 1.6 | 1.6 | 1.6 |
| Ek weet nie | 11 | 8.7 | 8.7 | 10.3 |
| Nee | 113 | 89.7 | 89.7 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 8. Ek het al dwelms gebruik omdat ek dronk was.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 122 | 96.8 | 96.8 | 96.8 |
| Soms | 2 | 1.6 | 1.6 | 98.4 |
| Dikwels | 2 | 1.6 | 1.6 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 9. Tieners in my wêreld kan dwelms redelik maklik verkry.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 63 | 50.0 | 50.4 | 50.4 |
| Ek weet nie | 44 | 34.9 | 35.2 | 85.6 |
| Nee | 18 | 14.3 | 14.4 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 10. Die vrylike beskikbaarheid van dwelms is een van die redes waarom ek dit gebruik.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 3 | 2.4 | 2.4 | 2.4 |
| Nee | 123 | 97.6 | 97.6 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

**<u>B.3 HOE BETROKKE IS JOU OUERS BY JOU?</u>**

Vraag 11. Ek beleef dat my ouers my ondersteun.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 70 | 55.6 | 56.0 | 56.0 |
| Stem saam | 38 | 30.2 | 30.4 | 86.4 |
| Verskil | 11 | 8.7 | 8.8 | 95.2 |
| Verskil beslis | 6 | 4.8 | 4.8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 12. My ouers se lewe by die kerk verskil van hulle lewe by die huis (My ouers is nie "genuine" nie).

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 10 | 7.9 | 8.1 | 8.1 |
| Stem saam | 33 | 26.2 | 26.6 | 34.7 |
| Verskil | 37 | 29.4 | 29.8 | 64.5 |
| Verskil beslis | 44 | 34.9 | 35.5 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 13. As gesin hou ons huisgodsdiens…

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 49 | 38.9 | 39.5 | 39.5 |
| 1x/ Maand | 12 | 9.5 | 9.7 | 49.2 |
| 1x/ Week | 13 | 10.3 | 10.5 | 59.7 |
| 2-3/ Week | 10 | 7.9 | 8.1 | 67.7 |
| Meer gereeld | 40 | 31.7 | 32.3 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

**B.4 MUSIEK**

Vraag 14. Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nee | 79 | 62.7 | 63.7 | 63.7 |
| Soms | 38 | 30.2 | 30.6 | 94.4 |
| Dikwels | 7 | 5.6 | 5.6 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 15. Ek hou daarvan om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 13 | 10.3 | 10.5 | 10.5 |
| Nee | 111 | 88.1 | 89.5 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 16. Ek dink dat musiek 'n invloed op jou as mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 64 | 50.8 | 51.2 | 51.2 |
| Stem saam | 44 | 34.9 | 35.2 | 86.4 |
| Verskil | 11 | 8.7 | 8.8 | 95.2 |
| Verskil beslis | 6 | 4.8 | 4.8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 17. Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 96 | 76.2 | 76.8 | 76.8 |
| 1x/ Maand | 14 | 11.1 | 11.2 | 88.0 |
| 1x/ Week | 3 | 2.4 | 2.4 | 90.4 |
| 2-3/ Week | 6 | 4.8 | 4.8 | 95.2 |
| Meer gereeld | 6 | 4.8 | 4.8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

## B.5 SOSIALE MEDIA, SOOS TWITTER EN FACEBOOK

Vraag 18. Sosiale media soos “Facebook”, “Twitter”, “Zoosk”, “WhatsApp”, “en “Mxit” stel my in staat om te ontvlug van die dinge wat rondom my gebeur.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 21 | 16.7 | 16.8 | 16.8 |
| Stem saam | 47 | 37.3 | 37.6 | 54.4 |
| Verskil | 36 | 28.6 | 28.8 | 83.2 |
| Verskil beslis | 21 | 16.7 | 16.8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 19. Sosiale media het met tye ‘n negatiewe invloed op my lewe.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 35 | 27.8 | 28.0 | 28.0 |
| Soms | 72 | 57.1 | 57.6 | 85.6 |
| Dikwels | 17 | 13.5 | 13.6 | 99.2 |
| | 1 | .8 | .8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 20. Die tyd wat ek per dag op sosiale media netwerke spandeer is…

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Minder as 1 uur | 39 | 31.0 | 31.2 | 31.2 |
| 1-2 uur | 23 | 18.3 | 18.4 | 49.6 |
| 1-3 uur | 16 | 12.7 | 12.8 | 62.4 |
| Meer as 3 uur | 47 | 37.3 | 37.6 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 21. Ek kommunikeer meer deur sosiale media om met mense te praat.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 50 | 39.7 | 40.0 | 40.0 |
| Ek weet nie | 31 | 24.6 | 24.8 | 64.8 |
| Nee | 44 | 34.9 | 35.2 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 22. Ek spandeer tyd in “chat rooms” met mense wat ek nog nooit persoonlik ontmoet het nie.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 106 | 84.1 | 84.8 | 84.8 |
| 1x/ Maand | 7 | 5.6 | 5.6 | 90.4 |
| 1x/ Week | 5 | 4.0 | 4.0 | 94.4 |
| 2-3/ Week | 2 | 1.6 | 1.6 | 96.0 |
| Meer gereeld | 5 | 4.0 | 4.0 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

## B.6 SEKSUELE AKTIWITEITE VAN JONGMENSE

Vraag 23. Ek het al seks gehad waar penetrasie plaasgevind het.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 18 | 14.3 | 14.3 | 14.3 |
| Nee | 108 | 85.7 | 85.7 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 24. Hoe seksueel aktief is jy?

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Glad nie seksueel aktief | 106 | 84.1 | 84.8 | 84.8 |
| 1x/ Maand | 12 | 9.5 | 9.6 | 94.4 |
| 1x/ Week | 2 | 1.6 | 1.6 | 96.0 |
| 2-3/ Week | 3 | 2.4 | 2.4 | 98.4 |
| Meer gereeld | 2 | 1.6 | 1.6 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 25. Hoeveel seksmaats het jy al gehad?

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nie seksueel aktief | 103 | 81.7 | 81.7 | 81.7 |
| Een seksmaat | 9 | 7.1 | 7.1 | 88.9 |
| Twee seksmaats | 6 | 4.8 | 4.8 | 93.7 |
| Meer as twee seksmaats | 8 | 6.3 | 6.3 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 26. As jy seks beoefen, gebruik jy voorbehoedmiddels/kondome?

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nie seksueel aktief | 104 | 82.5 | 83.2 | 83.2 |
| Nooit | 5 | 4.0 | 4.0 | 87.2 |
| Soms | 6 | 4.8 | 4.8 | 92.0 |
| Dikwels/Altyd | 10 | 7.9 | 8.0 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 27. Ek is bewus van die gevare wat ‘n seksueel losbandige lewe inhou.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 112 | 88.9 | 90.3 | 90.3 |
| Nee | 12 | 9.5 | 9.7 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | |

Vraag 28. Ek was al die slagoffer of getuie van ‘n “date rape”.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Ja | 7 | 5.6 | 5.6 | 5.6 |
| Nee | 119 | 94.4 | 94.4 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

**B.7 PORNOGRAFIE**

29. Ek kyk na pornografie (foto’s, tydskrifte, video’s, internet/selfoon).

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 92 | 73.0 | 74.8 | 74.8 |
| 1x/ Maand | 15 | 11.9 | 12.2 | 87.0 |
| 1x/ Week | 5 | 4.0 | 4.1 | 91.1 |
| 2-3/ Week | 3 | 2.4 | 2.4 | 93.5 |
| Meer gereeld | 8 | 6.3 | 6.5 | 100.0 |
| Totaal | 123 | 97.6 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 3 | 2.4 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 30. Wanneer ek na pornografie kyk, masturbeer ek (bevredig ek myself).

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Kyk nie na pornografie | 90 | 71.4 | 72.0 | 72.0 |
| Nooit | 16 | 12.7 | 12.8 | 84.8 |
| Soms | 15 | 11.9 | 12.0 | 96.8 |
| Gereeld | 4 | 3.2 | 3.2 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 31. Ek het al probeer breek met die gewoonte om pornografie te kyk, maar ek kan nie.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Kyk nie na pornografie | 92 | 73.0 | 74.2 | 74.2 |
| Ja | 22 | 17.5 | 17.7 | 91.9 |
| Nee | 10 | 7.9 | 8.1 | 100.0 |
| Totaal | 124 | 98.4 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 2 | 1.6 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

**B.8 WAT IS REG EN VERKEERD**

Vraag 32. Ek besluit vir myself wat reg en verkeerd is.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 54 | 42.9 | 43.2 | 43.2 |
| Stem saam | 49 | 38.9 | 39.2 | 82.4 |
| Verskil | 16 | 12.7 | 12.8 | 95.2 |
| Verskil beslis | 6 | 4.8 | 4.8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 33. Wat vir my reg is, is nie noodwendig reg vir andere nie.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 43 | 34.1 | 34.4 | 34.4 |
| Stem saam | 61 | 48.4 | 48.8 | 83.2 |
| Verskil | 15 | 11.9 | 12.0 | 95.2 |
| Verskil beslis | 6 | 4.8 | 4.8 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 34. As iets reg voel, dan is dit reg vir my om dit te doen.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 26 | 20.6 | 21.5 | 21.5 |
| Stem saam | 44 | 34.9 | 36.4 | 57.9 |
| Verskil | 38 | 30.2 | 31.4 | 89.3 |
| Verskil beslis | 13 | 10.3 | 10.7 | 100.0 |
| Totaal | 121 | 96.0 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 5 | 4.0 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 35. Die Bybel is die enigste boek wat die waarheid vertel wat God vir mense wil sê.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 100 | 79.4 | 79.4 | 79.4 |
| Stem saam | 19 | 15.1 | 15.1 | 94.4 |
| Verskil | 5 | 4.0 | 4.0 | 98.4 |
| Verskil beslis | 2 | 1.6 | 1.6 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 36. Ek besluit self wat waarheid is.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 26 | 20.6 | 20.6 | 20.6 |
| Stem saam | 37 | 29.4 | 29.4 | 50.0 |
| Verskil | 37 | 29.4 | 29.4 | 79.4 |
| Verskil beslis | 26 | 20.6 | 20.6 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

**B.9 EERLIKHEID**

Vraag 37. As ek 'n wit leuentjie vertel, beskou ek dit nie as 'n leuen nie.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 9 | 7.1 | 7.1 | 7.1 |
| Stem saam | 20 | 15.9 | 15.9 | 23.0 |
| Verskil | 60 | 47.6 | 47.6 | 70.6 |
| Verskil beslis | 37 | 29.4 | 29.4 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 38. Ek dink alle mense vertel met tye leuens, veral wanneer hulle in 'n moeilike situasie is.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 64 | 50.8 | 50.8 | 50.8 |
| Stem saam | 56 | 44.4 | 44.4 | 95.2 |
| Verskil | 4 | 3.2 | 3.2 | 98.4 |
| Verskil beslis | 2 | 1.6 | 1.6 | 100.0 |
| Totaal | 126 | 100.0 | 100.0 | - |

Vraag 39. Dit is onnodig dat my ouers en onderwysers alles van my persoonlike lewe weet.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Stem beslis saam | 34 | 27.0 | 27.2 | 27.2 |
| Stem saam | 37 | 29.4 | 29.6 | 56.8 |
| Verskil | 44 | 34.9 | 35.2 | 92.0 |
| Verskil beslis | 10 | 7.9 | 8.0 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

Vraag 40. Ek vertel ‘n wit leuentjie wanneer ek in die moeilikheid is.

| | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Nooit | 28 | 22.2 | 22.4 | 22.4 |
| 1x/ Maand | 52 | 41.3 | 41.6 | 64.0 |
| 1x/ Week | 17 | 13.5 | 13.6 | 77.6 |
| 2-3/ Week | 5 | 4.0 | 4.0 | 81.6 |
| Meer gereeld | 23 | 18.3 | 18.4 | 100.0 |
| Totaal | 125 | 99.2 | 100.0 | - |
| Nie aangedui | 1 | .8 | - | - |
| Totaal | 126 | 100.0 | - | - |

**ADDENDUM L:** Statistieke ten opsigte van geografie

**Tabel 1: Stedelike gemeentes**

| Graad | Vraag B14-Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Nee | Soms | Ja | Totaal |
| Graad 8 | 19 | 7 | 1 | 27 |
| | 70.4% | 25.9% | 3.7% | 100.0% |
| Graad 9 | 5 | 4 | 0 | 9 |
| | 55.6% | 44.4% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 5 | 7 | 1 | 13 |
| | 38.5% | 53.8% | 7.7% | 100.0% |
| Graad 11 | 3 | 3 | 0 | 6 |
| | 50.0% | 50.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 12 | 4 | 4 | 0 | 8 |
| | 50.0% | 50.0% | 0.0% | 100.0% |
| Naskools | 0 | 0 | 1 | 1 |
| | 0.0% | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Totaal | 36 | 25 | 3 | 64 |
| | 56.3% | 39.1% | 4.7% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by nominaal | Phi | .636 |
| | Cramer's V | .450 |
| Aantal geldige vraelyste | | 64 |

**Tabel 2: Voorstedelike gemeentes**

| Graad | Vraag B14-Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Nee | Soms | Ja | Totaal |
| Graad 8 | 5 | 0 | 0 | 5 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 9 | 9 | 0 | 0 | 9 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 2 | 0 | 1 | 3 |
| | 66.7% | 0.0% | 33.3% | 100.0% |
| Graad 11 | 6 | 2 | 0 | 8 |
| | 75.0% | 25.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 12 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| | 50.0% | 50.0% | 0.0% | 100.0% |
| Naskools | 6 | 1 | 0 | 7 |
| | 85.7% | 14.3% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 30 | 5 | 1 | 36 |
| | 83.3% | 13.9% | 2.8% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .726 |
| | Cramer's V | .514 |
| Aantal geldige vraelyste | | 36 |

**Tabel 3: Plattelandse gemeente**

| Graad | Vraag B14-Die musiek waarna ek luister, dra ‘n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Nee | Soms | Ja | Totaal |
| Graad 8 | 4 | 0 | 0 | 4 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 9 | 3 | 0 | 2 | 5 |
| | 60.0% | 0.0% | 40.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 1 | 0 | 0 | 1 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 11 | 0 | 1 | 1 | 2 |
| | 0.0% | 50.0% | 50.0% | 100.0% |
| Graad 12 | 3 | 7 | 0 | 10 |
| | 30.0% | 70.0% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 11 | 8 | 3 | 22 |
| | 50.0% | 36.4% | 13.6% | 100.0% |

**Cramer’s V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .899 |
| | Cramer's V | .636 |
| Aantal geldige vraelyste | | 22 |

**Tabel 4: Stedelike gemeentes**

| Graad | Vraag B15-Ek hou daarvan om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra. | | |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Totaal |
| Graad 8 | 4 | 23 | 27 |
| | 14.8% | 85.2% | 100.0% |
| Graad 9 | 1 | 8 | 9 |
| | 11.1% | 88.9% | 100.0% |
| Graad 10 | 2 | 11 | 13 |
| | 15.4% | 84.6% | 100.0% |
| Graad 11 | 2 | 4 | 6 |
| | 33.3% | 66.7% | 100.0% |
| Graad 12 | 2 | 6 | 8 |
| | 25.0% | 75.0% | 100.0% |
| Naskools | 1 | 0 | 1 |
| | 100.0% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 12 | 52 | 64 |
| | 18.8% | 81.2% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .309 |
| | Cramer's V | .309 |
| Aantal geldige vraelyste | | 64 |

**Tabel 5: Voorstedelike gemeentes**

| Graad | Vraag B15-Ek hou daarvan om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra. | | |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Totaal |
| Graad 8 | 0 | 5 | 5 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 9 | 0 | 9 | 9 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 0 | 3 | 3 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 11 | 0 | 8 | 8 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 12 | 1 | 3 | 4 |
| | 25.0% | 75.0% | 100.0% |
| Naskools | 0 | 7 | 7 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Totaal | 1 | 35 | 36 |
| | 2.8% | 97.2% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .478 |
| | Cramer's V | .478 |
| Aantal geldige vraelyste | | 36 |

**Tabel 6: Plattelandse gemeente**

| Graad | Vraag B15-Ek hou daarvan om na musiek te luister wat 'n seksuele boodskap oordra. | | |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Totaal |
| Graad 8 | 0 | 4 | 4 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 9 | 0 | 5 | 5 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 0 | 1 | 1 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 11 | 0 | 2 | 2 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Graad 12 | 0 | 10 | 10 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Totaal | 0 | 22 | 22 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | . |
| | Cramer's V | . |
| Aantal geldige vraelyste | | 22 |

**Tabel 7: Stedelike gemeentes**

| Graad | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/Maand | 2-3x/Week | Meer gereeld | Totaal |
| Graad 8 | 21 | 5 | 0 | 1 | 27 |
| | 77.8% | 18.5% | 0.0% | 3.7% | 100.0% |
| Graad 9 | 11 | 0 | 0 | 0 | 11 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 10 | 1 | 2 | 0 | 13 |
| | 76.9% | 7.7% | 15.4% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 11 | 5 | 1 | 0 | 0 | 6 |
| | 83.3% | 16.7% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 12 | 5 | 0 | 2 | 1 | 8 |
| | 62.5% | 0.0% | 25.0% | 12.5% | 100.0% |
| Naskools | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 |
| | 0.0% | 0.0% | 100.0% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 52 | 7 | 5 | 2 | 66 |
| | 78.8% | 10.6% | 7.6% | 3.0% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .651 |
| | Cramer's V | .376 |
| Aantal geldige vraelyste | | 66 |

**Tabel 8: Voorstedelike gemeentes**

| Graad | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/Maand | 1x/Week | 2-3x/ Week | Meer gereeld | Totaal |
| Graad 8 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | %0.0 | %0.0 | 100.0% |
| Graad 9 | 8 | 0 | 1 | 0 | 0 | 9 |
| | 88.9% | 0.0% | 11.1% | 0.0% | %0.0 | 100.0% |
| Graad 10 | 2 | 1 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| | 66.7% | 33.3% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 11 | 6 | 1 | 0 | 0 | 1 | 8 |
| | 75.0% | 12.5% | 0.0% | 0.0% | 12.5% | 100.0% |
| Graad 12 | 2 | 0 | 0 | 1 | 1 | 4 |
| | 50.0% | 0.0% | 0.0% | 25.0% | 25.0% | 100.0% |
| Naskools | 6 | 0 | 0 | 0 | 1 | 7 |
| | 85.7% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 14.3% | 100.0% |
| Totaal | 28 | 2 | 1 | 1 | 3 | 35 |
| | 80.0% | 5.7% | 2.9% | 2.9% | 8.6% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .766 |
| | Cramer's V | .383 |
| Aantal geldige vraelyste | | 35 |

**Tabel 9: Plattelandse gemeente**

| Graad | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/Maand | 1x/Week | Meer gereeld | Totaal |
| Graad 8 | 4 | 0 | 0 | 0 | 4 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 9 | 2 | 3 | 0 | 0 | 5 |
| | 40.0% | 60.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 11 | 0 | 1 | 0 | 1 | 2 |
| | 0.0% | 50.0% | 0.0% | 50.0% | 100.0% |
| Graad 12 | 7 | 1 | 2 | 0 | 10 |
| | 70.0% | 10.0% | 20.0% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 14 | 5 | 2 | 1 | 22 |
| | 63.6% | 22.7% | 9.1% | 4.5% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .972 |
| | Cramer's V | .561 |
| Aantal geldige vraelyste | | 22 |

**Tabel 10: Voorstedelike gemeentes**

| Geslag | Vraag B14-Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Nee | Soms | Ja | Totaal |
| Manlik | 17 | 1 | 0 | 18 |
| | 94.4% | 5.6% | 0.0% | 100.0% |
| Vroulik | 13 | 4 | 1 | 18 |
| | 72.2% | 22.2% | 5.6% | 100.0% |
| Totaal | 30 | 5 | 1 | 36 |
| | 83.3% | 13.9% | 2.8% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .304 |
| | Cramer's V | .304 |
| Aantal geldige vraelyste | | 36 |

**Tabel 11: Stedelike gemeentes**

| Geslag | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/Maand | 2-3x/ Week | Meer gereeld | Totaal |
| Manlik | 26 | 3 | 4 | 2 | 35 |
| | 74.6% | 8.6% | 11.4% | 5.7% | 100.0% |
| Vroulik | 28 | 4 | 1 | 0 | 33 |
| | 84.4% | 12.1% | 3.0% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 54 | 7 | 5 | 2 | 68 |
| | 79.4% | 10.3% | 7.4% | 2.9% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .241 |
| | Cramer's V | .241 |
| Aantal geldige vraelyste | | 68 |

**Tabel 12: Voorstedelike gemeentes**

| Geslag | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/Maand | 1x/Week | 2-3x/Week | Meer gereeld | Totaal |
| Manlik | 15 | 0 | 1 | 0 | 1 | 17 |
| | 88.2% | 0.0% | 5.9% | 0.0% | 5.9% | 100.0% |
| Vroulik | 13 | 2 | 0 | 1 | 2 | 18 |
| | 72.2% | 11.1% | 0.0% | 5.6% | 11.1% | 100.0% |
| Totaal | 28 | 2 | 1 | 1 | 3 | 35 |
| | 80.0% | 5.7% | 2.9% | 2.9% | 8.6% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .357 |
| | Cramer's V | .357 |
| Aantal geldige vraelyste | | 35 |

**Tabel 13: Plattelandse gemeente**

| Geslag | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/Maand | 1x/Week | Meer gereeld | Totaal |
| Manlik | 3 | 1 | 1 | 1 | 6 |
| | 50.0% | 16.7% | 16.7% | 16.7% | 100.0% |
| Vroulik | 11 | 4 | 1 | 0 | 16 |
| | 68.8% | 25.0% | 6.3% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 14 | 5 | 2 | 1 | 22 |
| | 63.6% | 22.7% | 9.1% | 4.5% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .402 |
| | Cramer's V | .402 |
| Aantal geldige vraelyste | | 22 |

**BIOGRAFIES GRAAD**

**Tabel 14**

| Graad | Vraag B14-Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Nee | Soms | Ja | Totaal |
| Graad 8 | 28 | 7 | 1 | 36 |
| | 77.8% | 19.4% | 2.8% | 100.0% |
| Graad 9 | 17 | 4 | 2 | 23 |
| | 73.9% | 17.4% | 8.7% | 100.0% |
| Graad 10 | 8 | 7 | 2 | 17 |
| | 47.1% | 41.2% | 11.8% | 100.0% |
| Graad 11 | 9 | 6 | 1 | 16 |
| | 56.3% | 37.5% | 6.3% | 100.0% |
| Graad 12 | 9 | 13 | 0 | 22 |
| | 40.9% | 59.1% | 0.0% | 100.0% |
| Naskools | 6 | 1 | 1 | 8 |
| | 75.0% | 12.5% | 12.5% | 100.0% |
| Totaal | 77 | 38 | 7 | 122 |
| | 63.1% | 31.1% | 5.7% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by nominaal | Phi | .388 |
| | Cramer's V | .275 |
| Aantal geldige vraelyste | | 122 |

**Tabel 15**

| | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/Maand | 1x/Week | 2-3x/Week | Meer gereeld | Totaal |
| Graad 8 | 29 | 5 | 0 | 0 | 1 | 35 |
| | 82.9% | 14.3% | 0.0% | 0.0% | 2.9% | 100.0% |
| Graad 9 | 21 | 3 | 1 | 0 | 0 | 25 |
| | 84.0% | 12.0% | 4.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 10 | 13 | 2 | 0 | 2 | 0 | 17 |
| | 76.5% | 11.8% | 0.0% | 11.8% | 0.0% | 100.0% |
| Graad 11 | 11 | 3 | 0 | 0 | 2 | 16 |
| | 68.8% | 18.8% | 0.0% | 0.0% | 12.5% | 100.0% |
| Graad 12 | 14 | 1 | 2 | 3 | 2 | 22 |
| | 63.6% | 4.5% | 9.1% | 13.6% | 9.1% | 100.0% |
| Naskools | 6 | 0 | 0 | 1 | 1 | 8 |
| | 75.0% | 0.0% | 0.0% | 12.5% | 12.5% | 100.0% |
| Totaal | 94 | 14 | 3 | 6 | 6 | 123 |
| | 76.4% | 11.4% | 2.4% | 4.9% | 4.9% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .457 |
| | Cramer's V | .228 |
| Aantal geldige vraelyste | | 123 |

**Tabel 16**

| Geslag | Vraag B16-Ek dink dat musiek 'n invloed op jou as mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis | Totaal |
| Manlik | 21 | 27 | 8 | 2 | 58 |
| | 36.2% | 46.6% | 13.8% | 3.4% | 100.0% |
| Vroulik | 43 | 17 | 3 | 4 | 67 |
| | 64.2% | 25.4% | 4.5% | 6.0% | 100.0% |
| Totaal | 64 | 44 | 11 | 6 | 125 |
| | 51.2% | 35.2% | 8.8% | 4.8% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .312 |
| | Cramer's V | .312 |
| Aantal geldige vraelyste | | 125 |

Gekombineerde resultate van die gemeentes ten opsigte van geografiese ligging

**Tabel 17**

| Gemeente | Vraag B14-Die musiek waarna ek luister, dra 'n boodskap oor dat daar niks fout is met seks voor die huwelik nie. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Nee | Soms | Ja | Totaal |
| Stedelike gemeente nommer 1 | 30 | 17 | 2 | 49 |
| | 61.2% | 34.7% | 4.1% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 2 | 7 | 3 | 0 | 10 |
| | 70.0% | 30.0% | 0.0% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 3 | 1 | 5 | 1 | 7 |
| | 14.3% | 71.4% | 14.3% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 1 | 5 | 4 | 1 | 10 |
| | 50.0% | 40.0% | 10.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 2 | 7 | 0 | 0 | 7 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 3 | 18 | 1 | 0 | 19 |
| | 94.7% | 5.3% | 0.0% | 100.0% |
| Plattelandse gemeente | 11 | 8 | 3 | 22 |
| | 50.0% | 36.4% | 13.6% | 100.0% |
| Totaal | 79 | 38 | 7 | 124 |
| | 63.7% | 30.6% | 5.6% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .447 |
| | Cramer's V | .316 |
| Aantal geldige vraelyste | | 124 |

**Tabel 18**

| Gemeente | Vraag B15-Ek hou daarvan om na musiek te luister wat ‘n seksuele boodskap oordra. | | |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Totaal |
| Stedelike gemeente nommer 1 | 9 | 40 | 49 |
| | 18.4% | 81.6% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 2 | 1 | 9 | 10 |
| | 10.0% | 90.0% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 3 | 2 | 5 | 7 |
| | 28.6% | 71.4% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 1 | 1 | 9 | 10 |
| | 10.0% | 90.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 2 | 0 | 7 | 7 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 3 | 0 | 19 | 19 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Plattelandse gemeente | 0 | 22 | 22 |
| | 0.0% | 100.0% | 100.0% |
| Totaal | 13 | 111 | 124 |
| | 10.5% | 89.5% | 100.0% |

**Cramer’s V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .302 |
| | Cramer's V | .302 |
| Aantal geldige vraelyste | | 124 |

**Tabel 19**

| Gemeente | Vraag B16-Ek dink dat musiek 'n invloed op jou as mens se lewe uitoefen, hetsy positief of negatief. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Stem beslis saam | Stem saam | Verskil | Verskil beslis | Totaal |
| Stedelike gemeente nommer 1 | 19 | 24 | 4 | 4 | 51 |
| | 37.3% | 47.1% | 7.8% | 7.8% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 2 | 7 | 2 | 0 | 1 | 10 |
| | 70.0% | 20.0% | 0.0% | 10.0% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 3 | 1 | 3 | 3 | 0 | 7 |
| | 14.3% | 42.9% | 42.9% | 0.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 1 | 9 | 1 | 0 | 0 | 10 |
| | 90.0% | 10.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 2 | 3 | 2 | 2 | 0 | 7 |
| | 42.9% | 28.6% | 28.6% | 0.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 3 | 10 | 7 | 0 | 1 | 18 |
| | 55.6% | 38.9% | 0.0% | 5.6% | 100.0% |
| Plattelandse gemeente | 15 | 5 | 2 | 0 | 22 |
| | 68.2% | 22.7% | 9.1% | 0.0% | 100.0% |
| Totaal | 64 | 44 | 11 | 6 | 125 |
| | 51.2% | 35.2% | 8.8% | 4.8% | 100.0% |

**Cramer’s V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .522 |
| | Cramer's V | .301 |
| Aantal geldige vraelyste | | 125 |

**Tabel 20**

| Gemeente | Vraag B17-Ek kyk na musiekvideo's wat tonele uitbeeld wat seksueel suggestief is. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit | 1x/ Maand | 1x/ Week | 2-3x/ Week | Meer gereeld | Totaal |
| Stedelike gemeente nommer 1 | 43 | 2 | 0 | 5 | 1 | 51 |
| | 84.3% | 3.9% | 0.0% | 9.8% | 2.0% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 2 | 7 | 2 | 0 | 0 | 1 | 10 |
| | 70.0% | 20.0% | 0.0% | 0.0% | 10.0% | 100.0% |
| Stedelike gemeente nommer 3 | 4 | 3 | 0 | 0 | 0 | 7 |
| | 57.1% | 42.9% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 1 | 6 | 1 | 0 | 1 | 2 | 10 |
| | 60.0% | 10.0% | 0.0% | 10.0% | 20.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 2 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 7 |
| | 100.0% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 100.0% |
| Voorstedelike gemeente nommer 3 | 15 | 1 | 1 | 0 | 1 | 18 |
| | 83.3% | 5.6% | 5.6% | 0.0% | 5.6% | 100.0% |
| Plattelandse gemeente | 14 | 5 | 2 | 0 | 1 | 22 |
| | 63.6% | 22.7% | 9.1% | 0.0% | 4.5% | 100.0% |
| Totaal | 96 | 14 | 3 | 6 | 6 | 125 |
| | 76.8% | 11.2% | 2.4% | 4.8% | 4.8% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .534 |
| | Cramer's V | .267 |
| Aantal geldige vraelyste | | 125 |

**Tabel 21**

| Geografiese gebied | Vraag A2-Wat is jou ouderdom? | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 14 Jaar | 15 Jaar | 16 Jaar | 17 Jaar | 18 Jaar | Totaal |
| Stedelik | 22 | 10 | 20 | 7 | 9 | 68 |
| | 32.4% | 14.7% | 29.4% | 10.3% | 13.2% | 100.0% |
| Voorstedelik | 4 | 11 | 2 | 9 | 10 | 36 |
| | 11.1% | 30.6% | 5.6% | 25.0% | 27.8% | 100.0% |
| Platteland | 4 | 6 | 1 | 3 | 8 | 22 |
| | 18.2% | 27.3% | 4.5% | 13.6% | 36.4% | 100.0% |
| Totaal | 30 | 27 | 23 | 19 | 27 | 126 |
| | 23.8% | 21.4% | 18.3% | 15.1% | 21.4% | 100.0% |

**Cramer's V- beduidendheidspeil**

| | | Waarde |
|---|---|---|
| Nominaal by Nominaal | Phi | .568 |
| | Cramer's V | .402 |
| Aantal geldige vraelyste | | 124 |